# DIE BYBEL

# VERDUIDELIK

# HOMSELF

DEUR

PIETER STEGMANN

Kopiereg voorbehou. (c) 2001. Pieter D. U. Stegmann. Alle regte voorbehou. Uitsondering – kopie in CD formaat alleenlik toegelaat. (Windows xp, Word 2003). Ook in Engels. Webwerf: www.freechristian.co.za. (2 Kor 3:17).

Heilige Skrif aanhalings kom uit die 1953 oorspronklike Afrikaanse Bybel met verwysings na die ekwivalente Authorized King James Version (KJV). Op beide Bybels is daar **geen kopiereg** nie.

ALLE LOF EN ERE

aan Here Jesus Christus die Woord.

OPGEDRA

aan my vrou Sanette vir haar liefde en ondersteuning die afgelope jare.

MY INNIGE DANK

aan my swaer Johan. Dit was die begin, Junie 1993, van jare se ondersoek van die Bybel, geskiedenis van die Bybel en kerkgeskiedenis.

EN

aan James en Magaret vir hul gasvryheid en deur hulle die kennis van die verandering van evangelies wat binne die boeke van die Nuwe Testament plaasgevind het.

EN

aan my broer Johann se volgehoue oortuiging dat die wet van God, tien gebooie, steeds op Christene van toepassing is (maar nou op 'n ander wyse) en my aandag op die Abraham verbond gevestig het (sleutel tot die Nuwe Testament).

EN

My innige dank aan menige Christen skrywers en veral hulle wie nie direk erken kan word nie, want die eerste vyf jaar het ek vir my eie onthalwe die Bybel ondersoek. Daar was nog nie eens die gedagte dat hul insette (waarvan ek toe nie rekord gehou het nie) in 'n boek sal eindig nie.

EN

aan Joodse skrywers wat my in staat gestel het om die eerste drie hoofstukke te skryf en onbewustelik aan my die sleutel gegee het tot die openbaring van 'n 2 de sondvloed met hael in die boek Openbaring.

# VOORWOORD

Op my vyf en veertigste verjaarsdag stap ek finaal uit my kerk. Skielik, kerkloos, bevind ek my sonder 'n godsdienstige kruk waarop ek kan leun. Twee jaar later gaan ek met vervroegde pensioen uit die Suid-Afrikaanse Weermag (Kmdt). 'n Jaar later gee my swaer aan my 'n video wat handel oor bybelprofesie. So begin ek vir myself die Bybel ondersoek vir die volgende vyf jaar.

Ek het baie boeke gelees en vele kerke se dienste bygewoon. Hoe is dit moontlik dat skrywers en kerke die Bybel lees en sulke uiteenlopende standpunte oor grondbeginsel geloof sake huldig? Op 'n dag het ek besluit dat **die Bybel homself moet verduidelik** of ek glo nie meer die Bybel nie!

Die Bybel verduidelik homself! Die Bybel is nie onderworpe aan verskillende mense se verskillende interpretasies nie. Die eeue oue woorde in die Bybel is nogsteeds dieselfde. Dit is Christene self wie die afgelope 1,900 jaar die Woord van God verdraai en verkrag het.

Watter Bybel moet ek gebruik? 'n Professor in Grieks het die Lewende Bybel aanbeveel. Ek het ook my oorlede swaer se 1983 nuwe vertaling en my 1953 Afrikaanse Bybel gehad. Nadat ek die eerste verse van die Bybel in die drie Bybels vergelyk het, besluit ek op die 1953 Afrikaanse Bybel (saam met Authorized King James Version Bible).

Na vyf jaar se voltydse bybelstudie gesels ek eendag met iemand oor iets nuuts wat ek in die Bybel ontdek het. Hy vra dat ek dit neerskryf sodat hy dit rustig kan lees. Dit duur twee jaar met nog studie om hierdie boek te skryf.

By die skryf hiervan het ek my vasgeloop in 'n probleem, naamlik dat menslike kommentaar op verse nie so oortuigend as Bybel tekse self is nie. Dit het my gedwing om die Bybel self te gebruik om homself te verduidelik. Lees eers die hele boek deur om die begin en einde van God se plan met die mensdom en planeet Aarde te verstaan voordat u hierdie boek meet en toets met die Bybel.

Bybeljare. Ek het die jare in die Bybel vanaf Genesis tot die boek Handelinge nagevors. Dit het my oneindig baie gehelp in my ondersoek van die Bybel. Ook kon ek Jesus se geboorte maand en jaar bepaal deur die Ou Testament te koppel aan die Nuwe Testament soos bevestig deur die jare in die boek Handelinge. Ek het ook in 'n mindere mate die geskiedenis van die Bybel en kerkgeskiedenis nagevors.

Hierdie boek dien as ‘n gids tot die Bybel. Die waarheid is nie meer wat ons as indivuidu glo of wat kerke verkondig nie, maar wat die Bybel self ons leer.

**INHOUDSOPGAWE**


| Hoofstuk | Bladsy |
|---|---|
| 1. Skepper van hemel en aarde. | 1 |
| 2. Adam tot Noag (Onsterflike siel). | 15 |
| 3. Noag tot Exodus (Venus en Mars). | 20 |
| 4. Abraham : Vier Beloftes. | 31 |
| 5. Ou Testament : Wetverbond. | 35 |
| 6. Nuwe Testament : Genadeverbond. | 41 |
| 7. Nuwe Testament Doop. | 46 |
| 8. Skepper van Siel en Gees. | 58 |
| 9. Verandering van Evangelies en Wet. | 64 |
| 10. Wet van die Geloof. | 75 |
| 11. Wet van Geregtigheid (kruis). | 83 |
| 12. Wet van God en Wet van die Sonde. | 88 |
| 13. Opstanding uit die dood. | 93 |
| 14. Ses wêreldryke en die Kerktydperk. | 103 |
| 15. Toekomstige Twee Ryke. | 116 |
| 16. Slag van Magog (Rusland). | 123 |
| 17. Sewe jaar : Tye en Tekens. | 131 |
| 18. 7 de Ryk : Verdrukking. | 138 |
| 19. 30 Dae : Wederkoms en Opstanding. | 140 |
| 20. 8 ste Ryk : Groot Verdrukking. | 147 |
| 21. 45 Dae : Toorn van God. (Tweede sondvloed). | 153 |
| 22. Messias Koninkryk tot Oordeelsdag. | 160 |
| 23. Koninkryk van God : Toekomstige wêreld. | 167 |
| Bylae: Bybeljare (en geskiedenis van Nuwe Testament). | 169 |
| Erkennings. | 194 |

**HOOFSTUK 1**

## SKEPPER VAN HEMEL EN AARDE

Kain het vir Abel doodgeslaan. Kain word weggestuur na die **land van Nod** waar hy vir hom 'n **vrou** neem. In die tyd van Adam en Eva was daar ook ander mense op aarde. Hul getalle was soveel dat 'n landstreek na hul vernoem is. Die Bybel self vertel ons dat Adam, Eva en Kain nie die eerste en enigste mense op aarde was nie. Adam se seuns en dogters het nie **bloedsonde** gepleeg om 'n menslike geslag op hul eie voort te bring nie. Die Bybel verduidelik homself! Gen 4:8,14,16,17.

Die Woord van God vertel ons dat Satan geskape is dieselfde tyd toe planeet Aarde 'n vuurbal van vlammende lawa was. Die Woord, Here Jesus Christus, vertel ons dat daar 'n tyd was wanneer Satan as koning en soos 'n god op aarde regeer het. **Saam met Satan was daar ook nasies met konings op aarde!** Dit alles het gebeur tussen verse 1 en 2 van Genesis hoofstuk een.

Die skeppingsgebeure in die boek Genesis word kripties uiteengesit. Ons moet in die Bybel gaan soek na 'n verduideliking van dit wat nie onmiddellik in die Bybel verduidelik word nie. Profeet Jesaja, maar veral Profeet Esegiël en Apostel Petrus, verduidelik die skeppingsgebeure in meer besonderhede.

Die eerste hoofstuk van die boek Genesis, vanaf vers 1 tot vers 27, beskryf die **volgorde** van gebeure vanaf die begin van die skepping tot by Adam en Eva. Die verse na vers 27 verduidelik enkele aspekte genoem in die eerste sewe en twintig verse. Genesis hoofstukke twee en drie dien eintlik as 'n bylae tot vers 27.

Die eerste vers *lees "In die begin het God die hemel en die aarde geskape"* en vers 3 lees "*En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig ---- dag een."* So lees en verstaan meeste Christene die skeppingsverhaal in die boek Genesis, maar vir gerieflikheidshalwe ignoreer Christene vers 2. "*En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die **wêreldvloed,** en die Gees van God het gesweef op die waters."* Vers 2 tussen verse 1 en 3 maak geen sin nie en pas nie in by die logiese skeppingsvolgorde nie.

Lees ons vers 2 in Engels dan maak dit nog minder sin. "*And the earth was without form, and void; and darkness was upon the face of the deep. And the Spirit of God moved upon the face of the waters."* Aangehaal uit die King James Authorized Version (KJV), die ekwivalent van die 1953 Afrikaanse Bybel.

Die "face of the deep" word in Afrikaans vertaal as "wêreldvloed" wat meer beskrywend is. Dit help ons om vers 2 aan die hand van die Bybel self te verklaar. Die woord "duisternis" in vers 2, gelees met "daar was lig" in vers 3, pas nie by mekaar nie. Die oomblik toe God die hemelruim in vers 1 skape met die son en sterre was daar reeds lig asook duisternis in die hemelruim. Vers 2 fokus op planeet Aarde spesifiek en vestig ons aandag op die watervloed-toestand op planeet Aarde. Vers 2 skei vers 1 van vers 3 en dit sê vir ons dat daar twee afsonderlike skeppingsgebeure plaasgevind het voor en na vers 2. Dit beteken dat verse 3 tot 27 nie 'n beskrywing van vers 1 is nie. Dit is 'n nuwe siening van die skeppingsverhaal en teenstrydig met dit wat tot vandag toe geglo is.

Die breuk in tyd tussen verse 1 en 3 is deur twee skrywers opgemerk. Hulle was G. H. Pember, *Earth's Earliest Ages,*1888, en Clarence Larkin. Die skrywer

Larken het in die Bybel gaan soek vir 'n verklaring van vers 2. In sy boeke *Rightly Dividing The Word,* bl 11, en *The Book of Revelation*, bl 196, geskryf in 1920, koppel hy 2 Petr 3:6 aan Gen 1:2 om vers 2 te verduidelik naamlik:

**Gen 1:1** In die begin het God die hemel en die aarde geskape.

2 Petr 3:6 waardeur die **toenmalige wêreld**
met **water** oorstroom is en **vergaan** het.

**Gen 1:2** **En** die aarde was woes en leeg,
en duisternis was op die **wêreldvloed**,
en die Gees van God het gesweef op die **waters**.

Apostel Petrus openbaar dat daar 'n **toenmalige wêreld** op aarde was. Dat die toenmalige wêreld met water oorstroom is en vergaan het. Die boek Genesis beskryf dit as 'n wêreldvloed. Tot hede word dit aan ons voorgehou dat die toenmalige wêreld verwys na die tyd tussen Adam en Noag (sondvloed). Die woord “wêreldvloed” in hoofstuk een impliseer iets veel groter en erger as 'n sondvloed wat sewe hoofstukke later plaasvind. Tydens die sondvloed in die tyd van Noag het nie alle mense en diere vergaan nie (ark). Nog minder het die visse en plante vergaan. In die tyd van die wêreldvloed het alles op aarde gesterf. Die aarde was woes en leeg en daarom het God vanaf vers 3 tot vers 27 weer plante, visse, diere en mense op aarde voortgebring. Nou maak die ses dae skeppingsgebeure in verse 3 tot 27 meer sin.

Wanneer ons 2 Petr 3 vers 6 saam met vers 7 lees kom ons tot nog beter insig van die skeppingsgebeure in verse 3 tot 27. Ons lees 2 Petr 3:6 “waardeur die **toenmalige wêreld** met water oorstroom is en vergaan het.” Vers 7. “Maar die **teenswoordige** hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.” Die oordeel en verderf (hel) gebeur eers aan die einde van die **teenswoordige** wêreld.

Apostel Petrus openbaar dat daar ‘n **toenmalige wêreld was** voor die **nuwe teenswoordige wêreld** op aarde tot stand gekom het. Na die toenmalige wêreld op aarde in 'n wêreldvloed vergaan het, vers 2, begin God om die teenswoordige wêreld op aarde tot stand te bring. Vanaf dag een, vers 3, tot dag ses, vers 27, **maak** God 'n nuwe omgewing op planeet aarde. Nuwe landmassa word gevorm, die see word gevul met visse, spesies voëls in die lug en diere op aarde en 'n nuwe spesies mense op aarde. Dit wat gebeur na die wêreldvloed is baie anders as dit wat gebeur na die sondvloed. Plante verskyn dadelik, groen blaar in die bek van die voël wat Noag uit die ark gestuur het. Noag plant ‘n wingerd en hy word dronk van die wyn. Daar is nou geen twyfel dat die toenmalige wêreld verwys na die tyd tussen verse 1 en 2 van Genesis hoofstuk een nie

Die Bybel sê baie duidelik dat daar 'n toenmalige wêreld op aarde was en dat ons nou in die tyd van die teenswoordige wêreld leef. Daar kan nou min twyfel wees dat vers 2 die toenmalige wêreld van die teenswoordige wêreld skei. Dat die nuwe teenswoordige wêreld in ses dae op planeet aarde gevorm word wat kulmineer op die sesde dag met Adam en Eva op planeet Aarde.

Dat daar 'n toenmalige wêreld was tussen verse 1 en 2 kan ons moeilik glo. Om hierdie saak verder te ondersoek in die Bybel moet ons teruggaan na die boek Genesis hoofstuk drie. Saam met Adam en Eva in die tuin van Eden maak ons vir die eerste maal kennis met Satan, maar nou in sy gevalle staat as die duiwel, die

slang. Die vrae wat nou ontstaan is: “**Wanneer, hoedanige tyd, het Satan gesondig** en die status van die duiwel verkry en **watter sonde** het hy gepleeg dat dit hom oorgekom het?”

Genesis hoofstukke twee en drie is 'n bylae tot vers 27 van hoofstuk een. Ons begin dus by vers 27 om die tyd terug te bereken tot op hoedanige tyd Satan gesondig het. Daar is geen aanduiding van so 'n gebeurtenis vanaf dag ses, vers 27, tot dag een, vers 3, nie. Dit moes dus gebeur het tussen verse 1 en 2. Dit is ook die tyd van die toenmalige wêreld wat tydens vers 2 in 'n wêreldvloed vergaan het.

'n Verdere getuienis in die Bybel, dat daar mense en nasies voor Adam in die tyd van die toenmalige wêreld bestaan het, vind ons in die geskrifte van profete Esegiël hoofstuk 28 en in ‘n mindere mate in Jesaja hoofstuk 14. Wanneer die leser Esegiël hoofstuk 28 lees is daar by die leser min twyfel dat Satan eintlik die persoon onder bespreking is, alhoewel die name (KJV prins) “vors van Tirus” en “koning van Tirus” gebruik word. Esegiël skryf hierdie hoofstuk twee dimensioneel. Hy profeteer wat oor sewentig jaar met die vors van Tirus gaan gebeur soos vervul in Ese 26 gelees met Jes 23. Die goddelike beskrywing van die vors (prins) van Tirus is ook 'n beskrywing van Satan. Wanneer Esegiël spesifiek verwys na die koning van Tirus, vers 12, is daar geen twyfel meer dat Esegiël nou direk na Satan verwys nie. Nou word Satan se verlede, hede en toekoms geopenbaar.

Dit wat voor die wêreldvloed, voor menseheugenis, gebeur het word deur God die HERE aan profeet Esegiël oorgedra. Omdat hedendaagse nuwe vertalings nie meer God se direkte woorde oordra nie, sal ek vir die gerief van die leser die toepaslike verse van Ese 28 uit die 1953 Bybel aanhaal:

“Vers 2. Mensekind, sê aan die (prins) **vors van Tirus**: So spreek die Here HERE: Omdat jou hart hoogmoedig was en jy gesê het: Ek is 'n god, ek bewoon 'n **godewoning in die hart van die seë -** terwyl **jy tog 'n mens is** en geen god nie - en jou hart gemaak het soos die hart van 'n god; Vers 3. kyk, jy is wyser as Daniël, alles wat verborge is, is vir jou nie **te** duister nie!

Vers 4. Deur jou wysheid en deur jou verstand het jy vir jou rykdom verkry, ja, jy het goud en silwer in jou skatkamers verwerf; Vers 5. deur die grootheid van jou wysheid in jou **koophandel** het jy jou rykdom vermeerder, en jou hart het hoogmoedig geword deur jou rykdom; Vers 6. daarom, so sê die Here HERE: Omdat jy jou hart gemaak het soos die hart van 'n god, Vers 7. daarom - - verse 7-10 fokus op die profesie aangaande die vors van Tirus.

Vers 11. Verder het die woord van die Here tot my gekom en gesê: Vers 12. Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die **koning van Tirus**, en sê vir hom; So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, (volkome) vol wysheid en volmaak in skoonheid.

Vers 13. Jy was in **Eden**, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool - - - - smarag; en van goud was - - ; **op die dag toe jy geskape is, is hulle (edelgesteentes) berei.** Vers 14. Jy was 'n gerub met uitgespreide vlerke wat beskut en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Vers 15. Jy was volkome in jou weë van die dag af wat **jy geskape** is, totdat daar ongeregtigheid (sonde) in jou gevind is.

Vers 16. Weens die grootheid van jou koophandel het **hulle** jou binneste met **geweld** gevul, en **jy het gesondig**; daarom het Ek jou as **onheilige** van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gerub wat beskut!

Vers 17. Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans, Ek het jou **op die grond gewerp**, Ek het jou oorgegee voor die **aangesig van konings**, dat hulle op jou neer kan sien.

Vers 18. Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die **onreg van jou koophandel** het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het ek 'n **vuur uit jou binneste** laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou **tot as** gemaak op die aarde voor die **oë van almal** wat jou gesien het. Vers 19. Al jou bekendes onder die **volke** is ontsteld oor jou; jy het 'n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie."

Verse 2 tot 6 sluit aan by verse 11 tot 19 om ons 'n geheelbeskrywing van Satan te gee. Die koning van Tirus word direk gekoppel aan Eden, die tuin van God, in die tyd van Adam en Eva. Daar is nou geen onsekerheid dat die ware persoon onder bespreking wel Satan is nie. Tien biljoen jaar nadat God die sterrehemel geskape het, kom planeet Aarde in die hemel te voorskyn. In die tyd toe planeet Aarde 'n vurige lawa bol was en edelgesteentes gevorm word, **word die mens Satan geskape** deur God.

Satan was nie 'n engel nie, maar 'n geskape mens. Vyf duisend miljoen jaar gelede "*op die dag toe jy geskape is, is hulle* (planeet Aarde en sy edelgesteentes) *berei*." (edelgesteentes gevorm in die lawa). Satan was van die begin van planeet Aarde af 'n gerub van God. Planeet aarde was soos 'n heilige berg en Satan het gewandel tussen die vurig-wordende edelgesteentes. Satan was vol wysheid en volmaak in skoonheid.

Dit het vyf biljoen jaar geduur voordat die omgewing op aarde sodanig gestabiliseer het sodat die toenmalige wêreld op aarde totstand kon kom. Die toenmalige wêreld het ongeveer vyftien duisend jaar gelede of ongeveer 9,000 jaar voor Adam op aarde tot stand gekom. Satan het nou op aarde soos 'n god regeer "terwyl jy tog 'n mens is en geen god nie." Satan was ook die opperste koning van die toenmalige wêreld met vele nasies met hul eie konings op aarde. Die toenmalige wêreld se mense het gegrawe en al die edelgesteentes versamel en dit aan Satan verkoop. Satan het homself, asook sy menige heiligdomme wat oor die aarde verspreid was, met edelgesteentes versier. Sy troonstad was gevestig op 'n eiland wat deur seë omring was.

Vers 16. "deur **koophandel** het **hulle** (mense van toenmalige wêreld) jou hart met geweld gevul, en jy het gesondig." Satan **se sonde was die geweld** wat hy aangewend het teen die mense en nasies van die toenmalige wêreld. Hulle het in die koophandel met edelgesteentes waarskynlik Satan probeer bedrieg wat hom woedend gemaak het en hy het mense doodgemaak. Vers 16 openbaar dat daar wel mense op aarde was en die tipe sonde wat Satan begaan het. Dit is 'n menslike instink en reaksie, wat ons baie maal onderdruk, om iemand geweld aan te doen as iets kosbaars van ons gesteel word. Die drang na geweld verhoog in verhouding tot die grote van elkeen se rykdom. Rykdom veroorsaak hoogmoed by 'n mens en daarmee groter onverdraagsaamheid teenoor armer mense. Satan se hoogmoed weens sy skoonheid, wysheid en rykdom, al was dit verwerf weens sy eie wysheid, word gelykgestel aan sy sonde van geweld.

Nou weet ons wanneer, hoedanige tyd voor Adam, Satan tot 'n val gekom het. Ons weet nou ook wat sy sonde was. God het Satan gestroop van sy goddelike gerub status en nou is hy 'n onheilige. Satan is van sy godeberg (planeet aarde?) afgedrywe. In die hemel word Satan beoordeel en veroordeel. “Ek het jou **op die grond** gewerp, voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien.” Vers 17. Jesaja sluit aan by hierdie gebeure naamlik: “Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van **nasies**!” Jes 14:12. Jesaja hoofstuk 14 profeteer aangaande Babilon maar ook hierdie hoofstuk is twee dimensioneel geskryf. Babilon is sinoniem met die naam Satan. Die benaming “môrester, seun van die dageraad” laat my vermoed dit verwys na Satan as die eerste geskape mens op planeet Aarde wat God geskape het.

Jesaja skryf verder in verse 13 en 14: “En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, **my troon** verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim **bo die hoogtes van die wolke,** my gelykstel met die Allerhoogste!” Satan is nie doodgemaak nie en tot nou is sy woonplek die hoogste wolke bo planeet Aarde. Daarom was hy teenwoordig by Adam en Eva in die tuin van Eden. Lees ook Job 1:6-12. By die oordeel van Satan is ook die totale toenmalige wêreld veroordeel en alles en almal was deur 'n wêreldvloed uitgewis.

Daar is nog een deel van Satan se straf uitstaande naamlik: “Ek 'n **vuur uit jou binneste** laat uitgaan.” Hierdie vuur word verduidelik in die Nuwe Testament. In die boek Handelinge lees ons van die uitstorting van die Heilige Gees wat uitgedruk word as “tonge van vuur.” Die Gees van God het uit Satan gegaan en nou is hy nie meer 'n gerub nie, maar 'n onheilige - die duiwel, die slang in die tuin van Eden.

Dit is eers aan die **einde van die teenswoordige wêreld** wat die Seun van God Satan in die hel werp. Open 20:10. God die skepper moet nog **die teenswoordige** wêreld op planeet Aarde met vuur verwoes om 'n **nuwe toekomstige wêreld** op planeet Aarde totstand te bring. “En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see (op dieselfde planeet aarde) was daar nie meer nie.” Open 21:1; Hebr 6:5. Die Bybel openbaar **'n derde wêreld** wat nog in die toekoms op planeet Aarde totstand sal kom.

Nota: In die Nuwe Testament vestig Jesus Christus pertinent ons aandag op die bestaan en teenwoordigheid van Satan en demone of duiwelsgeeste, te wete geeste van die duiwel. Ondanks 'n gebrek aan direkte getuienis in die Bybel vermoed ek sterk dat Satan ook in staat was om sy gees te deel met mense van die toenmalige wêreld (soos Jesus sy Gees deel met mense in die teenswoordige wêreld). Die mense van die toenmalige wêreld het gesterf in die wêreldvloed, behalwe hulle met die gees van Satan, duiwelsgeeste, wie in die put van die afgrond opgesluit is. Hulle moet daar wag tot die tyd wanneer hulle in die hel sal brand. Open 9:1,11. Jesus openbaar aan ons dat nie al die duiwelsgeeste opgesluit is nie - duiwelsgeeste in die liggame van varke. Ek het al baie gewonder oor die oorsprong van duiwelsgeeste en dit is die beste moontlike verklaring. Wat genoem word “spiritisme” is demonisme. Verwysings na demone in Ou Testament: Lev 20:6,27; Deut 18:10,11; Jes 8:19.

In die tyd van die teenswoordige wêreld is daar 'n magstryd tussen die Woord, Jesus Christus, en Satan vir die koningskap en koninkryke van die wêreld. Open 11:15; 1 Kor 15:24-28; Hebr 2:14. Die eerste direkte magstryd sal plaasvind kort voor die begin van die laaste duisend jaar van die teenswoordige wêreld. Dit word

finaal beëindig op die laaste dag van die teenswoordige wêreld wanneer Satan in die hel gewerp word. Die laaste duisend jaar en die toekomstige wêreld word twee dimensioneel beskryf in Open 21:1 tot 22:5.

Die Bybel verduidelik homself! Dat die Bybel dit doen is 'n heuglike openbaring. Ons het vers 2 verduidelik maar vers 1 en verse 3 tot 27 moet nog verduidelik word. Die Bybel en die wetenskap komplimenteer mekaar toenemend. Daarom gaan ek eksterne bronne saam met die Bybel gebruik om die skeppingsgebeure in verse 1 tot 27 meer duidelik en volledig te beskryf.

GENESIS

*Gen 1:1. God* ***skape*** *die hemelruim en planeet Aarde.* ***Toenmalige wêreld*** *op planeet Aarde. Dit is ook die tyd toe Satan gesondig het.*

*Gen 1:2. Die toenmalige wêreld vergaan in 'n* ***wêreldvloed****. Satan word die duiwel.*

*Gen 1:3-27. God* ***maak*** *die* ***teenswoordige wêreld*** *op die reeds* ***geskape*** *planeet Aarde. God formeer die mens Adam en Eva (alhoewel menige ander mense saam met Adam ook hul verskyning op aarde maak).*

Die skeppingsverhale van vele nasies deel in een gemeenskaplike oorsprong, naamlik die tuin van Eden soos oorgedra deur die seuns van Adam. Na die sondvloed in die tyd van Noag het nasies menige nuwe gode geskep wat weer geboorte gegee het aan nog gode. Fasette van die skepping word nou aan elke god toegedig soos 'n god vir die hemel en 'n god vir die aarde, 'n songod en 'n maangod. Daarom is dit geen wonder dat God die Skepper hom weer bekend maak aan Abraham, nageslag van Adam, kort na die sondvloed. Later openbaar God die HERE, sy skeppingsmajesteit aan Moses wie dit op skrif vaslê sodat die Bybel en die volk van Israel die ligdraers kan wees van die ware identiteit van die een God die Skepper.

Tot onlangs was daar twee skeppingsteorieë. Die een teorie huldig die mening dat die heelal was soos dit nou is. Die "Big Bang"-teorie huldig die mening dat die skepping **'n begin** het en dat die hemelruim steeds wyer uitkring en groter word. Die "Big bang"-teorie is vandag 'n bevestigde, wetenskaplike feit en nou moet daar nog net bepaal word of die hemelruim 'n plat skyf of rond soos die aarde is.

Die Joods Amerikaanse kernfisikus, Gerald L. Schroeder se boek *"Genesis and the Big Bang"* was van onskatbare waarde om die eerste vers en die eerste hoofstuk van die boek Genesis beter te kan verstaan. Ek benut sy kennis na my eie goeddunke. Sy boek, tesame met ander skrywers en **nuwe inligting** uit die Ou en Nuwe Testamente, het my gehelp om die skeppingsgebeure in die boek Genesis duideliker te struktureer.

Die Bybel begin met die woorde *"In die* ***begin*** *het God die hemel en die aarde geskape"*. In die begin was daar niks. Joh 1:3. Geen hemelruim met sterre soos ons dit nou met ons oë sien nie. God die Skepper het uit niks die atome vir die skepping van die hemelruim, asook die gene van alle soorte lewe op planeet Aarde, **geskape – "bara"-** in Hebreeus wat beteken bring tot stand sonder die hulp van voorafbestaande materiaal. Die kernfisikus Gerald L. Schroeder in sy boek *Genesis and the Big Bang* illustreer die skepping asof die **skeppingsatome en -gene** in die grote van 'n mosterdsaad saamgepers sou wees. Die skepping begin wanneer die kern van die mosterdsaad ontplof. Die kernontploffing genereer vuurwarm gasse en soos dit uitkring en afkoel, word stoom gevorm wat oorgaan tot vloeistof wat

stol tot vastestowwe en so is die hemelruim geskape met duisende sterrestelsels, “galaxies” in Engels asook ons melkweg (hemelstraat).

Die skepping van die sterrehemel het ongeveer vyftien duisend miljoen jaar gelede plaasgevind. Eers tien duisend miljoen jaar na die hemelruim ontstaan het, kom planeet Aarde saam met ander planete in ons sonnestelsel te voorskyn. Gen 1:1. Planete kom voort uit die gasse wat kondenseer tot vloeistof, water en lawa, en so het planeet aarde **uit water** ontstaan. 2 Pet 3:5. Dit is ook die tyd wanneer God vir Satan skape en hy 'n gerub van God is. Ese 28:13,14.

Dit het miljoene jare geneem voordat die lawa en water op planeet Aarde sodanig gestabiliseer het dat lewe uit die skeppingsgene te voorskyn kon kom in die see en op die grond. Die eerste vorm van lewe op planeet Aarde was meersellige alge wat  begin het om suurstof te produseer. Uit die gene, stof, in die grond van die aarde kom plantlewe te voorskyn wat meer suurstof produseer. Suurstof vorm ‘n osoonlaag as beskerming teen die dodelike ultraviolet strale van die son. Nou eers kan seediere, soorte voëls en landdiere hul verskyning op aarde maak.

Ongeveer drie miljoen jaar gelede maak die *Australopithecus africanus,* suidelike aapmens van Afrika, met ‘n breinkapasiteit van minder as 500cc, hul verskyning op aarde. Hierdie spesie en menige diersoorte word periodiek op aarde uitgewis nadat komete of meteore met planeet aarde gebots het. Na 'n breuk van duisende jare, 1.6 miljoen jaar gelede, maak die ***Homo habilis*** met ‘n breinkapasiteit van 640cc hul verskyning op aarde. Hierdie spesie word ook uitgewis. Elke maal wanneer daar ‘n atmosferiese (klimaats) verandering op die aarde plaasvind, genereer dit nuwe tipes lewe op aarde. (Tipe atmosferiese ewolusie). Die **Steentydperk** begin formeel 300,000 jaar gelede toe atmosferiese omstandighede op aarde sodanig was dat regop tweevoetige wesens, ***Homo erectus***, met ‘n brein kapasiteit van 1000cc skielik hul verskyning op aarde kon maak.

Na 'n breuk van duisende jare maak die ***Homo sapien*** wesens 100,000 jaar gelede hul verskyning op aarde. Die *Homo sapien* of die “Neanderthal man” in Europa begin ook om hul dooies te begrawe. Die gaping van duisende jare tussen die verskillende homo spesies frustreer evolusie aanhangers. Hierdie gapingstydperke word uitgedruk as die **“missing link”** om die aaneenlopende evolusieproses te kan bewys en wat hulle nie kan vind nie.

Die brein van diere en prehistoriese wesens bestaan uit drie lae. Aan die bopunt van die ruggraat is ‘n bondel senuwees wat die outomatiese liggaams funksies beheer. Die volgende breinlaag is instink om te vlug of te veg wanneer gevaar dreig. Die derde breinlaag is die oorsprong van versorging van kleintjies. Die meer onlangse vierde laag van die brein skep analitiese denke en vermoë tot rekenkunde, taal en vooruitsiendheid. (Schroeder).

TOENMALIGE WêRELD (wat was)

Ongeveer 15,000 jaar gelede, nege duisend jaar voor Adam, maak die ***Cro-Magnon*** hul verskyning op aarde met 'n brein kapasiteit van 1,400cc wat 100cc groter as die hedendaagse mens s’n is. Hul beskawing strek vanaf Frankryk tot Rusland maar terselfdertyd maak vele ander nasies ook hul verskyning regoor die aarde. Tussen die jare 15,000 tot 12,000 kom ‘n hoogs ontwikkelde wêreld op aarde totstand. Apostel Petrus noem dit die **toenmalige wêreld** en in Engels “the world that then was.” 2 Petr 3:6. Die Bybel bevestig die bestaan van tweevoetige

wesens saam met Satan op aarde. Deur **koophandel** in edelgesteentes het **hulle** Satan se hart met geweld gevul en so het Satan gesondig en tot ‘n val gekom. Ese. 28:16.

Esegiël skryf dat Satan (gerub van God) geskape was lank voor ons hom leer ken as Satan die duiwel in die tuin van Eden, Genesis hoofstuk 3. Satan was soos 'n god maar **tog 'n mens** en geen god nie. Satan was beeldskoon en bedeeld met groot wysheid. Ek is in my hart oortuig dat die rekenkundige kennis en die boutegnieke van die piramides in Egipte en Suid-Amerika van Satan kom uit hierdie toenmalige wêreldtydperk.

Robert Bouval en Graham Hancock sê in hul boek *“Keepers of Genesis”, bl 74*, dat die drie groot piramides en sfinks op aarde die posisie van die sterre dupliseer soos dit 6,500 jaar voor Adam of 10,500 jaar vC of vandag 12,500 jaar gelede was. Hulle het 'n rekenaarprogram gebruik om die posisie van sterre in die tyd van die piramides te bepaal. Hul tydskaal dui aan dat die piramides gebou is ongeveer vyfhonderd jaar voor die wêreldvloed in Genesis vers twee van hoofstuk een. Die sfinks en piramides vestig ons aandag op die tyd van die “Eerste Tyd.”

Tydens die toenmalige wêreld het Satan as koning en god op aarde regeer. Terselfdertyd was daar gewelddadige nasies met hul eie konings op aarde. Soos die destydse prins van Tirus, het Satan sy tempelstad gevestig op ‘n rotsberg-eiland in die **hart van die see,** wat as 'n **godewoning** beskryf word. Die stad, bedek met edelgesteentes, verbrand tot as en verdwyn in die see. Ese 28:16,18. God het Satan van sy **godeberg** (planeet Aarde) **afgedrywe**. Die vernietiging van Satan se stad verwys nie net na wat in die tyd van die toenmalige wêreld gebeur het nie, dit verwys ook na dit wat weer gaan plaasvind. In die boek Openbaring lees ons van die verbranding van die stad Babilon wat in die aarde se lawa sal verdwyn. Open 18:2,18,21.

Colin Wilson se boek *“From Atlantis to the Sphinx”* verwys na die legendariese stad, Atlantis, op Antarktika in die hart van die see wat nou die Suidpool is. Kan dit dalk die plek wees waar die stad van Satan was?

Sesduisend jaar voor Adam het Satan tot 'n val gekom. Apostel Petrus skryf dat die **toenmalige wêreld** met water oorstroom was en vergaan het en die boek Genesis beskryf dit as 'n wêreldvloed. Die eerste twee verse van Genesis gelees saam met 2 Petrus 3:5 en 6:

| | | |
|---|---|---|
| **Gen 1:1** | In die begin het God die hemel en die aarde geskape. | Jes 45:18. |
| 2 Petr 3:5 | Want moedswillig vergeet hulle<br>dat daar van lankal af hemele was<br>en 'n aarde wat **uit water** en<br>**deur** water ontstaan het<br>deur die woord van God. | Eerste hemel<br>en aarde.<br>Gen 1:1<br>Gen 1:6,7<br>Joh 1:1 |
| 2 Petr 3:6 | waardeur die **toenmalige wêreld**<br>met **water** oorstroom is en **vergaan** het. | Voor Adam.<br>Gen 1:2 |
| **Gen 1:2** | **En** die aarde was woes en leeg,<br>en duisternis was op die **wêreldvloed**,<br>en die Gees van God het gesweef op die **waters**. | <br>2 Petr 3:6 |

Tot op hede word dit nog aan ons voorgehou dat die toenmalige wêreld verwys na die tyd tussen Adam en Noag (sondvloed). Profeet Esegiël en Apostel Petrus ondersteun nie hierdie leerstelling nie, want Satan het gesondig lank voor Adam en Eva hom leer ken het as die duiwel in die tuin van Eden.

‘n Wêreldvloed word deur God teweeggebring om **Satan se koninkryk op aarde** en die sondige wesens van die toenmalige wêreld uit te wis. Die finaliteit van ‘n wêreldvloed, anders as ‘n sondvloed soos in die tyd van Noag, impliseer nie net straf nie maar sluit ook die **oordeel** van sondaars in. Die oordeel van Satan vind plaas in die hemel. Die **Gees (vuur)** van God gaan uit Satan en hy word uit die hemel op die aarde neergewerp. Ese 28:18,17. In die tyd van die wêreldvloed word Satan veroordeel en uit die troonsaal van God, berg van samekoms in die hemel, gewerp. Jesaja 14:12 lees: “Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! (eerste wêreld van die skepping) Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die **nasies!**” Hierdie gebeure het Jesus (God) gesien en daarom sê Hy: “Ek het Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val.” Luk 10:18. Weer het Satan die hemele beklim tot bo die wolke en vandag domineer hy die **lugweg** tussen die aarde en die hemel. Jes 14:13,14; Efe 6:11,12.

Die toenmalige wesens het nie ontwikkel tot die hedendaagse menswesen (*human*) nie, want hulle, tesame met diere en plante, is deur die wêreldvloed uitgewis. Hul figuur mag ooreenstem met die beeld van ‘n mens, maar alle vlees is nie dieselfde vlees nie. 1 Kor 15:39. Die vlees van ‘n vis, hoender, skaap en bees verskil en netso verskil die vlees van die mens (*human)* van ander tweevoetige wesens.

Die toenmalige wesens is deur die wêreldvloed uitgewis. Voordat die Gees van God uit Satan gegaan het, was Satan ook instaat om sy gees met baie toenmalige wesens te deel. Hierdie vermoë van Satan is hom nou ontneem en nou moet hy self die liggaam van 'n mens ingaan soos met Judas. Die toenmalige wesens, wie 'n gees uit Satan ontvang het, se gees het nie in die wêreldvloed gesterf nie. Hierdie duiwelsgeeste word bewaar in die put van die afgrond, maar nie al die duiwelsgeeste was in die put opgesluit nie. Open 9. Tydens Jesus se tyd op aarde word ons aandag gevestig op hierdie steeds teenwoordige duiwelsgeeste, ook genoem demone, sonder vlees en bene. Luk 24:39. Al die duiwelsgeeste is reeds veroordeel tot die hel, maar hulle moet wag tot die **tyd** wanneer hulle en Satan in die poel van vuur gewerp word. Mat 8:29.

‘n Wêreldvloed verdelg alle vorms van lewe op aarde. “En die aarde was woes en leeg (sonder enige vis, plant, dier of mense lewe), en duisternis (digte mis) was op die **wêreldvloed,** en die Gees *(Hebr wind)* van God het gesweef op die **waters**.” Gen 1:2. Die Nuwe Testament verduidelik wat hierdie “wind” is - Joh 3:8; Hand 2:2. Die woord “wêreldvloed” is in ooreenstemming met 2 Petr 3:6. Hoe lank die aarde met digte miswater bedek was en in duisternis gehul was, weet ons nie. Die skeppingsverhale van nasies begin almal in die tyd van Adam en geen mensegeheue weet van iets voor die wêreldvloed nie. Alle kennis voor die wêreldvloed kom deur die woord van God en deur Satan na die mens in die teenswoordige wêreld.

TEENSWOORDIGE WêRELD (wat is)

Gen 2:4 Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle **geskape** is.
Die dag toe die HERE God die aarde en die hemel **gemaak** het.

Die Bybel self maak 'n onderskeid tussen vers 1 en verse 3 tot 27. Daar word duidelik onderskei tussen geskape en gemaak. *In die begin het God die hemel en die aarde geskape* – **"bara"-** in Hebreeus wat beteken bring tot stand sonder die hulp van voorafbestaande materiaal.

In die tweede gedeelte van bogemelde vers word die hemel- en aarde volgorde omgedraai met die klem op die aarde en die hemel wat **gemaak is.** Vanaf vers 3 van Genesis 1 **maak** God 'n nuwe wêreld op die reeds geskape planeet Aarde en Apostel Petrus noem dit die teenswoordige wêreld. 2 Petr 3:6,7. Na die wêreldvloed vanaf vers 3 **maak** God 'n nuwe omgewing *(environment)* op aarde. Gen 2:3. Die woord **maak** in Hebreeus is **"asah"** wat beteken "maak uit bestaande materiaal" wat geskape is.

God gebruik dit wat reeds geskape was, soos die hemelruim waarin ons son, maan en planeet Aarde beweeg, om 'n nuwe omgewing op aarde te **formeer.** Jesaja 45: 7 lees*: "wat die lig formeer en die duisternis skep –*" en vers 18 vervolg*: "Want so sê die HERE, wat die hemele geskape het - Hy is God - wat die aarde geformeer en dit gemaak het- Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, maar geformeer om bewoon te word-"*

Genesis 2:4 sê vir ons ook dat God die aarde geskik maak vir lewe na die wêreldvloed en ook die hemel maak God geskik sodat daar lewe op aarde kan wees. Die orde in ons hemelruim was ook versteur in die tyd van die wêreldvloed. Die wêreldvloed het nie uit die aarde vanself ontstaan nie. God gebruik sy skeppinge in die hemel, ander planete, komete, ensovoorts om rampe op planeet Aarde te bring. Dit het in die verlede gebeur en weer tydens die sondvloed in die tyd van Noag.

Genesis 2 vers 5 vertel ons dat daar geen struike en plante op aarde was nie. Alles op planeet Aarde het verbrand, ook Satan se woonplek het tot as verbrand. Daar was ook *geen mens om die grond te bewerk nie*. Nog 'n "missing link" tydperk! Die aarde was algeheel woes en leeg. Genesis 2 vers 6 sê: "*Maar 'n mis het opgetrek uit die aarde en die hele aardbodem bevogtig."* Die Bybel self verduidelik die woord wêreldvloed en die woord duisternis soos genoem in vers 2 van die skepping.

Tyd tussen verse 1 en 2 van Genesis 1 geskied in 'n dimensie van tyd buite menslike begrip, alhoewel wetenskaplikes dit kon reduseer na 15 duisend miljoen jaar. Na die wêreldvloed vanaf vers 3 tot vers 27 van Genesis 1 word tyd vir menslike begrip uitgedruk as ses dae. Apostel Petrus sê ook vir ons dat een dag soos 'n duisend jaar is en koppel dit aan die teenswoordige wêreld. 2 Petr 3:7,8; Ps 90:4. Die tyd van ses dae is dus 'n tydperk van sesduisend jaar. Tussen vers drie, dag een, en vers 27, dag ses, Adam, het sesduisend jaar verloop. Soos reeds gemeld bevestig Robert Bouval en Graham Hancock in hul boek "*Keepers of Genesis"* Apostel Petrus se tydstelling dat die ses dae inderwaarheid sesduisend jaar was. Vanaf dag een tot Adam was sesduisend jaar en vanaf Adam tot vandag, jaar 2,000 nC, 'n verdere sesduisend jaar, totaal 12,000 jaar. Ons begin op jaar 12,000 tot Adam jaar 6,000, dag ses.

Gen 1:3-5, **dag een,** jaar 12,000 tot 11,001. Die wêreldvloed was 'n kombinasie van hoë seevlakke en druppende digte mis wat die hele aarde in duisternis bedek het. Gen 2:6. Op dag een verdun die mis en begin sonlig die duisternis indring. Soos die **aarde draai** kom daar 'n skeiding tussen nag en dag en so formeer God lig op aarde met die son wat Hy alreeds in die hemelruim geskape het. Jes 45:7. Die woorde "dit was aand en dit was môre" stem ooreen met 'n Sabbatdag wat

begin in die aand en eindig die volgende dag teen sononder. Die herhalende woorde “en God het gesê” wys op die Woord, Jesus. Joh 1:1; Hebr 1:2.

Gen 1:6-8, **dag twee**, jaar 11,000 tot 10,001. Die miswater skei om ruimte te skep tussen die seewater en die mis. Die aarde is geskape **uit** water en **deur** die seewater en mis **te skei,** word die aarde se **atmosfeer** nuut **gemaak** na die wêreldvloed 2 Petr 3:5. Die uitspansel of ruimte tussen die waters, see en lug, word deur God die hemel genoem. Gen 1:8. Die aarde se atmosfeer word hemel genoem en in vers 1 word die **hemelruim met sterre** ook die hemel genoem. Die hoogste hemel, **sterrehemel,** is die plek van God wat ook die **eerste hemel** genoem word. Die aarde se atmosfeer word ook hemel genoem, maar van dit sê God nie dat dit goed was nie. Satan het hierdie **atmosferiese hemel** bo die wolke beset en hy blokkeer tans die lugweg tussen God en mense. Dan is daar ook die derde hemel waar geheiligdes versamel word na die opstanding uit die doderyk. 2 Kor 12:2. Dit wil blyk dat die atmosferiese hemel en die derde hemel dieselfde is en wat nou deur Satan en sy engele beheer word. Dan 9:21; 10:5,6,11,20; Open 12:7,9

Gen 1:9-13**, dag drie,** jaar 10,000 tot 9,001. Nou kom die kontinente te voorskyn om die see en droë grond van mekaar te skei. Uit die gene, stof, in die grond kom gras, plante en bome te voorskyn waarin hul saad vir hul voortplanting is. Plante produseer suurstof vir UV beskerming sodat ander soorte lewe ook op aarde te voorskyn kan kom.

Gen 1:14-19, **dag vier,** jaar 9,000 tot 8,001. Met genoeg UV beskerming gaan die skemerdag oor na volle sonlig dag. Nou word die son, maan en sterre weer sigbaar. Hulle reël die aarde se seisoene en tyd van ‘n jaar (daarom moes God ook die hemel regmaak) en dien ook as God se **tekens** in die hemel aan die mensdom.

Gen 1:20-23, **dag vyf,** jaar 8,000 tot 7,001. Uit die skeppingsgene in die see, gene afgelei van die woord Genesis, skape God groot seediere, walvisse, en alle ander seelewe wat nou eers in die see te voorskyn kom. Uit die grond skep Hy al die soorte voëls in die lug. God het die nuwe seelewe geskape voor landdiere en landdiere het nooit ontwikkel tot seediere nie. Alle seelewe het in die wêreldvloed gesterf. Daarom word spesifiek by dag vyf gesê dat seelewe **geskape** is.

Gen 1:24-27, **dag ses,** jaar 7,000 tot 6,001. “Laat die aarde **lewende wesens** voortbring volgens hul soorte”, al die vee, kruipende diere en wilde diere. In hierdie tyd kom mense ook uit die gene in die grond te voorskyn. Aan die einde van dag ses word Adam se gene deur God formeer tot 'n been en vlees mens. Vers 27 dui die plek van die mens aan in die volgorde van alles wat God geskape en gemaak het.

**Dag sewe** is ook ‘n duisend jaar, **maar** die Sabbatsrus van God vind plaas aan die einde van die teenswoordige wêreld tydens die laaste duisend jaar. Gen 2:1-3. Die Sabbatsrus van ‘n duisend jaar is die eerste verwysing na die Christus of in Hebreeus Messias Koninkryk op aarde van 'n duisend jaar lank. Joh 1:42. Dit is ook die Sabbatsrus vir die volk van Israel. Hebr 4:4-10. Aan die einde van die duisend jaar Messias Ryk eindig die teenswoordige wêreld met ‘n wêreldvloed, maar met vuur en die see sal verdamp en verdwyn. Nou word planeet Aarde weer **nuut gemaak** vir God se **toekomstige wêreld op planeet Aarde**. Open 21:1.

TYDPERKE BINNE TEENSWOORDIGE WêRELD

Voordat ons na Adam oorgaan moet ons vlugtig kyk na die tydperke binne die tyd van die teenswoordige wêreld tot die toekomstige wêreld wat kom. Met hierdie

oorhoofse insig van wat God se program met planeet Aarde en die mensdom is, kan ons die Bybel beter verstaan.

Vanaf Adam tot die sondvloed in die tyd van Noag was 1,656 jaar. Genesis hoofstuk 7 beskryf 'n sondvloed met water in die tyd van Noag. God se eerste verbond met die mens na die **sondvloed** was die belofte dat:

Gen 9:11 En Ek rig **my** verbond met julle op,
dat alle vlees **nie meer** deur **waters**
van die **vloed** uitgeroei sal word nie,
en dat daar geen vloed meer sal wees — Geen vloed met water
om die aarde te verwoes nie.

God gaan weer 'n sondvloed oor die aarde bring maar nie **meer** met water soos in die tyd van Noag nie. Daarom moet ons kennis neem van Jesus Christus se profesie oor die **toorn van God.** 1 Thes 1:10; 5:9; **Mat 24:36-39** - sleutelbegrip. Die **toorn van God** wat ook die **dag** van die **Here** insluit, is niks anders as die 2de sondvloed nie, maar met hael! Die 2de sondvloed maar met **"vuur binne-in die hael"** is **meteore** wat sal neerreën soos hael. Ex 9:23,24; Open 16:21; Jos 10:11 en 1 Thes 5:3,5; 2 Petr 3:10- Dag van die Here.

Die woord sondvloed is saamgestel deur die woorde sonde en water in vloedmate. Om die **toorn van God** ooreenkomstig ons begripskennis uit te druk, word die woord sondvloed weer gebruik met die kwalifikasie daaraan gekoppel naamlik "met hael" of om dit kortweg die 2de sondvloed te noem.

Die boek Openbaring beskryf sewe basuine wat rampe oor die aarde bring waarna die toorn van God met sewe skale volg. Die **sewe skale** is niks anders as 'n sondvloed maar met vuur binne-in die brandende meteore nie. By die sewende skaal verdwyn eilande en berge en groot hael **uit die hemel** val op mense neer. Open 16:1-21. Maar, belangrik, daarna leef daar nogsteeds mense in **bloed en vlees** op aarde en dit sê vir ons dat dit nog nie die einde van die teenswoordige wêreld op aarde is nie.

Die 2 de sondvloed in die boek Openbaring reinig die aarde van goddelose mense en Satan word vir 'n duisend jaar met kettings in die doderyk gebind. Nou eers kom die duisend jaar Messias Ryk op aarde tot stand en kan Here Jesus Christus (Messias) as Koning oor Israel en al die nasies regeer. Terselfdertyd word die koningsbelofte aan Dawid vervul, asook die profete se professies aangaande die volk van Israel. Dit is ook die Sabbatsrus van 'n duisend jaar vir die volk van Israel. Daar is geen oorlog nie en die leeu lê by die lam (diere). Mense in bloed en vlees vermeerder en hul getalle sal soos die sand aan die seestrand wees. Open 20:8.

Na 'n duisend jaar, aan die einde van die Messias Ryk tydperk, word Satan weer vrygelaat. Open 20:1,2,7 - 'n duisend jaar na Open 16. Satan versamel al die nasies teen die Here en hulle omsingel die heilige stad Jerusalem. Al die heiliges van die Messias Ryk tydperk versamel in die stad wat met hemelhoë mure en poorte beskerm word. Apostel Petrus en Apostel Johannes beskryf die einde van die teenswoordige wêreld op aarde as volg:

2 Petr 3:7 Maar die **teenswoordige** hemele en die aarde
is deur dieselfde woord as 'n skat weggelê
en word vir die **vuur** bewaar — Open 20:9b
teen die **dag van oordeel** — Open 20:11-15

en die verderf (hel) van goddelose mense.

Open 20:9a En hulle het opgekom oor die breedte
van die aarde en die laer van heiliges
en die geliefde stad omsingel,

**(wêreldvloed met vuur)**

Open 20:9b en **vuur** het van God uit die hemel neergedaal — Dag van God -
en hulle **verslind**. — 2 Petr 3:12

'n Wêreldvloed met vuur verslind alle lewe op aarde en dit is die einde van die teenswoordige wêreld op aarde. Daar is net een wêreldvloed met vuur en een oordeelsdag (dieselfde dag) waarop siele tot die hel, poel van vuur, veroordeel word. Ons moet in die boek Openbaring duidelik onderskei tussen die 2de sondvloed met brandende hael (meteore) wat kom en daarna die wêreldvloed met vuur. Terselfdertyd vind daar 'n instorting van die eerste hemelruim plaas wat weer nuutgemaak word. Die hemelruim se sonnestelsels kring uit teen 'n geweldige spoed wat die magnetiese kragte van die hemel rek tot op 'n punt waar dit homself insuig om weer van nuuts af uit te kring.

Die vuur uit die hemel verbrand die elemente soos die suurstof in die lug en versmelt die aardkors en die seewater verdamp. So word planeet Aarde geformeer vir die **toekomstige nuwe wêreld** op aarde:

| | | |
|---|---|---|
| Open 21:1 | En ek het 'n nuwe hemel | Nuwe hemelruim |
| | en 'n nuwe aarde gesien, | 2 Petr 3:13; Hebr 6:5 |
| | want die **eerste** hemel en die | Gen 1:1 tot Open 21:1* |
| | **eerste** aarde het verby gegaan; | Uit water / deur water |
| | en die **see** was daar **nie meer nie.** | **Dieselfde planeet aarde** |

| | | |
|---|---|---|
| Open 21:3 | En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: | |
| | Kyk, die **tabernakel** van God is by die mense, | |
| | en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; | Geheiligdes uit |
| | en God **self** sal by hulle wees as hulle God. | Israel en nasies |

**Open 21 tot 22:1-5 is van toepassing op beide die Messias Ryk en die toekomstige wêreld van God met enkele wysigings (Open 21:1-7) om die ewigheid van die Messias of Christus Ryk uit te beeld.*

Die een Almagtige God se **ewige** toekomstige wêreld op planeet aarde is die tuiste van hemelse mense wie nou eers saam met God op planeet aarde is. Die einddoel van God se aardse en hemelse werke is om mense se siele te reinig van sonde en hulle te heilig met sy Gees vir die toekomstige wêreld op planeet aarde (want dan het ons nie kos of klere nodig nie).

AFSLUITING

Die gedagte van 'n **toenmalige wêreld** op aarde **voor** Adam is 'n vreemde begrip vir Christene. Die Bybel self openbaar dit en verduidelik dit. Die Bybel bevestig argeoloë se bevinding dat die aarde baie ouer as sesduisend jaar is. Apostel Petrus skryf dat ons moedswillig vergeet dat daar van lankal af hemele en 'n aarde was.

Christene is bekend met die begrip “toorn van God” en “dag van die Here” maar
tot nou het ons dit nie verstaan as die 2de sondvloed met hael nie. Die boek Openbaring en die profete se boeke getuig van mense en diere wat die toorn van God of 2de sondvloed gaan oorleef. Dit beteken dat dit nog nie die einde van lewe op aarde is nie. Die duisend jaar tussen die 2de sondvloed en die wêreldvloed met vuur is die tyd van Christus, in Hebreeus Messias, op aarde.

Die werklike duisend jaar Messias Ryk tydperk op aarde word heftig deur menige kerke teengestaan omdat hulle nie die 2de sondvloed met hael kon skei van die “einde van die teenswoordige wêreld met vuur” nie. Die 2de sondvloed met vuur binne-in die hael verdeel die koninkryk van God in twee dele naamlik 'n koninkryk van God die Vader in die hemel en terselfdertyd die koninkryk van God (Christus) op aarde vir 'n duisend jaar. Die koninkryk van die hemel verwys na mense in die hemel tydens Christus se koninkryk op aarde met mense in bloed en vlees. Die duisend jaar Messias Ryk eindig op die wêreldvloed met vuur wat ook die dag van oordeel vir ongeredde siele is. Na die wêreldvloed met vuur en dag van oordeel keer hemelse mense saam met God uit die hemel na die nuut geformeerde wêreld op aarde. Saam met God leef ons vir ewig op planeet Aarde. (hemel op aarde).

God se oorhoofse program met planeet Aarde en mense verhelder ons Nuwe Testament geloofsbegrippe. Nou dat ons weet wat die einddoel is, sal ons ook beter kan verstaan wat God doen sodat ons die einddoel kan bereik en deel in die heerlikheid van God. Program van God (Genesis tot Openbaring):

| | | |
|---|---|---|
| **Hemel en aarde geskape.** | | Gen 1:1 |
| TOENMALIGE WêRELD van Satan. | 2 Petr 3:6 | |
| **Wêreldvloed.** | | Gen 1:2 |
| TEENSWOORDIGE WêRELD (Adam). | 2 Petr 3:7 | Gen 1:3-27 |
| **1ste sondvloed met water (Noag)**. | | Gen 6:17 |
| Exodus: Tyd van Israel. | | |
| Kruis: Tyd van nasies (kerktydperk). | | Open |
| **2de sondvloed met hael.** | 2 Petr 3:9,10 | 16:1-21 |
| Koninkryk van God die Vader in die hemel en | | |
| **Christus/Messias Koninkryk op aarde.** | Dan 2:44 | 20:4,6 |
| Een duisend jaar tot die einde van die teenswoordige wêreld. | en Hebr 4:9 | |
| **Wêreldvloed met vuur en die oordeel.** | 2 Petr 3:7,12 | 20:7-15 |
| TOEKOMSTIGE WêRELD (op planeet Aarde). | | |
| Ewige Koninkryk van een Almagtige GOD met hemelse mense op aarde. | | 21:1-7 |

**HOOFSTUK 2**

## ADAM TOT NOAG (ONSTERFLIKE SIEL).

Op dag ses was die spoed van tyd en atmosferiese toestande op aarde uiters bevorderlik vir die voortbring van mense op aarde. Gerald L. Schroeder skryf: *“Life as we know it is so special, so complexly organized and so fragile that it can flourish only within the narrowest environmental conditions. Carbon and oxygen and hydrogen are required in abundance to form the intricate and varied molecules of life.”*

Die uitsonderlike hoë ouderdom van mense in die tyd vanaf Adam tot Noag bevestig hierdie atmosferiese toestande op aarde aan die begin van die teenswoordige wêreld. In die tyd van Adam tot Noag was die ouderdom van mense ongeveer agthonderd jaar en na die sondvloed verminder dit na ongeveer vierhonderd jaar. Na die toring van Babel verminder mense se ouderdom na tweehonderd jaar. Gen 11:19. Vanaf Exodus verminder die ouderdom van mense na eenhonderd en twintig jaar en ongeveer vyfhonderd jaar voor Christus verminder dit na tagtig jaar. Deut 34:7; Ps 90:10.

Die wisseling in die ouderdomme van mense wys op die veranderinge wat die aarde se atmosfeer ondergaan het. Wanneer die samestelling van vog en suurstof in die atmosfeer drasties verander, dan verander dit ook die ouderdomme van mense. Elke keer wanneer 'n komeet of planeet “bots” met die magnetieseveld van die aarde, dan verander die aarde se atmosfeer en daarmee saam die ouderdomme van mense. Die planetêre orde van ons eie sonnestelsel is verskeie male al versteur en dit is die rede waarom volkere planete aanbid en godename aan hulle toedig.

Menslik kan ons maklik glo dat gras en plante uit die skeppingsgene, saad, in die grond ontstaan waarna hulle hul eie saad produseer. Dieselfde skeppingsproses is van toepassing op diere en mense en dit is moeilik om dit te verstaan. Die sleutelverse is:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gen 1:27 | En God het die mens geskape | | Gene geskape |
| | na sy *beeld*; | | Hebr. *skaduwee.* |
| | na die *beeld van God* het Hy hom geskape; | | *God is Gees* |
| | man en vrou het Hy hulle *geskape.* | | |
| Gen 2:7 | En die HERE God het die mens | | |
| | **geformeer** uit die stof van die aarde | | Geskape materiaal |
| | en in sy neus die **asem** | ***(neshamah)*** | Geskape met ‘n siel |
| | **van die lewe** geblaas. | | Onsterfbare siel |
| | So het dan die mens | | |
| | ‘n **lewende siel** geword. | *(nefesh)* | Lewende wesen |

Direk vertaal uit Hebreeus met Hebreeuse woorde in hakies: (Schroeder)

| | |
|---|---|
| En die HERE formeer **die *mens*** | (*adam)* |
| uit die stof van die ***grond*** | *(adamah*) |
| en **blaas** in sy neus ‘**n *siel van lewe*** | ***(neshamah)*** |
| en die man het ‘**n *lewende wesen*** geword. | ***(nefesh)*** Vlees met siel |

Aan die begin van die skepping het God die **gene geskape** van alle lewende wesens op aarde, verlede en teenswoordige tye. God self het die gene van Adam **geformeer** tot 'n liggaam van vlees en bene. 1 Kor 15:47- 49 – beeld van die

aarde! God self het Adam, rooi grond of klei, geformeer uit die gene, stof, in die grond. Die woord formeer in Hebreeus is *"yatzar"* wat beteken 'n pottemaker wat klei formeer. Rom 9:21 en lees ook Job 10:8-12; 32:8. **Adam is geformeer en is nie gebore nie.**

Die mens Adam het nie 'n siel gehad totdat God 'n siel, en daarmee 'n lewe, in Adam geblaas het nie. God **skape** 'n unieke **siel,** asem van God, in Adam. Die siel wat God aan Adam gee word uitdruklik ***neshamah*** **- 'n siel van lewe of** ***lewende siel,*** genoem. Adam se **lewende siel** uit God **sterf nie** saam met sy sterflike liggaam nie! Dit is 'n belangrike begrip. Adam se **verganklike vleesliggaam met 'n siel** word ook ***nefesh,*** lewende wesen, genoem. 'n Siel wat nie sterf nie is die unieke eienskap wat Adam skei van ander mense wat ook uit die grond op aarde verskyn. Adam en sy nageslag dra hierdie siel ook aan ander rasse en nasies oor.

Om enige twyfel uit die weg te ruim of God vir Adam tot 'n mens met bene en vlees geformeer het, gaan God tot die daad oor om Eva uit die ribbebeen van Adam te skape. Terselfdertyd ontvang Eva bloed uit die ribbebeen waarin die lewende siel van God is. Die siel is in die man se saad, bloedvorming, en deur die man se saad word die siel na die vrou se eiersel, vleesvorming, oorgedra en so na hul menslike nageslag. Man en vrou, mannin, is nou een been en een vlees en die siel (lewe) is in die bloed. Lev 17:11. Lees Gen 2:21-24.

God het ook die **gene** van alle ander mense en diere **geskape.** Hulle kom ook uit die grond met 'n liggaam te voorskyn waarna hulle hulself vermeerder. Anders as Adam kom die siel van alle ander lewende wesens met bloed waarin die siel is, **uit die skeppingsgene self.** Alle lewe **met bloed** waarin die siel is, word **lewende wesen** *(nefesh)* genoem. Daarom word visse, voëls, diere en mense met 'n liggaam van **vlees en bloed waarin 'n siel is,** ook **lewende wesens *(nefesh*)** in die ses dae herskepping genoem. Alle inheemse mense en diere se **verganklike siel sterf** wanneer hul **verganklike** liggaam sterf. 1 Kor 15:50,53.

Die Bybel sê nie dat die **vlees en bene liggaam van Adam** na die **beeld** van God gemaak is nie! Lees Rom 1:22,23! Die **lewende siel, asem** uit God, is die beeld. Om dit beter uit te druk, ons **siel is 'n skadu beeld van die Gees** van God want die **onverganklike** God is Gees. Vanaf Pinksterdag gee God aan die mens met 'n lewende siel, maar ook nie aan almal nie, 'n gees uit Gees. Die **gees** uit die Gees van God **is die ware beeld en gelykenis** van God. Rom 8:8,9,29; Kol 1:15. Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam (Jesus) 'n **lewendmakende Gees**. 1 Kor 15:45; Fil 1:27.

Ons lees in 1 Kor 3 vers 16: "*Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God* ***in julle woon nie****?"* En vers 17: *"As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle."* Ons liggaam is heilig omdat die Heilige Gees in ons woon tot ons hierdie liggaam van vlees, wat deur wurms verteer word en tot stof vergaan, verlaat.

Apostel Paulus skryf bogenoemde verse maar hy skryf ook prontuit in Rom. 7 verse 22 tot 26: "Want ek verlustig my in die wet van God (tien gebooie) na die innerlike mens (Gees in my); (23) maar ek sien 'n ander wet in my lede (liggaam van vlees en bene) wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is. (24) Ek ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam (vlees en bene) van hierdie dood? (25) Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! (26) So dien ek self dan wel met die gemoed die wet van God, maar met **die vlees (liggaam) die wet van die sonde."** Later meer hieroor.

Die liggaam van vlees moet ons met eerbied behandel (geskape en gemaak deur God) maar die beeld van God is die lewende siel en die Gees van God wat in ons woon. Die Ou Testament gebruik blykbaar een woord vir siel en gees en hanteer siel en gees as een en dieselfde begrip. Die Nuwe Testament sê dat die mens bestaan uit gees, siel en liggaam. 1 Thes. 5:23. Hierdie drieledige begrip kom eers in die Nuwe Testament skerp navore wanneer alleen mense met 'n lewende siel weer 'n keer **die asem, maar nou 'n Gees**, van Here Jesus Christus ontvang. Joh 20:22.

Die Bybel sê nie die mens, Adam, was die stamvader van alle mense op aarde nie. Die **Bybel konsentreer primêr net op die nageslag van Adam wie die lewende siel (*(neshamah)* van God het.** Wanneer ons hierdie beginsel van die Bybel verstaan, dan verstaan ons ook die Bybel beter. Die nageslagte van Adam en later Noag (4,500 jaar gelede), het met die lewende siel van God, in die saad van 'n man, **met inheemse nasies omgegaan.** Uit al die nasies van die teenswoordige wêreld word **een groot nasie** saamgestel en hulle sal ewig lewe in die toekomstige wêreld.

Die atmosferiese omstandighede op aarde tydens dag ses was soortgelyk aan ‘n broeikas en dit bring ons terug na die tuin van Eden. Gen 2:8. In die tuin van God is die boom van die lewe. Gen 3:22,24. Dieselfde boom vind ons in die heilige stad Jerusalem wat met hemelhoë mure uit die hemel na die aarde neerdaal in die land Kanaän. Open 21:10; 22:2. Die Bybel eindig soos dit begin, naamlik weer by die tuin van Eden. Tydens die laaste duisend jaar van die teenswoordige wêreld sal mense weer die hoë ouderdomme bereik soos in die tyd van Adam.

Adam en Eva het grootgeword in die tuin van Eden en die sade van plante en bome was hul **voedsel** - nie vleis nie. Gen 1:29. Vers 30 verwys na diere met 'n lewende siel wat as lewende wesens (nefesh) vertaal moes word wat meer korrek en in ooreenstemming met die res van die Bybel (en KJV) is. Die Ou Testament en die Nuwe Testament verbied die eet van vleis waarin daar bloed is (“under done”). Lees Lev 17:10-14; Hand 15:29. **Na die sondvloed** in die tyd van Noag het **vleis** die voedsel van die mens geword. Gen 9:3,4. Menige godsdienste uit die ooste verbied die eet van vleis, want dan is 'n mens blykbaar meer toeganklik vir kontak met geeste wat niks anders as demone is nie.

Adam en Eva se **oortreding** in die tuin van Eden was dat hulle **Satan se verdraaiing van die woorde van God geglo het.** Deur korrupte Bybels verdraai Satan tot vandag nog die woorde van God en baie mense glo hierdie bybels vandag. Adam en Eva het bewus geword van hul naakte liggame. Ons vleesliggaam is die voorwerp waarmee ons sonde pleeg, daarom sterf ons vleesliggaam. Die dood van die vleesliggaam heers van Adam af, ook ons wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie. Rom 5:12,14. Adam en Eva het geëet van die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad. Tot vandag toe kan mense, klein en groot, onderskei tussen goed en kwaad. God het die mens uit die tuin van Eden verdryf voordat die mens ook van die boom van die lewe kon neem en eet en lewe in ewigheid! Gen 2:17; 3:1,4,5,22.

God het kennis aan Adam oorgedra sodat hy die tuin kon bewerk en bewaak. Gen 2:15. God leer Adam ‘n **taal** en hy moes ook ‘n naam aan al die soorte diere gee. Nadat Adam en Eva uit die paradys verdryf is, gaan hulle nie eers die steentydperkontwikkeling deur nie, maar hul seuns word dadelik veeboere en landbouers. Gen 4:2. Die mens het dadelik oorgegaan tot die bou van wonings en uitleg van ‘n stad. Na eenduisend jaar, ongeveer 600 jaar voor die sondvloed, kon

hulle minerale uit klip haal en koper- en ysterware maak. Gen 4:22. Die skryfkuns is so oud soos tale en bewyse daarvan verwys na hierdie tyd van Adam.

Buite die tuin van Eden het Eva twee seuns gebaar. Die oudste seun, Kain, het sy broer Abel doodgeslaan. God dryf Kain uit die land uit en Kain sê: “'n swerwer en vlugteling sal ek op die aarde wees, en **elkeen** wat my kry, sal my dood slaan. En die HERE het 'n **teken** gegee aan Kain, sodat **elkeen wat hom kry**, hom nie sou doodslaan nie.” Kain gaan weg na die oostekant van Eden in die **land Nod** waar hy **'n vrou** neem. Gen 4:14-17.

Die Bybel self bevestig die bestaan van ander mense op aarde in die tyd van Adam, Eva en Kain. In die tyd van Adam, einde van dag ses, het die getal mense op aarde alreeds so vermeerder dat name al aan lande toegeken is. Menslike aantekeninge dui aan dat verskeie rasse gelyktydig en verspreid op aarde ontstaan het. Daarom vind ons tot vandag nasies met verskillende tipes hare soos ovaalvormige hare, rondvormige hare en platvormige haartipes met wit, geel, bruin en swart vel kleure. As ons almal van Adam afgestam het, was daar nie die kleurryke verskeidenheid van nasies soos vandag nie.

Noag moes vir hom nog twee vroue uit 'n inheemse wit ras en inheemse swart ras geneem het om drie seuns van verskillende rasse voort te bring. Sy seun, Jafet, was die vader van menige wit nasies en sy seun Gam, die vader van menige swart gekleurde nasies. So word die lewende siel ook oorgedra aan inheemse nasies. Op hierdie wyse kan God sy belofte aan Abraham vervul, naamlik om uit alle nasies een groot nasie saam te stel.

Nasies se oorleweringe strek terug tot hul voorsate wat uit die grond gekom het. Daarna sê hulle was dit die tyd van gode en wyse manne. Die skrywer David M, Rohl in sy boek *Legend - the Genesis of civilisation* het die oorsprong van die vier riviere van Eden, “in die Ooste”, in die berge van Armenië, noorde van Iran, opgespoor. Die eerste sewe seuns van Set tot op Henog, was die uitsonderlike wyse manne van daardie tyd. Set se nageslag het in die gebergtes van Armenië, Kurdistan, waar die tuin van Eden was, gebly tot die sondvloed in die tyd van Noag. Kain en sy seuns was soos priesterkonings en het hulle gaan vestig in die land Sumer en in die Bybel genoem Sinear, dit is die vlaktes van Mesopotamië tussen die riviere Tigris en die Eufraat (Irak).

Kennis kom nie net van die HERE God nie, kennis kom ook van Satan en sy sondige engele (gode), asook demone. Satan het die sonde van die toenmalige wêreld na die mens in die teenswoordige wêreld oorgebring soos getuig in die tuin van Eden. In die tyd van Kain en sy seuns was Satan met sy sondige engele besonder aktief op aarde. Die Bybel bevestig hierdie tyd naamlik “Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam.” Gen 6:4b. Die HERE het aan Kain 'n teken gegee sodat **hulle** en mense hom nie sou doodmaak nie. Die teken van God soos afgelei van Ese 9:4 en Open 13:15,16; 14:1 is dat Kain 'n tydelike gees uit God ontvang het om hom te beskerm. Menige skilderstukke wat opgegrawe is toon tonele van mense met 'n onderlyf van 'n vis of dier. Alleen engele kan hulle in sulke gedrog liggame verander en kennis aan mense oordra. Dit is hierdie handelinge van **sondige engele** wat baie skrywers laat vermoed dat buite-ruimtetelike wesens planeet aarde besoek het. Hierdie sondige engele is tydens die sondvloed met kettings gebind en word bewaar in die plek waar die hel is. 2 Petr 2:4. Nou ervaar die mens op aarde nie meer hul sondige handelinge nie. **Demone** kan net die liggaam van 'n mens of dier ingaan, maar kan nie die figuur daarvan verander nie. Hulle is vermoedelik ook die bron van kennis uit die toenmalige wêreld wat vandag in toenemende mate aan mense geopenbaar word.

Kennis kom ook van die kinders van die sondige engele, seuns van God, wat gemeenskap met die dogters van die mens gehad het. Gen 6:1-4 en 1 Kor. 11:10. Uit hierdie verhouding is kinders gebore wat groei tot reuse so groot soos Goliat wat meer as 3 meter lank was. 1 Sam 17:4. Dit is geen wonder dat mense ook hierdie reuse wat oor sulke figure en besonderse kennis beskik het, as gode aanbid het nie. Hierdie seksuele oortreding van die sondige engele, tesame met die gruwels van mense met diere (bestialiteit en oorsprong van VIGS?) was die hoofoorsaak vir die sondvloed in die tyd van Noag. In die dae van Noag was daar reuse op aarde maar "ook daarna" tot na Exodus in die land Kanaän. Lev 18:22-24; 20:15-16.

Mense se seksuele booshede, wreedhede en versinsels van gode het God beweeg om sonde op aarde uit te wis, maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE. Dit maak dat God nou fokus op die mens met die onsterflike siel, asem van God, alleen. Alleen mense met ***neshamah,*** lewende siel, sal verdelg word en nie alle mense op aarde nie. Gen 6:17. Wanneer ons Gen 7:22 lees dan kom die volle korrektheid en betekenis van hoofstuk ses en sewe na vore, naamlik **almal** "wat die **asem** van die lewensgees (siel) in die neusgate gehad het, **almal** wat **op die droë grond** was, het doodgegaan." Die "lewende siele" nageslagte van Adam op aarde, Kain op die vlaktes van Sumer en Set in die berge, behalwe Noag, het in die sondvloed gesterf. Die Bybel meld die uitwissing van alle lewe op aarde wat ons in die konteks van die "wêreld waar Adam en Noag gewoon het" verstaan. Alle ander nasies is ook deur die sondvloed uitgedun, maar baie mense asook diere het die sondvloed oorleef. Die Bybel en **oorleweringe van vele nasies** getuig van een en dieselfde sondvloed gebeure.

Die boek Genesis is eers na Exodus deur Moses geskryf. Daarna is alle gebeure opgeskryf tot ongeveer 400 jaar voor Christus toe die ou testamentboeke saamgestel en as die Heilige Skrif van God erken is. Op aarde het Jesus menig maal daaruit aangehaal ter stawing dat dit die woord van God is. In die boek Genesis word die naam HERE in hoofletters geskryf wat verder getuig dat Moses hierdie boek geskryf het nadat die HERE sy naam aan Moses in die tyd van Exodus bekend gemaak het. Moses vra God om Sy weë vir Israel bekend te maak, maar God gaan verder en maak ook Sy skeppings majesteit aan Moses bekend. Vandag leer die Woord ons dat een Almagtige God die Skepper van die hemel en die aarde en die planteryk, diereryk en die mensdom op aarde is. Ex 33:13,19.

**HOOFSTUK 3**

## NOAG TOT EXODUS (VENUS EN MARS)

*Sondvloed in die tyd van Noag. Wêreldregering van Nimrod. Abraham en uitwissing van Sodom en Gomorra. Exodus en die tyd van komeet Venus en planeet Mars. Jesus se profesie.*

Voor die sondvloed was die ouderdom van mense ongeveer agthonderd jaar en na die vloed verminder dit na ongeveer vierhonderd jaar. Na die toring van Babel verminder mense se ouderdom na tweehonderd jaar. Gen 11:19. Die wisseling in die ouderdomme van mense wys op die veranderinge wat die aarde se atmosfeer ondergaan het. Die atmosfeer van die aarde kan nie vanself verander nie. Elke keer wanneer 'n komeet of planeet “bots” met die magnetiese veld van die aarde, dan verander die aarde se atmosfeer en daarmee die ouderdomme van mense.

Die Skepper van die hemel en aarde, by skrywe van Apostel Paulus, sê dat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie. Rom 1:1,19,20. Nasies aanbid die son, planete en maan skeppinge van God maar Jood en Christen aanbid die Skepper van die son, planete en die maan. Hand 14:11-13.

In die tyd van Noag was daar ‘n elektriese kontak tussen planeet Aarde en ‘n planeet (volgens oorleweringe planeet Jupiter) wat planeet Aarde geskud het, sodat die aardkors opgebreek het en water gespuit het uit die fonteine en die vog in die lug neergereën het op die aarde. Gen 7:11. Die sondvloed met water begin op die sewentiende dag van die tweede maand van die seshonderdste jaar van Noag, 1,656 jaar na Adam. Dit het vir veertig dae en nagte gestortreën. Die water was ongeveer sewe en 'n halwe meter bo die berg Ararat. Dit skep die vermoede dat die gesamentlike aantrekkingskrag van die maan en die planeet 'n vloedgety oor Mesopotamië gebring het. Die planeet was blykbaar vasgevang in die aarde se magnetiese veld sodat die vloedgety op een plek gekonsentreerd was vir 40 dae.

Dit duur **vyf maande** vir die water om **sewe en 'n halwe meter** terug te sak totdat die toppe van berge sigbaar is en die ark op berg Ararat kon rus. Hierteenoor neem dit **vier maande** vir die water om **honderde meter** terug te sak tot die aarde droog was op die eerste dag van die eerste maand van Noag se 601ste jaar. Die geleidelike wegbreek van die planeet en terugsakking van die seewater veroorsaak vloedgolwe regoor die aarde wat berge oorspoel sodat die oorlewendes van vele nasies dieselfde sondvloed beskryf binne hul wedervaringe.

Die nageslagte van Set was in die berge van Armenië en dié van Kain op die vlaktes van Mesopotamië. Netso was die sondvloed gekonsentreerd in hierdie gebied. Die nageslagte van Set en Kain, wie die lewende siel uit God ontvang het, was uitgewis deur die vloed behalwe Noag en sy drie seuns Sem, Gam en Jafet. Die **reënboog dien as teken** van God se verbond met Noag na die sondvloed:

| | | |
|---|---|---|
| Gen 9:11 | En Ek rig **my** verbond met julle op, | |
| | dat **alle** vlees **nie meer** deur **waters** | Alle lewende siele |
| | van die **vloed** uitgeroei sal word nie, | |
| | en dat daar geen vloed meer sal wees | Geen vloed met water |
| | om die aarde te verwoes nie. | |

God gaan weer 'n sondvloed oor die aarde bring, maar nie **meer** met water soos in die tyd van Noag nie. Daarom moet ons kennis neem van Jesus Christus se profesie oor die **toorn van God** wat niks anders as 'n 2de sondvloed maar met vuur binne-in die hael of meteore is nie.

‘n Nuwe kalender begin by Noag. 'n Jaar begin op die eerste dag van die eerste maand met twaalf maande. Hierdie kalender duur 1,012 jaar tot Exodus. God verander die kalender weer en 'n jaar begin op die derde maand Abib en later genoem Nisan met dertig dae per maand en 360 dae per jaar. Gen 8:13; Ex 12:2; 13:4. Die kalender verander weer ongeveer 554 vC met nege en twintig en 'n halwe dag per maand met 365.25 dae per jaar. Hierdie nuwe jaartye word eers formeel erken by die inwerkingtreding van die Romeinse kalender 1 nC.

Die ark van Noag land op berg Ararat in die noorde van Turkye. Noag het weggetrek **na die ooste** en gaan woon in die land Sinear. Die land Sinear, Sumer, is die gebied tussen die Eufraat en Tigrisriviere, vandag Irak, en dit is suid van Turkye! In Engels lees dit dat Noag “journeyed **from the East**” terwyl Turkye vandag in die noorde is.

Die woord oos is van groot betekenis want dit beteken dat die aarde se vier windrigtings verskuif het sedert Noag tot vandag. Die aarde se magnetiese pole en yspole kan nie vanself verskuif nie. Dit bevestig ‘n elektriese kontak tussen die aarde en ‘n planeet wat die magnetiese pole omkeer (wat al gebeur het) of verskuif. Wanneer die magnetiesepole verskuif laat dit die aarde kantel sodat ook die twee yspole op aarde verskuif, wat weer die vier windrigtings op aarde verander. Die verskuiwing van die Noord- en Suidpole bring rampspoedige gevolge op aarde en dit was die rede waarom mense in die tyd van Noag die leërs van die hemele intens bespied het.

NIMROD

Noag en sy nageslagte het vir vyf geslagte in Sumer gewoon. In die tyd van Peleg, 101 tot 130 jaar na die sondvloed, bou Nimrod, seun van Kus, die toring van Babel. Die toring van Babel was niks anders as ‘n sterrewag om met die blote oog die sterre en planete waar te neem nie. Gou het hulle geleer dat as dit of dat plaasvind in die hemelruim, dat die gevolge dit of dat, droogtes en vloede, op aarde sal wees. Korrekte sterrevoorspelling maak dat mense die sterrekundiges geglo het sowel as enige iets anders wat hulle daarby wou voeg. Nimrod was die sterrekundige van sy dag, vertolker van hemelse gode, en gou was hy aanbid as songod. Tagtig persent van aardbewoners aanbid Nimrod as songod, maar by verskillende name in Babilon, Egipte, Griekeland, Rome, Indië, China en vele meer lande. Mense ignoreer God, die skepper van alles, en aanbid eerder Sy werke soos die son en alle ander dinge. Nimrod was die vader van die Babiloniese Orde en die aanbidding van Lucifer, Satan, as die ware songod te wete die een oog tussen die hemel en die aarde.

By die toring van Babel begin die nageslagte van Noag in verskillende tale te praat en dit maak dat hulle uit Sumer trek na hul onderskeie grondgebiede. Nimrod, seun van Kus, was uitsonderlik gewelddadig wat daartoe bygedra het dat sy pa Kus, saam met sy broers Misraim en Put ook Sumer verlaat het. Nimrod het alle mense woonagtig in en om Mesopotamië gedwing om die planete en twaalf sterretekens van die diereriem te aanbid. Hierdie sterretekens moes met die blote oog besonder sigbaar gewees het, want vandag kan hulle nouliks as ‘n leeu, skerpioen of tweeling herken word. Hierdie sterre en planete sal in die toekoms weer sekere tekens in die hemel vertoon. Gen 1:14; Mat 24:29,30; Open 12:1-4.

Nimrod, swart van kleur, was die eerste koning van die teenswoordige wêreld en was vereer as Kronos wat beteken die "Horing een." Die Bybel verwys ook na 'n magtige koning of koninkryk as 'n **horing** veral as dit aan Satan gekoppel word. Dit is 'n belangrike sleutel tot die boeke Daniël en Openbaring. Dan 7:8; Open 13. *The Two Babilons* deur Eerwaarde Alexander Hislop. 1959. *Die geskiedenis van Nimrod en oorsprong van die Babiloniese geheime rituele wat deur die Roomse Kerk die Christendom ingedring het.*

Met die seën van Noag dat die HERE sy God is, het Sem Nimrod se liggaam in stukke laat kap weens sy sterre aanbidding. Die verskillende liggaamsdele is na al die hoofstede gestuur om mense te waarsku teen die aanbidding van die son en sterre (planete). Satan, in die liggaam van Nimrod, (soos met Judas die Iskariot) is deur hierdie handeling van Sem ontneem van sy **eerste sigbare wêreld koninkryk** in die teenswoordige wêreld op aarde. Die name Set en Sem beteken albei "die Gesalfde Een" en om hierdie rede kan beide name gebruik word om hierdie gebeure tussen Sem en Nimrod te beskryf. Die stryd tussen Sem (Set) en Nimrod (Osiris) kom voor in beide die Babiloniese en Egiptiese godsdienste. Hier word die rolle omgekeerd uitgebeeld naamlik Sem (Set) as die kwaad ("evil") en Nimrod as die goeie.

Nimrod se vrou Simiramis, ook genoem Isis, was koningin van Babel. Sy verklaar dat Nimrod, Osiris, weer in die liggaam van sy seun Horus verskyn het. Dieselfde teologie word in die Egiptiese godsdiens gehandhaaf naamlik dat elke opvolgende seun van Faro die reïnkarnasie van sy vader is. Met tyd word sy ook as 'n maagdelike godin aanbid en as die koningin van die hemele vereer. Op hierdie wyse het die hoer (die vrou) van die Babiloniese Orde, die Babiloniese drie-eenheid van Satan geskep naamlik, **Nimrod die vader en Horus die seun en Simiramis maar 'n vrou as die gees** genoem Isis - soos vandag geprojekteer in Maria aanbidding. Jes 47:1-15 (vers 5 - gebiedster - koningin). Hierdie **satanistiese drie-eenheid** is die sogenaamde geheime kennis wat voortduur tot vandag in geheime wêreldorganisasies se hoër grade. 1 Tim 6:20. Met die dood van Nimrod het die Babiloniese Orde ondergronds gegaan. Tweeduisend jaar later, in die tyd van die Mede en Perse, het die Babiloniese Orde hul hoofsentrum verskuif vanaf Babilon na Pergamos, Turkye, wat die Bybel ook noem die troon van Satan. Open 2:13; Job 18:5-21. Regoor die wêreld en binne die Christendom word Nimrod se seun Horus, se geboorte herdenk op 25 Desember! Kersfees was deur die vroeë Roomse Kerk ingestel ondanks die feit dat Jesus se geboorte saamval met Pinkster. Wanneer ons later die geskiedenis van die kerkdom hanteer sal ons sien hoe die Babiloniese godsdiens die godsdiensdeel van die Christen geloof ingedring het.

Uit Noag en sy drie seuns ontstaan spesifieke nasies. Uit hierdie nasies word tien koninkryke met tien konings saamgestel wie sleutelrolle speel aan die einde van die teenswoordige wêreld. Daarom moet ons kennis dra van watter seun watter nasie verteenwoordig.

Sem, met vyf seuns, is die vader van Semitiese volkere in en om die Midde Ooste (vandag oorwegend Moslem gelowiges). Noag sê ook aan Sem: "Geseënd is die HERE, die God van Sem. Maar Kanaän moet sy dienskneg wees." Sem het hom gevestig in Sumer of Babilon wat vandag Irak is. Sem se seun **Arpagsad,** is twee jaar na die sondvloed gebore. Uit sy nageslag is Peleg 101 jaar na die sondvloed gebore wat ook die tyd van verwarring van taal by die toring van Babel was. Sem, Peleg en sy nageslagte het vir nog 200 jaar in die Eufraat delta gebly tot Abram se vader verhuis het na Haran, Noord van Damaskus. Gen 11:31. Van daar is Abram na land Kanaän. Abram, uit die nageslag van Sem, was die vader van die

volk van Israel. Peleg se broer **Joktan,** het hom gaan vestig in die Oostelike deel van Saudi-Arabië langs die Persiese See.

Die oudste seun van Sem was **Elam(iete)** en hy het hom in die gebied suidoos van die Tigrisrivier gevestig te wete Persië of vandag Iran. Gen 10:22. Sy broer **Asser** het hom oos van die Tigrisrivier, noord van sy broer Elam, gevestig waaruit die Assiriese Ryk en stede Nineve en Assur ontstaan het. Vandag vorm dit deel van suid-Rusland. Elam en Assur het hulle gevestig "oorkant die riviere van Kus" te wete die riviere Eufraat en Tigris wat aanvanklik die grondgebied van Nimrod, seun van Kus. was. Die seun **Lud,** het hom eers in Turkye gevestig en later verhuis na die Balkanlande. Die seun **Aram,** het hom gevestig wes van die Eufraatrivier in die gebied wat vandag as Sirië (Damaskus) bekend staan. Mense verwar baie maal Asser (Assirië) met Aram (Sirië).

Jafet, oudste seun, met sewe seuns, is die vader van baie maar nie al die Europese wit nasies nie. Inheemse Europese wit nasies is met tyd in hul geledere opgeneem. Jafet se nageslagte verkry ook groot dele van die aarde, want Noag het gesê: "Mag God aan Jafet ruimte (grond) verskaf en mag hy woon in die tente van Sem! Maar Kanaän moet sy dienskneg wees." Gen 9:27. Jafet se oudste seun **Gomer,** het hom in die omgewing van die Swartsee gevestig, noord van die tuin van Eden, en van daar na Wes-Europa verhuis. Duitsers, Hollanders en omliggende Germaanse volkere het uit hom ontstaan. Sy een seun Torgarma, speel in die eindtye ook 'n belangrike rol. Sy nageslag kan nog nie bepaal word nie, maar dit word vermoed dat dit dalk die Nore in Noorweë is.

Drie broers **Magog, Meseg** (gebied van Moskou) en **Tubal** (Tartare) het hulle in Oos-Europa gevestig en is die drie stamvaders van die Russe. Die seun **Madai,** is die vader van die Meders en het hom oos van Assur en Elam (Iran) gaan vestig. Die Meders, saam met Assirië, vorm deel van die huidige grondgebied van Suid-Rusland. Die seun **Tiras,** was die stamvader van lande wat aan Griekeland grens, Bulgarye en Roemenië. In hierdie wêrelddeel begin nasies hulself rangskik om aan die vereistes van Bybel profesieë te voldoen. **Jawan** is die stamvader van volkere van eilande en kuslande van die Middellandse See, byvoorbeeld Italianers (Romeine- Sag 9:13; Joël 3:6), Franse, Spanjaarde, Portugese. Kyk wie is sy seuns: Elisa (Ciprus), **Tarsis** (Spanje), Kittiërs- Kreta (ook oorsprong van Filistyne) en Dodaniete (Doriese Grieke). Tarsus verwys na Turkye en Tirus (Sidon) na Libanon. Hand 11:25; Jes 23:1,2.

Gam met vier seuns is die stamvader van baie, maar nie van al die swart en bruin inheemse nasies nie. Noag het nie vir Gam nie, maar wel Gam se vierde seun, Kanaän, vervloek. Gen 9:25. Tydens die duisend jaar Messias Ryk sal die nageslag van Kanaän nie meer in die huis van die Here kom nie. Sag 14:21.

Gam se seun **Kanaän,** wie deur Noag vervloek is, het hom gaan vestig in die gebied wat as land Kanaän (Palestina) bekend staan. In die tyd toe Israel die land van Kanaäniete bespied het, rapporteer hulle dat daar reuse woon. Die nageslag van die "seuns van God" het tot na Exodus in land Kanaän gewoon. **Kus,** wat beteken "verbrand", se kleinseuns, Skeba en Dedan, plek van moskee Mekka, het hulle in die westelike deel van Saudi-Arabië (oorkant Joktan) gaan vestig.

Gam se oudste seun **Kus,** saam met sy broers **Put** en **Misraim** (albei vandag ligbruin nasies), het met pikgesmeerde rietskepe uit die Persiese See na die horing van Afrika, Somalië gevaar. Kus het later ook die gebied van Ethiopië beset wat vandag as die land van Kus bekend staan. Put en Misraim het halfpad die Rooisee opgevaar en toe oorland na die Middel-Nylrivier gegaan en die inheemse

bevolking in Egipte oorweldig. Put het verder getrek en die gebied, land van Put, wat vandag as Libië bekend staan, beset en vandaar die res van Noord-Afrika.

Misraim het hom in Egipte in die gebied van die Middel-Nylrivier gevestig. Uit die koningshuis van Misriam kom opeenvolgende Farao geslagte met 'n sterk adelstand wat die land beheer en administreer. Misraim se koningsnageslagte het hulself as Horus-gode aan die plaaslike Egiptiese bevolkings voorgehou. Onder Farao Menes het hulle die inheemse Nyl-delta bevolking oorweldig om die verenigde Egiptiese Koninkryk tot stand te bring (tot Exodus). Ek gebruik vele skrywers se uitleg van Bybelse nasies, maar na my goeddunke. Ook gebruik ek David Rohl, 'n Egiptoloog, se kennis om die hedendaagse vloed van boeke oor Egiptiese legendes in sy historiese verband te verduidelik. Al die nasies uit Sem, Gam en Jafet staan bekend as **heiden nasies,** nie-Jode, aan wie Paulus, Apostel vir die heidene, die Nuwe Testament verkondig het.

ABRAHAM EN SODOM

Abram is 292 jaar na die sondvloed gebore en vyf en sewentig jaar later arriveer hy in die land Kanaän. Gen 12:4. God die Skepper maak homself bekend aan Abram en maak vier beloftes aan hom waarvan twee beloftes met diere- en mensebloed in 'n verbond verseël word. Meer hieroor in die volgende hoofstuk.

Vier en twintig jaar later word Sodom en Gomorra vernietig, dit is 391 jaar na die sondvloed. Daar was in Sodom nie eens tien mans wat nie homoseksueel was nie. Die mans van die stad, oud en jonk, die hele bevolking van die stad het die huis van Lot omsingel. Hulle het aangedring dat Lot die twee mans in sy huis uitlewer sodat hulle die **mans, wie eintlik engele was,** kan "beken" te wete seksueel kan verkeer. Gen 18:1,16; 19:1,4,5. Die stad Sodom is die oorsprong van die woord sodomie (geslagsgemeenskap met mense van dieselfde geslag) wat soos moord as 'n halsmisdryf in die wetboeke van vele lande opgeskryf is. **Homoseksualisme** is sodomie, behalwe dat dit nou geskied met die toestemming van die ander man. Hierdie seksuele gruwel was die hoofrede hoekom God Sodom en Gomorra met vuur en swawel uit die hemel vernietig en laat verdwyn het in die gloeiende lawa van die aarde (gebied van die Dooie See). Gen 19:24; Rom 1:24-32. Die Bybel sê direk hulle verdien die dood (van siele) maar ook hulle wie homoseksuele dade **goedkeur**. Christene, kerkleiers, politiekeleiers en regters.

'n Jaar na Sodom, Abraham 100 jaar oud, is Isak gebore. Isak was 60 jaar oud by die geboorte van sy seun Jakob (Israel). Jakob kom 130 jaar later, 582 jaar na die sondvloed, in Egipte aan met sewentig siele. Na tien geslagte in Egipte kom die volk van Israel oor 'n tyd van 430 jaar tot stand, dit is 1,012 jaar na die sondvloed. Exodus vind plaas op dieselfde dag as wat Jakob 430 jaar gelede met sewentig siele in Egipte aangekom het. Ex 12:40,41.

**Israel** is die direkte nageslag van Abraham se seuns Isak en Jakob. Uit Abraham het ook ander volke ontstaan, soos uit die Egiptiese slavin Hagar, se seun **Ismael.** Hul plek is tussen Egipte en Israel. Gen 16:11-16; 17:20 en let op vers 21 en 25; 25:12-18. Uit Abraham se tweede vrou **Ketura** (na die dood van Sara) is ses seuns gebore. Sy en haar seuns is na die ooste weggestuur. Gen 25:1-6. Die een seun se naam is Median(iete) en hy het in die Sinai woestyn gewoon. Dit is by hierdie priestergeslag waar Moses vertoef voordat hy die volk uit Egipte lei. Gen 37:28; Ex 2:16; 8:1; 18:1,11. Vandag verwys die woord Israeliet net na hulle wie in Israel gebore is. Hulle, tesame met ander Israelies wie in ander lande verstrooi is, word ook by die naam **Jood** geïdentifiseer. Die woord Jood identifiseer Israelies van verskillende nasionaliteite maar wie **dieselfde geloof,** die wet van Moses, en

die besnydenis deel, byvoorbeeld Amerikaanse Jode, Israeliese Jode, ensovoorts. Kyk Mat 27:37.

**Edom.** Vir Abraham is 'n seun Isak gebore wie tweelingseuns gehad het. Jakob is die stamvader van die volk van Israel en **Esau** was die stamvader van Edom wat in die woestyn ten suide van Israel woon. Noordelike deel van Saudi-Arabië en suidelike deel van Jordanië waar die Petra bergvesting is. Gen 36.

**Ammon en Moab (seuns van dogters van Lot).** Kyk Gen hfst 19 en vers 31 waar Lot, Abraham se broerskind, se dogters dog dat die (toe) hele wêreld saam met Sodom en Gomorra uitgewis is. Ammon en Moab het hulle gaan vestig oos van die Jordaanrivier (Jordanië). Israel was en is in voortdurende stryd met hulle.

Die Edomiete, Moabiete en Ammoniete is die drie volke wie se straf spesifiek vir die slag van Armageddon uitgehou word. Tot vandag beset hulle dele van die land Kanaän wat God met 'n eed aan Israel beloof het. Al hierdie **nasies wie uit Abraham,** uitgesluit Israel, en Lot spruit, word saam met die nasies uit Sem, Jafet en Gam as heidene in die Bybel beskryf.

Alle ruimte op aarde is beset en daarom dryf oorloë, rampe en droogtes mense nou na stede en ryk lande. Die vermenging van nasies verbrokkel die morele waardes van families en die dissipline van staatsgesag. Mense se sosiale en godsdienstige waardes verander en hulle word meer en meer goddeloser soos in die tyd van Noag voor die eerste sondvloed. Uit hierdie Babelse mensdom groei die begrip van 'n universele een god wat vir alle mense aanvaarbaar is. Dit is dan wanneer die lewende HERE God Homself weer aan die mensdom openbaar met hemelse mag en geweld en die Seun van God in die wolke sal verskyn. Kyk 1 Joh 3:8,12,13; 4:3; 2:18,22.

EXODUS : KOMEET VENUS

'n Stabiele hemelruim die afgelope 2,500 jaar maak dat 'n mens nouliks ag slaan op wat in die sterrehemel plaasvind. Dit maak dat ons vergeet dat God die Skepper, sy planete en sterre as werktuie benut om rampe oor planeet aarde te bring. Op die eerste dag van die ses dae herskepping het God gesê “laat daar lig wees” maar eers op die vierde dag was die son, maan en sterre (planete) sigbaar om as **tekens** te dien en die **tye** op aarde te reël. Gen 1:3,16,18.

HERE Jesus se wederkoms in die lug en die toorn van God sal voorafgegaan word deur hemelse tekens en dit word deur die son, maan, planete en sterre aan ons geopenbaar. Dit is 'n belangrike sleutel tot die verstaan van eindtydprofesie. Hierdie **hemelse liggame is die leërs van die hemele** en in Engels “host of the heaven” en gee uitdrukking aan die begrip **“Here van leërskare”** en in Engels “Lord of host.” Lees Jer 19:13; 33:22; Job 9:5-13; 26:7-13 en 38:1-32-38; Jes 24:1-6-18-20-23; 50:2,3; 51:6,9,10- Rahab -Satan; 60:2; Open 6:12-14.

Dr Velikovsky, later 'n professor aan die universiteit van Jerusalem, het in 1940 op die gedagte gekom dat menige Bybel gebeurtenisse ook in ander volke se geskrifte opgeteken moet wees. Inteendeel, volkere in die ooste en weste het baie te sê oor Exodus en van die dag toe Josua vir die son en maan sê om vir ‘n volle dag stil te staan. Enige mens sal uiters bekommerd wees as die son nie opkom of afgaan nie.

Dr Velikovsky het ontsettende moeite gedoen om volkere se geskrifte en mitologie te ondersoek. Sy ondersoek strek vanaf die Amerikas, Inkas en Mayas,

na Europa se Dene, Romeine en Grieke tot Egipte, Babilon, Indië en China. Die Ou Testament verstrek net die kliniese feite en volkere se geskrifte bevestig dit met meer besonderhede. Dr Velikovsky se boek *“Worlds in Collision”* kombineer die Ou Testament met volkere se geskrifte en verduidelik hoe komeet Venus en planeet Mars die aarde vir eeue geteister het tot ongeveer 554 jaar voor Christus. Hierdie boek is ook in Afrikaans vertaal deur dr A.H. Jonker, “*Botsende Wêrelde”*, 1951.

Profesie skrywers probeer al te lank om menige gebeure in die boek Openbaring te verklaar aan die hand van mensskeppinge byvoorbeeld 'n kernoorlog en ignoreer God se skepping van sterre en planete. Menige gebeure wat ons interpreteer as simbolies, verander nou in die hemelse werklikheid. Die ou testamentboeke self getuig van rampe uit die hemel wat hom weer in die toekoms gaan herhaal.

Voor Exodus toon volkere se sterrekaarte, die plafonne van piramides, slegs vier planete soos met die oog gesien. Na Exodus het 'n vyfde planeet, Venus, bygekom. Ons planetêre stelsel bestaan uit die son en nege planete. Nasies sê dat daar 'n botsing tussen die meer as agt mane van planeet Jupiter was in die tyd van Exodus en 'n komeet het daaruit ontstaan wat direk die aarde se baan gekruis het.

Komeet Venus het verskillende vorms aangeneem soos dit planeet Aarde nader. Die duidelikste vorm was dié van 'n bul. Nasies sê dat soos komeet Venus die aarde genader het, het dit twee horings van ‘n bul uitgebeeld. Die komeet se stert het ook afgekrul en die teken van 'n slang geskep, van daar die naam Lucifer of Satan wat aan Venus gekoppel word. Komeet Venus was uitsonderlik helder en blink. Later het die komeet sy stert verloor en as 'n planeet sy plek naby die son ingeneem. Vir 'n deel van die jaar staan planeet Venus bekend as die oggendster en die ander deel van die jaar as die aandster. Volgens mense aantekeninge was dit die eerste keer dat 'n komeet in 'n planeet verander het.

Die tien plae wat Egipte tref strek oor 'n tyd van ongeveer 34 dae. Die rampe wat Egipte tref, het ook regoor die aarde plaasgevind. Nasies beskryf die gebeure wanneer 'n komeet te naby die aarde verby beweeg en die aarde kort daarna in die stert van 'n komeet beweeg as volg. Hulle sê daar was 'n groot wolk en eers was dit stof en toe growwe stof, fyn sand, growwe sand en toe stene so groot soos bome. Alles het rooi geword, selfs die melk, vertel die Finne. Die oomblik toe Venus se stof met die aarde se suurstof in aanraking gekom het, het dit geoksideer en water het 'n rooi roes kleur en digtheid van bloed verkry. Die rooi stof het alles op aarde bedek, plaag een.

Die elektriese kontak tussen komeet Venus en planeet Aarde versteur die aarde se atmosfeer en daarmee die klimaat op aarde. Die verandering van klimaat veroorsaak 'n populasie ontploffing by insekte, sprinkane en vlieë wat mens en dier wou oorweldig. Mense kon nie eet, sit of slaap nie. Menige nasies het sak en pak na ander lande getrek soos die Amalekiete (bekend as die Hyksos) uit Saudi-Arabië met wie Israel in Sinai oorlog gevoer het. Ex 17:8-15.

Die Bybel sê van die sewende plaag: “En daar was hael en onophoudelike **vuur binne-in die hael**, baie swaar” so groot dat dit selfs bome gebreek het. Ex 9:23-26. Dit het ook groot brande oor die hele aarde veroorsaak. Ps 105:32. Die Bybel self verduidelik die woord “hael” wat inderwaarheid vlammende meteore is. Nou weet ons na watter hael, ‘n talent swaar, die boek Openbaring in hoofstuk 16 verwys. Voor hierdie sewende plaag was daar eers gloeiende meteoriese stofdeeltjies wat blase op mense se vel veroorsaak en dan laat sweer het, sesde plaag. Ex 9:9.

Saam met die **meteore** wat val soos **hael,** het Venus se gasse gestol en teer en olie (petroleum) het op mense en diere neergereeën. Jes 34:6 (vet),9 (pik/teer); Ps 11:6. Nasies vertel dat mense in hierdie taai oliemassa verdrink het. Nasies beskryf die olie as reënvuur uit die hemel en wat teen mure gebrand het. Priesters van Israel was ook nie bekend met hierdie nuwe vuur nie. Lev 10:1,2; Num 3:4.

Die gloeiende hael het die temperatuur van die lug drasties verhoog sodat vuurwarm orkaanwinde die hele aarde geteister het. Die HERE gebruik hierdie winde om die sprinkane, agste plaag, van Egipte weg te waai. Kyk God se totale beheer oor die elemente van die natuur en wanneer wat sal plaasvind.

Die meteoriese stof en brandende olie, bome en gras, tesame met orkaanwinde het 'n tasbare dik, werwelende swart wolke duisternis oor die aarde gebring, negende plaag. Ex 10:21,22. Geen mensgemaakte lig kon deur die duisternis dring nie. Mense moes net bly sit of lê vir drie dae aaneen. Nasies vertel dat die digte roetrook mense versmoor het en baie daarvan gesterf het.

Komeet Venus beweeg verby planeet Aarde in die teenoorgestelde rigting as wat die aarde om sy as draai. Die botsing tussen twee elektriese kragvelde was genoeg om die aarde se omwentelinge te stuit en die **aarde tot stilstand te ruk**. 'n Deel van die aarde was vir drie dae in duisternis, teenoorgestelde kant van die son. Die aarde se groter massa het op sy beurt weer die komeet uit sy baan geruk en teruggebuig sodat daar 'n tweede kontak gevolg het. Dit het die aarde weer laat roteer om sy eie magnetiese as, **maar in die teenoorgestelde rigting!** So het dit gebeur dat die son nou in die ooste opkom en nie meer in die weste nie. Dat seisoene verander het en herfs dadelik na lente verander het. Van toe af word **die rigting van sonsopkoms gespesifiseer.** Num 2:3; 34;15; Jos 19:12. Nasies vertel ook dat die son twee maal in die weste opgekom het en dat dit nou die tweede keer is dat die son in die ooste opkom. Die rigting van die aarde se omwenteling het drie maal sedert Adam verander!

Die verandering van die aarde se omwenteling, verander die rigting van seestrome en vloeibare lawa onder die aardkors sodat die aardkors verbrokkel. Die see begin kook en gloeiende lawa peul uit die grond regoor die hele aarde wat vure veroorsaak en nuwe berge word gevorm. Seestrome word omgedraai wat tesame met orkaanwinde lande oorspoel. Die Chinese skryf dat branders oor die hoogste berge gespoel het en valleie oorstroom is. Hulle het jare lank kanale gegrawe om die valleie weer droog te kry. Nasies sê dat die terugsakking van die verbrokkelde aardkors sewe jaar lank geduur het. Dit veroorsaak onophoudelike skreegeluide - dag en nag - wat mense tot raserny gedryf het. Ps 77:19.

In die Bybel lees ons van aardbewings maar in die meeste gevalle verwys dit eerder na 'n aardskok. Anders as 'n aardbewing wat lokaal is, is 'n aardskok dit wat die **aarde skud** en heen en weer laat waggel. So het die Saharameer in die Atlantiese see uitgespoel en ‘n woestyn geword. Die benede delta van die Nyl het feitlik verdwyn en dit wat ons vandag ken, is maar 'n deel daarvan. Ps 46. Die Rooisee het teruggetrek en daarom soek mense vandag nog na die plek waar Israel deurgetrek het. Die aarde se aangesig verander totaal.

Die swaar swart wolkemassa het opgebreek en op plekke was die wolke so laag op die grond dat mense nie vrylik kon beweeg nie. So 'n wolk kon dae en selfs maande op een plek hang. Alleen wanneer die wolke weg beweeg het, kon die volk van Israel ook verder trek. Met jare het die wolke massa opgelig en helderder geword. Dit het 15 jaar geneem voor mense vrylik kon begin beweeg en plant (Num 17:8) en eers na 40 jaar was die lug weer suiwer. Num 9:19-22; Jos 5:11,12.

'n Maand na Israel se uittog het manna oor die hele aarde vanuit die wolke geval. Mens en dier het tot 40 jaar geleef van hierdie “dou” of “mielies van die hemel” soos nasies die manna beskryf. Ex 16:14; Num 11:7,9; Ps 78:23,24. Vog, suurstof en koolsuurgas, brande op aarde, veroorsaak 'n chemiese reaksie in die wolke sodat heuningsoet manna soos ryp uit die wolke in die oggende op die aarde gereën het. Vanaf Amerika, Ysland tot in die Ooste beskryf mense dieselfde manna. 'n Jaar later het Israel die land Kanaän bespied en hulle rapporteer 'n land van melk en heuning. Wanneer die heuningkleurige manna begin smelt, verander dit in die kleur van melk. Strome wit mannawater vloei in die leegtes af en dan wek dit waarlik die droom van 'n land van melk en heuning.

Na Venus, die bul, homself verander het in die gewer van melk, het sekere nasies **komeet Venus as vroulik gesien** en so het die verering van koeie in Indië ontstaan. Venus is nou die **koningin van die hemele,** Simiramis of Isis, en so word planeet Venus tot vandag deur menige nasies aanbid.

By berg Horeb in die Sinai woestyn het die Israeliete 'n goue kalf gemaak om Venus, Astarte, te vereer. Na Israel en Juda geskeur het, was daar twee goue kalfbeelde gemaak sodat mense na Dan en Efraim as die plekke van aanbidding moet gaan en nie na die tempel in Jerusalem wat in Juda se gebied is nie. 1 Kon 11:5; 12:28.

Naas die teken van 'n bul en slang (Num 21:6-9) het komeet Venus ook die kop van 'n harige leeu, asook die teken van 'n vlieg, uitgebeeld. Tesame met die uitbarsting van vlieë, klimaatversteuring, het die benaming “koning van die vlieë” of Beëlsebul ontstaan. Ex 8:24; Mat 10:25; 12:24; Luk 11:15.

Komeet Venus het die aardbewoners elke 52 jaar vir die volgende 700 jaar geteister. Josua se versoek dat die son en maan moet stilstaan, het plaasgevind op die eerste 52 jaar siklus. Jos 10:11-13; insekte 24:12. Die son kan nie stilstaan nie en dit beteken die aarde se magneties noordpool het verskuif sodat die son konstant vir nog ‘n dag op Israel kon skyn. Die magnetiese noordpool wys altyd na die son wat die aarde regop hou. Die aarde draai steeds om sy as teen die spoed van 1600 km p/u(1000 myl p/u). Planeet Aarde beweeg teen 106,000 km p/u (66,600 myl p/u) deur ons melkweg om die son.

Die woord “verwarring” kom baie maal in die Bybel voor. Kosmiese golwe versteur die aarde se atmosfeer en daarom ondervind ons menigmaal radiosteurings en verwarrende TV-beelde. Netso kan atmosferiese steurings mense se breingolwe versteur sodat mense totaal gedisoriënteer en verward word. Jos 10:10; 1 Sam 7:10. Die woord Babel beteken ook verwarring.

PLANEET MARS

Ongeveer 700 jaar na Exodus het komeet Venus met planeet Mars gebots. Daarna was komeet Venus uiters wisselvallig wat rigting en siklustyd betref, elke twee tot vyf maande het hy sy verskyning naby die aarde gemaak. Na 'n aantal “botsings” tussen planeet Mars en komeet Venus het Venus sy stert verloor en as 'n planeet sy huidige baan om die son ingeneem.

Die elektriese kontakte tussen Venus en Mars het die indruk geskep dat Venus pyle van vuur na Mars afskiet. Die Mayas van Mexiko sê dat Mars ook die teken van 'n swaard en 'n persoon met 'n boog in die regterhand en 'n bondel pyle in die linkerhand uitgebeeld het. Rig 5:20; 1 Sam 12:9,10. Hierdie oorloë in die hemele,

soos waargeneem vanaf die aarde, het ook gelei tot die vernietiging van stede op aarde. Die Mayas in Mexiko beskryf Mars as die vernietiger van dorpe en verwoester van lewens. Hierdie hemelse gevegte is grondliggend tot vele Griekse legendes en oorloë tussen verskillende gode.

Na Venus was dit planeet Mars wat elke 15 jaar vir die volgende 200 jaar die aarde teister en chaos tussen die planete veroorsaak het. Op hierdie wyse het hy die naam “god van oorlog”, Zeus, gekry. Dadelik het Mars die voorwerp van aanbidding geword en in hierdie tyd het die stad Rome, Romulus, ontstaan. Die Chinese skryf dat vyf planete, insluitend Venus, in hierdie tyd uit hul bane gesit is. Die aarde het geskud en sterre, meteore, val soos reën in die nag op die aarde. Die aarde se atmosfeer verbrand die meeste meteore, sewe agtstes van uitsonderlike groot stukke meteore.

Planeet Mars het **planeet Aarde geskud** op die dag van koning Agas se begrafnis sodat sy sonnewyser met 10 grade verander het, 692 vC. Koning Hiskia, ook genoem Jehiskia, het hom opgevolg en dadelik moes hy die tempel herstel en ook die gat in die deur van die Oostelike Poort aanpas omdat die rigting oos, sonsopkoms, verander het. 2 Kron 29:3.

Tydens die veertiende jaar van Hiskia het 'n “engel van die HERE” Sanherib se leër van 185,000 man gedood. Jes 37:36. Die laer van daardie leër was naby Jerusalem en net hulle is getref en nie Jerusalem nie. Engele is die uitvoerders van God se leërs van die hemel en daarom word die uitdrukking “engel van die HERE” baie maal gebruik.

In Hiskia se 15de jaar, 676 vC, verander Agas se sonnewyser toe die son met 10 grade terugskuif. Jes 38:8; 2 Kon 20:11. Planeet Aarde het gekantel! Die Talmoed, rabbi’s se interpretasie van Ou Testament verse - vrylik aangehaal - verduidelik Jes 38:8 as volg: “In die tyd van Agas se begrafnis het die aarde vinniger gedraai, korter dag. In die tyd van Hiskia het die skaduwee teruggegaan, dit wil sê die aarde het stadiger begin roteer, 'n langer dag.” Die aarde kan net stadiger of vinniger draai na kontak met 'n hemelliggaam. Die magnetiese Noordpool het inderwaarheid met 10 grade verskuif en dit verander ook die tye en windrigtings op die aarde. In die tyd van Juda en Israel se konings het die lente van dae, maande en jare soveel kere verander dat tyd in terme van konings se regeerjare uitgedruk was, byvoorbeeld 15de jaar van Hiskia of eerste jaar van koning Nebukadnesar.

Vanaf die tyd van koning Agas, vir ongeveer 112 jaar, tot by koning Jojagin was die aarde se tye onderhewig aan uiterste skommelinge. Dit was so erg dat Babilon se sterredeskundiges moed opgegee het vir 40 jaar en nie meer ‘n gedetailleerde rekord van tye gehou het nie. Die maan was uit sy siklus gegooi en van 30 dae per maand het die aantal dae vermeerder na 36 dae per maand, jare met 10 maande vir ongeveer 112 jaar. Later het die maan se siklus weer verander tot die huidige 29 en 'n half dag per maand.

Die aarde het stadiger begin draai om 'n 24 uur dag en nag voort te bring. Planeet Mars het ook planeet Aarde uit sy baan gegooi sodat dit die aarde meer dae neem om om die son te beweeg, van 360 dae na 365.25 dae per jaar. Noodgedwonge moes volkere hul kalenders by die nuwe jaartye aanpas. Die boek 2 Kronieke 36:10 verwys na “die verwisseling van die jaar” wat waarskynlik beteken dat 'n nuwe kalender in die tyd van Nebukadnesar in werking getree het. God verander die tye en geleenthede, seisoene in Engels. Dan 2:21.

Die maande Januarie en Februarie is 564 jaar later deur die Romeine bygevoeg om 'n kalenderjaar met 12 maande per jaar formeel te finaliseer. Die antichris gaan ook in die toekoms die tye van die aarde aanpas. Dan 7:25. **Nou verstaan ons ook waarom geen mens die tyd vir die 2de sondvloed kan bereken nie, want ons weet nie presies hoeveel ure in 'n dag en dae in 'n jaar daar was sedert Adam nie.** Hiervoor is ons uitsluitlik afhanklik van toekomstige aardse en hemelse tekens.

Dr Velikovsky gee aan ons die sleutel tot die verstaan van die begrippe “leërs van die hemele” en “HERE van leërskare.” Ek benut sy inligting tot my eie goeddunke sodat ons die gebeure in die boek Openbaring beter sal verstaan. Exodus is ‘n skaduwee van dit wat op 'n veel groter skaal voor en tydens die 2de sondvloed in die boek Openbaring gaan plaasvind. Derduisende mense het die sondvloed in die tyd van Noag, asook Exodus, oorleef en netso gaan mense en diere ook die 2de sondvloed oorleef.

PROFESIE VAN JESUS

Spesifieke aardse en hemelse tekens sal die wederkoms van Jesus Christus en die toorn van God voorafgaan. Satan gaan ook wonders op aarde doen en hemelse tekens verrig. Daarom moet gelowiges die Here se profesie ken om te kan onderskei tussen die tekens van Satan en tekens van die Here. Profesie is anders as waarsêery, sterrevoorspellings, want die woord van God salig hulle wie die woorde van profesie lees:

Open 1:3 Salig is hy wat die woorde van die profesie **lees,**
en die wat dit **hoor** en bewaar wat daarin geskrywe is,
want die tyd is naby.

Profesie openbaar die diepte en wydte van God soos Hy dit aan ons deur sy woord wil openbaar. Open 1:1; 19:10c; 2 Petr 1:20,21; 1 Kor 2:10; Jes 34:16; Amos 3:7. Waarsêery is van Satan en Christene mag nie met waarsêery, goëlery of met verklaring van sterrevoortekens of towery omgaan nie. Deut 18:9 -14, 22.

Here Jesus, laaste profeet, profeteer in die nuwe testamentboeke dat soos in die tyd van Noag, gaan die **aarde** en hemele weer **geskud** word. Jesus Christus se direkte verwysing na Noag en Sodom getuig van 'n 2de sondvloed, maar met vuur binne-in die hael en dat dit nog nie die einde van die teenswoordige wêreld op aarde is nie. Luk 17:25-30; Mat 24:29,36,37.

Die profete en apostels sê nie net watter tekens mense in die hemelruim sal sien nie, maar die Bybel self gee ook die uitleg van hierdie tekens. Dit is die verskil tussen waarsêery en profesie. Hulle wie die hemelse tekens soos gemeld in die boek Openbaring eendag sien, sal dan kan sê wat die HERE God gaan doen.

Die Alfaprogram van God begin in die boek Genesis. Voordat ons na die Omegaprogram van God in die boek Openbaring kan oorgaan, moet ons eers weet wat God doen sodat uitverkore mense die **hemelse ark** kan ingaan **voor die toorn van God** of die 2de sondvloed oor die aarde uitgestort word.

**HOOFSTUK 4**

## ABRAHAM : VIER BELOFTES

My broer sê vir my: “Daar is 'n groot verskil tussen 'n verbond en 'n testament.” Dadelik begin ek om hierdie onderwerp in die Bybel te ondersoek. Ek begin by die Abrahamverbond. Ek maak notas van elke belofte wat God aan Abram gemaak het vanaf Genesis hoofstuk 12 tot 26. God het aan Abram, die heiden, die onbesnede, die volgende beloftes gemaak:

| | | |
|---|---|---|
| Gen 12:2 | En Ek sal **jou 'n groot nasie** maak<br>en jou seën<br>en jou **naam** so groot maak,<br>dat jy 'n **seën** sal wees. | 1. Belofte van seën |
| Gen 12:3b | en **in jou** sal **al** die geslagte<br>van die aarde **geseën** word. | 2. Belofte van seën |
| Gen 15:18 | Op die dag het God **met Abram**<br>'n verbond gesluit en gesê:<br>Aan jou nageslag (Israel) gee Ek hierdie land,<br>van die rivier van Egipte af tot<br>by die groot rivier, die Eufraatrivier. | 3. Belofte - Kanaän |
| Gen 17:7 | Ek sal **my** verbond oprig tussen My en jou<br>en jou nageslag na jou **in hul geslagte**<br>as 'n **ewige verbond**, om vir jou 'n God te wees<br>en vir jou **nageslag na jou**. | 4. Belofte - Israel |
| Gen 17:8 | En Ek sal aan jou **en** jou nageslag na jou<br>die **land** van jou vreemdelingskap gee,<br>die **hele** land Kanaän, as 'n **ewige** besitting;<br>en Ek sal vir hulle 'n God wees. | 3de en 4de belofte<br>saam in een verbond |
| Gen 17:10 | Dit is **my verbond** wat julle moet hou<br>tussen My en julle en jou nageslag na jou:<br>al wat manlik onder julle is,<br>**moet besny word.** | |

Ons dink altyd net aan die twee verbondsbeloftes, Kanaän en Israel, wat in een verbond verseël is deur die besnydenis. Wie het geweet dat God **ook twee beloftes van seën** aan Abram gemaak het? Ek het nog nooit gehoor of gelees dat iemand oor die twee seënbeloftes gepreek het of daaroor geskryf het nie. Die twee beloftes van seën het uit ons geloofskennis verdwyn!

Die twee verbondsbeloftes en spesifiek die belofte van die volk van Israel, is die oorsprong van die Ou Testament. Die twee beloftes van seën is die oorsprong van die Nuwe Testament! Hoe God sy beloftes in die teenswoordige en toekomstige wêrelde gaan vervul is die fokus van ons geloof.

Die twee beloftes van seën is die oorsprong van die Nuwe Testament. Hoe kan ons die hart van die Nuwe Testament verstaan as ons nie weet op watter eedbeloftes die Nuwe Testament gegrond is nie? Menigmaal word daar in die Nuwe Testament terugverwys na Abraham, maar ons kon dit nie verbind aan God se beloftes van seën aan Abraham nie.

TWEE SEëNBELOFTES

God het Abram uitverkies en aan hom twee seënbeloftes gemaak:

| | | |
|---|---|---|
| Gen 12:2 | En Ek sal **jou 'n groot nasie** maak | 1ste seënbelofte |
| | en jou seën | Persoonlik seën |
| | en jou **naam** so groot maak, | |
| | dat jy 'n **seën** sal wees. | Vir Jood en heiden |
| Gen 12:3b | en **in jou** sal **al** die geslagte | 2de seënbelofte |
| | van die aarde **geseën** word. | Jesus Christus |

Die volle betekenis van die woorde "seën" en "belofte" word in die Nuwe Testament verduidelik. Lees hoe Apostel Paulus dit verduidelik:

Gal 3:14. Sodat die **seën** van Abraham na die **heidene** kan kom **in Christus Jesus** en dat ons die **belofte van die Gees** deur die geloof kan ontvang.

Die Nuwe Testament openbaar aan ons dat die **eerste seënbelofte** nie net verwys na die volk van Israel nie, maar na 'n **groot nasie** wat saamgestel word uit Israel en heiden nasies. Rom 3:29,30. God belowe ook om Abram te seën met persoonlike rykdom wat toe reeds vervul is. Gen 12:16,20; 14:18,19. Abraham se onwrikbare geloof het gemaak dat hy die **vader** sou wees van die besnedenes (Israel) en die onbesnedenes (heidene) wie sal glo in God die HERE. Gal 3:8,9; Rom 4:3,10,11.

Die **tweede seënbelofte** verwys na die seën, Jesus Christus, wat uit Abraham se nageslag sal kom om mense **uit** al die **geslagte** van **al die nasies** van die aarde te seën met 'n **ewige lewe**. Die twee seënbeloftes kom eers tot volle vervulling in die tyd van die Nuwe Testament. In die Nuwe Testament hoofstuk en daaropvolgende hoofstukke sal die seënbeloftes vir ons duideliker word.

TWEE VERBONDSBELOFTES (Abraham Verbond)

**Derde Belofte : Land Kanaän.** God het bepaal dat Hy sy hemelse stad Jerusalem in land Kanaän sal vestig vanwaar sy Seun ook vir 'n duisend jaar in die teenswoordige wêreld sal regeer. Die **derde belofte** word in 'n **verbond** tussen God en Abram verseël met dierebloed. Gen 15:8-17.

Gen 15:18 Op die dag het God **met Abram** 'n verbond gesluit en gesê:
Aan jou nageslag (Israel) gee Ek hierdie land,
van die rivier van Egipte af tot
by die groot rivier, die Eufraatrivier.

Dit is God self wat hierdie **onvoorwaardelik** en **ewige** belofte aan Abram maak. 'n Belofte wat tydens die Messias Ryk en ewige toekomstige wêreld vervul word. 'n Belofte wat met dierebloed tussen God en Abram, heiden, verseël is. Dit is 'n verbond net tussen God en Abram wat **vir ewig** sal duur. Die land Kanaän is 'n **ewige verbondsbelofte** en kan **nie** deur Israel verbreek word **nie**.

Die land Kanaän begin noord van Damaskus, Sirië, en strek suid tot die rivier, of vandag, spruit van Egipte, dit is nie die Nylrivier nie. Die Middellandse See vorm die westelike grens en die Eufraatrivier die oostelik grens. Die belofte van land Kanaän wat **ewig** sal duur, moet nog in die tyd van die Nuwe Testament vervul word.

**Vierde Belofte : Volk van Israel.** God beloof aan Abram dat Sara 'n kind sal baar waaruit 'n **ewige** nageslag sal ontstaan. Met die bloed van besnydenis word die **vierde belofte** in 'n **verbond** tussen God en Abraham verseël. Die volk van Israel is die direkte nageslag van Abraham, Isak en Jakob met 12 seuns. God het Abram se naam na Abraham en Jakob se naam na Israel verander. Gen 17:5; 32:28:

| | | |
|---|---|---|
| Gen 17:7 | Ek sal **my** verbond oprig tussen My en jou<br>en jou nageslag na jou in hul geslagte<br>as 'n **ewige verbond**, om vir jou 'n God te wees<br>en vir jou nageslag na jou. | 4de belofte<br>(Volk van Israel is<br>('n **ewige** verbond |
| Gen 17:8 | En Ek sal aan jou **en** jou nageslag na jou<br>die **land** van jou vreemdelingskap gee,<br>die **hele** land Kanaän, as 'n **ewige** besitting;<br>en Ek sal vir hulle 'n God wees. | 3de belofte<br>(Land Kanaän 'n<br>(**ewige** besitting |
| Gen 17:10 | Dit is **my verbond** wat julle moet hou<br>tussen My en julle en jou nageslag na jou:<br>al wat manlik onder julle is,<br>**moet besny word.** | (Sal God sy ewige<br>(verbond verbreek?<br>Derde en vierde<br>belofte is 1 verbond |

Die ewige **volk van Israel** is 'n onvoorwaardelike **ewige belofte** van God. Die woord **ewig is die sleutel** tot die Abraham verbond (3de en 4de belofte).

**Verbondsteken van Abraham of besnydenisverbond.** Die **besnydenis verenig** die derde belofte, Kanaän, en vierde belofte, Israel, in **een verbondsteken**. Die land Kanaän en volk van Israel is God se **eie ewige** belofte wat God met 'n **eed gesweer** het. Gen 22:16.

Die **besnydenis** is die verbondsteken van die Abrahamverbond en nie van die Ou Testament nie! Die verbondsteken van die Ou Testament wetverbond is die **boek van die verbond** (wet van Moses) wat Moses besprinkel het met bloed en water gemeng. Die verbondsteken van die Nuwe Testament genadeverbond is die **nagmaalbrood en -wyn** wat by die kruis met bloed en water verseël is.

Die besnydenisverbond is 'n **selfstandige verbond en staan apart** van die Ou Testamentverbond en Nuwe Testamentverbond. Solank as wat Israel moet wag op die vervulling van die eerste deel van die besnydenisbeloftes, ewige land Kanaän, sal die volk van Israel die besnydenis, Abrahamverbond, onderhou. Dit sal voortduur tot op die nageslag wat die hele land Kanaän **vir ewig** in besit sal neem.

God het nie en sal nooit sy beloftes wat met 'n eed gesweer is verbreek nie. Hierdie besnydenisverbond **kan ook nie** deur Israel **as ‘n volk** verbreek word nie. Individue kan hul onttrek van die besnydenis, maar nie Israel as ‘n volk nie, want God is in beheer van sy eie **ewige belofte** en Hy beheer hul harte. Daarom onderhou Israel tot vandag die besnydenis. Ex 4:24-26; Jos 5:2-5; Rom 3:1-3.

God se besnydenisverbond is net van toepassing op Isak se seun, Jakob, wie se nageslag die volk van Israel is. Abraham het sy eerste seun Ismael, uit slavin Hagar, besny en uit hom het menige volkere ontstaan wie ook die besnydenis toepas. Maar God se besnydenisverbond is nie op Ismael of Christene **uit** heiden nasies van toepassing nie. ‘n **Rooilig** vir Christene uit die heiden nasies. God bevestig sy verbond en eed aan Abraham se seun Isak:

| | | |
|---|---|---|
| Gen 26:4 | En **Ek** sal jou nageslag vermeerder | |
| | soos die sterre van die hemel | In die hemel |
| | **en** aan jou nageslag **al hierdie lande** gee, | Land Kanaän |
| | **en in** jou nageslag sal al die **nasies** | **Jesus** uit Israel |
| | van die aarde **geseën** word; | 2de Seënbelofte |

Hier sien ons dat daar vir Israel 'n hemelse koninkryk en 'n aardse koninkryk beloof is. 'n Deel van Israel sal in die hemel wees en 'n ander deel sal op aarde die land Kanaän erf. Die vervulling van die belofte van land Kanaän is direk gekoppel aan die koms van die Messias. Dit is 'n belangrike vereiste. Op Hemelvaartdag vra die Apostels vir Jesus die Christus (Hebreeus – Messias):

| | | |
|---|---|---|
| Hand 1:6b | Here, gaan U in hierdie tyd die | Koningsbelofte aan Dawid |
| | koninkryk **vir** Israel oprig? | en land Kanaän. Hand 2:30 |

Israel en spesifiek die 12 Apostels het vas geglo dat hulle **dadelik** die Messias Ryk gaan ingaan by die koms van die Messias en besit neem van land Kanaän. Die besnydenisbelofte wat nog vervul moet word. In die tyd van Jesus op aarde was twee koninkryke ter sprake. Jesus verkondig die koninkryk van God wat in die harte van mense **sal kom** en eindig met mense in die hemelkoninkryk. Israel, by wyse van die 12 Apostels, fokus op die Messias Ryk en land Kanaän vir Israel op aarde. By die lees van die eerste vyf Nuwe Testamenboeke moet hierdie twee koninkryksienswyses en -verwagtinge in gedagte gehou word.

Die vers na die een waar God sy belofte aan Isak herhaal, is besonder insiggewend, want nou lees ons vir die eerste maal van die gebooie eenheid:

| | |
|---|---|
| Gen 26:5 | omdat Abraham na my stem geluister |
| | en my ordening, my gebooie, |
| | my insettinge en my wette onderhou het. |

Meer as 600 jaar voor Exodus en Sinai vind ons 'n verwysing na die wette van God. Die besonderhede word nie hier gespesifiseer nie, want die volle inhoud van hierdie wette vorm die basis van die wetverbond tussen God en die volk wat nog in Egipte tot stand sal kom.

Dit is God se **vier beloftes** aan Abraham waarvan Christene kennis moet neem. Die twee seënbeloftes is die oorsprong van die Nuwe Testament en word verduidelik in die Nuwe Testament! Die vierde verbondsbelofte, Israel, is die oorsprong van die Ou Testament. 'n Wetverbond tussen God en die volk van Israel alleen. Die derde verbondsbelofte, land Kanaän, word aan die einde van die nuwe testamenttydperk in die tyd van die Messias Ryk vervul. Die Abrahamverbond of besnydenisverbond is 'n selfstandige verbond en **word nie vervang of gekanselleer** deur die Ou Testament wetverbond of die Nuwe Testament genadeverbond nie. God sal nooit sy woord van **eedswering** en belofte van **ewige** land Kanaän en **ewige** volk van Israel, soos verseël in die besnydenis, verbreek nie.

Daar is twee aparte en selfstandige verbonde **binne die boeke** van die Ou Testament. Des ondanks dit wat ons nou hier in die Bybel leer, volhard toonaangewende kleindoopkerke met hul sienswyse dat die Ou Testament een boek is, een verbond, wat Israel verbreek het. Daarom het die doop in die plek van die besnydenis gekom.

**HOOFSTUK 5**

## OU TESTAMENT : WETVERBOND

*Naam van God. Ou Testament verbond met voorwaardes en straf. Wette van Moses en einde van Ou Testament. Geloof en godsdiens. Fondamente van koninkryk evangelie.*

Die Bybel verdeel die mensdom in drie primêre sondebedelings. Vanaf Adam tot Moses was al die nasies **sonder** die wet van God. Rom 5:13,14. **Heidene** was en is onder die wet van die natuur, goed en kwaad. Rom 2:9,10,14,15; Ps 8:5,6 – "goddelike wese." Vanaf Moses tot op Johannes die doper was **Israel onder die wet.** Luk 16:16. Vanaf die kruis tree 'n nuwe bedeling in werking naamlik die **genade van God**. Joh 1:16,17.

Moses het opgegroei in die paleis van Farao en nadat hy 'n Egiptenaar doodgemaak het, vlug hy uit Egipte. In die eerste maand van die jaar 1,012 na die sondvloed, 1460 jaar voor Christus, het 'n **Engel** van die HERE, Jesus, aan Moses in 'n vuurvlam uit 'n doringbos verskyn. Dit was by berg Horeb in die Sinai woestyn. Ex 3:2,12.

God openbaar sy naam aan Moses JHWH. Met tyd het die naam van God uit die Jode se kennis verdwyn en daarom lees ons in die boek Openbaring "*en Hy het 'n naam wat **geskrywe is**, wat niemand ken nie**, behalwe Hy self**.*" Open 19:12. Lees ook Deut 5:11. Dank God hiervoor, want wat sou mense net nie met die naam van God aangevang het nie en wat sou God dan nie alles aan mense gedoen het nie? Geheime organisasies beweer hulle ken die geheime naam van God maar Satan is hul god, terwyl hy nie 'n god is nie, maar 'n geskape mens.

Die Jode wie 'n vrees vir die naam van God het, het met die skryf van kopieë weerskante en onder JHWH geskryf "lees Adonai." Jes 29:13. Die Hebreeuse woord "Adonai" beteken Heer of Here met kleinletters gespel en wat vertalers deurgaans in die Bybel behou het. Hierdie Hebreeuse letters langs en onder die naam JHWH het gemaak dat mense hierdie klinkerletters tussenin die JHWH ingewerk het om die **Hebreeuse naam** JAHWE te vorm wat beteken EK IS. Later het mense verder gegaan en die woord Jehovah daaruit gevorm, wat nie in die Hebreeuse teks voorkom nie. Die naam JAHWE (EK IS) word beklemtoon wanneer dit as HERE (Adonai) in hoofletters geskryf word. *Bybelse Ensiklopedie soos vertaal uit Hollands (Staten Bybel) in Afrikaans, 1955.*

Sewentig Joodse oudstes word 135 vC gestuur na Alexandrië, Egipte, om die Hebreeuse Ou Testament in Grieks te vertaal. Hierdie Griekse vertaling staan bekend as die Septuagint, *sewentig* in Hebreeus. Die Joodse oudstes self vertaal JAHWE na KURIOS in Grieks en in Afrikaans HERE en in Engels LORD. Die HERE God self het verskillende tale aan mense by die toring van Babel gegee. Die eerste Heilige Gees gawe op Pinksterdag was die gawe van tale van nasies. Hand 2:6-8. Wanneer iemand aandring op die naam Jehovah is dit eerstens nie die naam van God nie, tweedens is dit nie eens 'n Hebreeuse woord nie en derdens ignoreer hulle die taal waarin ons gebore is. Hand 2:8. Die Hebreeuse naam ***Elohim*** kom ook tweeduisend maal voor in die Bybel. Die Bybel begin met hierdie naam om 'n **drie-in-een** en **een-in-drie** konsep van God aan ons bekend te stel. "*Ín die begin het **God** (Elohim) die hemel en die aarde geskape.*" Ons lees verder "*En God (Elohim) het gesê: Laat **Ons** mense maak na ons beeld, na ons gelykenis*" en daarna weer "*man en vrou het **Hy** (Elohim) hulle geskape.*" Gen 1:26,27. *U Soektog na God deur Richard A. Bennett.*

Na die kruisiging van Jesus Christus (31 nC) en vernietiging van die tempel 70 nC is 'n nuwe Joodse Raad buite Israel in 96 nC gevorm. Die kruisiging van Jesus en gebeure daarna het gemaak dat hulle die Hebreeuse ou testamentboeke hersien en dit met een agtste verkort, asook menige hoofletterverwysings na Christus die Messias verander na kleinletters. Op hierdie “nuwe” Hebreeuse ou testamentboeke berus menige nuwe vertalings vandag. Mat 28:15. Selfs in Israel is daar vandag sewe verskillende Ou Testament vertalings. Satan verdraai nogsteeds die woorde van God soos in die tuin van Eden. Die Griekse Septuagint vertaling is in die ou Protestantse Bybels opgeneem.

Menige kerke se godsdienstige leerstellings skep soveel verwarring by mense dat hulle nie meer kan onderskei tussen God se verbond met Abraham en God se aparte verbond met die volk van Israel nie. Daarom word sleutel geloofsbegrippe vervolgens eerder met God se eie woorde verduidelik:

| | | |
|---|---|---|
| Hand 7:17 | En na mate die tyd van **die belofte** | Vierde belofte - Israel |
| | wat God aan Abraham | |
| | met 'n eed beloof het, naderkom, | |
| | het die volk toegeneem en vermeerder in Egipte. | |

Die nuwe volk van Israel kom uit die afgodedom van Egipte waar mense se **godsdienstige dade hul geloof dikteer**. Daarom het God eers Israel se geloof in Hom geformeer deur middel van wonderwerke soos die tien plae, pad deur die Rooisee en oorlog tydens die vyftig dae reis na berg Horeb. Die HERE formeer eers Israel se geloof in Hom voordat Hy sy eie godsdienstige wette en reëls instel. Die HERE gebruik een mens, Moses, om sy woorde aan Israel oor te dra:

Ex 24:3 Toe Moses kom en aan die volk
al die woorde van die HERE en al die **verordeninge** vertel,
antwoord die hele volk met een stem en sê:
Al die woorde wat die HERE gespreek het, **sal ons doen**.

Ex 24:4 En Moses het al die **woorde** van die HERE **opgeskrywe** - - - .

Ex 24:7 En hy het die **boek van die verbond** geneem
en **dit** voor die ore van die volk **gelees**. En hulle het gesê:
Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen en daarna luister.

| | | |
|---|---|---|
| Ex 24:8 | Toe neem Moses **bloed** | en water. Hebr 9:19 |
| | en gooi dit uit op die volk en sê: | |
| | Dit is die bloed van die **verbond** | **Wetverbond met Israel** |
| | wat die HERE **met julle gesluit het** | |
| | **op grond** van al hierdie **woorde**. | Kyk vers 12 |

**Verbondsteken van Ou Testament:** Die wet**boek van die verbond** is die verbondsteken van die Ou Testament. Die tien gebooie met 613 verordeninge en insettinge is in die boek van die verbond opgeskryf en met **dierebloed verseël**. Die wetboek wat Israel in 'n kis in die ark gedra het. Ex 25:16.

Die wetverbond binne die boeke van die Ou Testament begin by Moses in die tyd van Exodus. Dit is 'n aparte verbond tussen God en die nuwe volk van Israel. Neem deeglik kennis met wie die HERE hierdie wetverbond gesluit het. Kyk hoe Moses dit verduidelik:

| | | |
|---|---|---|
| Deut 5:1 | - - : Hoor, **Israel**, die insettinge en verordeninge wat ek vandag voor julle ore uitspreek, **julle** moet dit leer en sorgvuldig hou. | |
| Deut 5:2 | Die HERE onse God het by (berg) Horeb met **ons 'n verbond** gesluit. | Moses en Israel |
| Deut 5:3 | Met ons vaders | Abraham, Isak, Jakob |
| | het die HERE **hierdie** verbond **nie** gesluit **nie, maar** met ons self, | |
| | ons wat hier vandag almal in die lewe is. | Mal 4:4 |

Die Ou Testament is 'n **verbond** met wette en insettinge tussen **God en Israel** alleen. Die wetverbond vervang nie die besnydenisverbond tussen God en Abraham nie. Die besnydenisverbond (Abraham verbond) **en** die wetverbond (Ou Testament) is **saam** op die volk van Israel van toepassing. Die HERE het **nie** met Christene uit heiden nasies hierdie **twee verbonde** aangegaan **nie**. Die **rooilig** wat vir Christene flikker. Ons neem deeglik kennis van die hele Bybel, maar ons **doen** nie alles wat daarin staan nie.

## WET VAN MOSES

Hedendaagse Christene wil hulle verkneg aan die Ou Testament se godsdienstige wette en reëls. Daarom moet ons weet wat presies die wet van Moses beteken. Die wet van Moses bestaan uit **drie tipes wette.** Die 10 gebooie wet en 613 insettinge en verordeninge vorm saam 'n **gebooie eenheid**. Apostel Paulus bevestig dit: “naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan.” Efe 2:15b. In Engels lees insettinge “ordinances” dit wil sê ordinansies of sekondêre wette.

Die tien gebooie is die wet en die insettinge en verordeninge is die ordinansies of sekondêre wette. Die woorde insettinge en verordeninge in Engels lees “statutes” en “judgments.” Gehoorsaamheid en onderhouding van die tien gebooie geskied deur die 613 insettinge en verordeninge wat die godsdienstige en sosiale gedrag van Israelies beheer. Die **insettinge spesifiseer die godsdienstige werke** wat mense moet doen om God te vereer. Die **verordeninge verwys na die leiers** wie die wette van God moet administreer binne die godsdienstige en burgerlike, staats strukture.

Israel se godsdiensleiers (so ook Christenleiers) het oor die eeue menige nuwe sekondêre wette (doop sakrament) en gebruike (wyses van doop) ingestel. Jesus se bergpredikasie was primêr gerig op die rabbi’s se nuwe insettinge wat die denke van mense verdraai en die tien gebooie in die harte van mense verdoof.

Die wet van God en die wet van Moses het dieselfde betekenis in die Ou Testament. Beide verwys na die boek van die verbond wat bestaan uit die tien gebooie, insettinge en verordeninge. In die Nuwe Testament het daar 'n klem verandering plaasgevind. Die wet van God verwys nou net na die tien gebooie alleen.

Na die volk van Israel die HERE se woorde gehoor en aanvaar het, stel God sy **voorwaardes** vir hierdie wetverbond binne-in die ou testamentboeke wat deur Israel **verbreek kan word**. Daar is 'n kritieke verskil tussen die Abrahamverbond **sonder** voorwaardes wat 'n belofte van God is en die Ou Testament wetverbond **met voorwaardes** wat **verbreek** kan word.

Lees wat sê God:

Lev 26:14 Maar as julle nie na My luister
en **al** hierdie **gebooie** nie doen nie; — Gebooie eenheid

Lev 26:15 en as julle my **insettinge** verwerp, — Wet werke
en as julle **siel** van my **verordeninge** 'n afsku het, — Godsdiensleiers
sodat julle nie **al my gebooie** doen nie — Gebooie eenheid
en my (hierdie) **verbond verbreek** - -. — Ou Testament

Die volk van Israel het God se gebooie, insettinge en verordeninge oor en oor verbreek. Die verbreking van die vereistes van die wetverbond of Ou Testament verbond **verbreek nie** God se eedbeloftes aan Abraham nie! Daarom staan God se besnydenisverbond met Abraham vir ewig!

Na die HERE sy **wetvoorwaardes** gestel het, kom die **straf waarskuwings**. Ons lees in Lev 26:16-46 hoe God sy volle strafprogram vir Israel uiteensit. Wanneer Israel goddeloos handel, sal die HERE hulle tref met rampe en plae. Daarna sal die HERE die swaard oor die volk en die land bring. Die land sal verwoes word en die volk verstrooi word tussen die nasies tot die **tyd van heiden nasies vol is.**

Israel het nie net die wetvoorwaardes van die Ou Testament wetverbond verbreek nie. Hulle het ook God die Vader as Koning verwerp, want hulle wou hul eie koning hê. 1 Sam 8:7,19. Hulle verwerp ook Jesus, Seun van God, as die “Koning van die Jode.” Joh 19:10; Luk 23:34. Israel verwerp ook die Heilige Gees toe hulle Stefanus stenig om die stem van die Heilige Gees in hom stil te maak. Hand 6:8-10;7:51-55-60. Onder die verdraagsaamheid van God is Israel se oortredinge onder die Ou Testament verbond ongestraf laat bly totdat God versoening vir sondes deur sy Seun kan bewerkstellig. Lees Rom 3:25; Hebr 9:15. Dit was eers toe Israel die laaste Persoon van God verwerp, dat God die swaard oor Israel bring en Israel **tydelik** tussen die nasies verstrooi.

Jesus bevestig die geprofeteerde straf wat gaan kom sodat die 12 Apostels betyds van Jerusalem sal vlug. Luk 21:20-24. Die swaard tref Jerusalem en die tempel 70 nC. Die laaste deel van Israel word 135 nC uit hul land weggeruk en die land van Israel verwoes agtergelaat. Reeds vir 1,900 jaar is die volk van Israel tussen die nasies verstrooi, **maar net tydelik,** want die **ewige** volk van Israel is 'n belofte van God.

God sê ook dat Hy na 'n tyd **weer sal dink** aan Sy verbond met Abraham en verbond met Israel. Dan sal Hy weer sy volk uit die nasies **versamel** in die land wat Hy met 'n eed aan Abraham beloof het. **Lev 26:42-45 saam met Rom 11:25-32.**

Die Ou Testament wetverbond begin by Moses maar nou moet ons bepaal wanneer **die Ou Testament** wetverbond **eindig**. Jesus Christus sê:

Luk 16:16 Die wet en profete was tot op Johannes; **van toe af** word die
evangelie van die koninkryk van God verkondig,
en elkeen dring met geweld daarin.

Luk 16:17 **Maar** dit is makliker — Mat 5:17,18
dat die hemel en aarde verbygaan — **(die wet nou gekoppel aan**
as dat een tittel van die **wet** sou val. — **(die koninkryk evangelie**

Die eerste vier nuwe testamentboeke dien as oorbruggingsboeke tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die eerste vier nuwe testamentboeke **is ook die laaste vier boeke van die Ou Testament.** Die profete se profesieë aangaande die Christus, Messias, wat gaan kom word in die eerste vier nuwe testamentboeke vervul (33 professies). Luk 24:44; Mat 11:13; Open 1:1. Die wet en profete was tot op Johannes die Doper en daarom was Jesus ook die laaste profeet vir Israel en nasies. Dit is die rede waarom die boek Openbaring ook die boeke van die Nuwe Testament afsluit.

Vanaf Johannes die Doper begin Jesus Christus die **bediening van die evangelie van die koninkryk van God.** Jesus neem die wet(te) van Moses uit die Ou Testament en voeg dit by die koninkryk evangelie van die Nuwe Testament. Sleutelbegrip. Jesus self neem die wet van Moses uit die Ou Testament, sodat **die wet nie saam met die Ou Testament verlore sal gaan nie.**

Die Ou Testament eindig eers wanneer die Nuwe Testament in werking tree. Die Nuwe Testament **begin by die kruis,** want 'n testament tree eers in werking by die **dood van die testamentmaker**. Lees Hebr 9:16,17. Sleutelbegrip.

Die heengaan van die Ou Testament beëindig nie God se ewige beloftes aan Abraham nie. Die besnydenisverbond of Abrahamverbond is tot vandag toe nog steeds geldig en van toepassing op die volk van Israel. Die volk van Israel sal vir ewig bestaan. Hulle sal die besnydenis toepas totdat die belofte van die ewige land Kanaän vervul word. Die Bybel self skei die Abrahamverbond van die Ou Testament wetverbond. Wanneer ons dit verstaan dan sal ons ook die Nuwe Testament beter verstaan.

GELOOF EN GODSDIENS

Die Nuwe Testament maak 'n duidelike onderskeid tussen geloof en godsdienstigewerke (godsdiens). Die Ou Testament rus op twee bene en daarom moet ons kennis neem van die verskil tussen geloof en godsdiens. Geloof is in watter God ons glo en wat diè God se naam is. Godsdiens is die uitdrukkingswyse van geloof. Dit wat God van 'n mens vereis en wat 'n mens moet doen om God te behaag. Dit is die geloofsbeen en godsdiensbeen van die Ou Testament.

Die HERE het homself eers deur middel van wonderwerke soos die tien plae, Rooisee en water uit rots aan die volk van Israel bekend gemaak. Die HERE formeer eers Israel se **geloof** in Hom **voordat** Hy sy **godsdienstige wet**vereistes by berg Horeb uitspel. Ex 13-19. Dit moet ons onthou, want op aarde doen Jesus Christus presies dieselfde naamlik, om eers mense se geloof in Hom te ontwikkel deur middel van wonderwerke. Die Heilige Gees doen dieselfde om mense se geloof in Hom te ontwikkel deur middel van wonderwerke deur die mond en hande van mense.

Geloof in Een Almagtige HERE God **verander nooit nie**, maar die **naam** waarby God hom bekend maak en **aanbid** word, word in die Bybel stap vir stap aan mense geopenbaar. God was God en aan Moses openbaar God sy naam HERE. **Deur die Woord van God** leer ons die naam van God in die taal waarin ons gebore is, naamlik JAHWE in Hebreeus, KURIOS in Grieks en HERE in Afrikaans en in skrif ook die naam Here (Adonai). Die verdere openbaring van die naam van God is die oorsprong van Jesus se doopopdragte wat ons later sal behandel.

Die **godsdiensbeen verander voortdurend** want van tyd tot tyd stel God nuwe godsdienstige vereistes as uitdrukking van geloof. Dit wat God van Abel (vet) vereis is nie dieselfde as dit wat Hy van Abraham (seun/brandoffer) of van Moses (wet) vereis nie. Gen 4:4;22:7,10,13. Hierdie verandering van godsdienstige vereistes, ook in die nuwe testamentboeke, is die rede waarom ons vandag **nie meer doop** soos Johannes die Doper, **met belydenis** van sonde, of soos Petrus op Pinksterdag, **tot vergewing** van sonde nie. Die boeke van die Nuwe Testament gaan vir ons "oop" wanneer ons hierdie **verandering van godsdienstige vereistes** raaksien. Mrk 1:5; Hand 2:38.

Ons glo in die volle Bybel maar ons doen nie alles wat in die boeke van die Ou Testament of in die Nuwe Testament staan nie! Niemand wil moedswillig 'n "Kain-fout" begaan om die verkeerde offer of doop op die verkeerde tyd te bring nie. 2 Tim 2:15; 3:16.

Voor die kruis sê Jesus Christus aan Israel "glo in My" (geloofsbeen) en terselfdertyd bevestig Jesus die wette van Moses (godsdiensbeen). Dit is die **geloofsbeen en die godsdiensbeen van die koninkryk evangelie**. Hierdie **twee bene** is die **fondamente** van die koninkryk evangelie. Die 12 Apostels is verantwoordelik vir die bediening van die koninkryk evangelie aan die eerste Joodse gemeente in Jerusalem. Die **doop met water** is 'n insetting van die wet van Moses. Die doop met water is 'n **vereiste van die wet** wat aan die koninkryk evangelie gekoppel is. Die oomblik toe Jesus Christus die wette van Moses koppel aan die koninkryk evangelie, **flits daar 'n rooilig** vir ons wie Christene uit die heiden nasies is. Die "tittel" van die wet (spesifiek die tien gebooie) is in die volk van Israel wat **ewig** sal bestaan gesetel, solank as wat die see bruis of die hemele nie gemeet kan word nie. Jer 31:35-37; Mat 5:17,18; Luk 16:17.

Die bloed en trane binne die Christendom word veroorsaak deurdat mense nie die verskil tussen die Abrahamverbond en die Ou Testament wetverbond kon sien nie. Christene se blinde geloof in die koninkryk evangelie met sy wettiese godsdiens, maak dat hulle nie die Ou Testament van die Nuwe Testament kan skei nie. Die evangelie van die koninkryk van God met sy godsdienstige wetvereistes, domineer die **eerste vyf boeke** van die Nuwe Testament. Daarom moet ons deeglik kennis neem van wat die fondamente van die koninkryk evangelie is.

Christene hanteer die eerste vier "evangelie" boeke **voor die kruis** asof dit die suiwerste deel van die Nuwe Testament is. Asof Jesus se **aardse woorde** voor die kruis meer suiwer is as Here Jesus se woord **uit die hemel** in die res van die nuwe testamentboeke. Asof Jesus se "rooi letter woorde" voor die kruis meer suiwer is as die res van die nuwe testamentboeke, terwyl die Woord Here Jesus Christus is! Joh 1:1; 1 Joh 1:1.

## HOOFSTUK 6

# NUWE TESTAMENT : GENADEVERBOND

Die Ou Testament se wettiese godsdiens bevredig die mens se siel en liggaam. Die insettinge en verordeninge van die wet van Moses benut al die sintuie van 'n mens om homself te probeer red en te heilig**. Die Nuwe Testament is die omgekeerde van die Ou Testament.** Onder die Nuwe Testament het Jesus Christus al die werke vir ons redding en heiligmaking self gedoen. Die Nuwe Testament is die geldige testament vir vandag. Wanneer gaan Christene terugkeer na die vereistes van die Nuwe Testament en die ander nuwe testamentboeke lees en gehoorsaam? Ek hoop en bid dat ek hierdie doel met hierdie boek kan bereik.

God se beloftes van seën aan Abraham is die sleutel tot die Nuwe Testament. Die seën van God is nie tasbaar soos die wet van God op kliptafels nie. Die Nuwe Testament bedien nie die letter van die wet nie, maar die Gees van God. Dit is hierdie onsigbare dinge in die Nuwe Testament wat baie Christene nie kan verstaan nie. Joh 14:17. Die volle betekenis van die Nuwe Testament word nie deur die eerste vier boeke nie, maar in al sewe en twintig nuwe testamentboeke geopenbaar. Kennis van die Nuwe Testament het weens eeu-oue Christen gebruike en tradisies uit ons geloofskennis verdwyn.

God se twee beloftes van seën aan Abraham was:

| | | |
|---|---|---|
| Gen 12:2 | En Ek sal **jou 'n groot nasie** maak | a. 1ste seënbelofte |
| | en jou seën | |
| | en **jou naam** so groot maak, | b. 1ste seënbelofte |
| | dat **jy 'n seën** sal wees. | |
| Gen 12:3b | - - en **in jou** sal **al die geslagte** | 2de seënbelofte |
| | van die aarde **geseën** word. | Jesus Christus |
| Gen 17:2 | En Ek wil **my** verbond sluit | |
| | tussen My **en jou**, | God en Abraham |
| | en jou **buitengewoon** vermeerder. | Op hemelse wyse |
| Gen 22:15 | Toe roep die **E**ngel van die HERE | Jesus as 'n Engel |
| | vir die tweede keer na Abraham | Kyk ook Ex 3:2 |
| | **van die hemel af.** | Mal 3:1 |
| Gen 22:16 | en sê: Ek **sweer** by my self, spreek die HERE - -. | |
| Gen 22:17 | Dat Ek jou ryklik sal seën | Persoonlike seën |
| | **en** jou nageslag grootliks sal vermeerder | Uit Israel en nasies |
| | soos die sterre van die **hemel** | Hemel koninkryk |
| | en soos die sand wat aan die **seestrand** is; | Messias koninkryk |
| | **en** jou nageslag sal die poort | Israel en Kanaän |
| | van sy vyande in besit neem. | Gen 28:17 |
| Gen 22:18 | **en** in jou nageslag (Eng. saad) sal | Gal 3:16-19 |
| | **al** die **nasies** van die aarde **geseën word**, | Israel en nasies |
| | omdat jy na my stem geluister het. | Here Jesus Christus |

Dit is die Almagtige HERE God se **onvoorwaardelike seënbeloftes** aan Abraham wat met 'n eed gesweer is. Al die geslagte van heiden nasies vanaf Adam en uit Noag se seuns Sem, Jafet en Gam en uit Abraham, insluitend Israel, deel in die seënbeloftes van God. Israel alleen deel in die Abraham verbondsbeloftes. Anders as wat die 12 Apostels en Israel verwag het, word die seënbeloftes eerste vervul en daarna die land Kanaän verbondsbelofte.

Deur die eeue het die profete die Geskrifte ondersoek en die **verborge wyse** hoe God mense uit al die **geslagte van al die nasies** van die aarde **gaan seën** nagevors. Op hoedanige wyse gaan God Abraham se nageslag **buitengewoon vermeerder?** Apostel Petrus skryf:

1 Petr 1:8 vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, **tog liefhet**;
in wie julle, al sien julle Hom nou nie, **tog glo**
en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap,

1 Petr 1:9 en die einddoel van julle geloof,
die **saligheid** van julle **siele**, verkry. Saligheid - Engels redding

1 Petr 1:10 Aangaande **hierdie saligheid** het die
profete wat geprofeteer het oor die Mat 13:11,17; Luk 10:24.
**genade** wat **vir julle** bestem is, Onder Nuwe Testament
ondersoek en nagevors,

1 Petr 1:11 en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd (Skrif is Gees
die **Gees van Christus** wat in hulle was, gewys het, (geïnspireer
toe Hy vooruit getuig het van die lyde Jes 53
wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna.

1 Petr 1:12 Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie,
maar **vir ons** diè dinge bedien het wat julle nou aangekondig is
deur die wat die **evangelie** aan julle verkondig het
**in die Heilige Gees** wat **van die hemel** gestuur is-
dinge waarin die engele begerig is om in te sien. **Efe 3:9,10**

Here Jesus Christus is die Woord en het gekom om die woord van eed aan Abraham te vervul. Die Woord gebruik Apostel Paulus om hierdie verborgenheid te openbaar en te verduidelik. **Hoe** God Abraham se nageslag **buitengewoon** gaan vermeerder en 'n **groot nasie** maak. Hoe God mense uit al die **geslagte** van **nasies** en die nageslag van Israel gaan **seën.** Dit sluit die dode in! **Lees** Rom 16:25,26; 1 Kor 2:7,10; Efe 2:7,13; 3:2,3; Kol 1:25,26.

Jesus Christus, uit die direkte nageslag (saad) van Abraham, openbaar Hom as die **seën** vir al die geslagte van al die nasies. Mat 1:1; Luk 3:34,38; Hand 3:25,26 Terselfdertyd verkondig Jesus die koms van die derde Persoon van God, naamlik die Heilige Gees as die **belofte** van God. Kyk hoe verduidelik Apostel Paulus dit:

Gal 3:14 Sodat die **seën** van Abraham na die **heidene** kan kom **in Christus Jesus**
en dat ons die **belofte van die Gees** deur die geloof kan ontvang.

Die Seën en Belofte van God is die hoeksteen van die Nuwe Testament wat by die kruis en op Pinksterdag in werking tree. Jesus Christus lê die fondamente van die Nuwe Testament in die eerste vier boeke, maar openbaar nie die Nuwe Testament in volle besonderhede nie. Joh 16:12,13. God die HERE gebruik een persoon, naamlik Moses, om die wette van die Ou Testament aan die volk van

Israel oor te dra. Here Jesus Christus uit die hemel gebruik een persoon, Paulus, Apostel vir die heidene, om die verborgenhede van die Nuwe Testament te verduidelik aan Israel en heiden nasies. Lees Hand 9:3,15; Gal 1:11-18.

NUWE TESTAMENT

Die samestelling en indeling van die 27 boeke van die Nuwe Testament is op sy eie 'n openbaring van wat in die Nuwe Testament tydperk gebeur. Dit gee aan ons 'n oorhoofse insig tot die verstaan van die Nuwe Testament. Die eerste vier boeke van die Nuwe Testament begin by Jesus se geboorte. Die Nuwe Testament **tydperk begin by die kruis** en eindig in die boek Openbaring op die dag van vuur en oordeel wat die einde van die teenswoordige wêreld op aarde is.

Die boeke van die Nuwe Testament is ingedeel ooreenkomstig God se program vir die volk van Israel. Daarom is die "12 Apostels se boeke" in twee groepe verdeel, naamlik vyf boeke aan die begin en agt boeke aan die einde van die Nuwe Testament tydperk. Die nuwe testamentboeke self getuig van die twee tydperke vir die volk van Israel binne die Nuwe Testament tydperk. Rom 11:23-32.

Apostel Paulus se veertien boeke is in die middel tussenin die 12 Apostels se boeke geplaas. Dit dui op 'n breuk in God se handeling met die volk van Israel en van die koninkryk evangelie. Hand 20:24,25; 2 Kor 4:3; Gal 1:6-17. Terwyl die volk van Israel in verstrooiing is, word hierdie gaping gevul met Christene uit die heiden nasies wat die tyd van nasies in die Bybel of in die algemeen die kerktydperk genoem word. Die briewe aan die sewe gemeentes in die boek Openbaring getuig van hierdie kerktydperk.

Al die boeke van die Nuwe Testament is nie deur die apostels geskryf nie byvoorbeeld die boeke Markus, Lukas en Judas. Die apostels het skrywers gehad aan wie hulle gedikteer het. 1 Petr 5:12 en neem kennis van 2 Petr 3:15,16. Kyk ook aan wie adresseer Apostels Jakobus en Petrus hul laaste Nuwe Testament boeke. Jak 1:1; 1 Petr 1:1. Die boek Romeine is ook deur Paulus gedikteer in Korinthe. Rom 16:22.

Die profete profeteer die koms van Christus meer as vierhonderd jaar vooruit, maar sê niks van 'n nuwe testament nie. Dit was eers by die eerste nagmaal dat Jesus Christus bekend maak dat 'n Nuwe Testament in werking gaan tree. Mat 26:28; Mrk 14:24; Luk 22:20 asook 1 Kor 11:25. Die twee beloftes van seën word in 'n Nuwe Testament verbond met bloed en water op die kruis verseël. **Dit is nie 'n verbond tussen God en mense** nie, maar **vervulling van die beloftes** van seën **tussen God en Abraham.** God het sy beloftes by Homself gesweer en Hyself het die kruisoffer gebring.

Die **nagmaal is die verbondsteken** van die Nuwe Testament (en nie die doop met water nie):

1 Kor 11:25b Hierdie **beker** is die **nuwe testament in my bloed**;
doen dit, so dikwels as julle daaruit drink,
tot my **gedagtenis.**

1 Kor 11:26 Want so dikwels as julle hierdie **brood eet**,
en hierdie **beker drink**,
verkondig julle die dood van die Here **totdat hy kom**.

Die nagmaal is 'n gedagtenis, herdenking, van Jesus se kruisiging, dood en opstanding uit die dode. Die nagmaalbrood en -wyn self bring geen vergifnis van sonde soos baie mense glo nie. Dit bring wel oordeel oor hulle wie dit op 'n onwaardige wyse gebruik. Wie deel in die Nuwe Testament? Almal uit Israel en heiden nasies wie die brood eet en **glo** dat Jesus Christus God die HERE in die vlees was. 1 Joh 4:2. Fil 2:11. Hulle wie glo dat Jesus Christus uit die dood opgestaan het en ewig lewe. Hulle wie die wyn drink en **glo** dat Jesus Christus met sy bloed en dood **ons siel red** van die oordeel. Wie eenmalig ons **siel van sonde verlos** wat tot die dood van ons siel, tweede dood, sou gelei het.

Jesus verduidelik nie in volle besonderhede die nuwe testament in die eerste vier boeke nie. Daarom moet ons in die ander boeke van die Nuwe Testament gaan soek om uit te vind wat die Nuwe Testament behels. Wat het **verander** saam met die verandering van die Ou Testament na die Nuwe Testament? Ons geloofsbegrippe is gefundeer op die Nuwe Testament en daarom moet ons weet wat die **nuwe vereistes van die Nuwe Testament is.**

Die boek Hebreërs open die deur tot die Nuwe Testament. Dit leer ons dat Jesus die eerste (ou testament) wegneem by die kruis om die tweede (nuwe testament) in te stel. Hebr 9:15. Want as die eerste een (ou testament) onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie. Hebr 8:7. Die Nuwe Testament kanselleer die Ou Testament, want die godsdienstige wette van Moses was 'n skaduwee van toekomstige dinge wat die mens nie tot volmaaktheid kon lei nie. Hebr 10:1,11.

Die Nuwe Testament is 'n genadeverbond wat met bloed op die kruis verseël is. Die genadeverbond **is nie** die **nuwe verbond van vrede** wat God nog in die toekoms weer met die volle huis van Israel gaan sluit nie. Die nuwe verbond wat in Hebr 8:8-13 genoem word, sal eers in die tyd van die Messias Ryk in land Kanaän as 'n **verbond van vrede** tussen God en Israel gesluit word. Lees Jer 30:1-11; 31:31-34; Jes 54:7,8- 2de sondvloed, 9,10- vredesverbond. God se vredesverbond met Israel vindplaas **na** die toorn van God, in die laaste duisend jaar van die Nuwe Testament tydperk, met mense in bloed en vlees op aarde. Die **Nuwe Testament genade verbond eindig** op die wêreldvloed met vuur, wat ook die laaste dag van die teenswoordige wêreld is.

Saam met die verandering van testament kom daar ook 'n **verandering van hoëpriester.** Die hoëpriester van die Ou Testament was maar 'n mens gewees onderworpe aan daaglikse sonde. Jesus Christus is die Middelaar of Hoëpriester van die Nuwe Testament, **'n beter verbond wat op eedbeloftes gegrond is**. Hebr 8:6; 7:21-26. Die Nuwe Testament word ook as 'n verbond verduidelik. Alleenlik 'n hoëpriester kan as middelaar optree en 'n offer vir versoening van sondes voor God bring. Daarom beklemtoon Apostel Paulus Jesus se hoëpriesterskap wat hoër as die hemele is. Jesus Christus het as Hoëpriester **homself geoffer** en so 'n offer kan 'n **mens in die vlees** net een maal doen, een maal sterf, en nie weer nie! Hebr 7:27; 9:25-28; 10:10,12,14; 2:14-18; Rom 8:3b. Apostel Paulus skryf:

| | | |
|---|---|---|
| Hebr 9:15 | En daarom is **Hy Middelaar** | Hoëpriester |
| | **van 'n nuwe testament**, sodat, | |
| | terwyl daar 'n **dood** plaasgevind het | Self opgeoffer |
| | vir die verlossing van die oortredinge | Rom 6:14 |
| | **onder** die eerste (wet) testament, | Rom 5:12-18 |
| | die wat **geroepe is,** | **Let wel** geroepe is |
| | die **belofte** van die | Belofte - Heilige Gees |
| | ewige **erfenis** kan ontvang. | Kinders van asem van God |

Jesus is een maal gekruisig en ons word net een maal vrygestel van sonde - nie daagliks nie! Hebr 10:17,18. Op die dag wat ons tot bekering kom, bely en glo ons in die volkome en eenmalige vergewing van sondes, gister, vandag en môre.

By die vroeë Katolieke Kerk het die gebruik en tradisie van die daaglikse mis vir vergewing van **daaglikse sonde** ontstaan. Tydens die Protestantse Hervormings het die Roomse daaglikse biegtradisie oorgegaan na die gebed en die gewoonte het ontstaan dat Christene daagliks moet bid vir **vergewing** van daaglikse sonde. Daar is 'n groot verskil tussen daaglikse gebed met **belydenis** van sonde teenoor gebed vir vergewing van sonde. 1 Joh 1:9. Omdat ons nie meer weet hoe Here Jesus Christus ons van sonde vrystel en reinig nie, weet ons ook nie meer hoe en wat om te bid nie. Tydens bekering **bely ons geloof** in die volkome vergewing van sonde, maar na bekering betuig ons nie dieselfde geloof by die **gebed en met godsdienstigewerke** nie. Daarom waarsku Jesus Christus ons teen voorvadergebruike en -tradisies. Mat 15:2,3,6,8,9.

Die vergewing van sondes word gekoppel aan 'n doop. Daarom moet ons weet watter doop aan God se Nuwe Testament **vereiste** dat daar **net een Here, een geloof, een doop is** voldoen. Efe 4:5. Die Nuwe Testament verkondig **vier tipes dope**.

Die doopprobleem begin by die woord “doop.” Wanneer ons die woord “doop” in die Bybel sien dan dink ons onwillekeurig dit verwys net na die doop met water. Die **vier tipes dope is: doop** met water, **doop** met die Heilige Gees, **doop** met vuur en **kruisdoop.** Die vier tipes dope openbaar aan ons 'n sleutelbegrip. Dat die woord “doop” nie **net** na die doop met water verwys nie, maar dat die woord “doop” na enige een van vier tipes dope kan verwys. Mat 3:11; Luk 12:50. Die **vier tipes dope** bevestig die feit dat die woord “doop” iets anders beteken as wat leraars en skrywers aan ons voorhou.

Die woord “doop” is 'n Bybelse uitdrukkingswyse om die **eenmalige** en **volkome mate** waarmee 'n daad uitgevoer word, te beskryf. Die woord “doop” beskryf Jesus Christus se kruisiging as 'n eenmalige daad wat ons volkome verlos van sonde. Here Jesus Christus doop ons **eenmalig** met die Heilige Gees in **volle doopmate**. Ons word byvoorbeeld nie elke jaar op Pinksterdag meer en meer gevul met die Heilige Gees nie.

Wanneer ons die woord doop in die Nuwe Testament sien, moet ons eers bepaal watter **een van vier tipe** dope ter sprake is. **Wie** is die doper en **waarmee** word ons gedoop? Die doopprobleem word verswaar deur die stryd oor die **wyse** van die doop met water, naamlik kleindoop of grootdoop. Die doop met water is 'n insetting van die **wet** en ‘n **vereiste** van die **godsdiensbeen** van die koninkryk evangelie. Die **rooilig** vir Christene uit die heiden nasies.

In die Nuwe Testament **verander die doop voortdurend**. Die verandering van dope openbaar terselfdertyd die Nuwe Testament wat ons nou in die volgende hoofstukke gaan ondersoek. Die Nuwe Testament spreek tot ons:

| | | |
|---|---|---|
| 1 Kor 2:13b | nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie,<br>maar met diè wat die Heilige Gees (ons) leer,<br>sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk. | Rom 8:5<br>2 Tim 2:15; 3:16<br>Meet, toets |

## HOOFSTUK 7

# NUWE TESTAMENT DOOP

Die Nuwe Testament leer Christene dat daar een Almagtige God is wat homself openbaar in die beeld van drie Persone. Hoekom? Want die menslike verstand kan nie begryp hoe een en dieselfde God aan die kruis kan sterwe en terselfdertyd in die hemel is nie. Daarom projekteer God hom in die beeld van drie Persone sodat ons Sy werke in terme van 'n Persoon kan verstaan. Die Vader in die hemel en die Seun aan die kruis kan ons menslik gewys ten volle verstaan en ons self identifiseer met die Persone van God.

Die Nuwe Testament Naam van God is die fokus van Jesus se gebed op die aand voor Sy kruisiging. Uit hierdie gebed leer ons wat was die rede vir Jesus se doopopdragte. Kyk Joh 16:25-27,30 en lees Jesus se gebed in hoofstuk 17:

| | | |
|---|---|---|
| Joh 17:3 | En **dit** is die **ewige lewe**,<br>dat hulle U ken, die enige waaragtige God,<br>en Jesus Christus wat U gestuur het. | Kyk ook vers 2<br>(Deut 5:7; 6:5- in die<br>(hart - die Gees |
| Joh 17:4 | Ek het U verheerlik op aarde.<br>Die **werk** wat U My gegee het om te doen,<br>het Ek volbring. | <br><br>Naam van God |
| Joh 17:26 | Ek het **U Naam** aan hulle bekend gemaak<br>en **sal** dit bekend maak,<br>sodat die **liefde** waarmee<br>U My liefgehad het,<br>**in** hulle kan wees, en **Ek in** hulle | <br>Doopopdrag |

Saam met die Ou Testament eindig God se direkte handeling met mense. Hebr 1:1. Jesus Christus is nou die Middelaar (Hoëpriester van 'n nuwe testament) en niemand kan na die Vader in die hemel kom, behalwe deur die Seun van God, Jesus nie. Joh 14:6; 10:1-9. Die boek Johannes konsentreer op Jesus Christus se Godheid: “Ek en die Vader is een” en “glo in God, glo ook in My”. Joh 10:30; 14:1 en lees Mat 11:27.

Hoe Jesus Christus na die kruis te werk gaan om die **Nuwe Testament Naam van God bekend te maak,** vind ons in Jesus se doopopdrag aan die 12 Apostels na sy opstanding uit die dode. Here Jesus reik **een** doopopdrag uit wat uit drie dele bestaan en elke deel word deur drie skrywers of getuies aan ons oorgedra.

Apostel Mattheus openbaar en getuig van **die naamdeel** van die doopopdrag van Jesus:

| | | |
|---|---|---|
| Mat 28:19 | Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies,<br>en **doop** hulle in **die Naam** van **die** Vader<br>en **die** Seun en **die** Heilige Gees;<br>**en leer hulle** om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. | Jood / Heiden<br>Waterdoop<br>Drie Persone |

Die skrywer Markus openbaar en getuig die **geloofsdeel** van die doopopdrag**:**

| | | |
|---|---|---|
| Mrk 16:16a | Hy wat **glo** en hom laat **doop**, (water)<br>sal gered word; | a. Wet vereiste van die<br>koninkryk evangelie |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mrk 16:16b | **Maar** hy wat **nie glo nie**,<br>sal veroordeel word | (geloof)<br>(het nie) | b. Vereiste van Nuwe<br>Testament. Rom 10:4 |

| | | |
|---|---|---|
| Mrk 16:17 | En vir **die** wat geglo het, | |
| | sal hierdie **tekens** volg: | 1 Kor 1:22 |
| | in **my Naam** sal hulle duiwels uitdryf, | |
| | met nuwe tale sal hulle spreek. | Vers 18. Hand 2:8 |

Die skrywer Lukas getuig van die **opstanding, bekering en vergewing van sonde deel** van die doopopdrag**:**

| | | |
|---|---|---|
| Luk 24:46 | En Hy sê vir hulle: | Gelees met Rom 10 |
| | So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly | Jes 53/Ps 22 |
| | en op die derde dag | |
| | **uit die dode opstaan,** | Rom 10:9 |
| Luk 24:47 | en **bekering** en **vergewing van sondes** | |
| | **in sy naam** verkondig word | Hand 2:38 |
| | aan al die nasies, | Mat 28:19 |
| | van Jerusalem af en verder. | |
| Luk 24:48 | En **julle is getuies** van hierdie dinge. | |
| Luk 24:49 | En kyk, Ek stuur **die belofte** | Heilige Gees |
| | **van my Vader** op julle. | Hand 1:4,5; 2:3 |
| | Maar julle moet in die stad Jerusalem bly | |
| | totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte. | Hand 2:2 |

Die **belofte** van die **doop met die Heilige Gees** word vanaf die eerste boek van die Nuwe Testament gemaak en Jesus bevestig dit op Hemelvaartdag:

| | | |
|---|---|---|
| Hand 1:5 | Want Johannes (die doper) het wel met water gedoop, | Mat 3:11 |
| | maar julle **sal met die Heilige Gees gedoop word** | Joh 1:33 |
| | nie lank na hierdie dae nie. | |

Die sleutel tot die openbaring van Jesus se naam doopopdrag vind ons in die **handeling van Apostel Petrus** op Pinksterdag. **Op Pinksterdag**, tien dae na Jesus se hemelvaart, doop Apostel Petrus alleenlik in die **naam van die Seun,** naamlik Jesus Christus en **nie** in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees nie! Hoe Apostel Petrus die naamopdrag uitvoer, openbaar aan ons wat Jesus die apostels geleer het. Die Bybel self verduidelik hierdie naamopdrag en is nie onderworpe aan verskillende mense se verskillende interpretasies nie.

DOOP IN DIE NAAM VAN DIE VADER

Die Vader word voor die Seun in die naamopdrag genoem. Dit voer ons terug na Johannes die Doper se doop voor Petrus se doop op Pinksterdag. **Johannes die doper** openbaar **drie tipes** Nuwe Testament dope:

| | | |
|---|---|---|
| Mat 3:11 | Ek **doop** julle wel met **water tot bekering;** | |
| | maar Hy wat na my kom, is sterker as ek, | |
| | wie se skoene ek nie waardig is om te dra nie. | |
| | Hy **(Jesus)** sal julle **doop met** die **Heilige Gees** | **Joh 1:33** |
| | en (doop) **met vuur.** (Beginsel, Jesus die Doper) | |

Johannes die Doper sê: “Ek doop julle wel met water **tot** bekering.” Hierdie doop staan ook bekend as die bekeringsdoop wat baie Christene nogsteeds navolg. Na wie bekeer die Jode hulle in die tyd van Johannes die Doper terwyl Jesus op aarde by hulle is? Jesus was nog nie verheerlik nie en die Heilige Gees was nog nie daar nie. Joh 7:39. Die Jode ken God **by** die Naam HERE en Hy is ook hul Vader want hulle sê vir Jesus: “**ons het een Vader, naamlik God”.** Joh 8:41,54. Indirek leer ons as Christene dat die Vader 'n Persoon van God is by hierdie doop. Dat **die Vader ook God die HERE is** na wie die Jode hulle bekeer by Johannes die Doper se doop. Deur Jesus se “Onse Vader gebed” word die Persoon Vader in die Nuwe Testament verder gegrond. Mat 6:9-13 (vers 12 gelees met vers 14 en 5:23,24); Joh 6:45-47.

Johannes die Doper verkondig bekering tot God die Vader, waarna die Jode ooreenkomstig die insettinge van die wet met water gedoop word. **Bekering** omhels twee sleutelbegrippe, naamlik bekering vanaf afgode na die een Almagtige HERE God en tweedens dat 'n mens sy leefwyse moet verander te wete “dra dan vrugte wat by die bekering pas.” Mat 3:8.

Johannes sê dat hy: “wel met **water doop tot bekering”** maar terselfdertyd sê hy inderwaarheid dat Jesus ons **tot** bekering sal doop met die Heilige Gees! Voor die kruis word die Jode deur Johannes die Doper gedoop met **belydenis van sonde**. Mat 3:6; Mrk 1:5. In hierdie tyd van die eerste vier nuwe testamentboeke is die wet van Moses steeds die geldige wet en bring die hoëpriester nogsteeds die jaarlikse brandoffer vir die versoening van die volk se sondes. Johannes verkondig ook ‘n nuwe waterdoop wat gaan kom en **tot vergewing van sonde sal wees**. Mrk 1:4. Terselfdertyd kondig Jesus die begin van die evangelie van die koninkryk van God, “bekeer julle en glo die evangelie.” Mrk 1:15.

Die koninkryk evangelie het 'n **doopprobleem** soos deur Jesus Christus self geïdentifiseer. Jesus Christus sê:

Luk 16:16 Die wet en profete was tot op Johannes; (die Doper)
van toe af word die evangelie van die koninkryk van God verkondig,
**en elkeen dring met geweld daarin**.

Maar hoe kan 'n mens die koninkryk van God met geweld indring?

Mat 11:12 Maar van die dae van Johannes **die doper af**
**tot nou toe** word die koninkryk van die **hemele bestorm**,
**en bestormers gryp dit met geweld**.

Tot vandag wil mense **deur die doop met water** die **hemel bestorm** en die koninkryk van God die Vader in die hemel **met geweld indring.** Die doop met water word tot vandag deur mense gemanipuleer. Die verskillende wyses van doop met water en die uiteenlopende geloofsdoktrines wat elke kerk aan hul waterdoop koppel, beklemtoon hierdie doopprobleem. By die doop met water het die “geloof” ontstaan dat 'n mens self kan besluit of hy hom wil laat doop of nie. Hierdie **wilsbesluit** by die doop met water het nou tot 'n vaste geloofsoortuiging oorgegaan dat die mens self kan besluit of hy hom wil bekeer tot Here Jesus Christus of nie.

Die wyse hoe Johannes die Doper met water doop, word nie in die eerste vier boeke van die Nuwe Testament beskryf nie. Die feit dat die Sadduseërs, Fariseërs en skrifgeleerdes nie die doop met water of wyse van doop deur Johannes die Doper vreemd gevind het nie, bevestig dit as 'n ou testamentiese reinigingsdaad en

as ‘n insetting van Moses en van die koninkryk evangelie! Joh 1:25; 3:25; Hebr 9:10.

Johannes die Doper was besig met massa volksbekering en doopaksie. Meer as 'n **half miljoen Jode** uit die hele Jerusalem en Judea wat in en om die Jordaan rivier was, het gegaan om deur Johannes gedoop te word. Mat 3:5; Mrk 1:5. Johannes die Doper het waarskynlik mense benat deur besprinkeling, stuk vel van kameelhare, soos Moses met rooi wol? Die beste voorbeeld van massa volks “doping” vind ons by die instelling van die Ou Testament se boek van die verbond:

Hebr 9:18 Daarom is ook die eerste testament nie sonder bloed ingewy nie;
Hebr 9:19 want toe elke gebod volgens die wet
deur Moses aan die hele volk aangekondig is,
het hy die bloed van kalwers en bokke saam met water (gemeng)
en skarlakenrooi wol en hisop geneem en die boek (van die verbond)
self en **die hele volk besprinkel**.

Hierdie besprinkeling as wyse van doop is nie dieselfde as die wyse van besprinkeling by die kleindoop van Katoliek en Protestant nie. Die redelike vraag is of Johannes die Doper met sy dissipels liggaamlik in staat was om elkeen van hierdie meer as 500,000 Jode by wyse van onderdompeling te doop met water? (Veertig jaar later by die vernietiging van Jerusalem is ongeveer driehonderd duisend Jode gedood en ses en negentig duisend as slawe afgevoer en duisende het betyds gevlug). Die wyse van onderdompeling het vermoedelik by die Waldene 1200 nC ontstaan. Hulle was Christene buite die Roomse Kerk. Die Anabaptiste het tydens die Protestantse Hervormings in 1517 nC die Waldene se grootdoop oorgeneem. So het hierdie wyse van doop algemeen by mense bekend geraak. As dit vir Christene **noodsaaklik** was om die presiese **wyse van doop met water** te weet het die Woord van God dit ondubbelsinnig verduidelik. Die Bybel ag dit nie noodsaaklik nie en dit dien as 'n waarskuwing aan Christene uit die heiden nasies.

By die doop van Johannes die Doper leer ons dat die **Vader 'n Persoon** van God is. Die Jode bekeer hulle net tot **een Persoon,** die Vader, **naamlik God**. Die **een God** wie se **Naam HERE** in die Ou Testamentverbond is.

In die tyd van Johannes die Doper, eerste vier nuwe testamentboeke, moes Jesus homself eers as God aan mense bekend maak. Jesus verklaar dat Hy en die Vader een is en wie in die Vader glo, glo ook in Hom. Weens gebrek aan kennis van die Geskrifte veroorsaak dit 'n sielestryd by Jode en verwarring dat 'n Mens dit durf waag om Hom met God gelyk te stel. Daarom beskuldig hulle Jesus as duiwelsbesetene en hulle wil Jesus meer as een maal hieroor stenig. Joh 7:48,49; 10:20,31,39.

Die Jode kon net nie aanvaar dat die deur en die weg na God nou deur Jesus Christus alleen is nie en dat Hy ook God is. Daarom is Jesus inderwaarheid gekruisig. Netso wil selfs Christene nie aanvaar dat die Persoon Jesus ook die Here is nie. Vandag bid menige Christene, **soos die Jode,** direk tot God die Vader, want hulle glo ook nie dat Jesus die Here is nie. Die Woord, Jesus sê: “Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” Joh. 14:6; Ese. 23:20-25.

Soos die Vader by die Rooisee, moes Jesus hom as God aan mense bekend maak. Jesus Christus het mense se geloof in Hom ontwikkel deur wonderdade; dooies lewendig gemaak, blindes laat sien en siekes gesond gemaak. Joh 5:19. Nou eers sal mense ook Jesus Christus se kruisoffer tot vergewing van sondes aanvaar en dat Hy ons Middelaar is en versoening bring tussen God en die mens. Deur

Jesus Christus kom daar vrede tussen God en die mens, maar Jesus het nie siekte of vrede op aarde weggeneem nie. Luk 12:51.

DOOP IN DIE NAAM VAN DIE SEUN

Jesus Christus was gekruisig 31 nC op 'n Vrydag van die maand Nisan (Maart/April). 'n Dag voor die Joodse Sabbatdag wat ook die feesdag van Pasga (Exodus) was. Veertig dae later vind die hemelvaart van Jesus Christus plaas. Tien dae later in die maand Siwan (Mei/Junie) op 'n Sondag, ook Pinksterdag vir die Jode (begin van hul vyftig dae) vind die uitstorting van die Heilige Gees plaas. In hierdie maand sou Jesus verjaar en 32 jaar oud geword het.

Handelinge 2 (31 nC). Op Pinksterdag, vyftig dae na die kruis en tien dae na Jesus se hemelvaart, was Apostel Petrus nog geskok oor die wyse hoe die Joodse godsdiensleiers en volksgenote die Messias, die Christus, gedood het. Hand 2:23,36.

Op Pinksterdag vind die uitstorting van die Heilige Gees plaas. Die tonge van vuur verdeel en gaan sit alleenlik op die 12 Apostels. Hand 2:3. Hulle openbaar die doop met die Heilige Gees deur die Heilige Gees se gawe van tale van nasies **sonder die doop met water of handoplegging.** Hand 2:2,8.

Apostel Petrus koppel die uitstorting van die Heilige Gees aan die tekens van Joël wat die koms van die Messias vooraf sal gaan. Dan eers vervul God sy koningsbelofte aan Dawid en land Kanaän aan Abraham. Hand 1:6; 2:16-36. Sy toespraak getuig dat net Jode, die hele huis van Israel, by hierdie doop met water betrokke is.

Petrus verduidelik die uitstorting van die Heilige Gees as die **belofte van God,** maar nog nie as die doop met die Heilige Gees nie! Hand 2:33, 39. Apostel Petrus is 'n heilige Apostel, die man op die toneel, en sy woorde en handeling getuig van die volle betekenis van Jesus se doopopdrag in die praktyk. Hiervan getuig die Woord en die Heilige Gees wat die skrywers met die woorde van God geïnspireer het. Hulle wie die Gees van Christus gehad het. 1 Petr 1:11.

Op Pinksterdag **verander die doop met water** binne die nuwe testamentboeke. Apostel Petrus openbaar dat Jesus Christus die Here is en terselfdertyd doop hy in die **naam** van **die Seun,** naamlik Jesus Christus.

| | | |
|---|---|---|
| Hand 2:36 | Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet<br>dat God Hom **Here** en Christus (Messias) gemaak het,<br>hierdie Jesus wat julle gekruisig het. | 12 Stamme<br>Fil 2:11 |
| Hand 2:37 | TOE hulle **dit hoor**, is hulle **diep in die hart** getref<br>en hulle het vir Petrus en die ander apostels gesê:<br>Wat moet ons doen broeders? | Heilige Gees |
| Hand 2:38 | **Bekeer** julle, (Hand 2:36) en<br>laat elkeen van julle gedoop word (water)<br>**in die naam** van Jesus Christus<br>**tot** vergewing van sondes,<br>en julle sal die **gawe** van die Heilige Gees ontvang. | Mrk 16:16<br>Insetting<br>Mat 28:19<br>Luk 24:47<br>Belofte |
| Hand 2:39 | **Want** die **belofte** (Heilige Gees) kom julle toe<br>en julle kinders (nageslagte) | <br>Luk 24:49 |

**en almal** wat daar ver is, Ook nasies
die wat die **Here onse God** na Hom **sal roep**. Efe 1:3-6,11

Apostel Petrus leer ons Jesus se doopopdrag: “en doop hulle in die **naam** van **die** Vader en **die** Seun en **die** Heilige Gees” baie anders as wat kerke dit verstaan. By hierdie doop op Pinksterdag word daar gedoop **net** in die **Naam van die Seun**, naamlik Jesus Christus. Apostel Petrus doop net in die Naam van **een Persoon van God** en nie twee of drie Persone nie. **Hoekom?** Want ons glo net in **een God** en nie **drie nie!** Apostel Petrus maak eers bekend dat Jesus die Here is voordat die Jode hulle laat doop, want 'n mens **bekeer** hom net tot **een God die Here.**

By die oorgang van die Ou Testament na die Nuwe Testament moet die Jode hulle weer bekeer en weer laat doop met water. Bekering vereis geloof en alleenlik Jode wie die belofte, Gees van die Here, ontvang het, sal op Pinksterdag kan glo en deur die daad van die doop bely dat Jesus Christus die Here is. Hulle wie dit glo sal hulle laat doop in die naam Jesus Christus tot vergewing van sonde. **Alleenlik aan die naam Jesus Christus is vergewing van sonde gekoppel.** Luk 24:47. Daarom bekeer ons ons net tot Jesus Christus en nie, Persoongesproke, tot die Vader of die Heilige Gees nie! By die verandering van die Ou Testament (Vader) na die Nuwe Testament (Jesus) word alle dinge aan Jesus gegee tot heerlikheid van die Vader. Hand 2:36; Fil 2:9-11; Hebr 1:2-4.

Apostel Petrus se doop op Pinksterdag **kanselleer** die doop van Johannes die Doper. Die doop in die naam van Jesus Christus tot vergewing van sonde op Pinksterdag, is nou die wettige en geldige **doop** van die evangelie van die koninkryk van God. Die **tweede Persoon van God** (Jesus) word verseël by die **tweede doop** met water in die nuwe testamentboeke. Terselfdertyd word die derde Persoon van God ook geopenbaar. Die Heilige Gees moet homself eers aan mense bekend maak. Dit is die rede waarom Apostel Petrus nie die doop met die Heilige Gees openbaar nie, maar die ontvang van die Heilige Gees as 'n gawe van God verduidelik.

Die woorde “en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” word ook verkeerdelik verstaan. Die gawe of geskenk, Engels “gift”, van die Heilige Gees by die doop met water het aanleiding gegee tot die doktrine dat die mens eers **na** bekering en **by** die doop met water die Heilige Gees ontvang. Voeg hierby die doopwoorde “en ek doop julle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees”, en die valse persepsie word geskep dat by die doop, deur die genade van die kerk, ontvang die mens die Heilige Gees waarmee mense die hemel met geweld wil indring. Die mag en gesag van beide klein- en grootdoop kerke is gegrond op hierdie doopwoorde by die doop met water.
.

Die koninkryk evangelie se doopprobleem word deur Here Jesus Christus self opgelos deur die **doop met die Heilige Gees** op Pinksterdag. Joh 1:33. Alleenlik met die Gees van God kon drieduisend Jode **glo** dat Jesus Christus die Here is. Op hierdie wyse het God die meerderheid van Jode se harte verhard en daarom het die hele Jodedom hulle nie weer laat doop nie. Ons lees dat drieduisend Jode terselfdertyd eenmalig en in volle doopmate die Heilige Gees ontvang het (wat ook as “vervul” met die Heilige Gees uitgedruk word). Luk 1:15,41; 1 Kor 12:13.

Die 12 Apostels het op een dag drieduisend mense gedoop. Hand 2:41. Weer is hulle na die voorbeeld van Moses op Pinksterdag gedoop. Die doop met water is 'n insetting van die wet van Moses en 'n wettiese vereiste van die koninkryk evangelie. Die **rooilig** wat flikker vir Christene uit die heiden nasies.

Die doop met die Heilige Gees op Pinksterdag kon nie onmiddellik geopenbaar word nie. Die Heilige Gees moes homself in die Handelinge tydperk eers aan mense openbaar. Soos die Vader en die Seun, het die Heilige Gees hom ook geopenbaar deur wondertekens. God word geopenbaar deur Jesus in vlees en netso geopenbaar God hom deur die Heilige Gees in die vlees van mense deur hul hande en monde.

Onder die wetvereistes van die koninkryk evangelie het die Joodse gemeente in Jerusalem daagliks vermeerder. Toenemend het die Apostels gebots met die Joodse Raad. Vier jaar na Pinksterdag word Stefanus deur die Raad verhoor. Israel, deur hul verteenwoordigende godsdiensleiers, gaan tot die daad oor om Stefanus te stenig om sodoende die stem van die Heilige Gees in hom stil te maak. Lees Hand 6:3 tot 7:60. Soos Jesus op die kruis roep Stefanus uit: “Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!” Die Jesus-bekeerde Jode vlug uit Jerusalem na ander lande en verkondig die woord van Jesus aan Jode in sinagoges.

Vanaf hierdie oomblik **begin die oorgangsproses van Israel na die heidene.** Eerstens die Samaritane wie die wet van Moses saam met hul heidense godsdienste beoefen. 2 Kon 17:24-33-41. Hulle word in die naam van Jesus Christus gedoop, maar anders as die Jode, **openbaar** hulle nie dadelik die Heilige Gees deur middel van Sy gawe van tale nie. Nou moet een van die twaalf Apostels deur gebed en **handoplegging** tussenin kom sodat hulle ook die Heilige Gees se gawe van tale kan openbaar. Hand 8:12-18. Op hierdie wyse word die gesag van die apostels en hul geskrifte by mense gevestig. Die man van Ethiopië wie vermoedelik 'n proseliet van die Judaïstiese geloof was, hy lees Jes 53:7, word ook in die naam van Jesus Christus deur 'n “heilige” diaken gedoop. Omdat 'n Godverkose en geheiligde Apostel nie teenwoordig was nie, openbaar hy nie die Heilige Gees se fisiese gawes nie. Hand 8:27,30,38,39.

In hierdie tyd vind die roeping van Saulus, Apostel Paulus, op pad na Damaskus plaas (Junie, 35 nC). Baie min Christene weet dat tussen vers 19 en 20 van Hand 9 (geherhaal in Hand 22:16-17) daar 'n breuk van drie jaar was. Apostel Paulus was in hierdie drie jaar weggevoer na die derde hemel (Paradys) en na die doderyk ('n deel ook genoem die Paradys) en woestyn waar hy onderrig was in **die verborgenheid van God wat later in die nuwe testamentboeke geopenbaar sal word.**

Paulus gaan uit die woestyn na Damaskus en vandaar keer hy vir die eerste maal na Jerusalem terug en vertoef vir 15 dae by Petrus. (38 nC). Diaken Filippus en Paulus was kort voor Petrus ook in Cesarea. Hand 8:40; 9:30. Dit was in Cesarea waar Apostel Petrus vir die heiden Cornelius ontmoet het waarna die tyd van heiden nasies met Paulus as die Apostel vir die heidene begin.

## DOOP IN DIE NAAM VAN DIE HEILIGE GEES

Handelinge hoofstukke 10 en 11 is die **verbode** dele van die nuwe testamentboeke. Ek het nog nooit 'n boek gelees of 'n preek gehoor oor hierdie hoofstukke nie. Sewe jaar na Pinksterdag (Junie, 38 nC) ontmoet Apostel Petrus in Cesarea die Romeinse heiden, Cornelius. Hierdie ontmoeting geskied deur die **stem** van God (Jesus) **uit** die hemel en werking van die **Heilige Gees** en bemiddeling van **engele.** Lukas beskryf die handeling en woorde van Apostel Petrus asvolg:

Hand 10:35 maar dat **elke nasie** die een wat

| | | |
|---|---|---|
| | Hom vrees en geregtigheid doen,<br>Hom welgevallig is | |
| Hand 10:36 | Dit is die woord wat Hy gestuur het<br>aan die kinders van Israel toe Hy die<br>evangelie van vrede verkondig het<br>deur Jesus Christus -<br>**Hy is die Here** van almal. | <br><br>God en mens |
| Hand 10:42 | En Hy het ons bevel gegee<br>om aan die volk te verkondig<br>en met krag te betuig<br>dat dit Hy is wat deur God bestem is<br>as **Regter van lewende en dode**. | Kyk verse 34,35,36<br><br><br><br>2 Kor 5:10 |
| Hand 10:43 | Aangaande Hom getuig al die profete<br>dat elkeen wat **in** Hom **glo**,<br>**vergifnis** van sonde<br>**deur** sy **Naam** ontvang. | 1 Petr 1:10-12<br>Mrk 16:16b<br>Luk 24:47<br>Jesus Christus |

**(doop met die Heilige Gees)**

| | | |
|---|---|---|
| Hand 10:44 | En toe Petrus **nog besig was**<br>om hierdie woorde **te spreek**,<br>**het die Heilige Gees** op almal geval<br>wat die **woord** gehoor het. | **Sonder water/hande**<br>Woord gepredik<br>Gees geopenbaar<br>Gal 3:2; Rom 10:17 |
| Hand 10:45 | En die gelowiges uit die besnydenis, (Jode)<br>almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas<br>**dat** die **gawe van die Heilige Gees**<br>**ook** op die **heidene** uitgestort is. | <br><br>(Doop met Heilige Gees<br>(sonder die waterdoop |
| Hand 10:46 | **Want** hulle het **gehoor** hoe hulle<br>in tale spreek en God groot maak.<br>**Toe** het Petrus begin spreek: | Cornelius hulle<br>Met die mond bely |

**(derde doop met water)**

| | | |
|---|---|---|
| Hand 10:47<br>vereiste | Niemand kan tog die **water** weer,<br><br>dat hierdie mense,<br>wat net **soos ons** die Heilige Gees **ontvang** het,<br>nie gedoop word nie? | Evangelie<br><br><br>Hand 2:4,38 |
| Hand 10:48 | En hy het beveel dat hulle **gedoop**<br>moet word in die **Naam van die Here.** | Met water |

Apostel Petrus moes hierdie gebeure met nie-Jode, heidene, aan die broeders in Jerusalem verduidelik. Hy begin by die gesig en stem van God, werkinge van engele en die Heilige Gees se bevestiging in heidene en sluit af:

**(Doop met die Heilige Gees formeel bevestig)**

| | | |
|---|---|---|
| Hand 11:15 | En toe ek begin spreek,<br>het die Heilige Gees op hulle geval | <br>Sonder water/hande |

| | | |
|---|---|---|
| | soos ook op ons (Apostels) in die begin. | Hand 2:4 |
| Hand 11:16 | En ek het die **woord van die Here** onthou, hoe Hy gesê het: | Doop belofte |
| | Johannes het met water gedoop, maar julle sal | Hand 1:5 |
| | **met** die Heilige Gees gedoop word. | Luk 22:32* |
| Hand 11:17 | As God dan aan hulle (heidene) | |
| | **dieselfde gawe gegee het soos aan ons** | **Heilige Gees** |
| | **wat in** die Here Jesus Christus **geglo het**, | Geloof uit Gees |
| | wie was ek dan, dat ek God kon verhinder? | Hand 10:36 |
| Hand 11:18 | En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: | |
| | So het God ook aan die **heidene** | Luk 22:32* |
| | die **bekering tot die lewe geskenk**. | Gees bekeer ons |

Handelinge hoofstukke 10 en 11 beskryf die direkte ingryping van Here Jesus Christus **uit die hemel**. Die doop met die Heilige Gees op Pinksterdag word nou formeel bevestig by die heiden Cornelius. **Vanaf Pinksterdag tot vandag word mensekinders gedoop met die Heilige Gees.** Dit is ook die laaste maal dat ons die direkte woorde "doop met die Heilige Gees" in die Bybel lees.

**Drie maal verander** die doop met water in die boeke van die Nuwe Testament! Binne nege jaar vanaf Johannes die Doper het die waterdoop drie maal verander. Die **waterdoop** in die **Naam van die Here kanselleer** Petrus se doop op Pinksterdag. Vanaf Handelinge 10, vir die **res van die Handelinge tydperk,** is die doop in die Naam van die Here die wettige en **geldige doop van die koninkryk evangelie.** Die doop met water is 'n **wetvereiste** van die koninkryk evangelie soos Jesus vir Petrus geleer het. Mrk 16:16a.

Apostel Petrus se gesag om die doop met water te verander en terselfdertyd die **doop met die Heilige Gees formeel te openbaar,** berus op hemelse gesag soos bekragtig deur die Heilige Gees in mense. Die oomblik toe die Heilige Gees homself **voor** die doop met water bekend maak, **gaan Apostel Petrus dadelik** oor om die doop in die **naam van die Here** te verkondig. By hierdie doop met water leer die Nuwe Testament ons dat die **Here is <u>die</u> Gees** want God is Gees. **2 Kor 3:17**; Joh 4:24; Judas 20. Apostel Petrus leer ons dat **Jesus die Here is** en nou word die **een naam van God** in die Nuwe Testament **saam** met die derde Persoon van God (Heilige Gees) by die doop met water verseël. Deur drie dope met water word die **een naam van God en die drie Persone van God** in die boeke van die Nuwe Testament geopenbaar en so word Jesus se doop met wateropdrag afgesluit. Hand 2:36; 11:17; 16:31.

Die Bybel self openbaar die presiese betekenis van Jesus se doopopdrag deur middel van drie dope met water. Deur Apostel Petrus se handelinge leer ons die presiese betekenis van Jesus se doopopdrag: "en doop hulle in die **naam** van **die** Vader en **die** Seun en **die** Heilige Gees." Apostel Petrus openbaar **formeel die doop met die Heilige Gees** en **terselfdertyd** verduidelik hy die "naam van die Here" naamlik **Here** Jesus Christus, want **die Here is die Gees**. 2 Kor 3:17.

Die **leer van die doop** met water is om God Drie-Eenheid per Persoon per doop te openbaar. Om deur die doop met water Jesus Christus **as God en as Here te bekragtig**. Om die **Nuwe Testament naam van God, Here Jesus Christus**, in die

Bybel te grond. Hierdie drie leerstellings is die “leer van die doop.” Hebr 6:2. Stap vir stap word die Jode deur die proses van die doop met water en ons as heidene deur die woord van God gelei.

Die **naam van God** is die HERE onder die Ou Testament. Die naam van God onder die Nuwe Testament (genade verbond) **is** Here Jesus Christus. Die een Almagtige God moet onder die Nuwe Testament by hierdie naam aanbid word. Wie dit nie doen nie openbaar nie die Gees van God in hom nie. 1 Kor 12:3!

Handelinge 10:44 beklemtoon die **krag van die Woord**, geskrewe of gepredik, om die Heilige Gees **reeds in** 'n persoon **tot openbaring** te bring. En toe Petrus nog **besig was** om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees hom sigbaar aan heidene, onbesnedenes, geopenbaar wat die Jode, besnedenes, gehoor het.

Die woord “gawe” by hierdie doop verduidelik ook die woord “gawe” op Pinksterdag. Die woord gawe in beide gevalle verwys nie na die Heilige Gees se gawe van tale nie. Apostel Petrus leer ons dat die “gawe van die Heilige Gees” inderdaad beteken die “doop met die Heilige Gees.” Die woord “gawe” by die twee doopgebeurtenise beteken geskenk of “gift” in Engels. 'n Engelse woordeboek verklaar die woord “gift” as “A gift is that which is voluntarily bestowed without expectation of return or compensation.”

God het onvoorwaardelik 'n belofte aan Abraham gemaak en netso word ons onvoorwaardelik gedoop met die Heilige Gees. Die Here self het die kruisoffer gebring en niemand het vir God daarvoor gevra nie. Niemand op Pinksterdag, insluitend Cornelius, het gevra om met die Heilige Gees gedoop te word nie. Daarom is dit regverdiglik ook **Jesus se besluit reg** wie Hy wil doop met die Heilige Gees. Here Jesus red ons en dit is nie uit onsself of uit godsdienstigewerke nie.

By die **waterdoop in die naam van die Here** is daar geen melding van vergewing van sonde nie, want ons **glo** nou **tot** geregtigheid. Hierdie **derde waterdoop is die rede** waarom Protestantse en Pinkster Kerke sê dat die doop met water **nie vergewing van sonde insluit nie**. **Sonder doopwater glo** ons vandag in Here Jesus Christus **tot** vergewing van sondes.

In die boek Handelinge sien ons hoe God mense se geloofsbegrippe verander deur die proses van die dope met water. Terselfdertyd sien ons ook hoe die werkinge van die Heilige Gees voortdurend verander. Die Heilige Gees openbaar hom eers by die doopwater en daarna vereis dit die bemiddeling van Apostels deur die gebed en handoplegging om die Heilige Gees in mense te openbaar. By Cornelius openbaar die Heilige Gees homself voor die doop met water en sonder handoplegging. Sonder die Heilige Gees se fisiese gawes wat mense kon sien en hoor, sou mense ook nie in die Heilige Gees geglo het nie. In die 31 jaar tydperk van die boek Handelinge neem die Heilige Gees se sigbare gawes geleidelik af en gaan dit oor tot geestelike gawes. So groei mense se geloof ook in die Heilige Gees. Ons **openbaar die doop met die Heilige Gees *deur* die geloof** en is die Heilige Gees se sigbare genadegawes die uitsondering en nie die norm nie. 1 Kor 12:7,11.

Die doop met water was **nog nooit 'n simbool** nie, maar 'n **wetvereiste** van die koninkryk evangelie. Dit het ook nie gedien as 'n simbool om Christene van heidene te onderskei nie. Inteendeel, die doop met water in die Naam van die Here was juis vir 'n tyd lank geldig om Christene uit Israel en Christene uit heidene **deur een doop te verenig!**

Die Bybel self leer ons dat die twaalf Apostels en Apostel Paulus **nooit** in die naam Heilige Gees gedoop het nie! Hulle het **nooit** gedoop in die naam Seun nie. Hulle het **nooit** gedoop in die name Vader en Seun en Heilige Gees soos ons vandag doop nie. Hulle het **nooit** enige **drie name saam** by **een doop** genoem nie. Ons glo in **een God, die Here,** en nie drie nie! ("One God and not three gods!"). Die Bybel self openbaar aan ons deur die drie veranderinge van dope met water dat die kerkdom Jesus se naam doopopdrag algeheel verkeerd verstaan en toepas.

Hoekom doop kerke dan nogsteeds met water en in hierdie drie name? Die vroeë Romeinse Kerk het die "doop in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" 381 nC ingestel. Die 1,600 jaar oue dooptradisie het nou meer gesag as die Bybel. Deur die doop met water verkry 'n kerk ook **mag en gesag** oor mense. Dit is insiggewend dat mense ook vasgehaak het by die lees van die ou testamentboeke en die eerste vier nuwe testamentboeke saam met die doop met water. Hierdie derde doop met water maak die doop met water en die wyses van doop irrelevant. Dit is die werklike rede waarom kerke die doop met water verander het na 'n simboliese teken!

Die boek Handelinge dien as oorbruggingsboek om ons oor te bring van die godsdienstigewerke van die Ou Testament na die volmaakte geloof in Here Jesus se werke vir ons redding in die Nuwe Testament. Apostel Paulus skryf sy brief Hebreërs aan Christen Jode en ook aan ons wie aan die waterdoopvereistes van die koninkryk evangelie verkneg gebly het. Kyk wat sê Paulus vir ons wie onder die Nuwe Testament tot geloof (bekering) in Here Jesus Christus gekom het:

| | | |
|---|---|---|
| Hebr 6:1 | **Daarom** moet ons nie **bly** by die **begin**<br>van die prediking aangaande Christus nie,<br>maar **na die volmaaktheid** voortgaan<br>Sonder om **weer** die **fondament** te lê<br>van **bekering uit dooie werke**<br>**en geloof** in God, | Hebr 5:12-14; Efe 4:13-16<br>Eerste vyf boeke<br>Volmaakte geloof<br><br>Bekering by doop |
| Hebr 6:2 | van die leer van die doop<br>en van die handoplegging<br>en van die opstanding van die dode<br>en van die ewige oordeel. | Een naam en Drie-Eenheid<br>Gees gawes<br>Hand 23:6-9; 4:2<br>Joh 16:8-13; Hand 24:25 |
| Hebr 6:3 | En dit sal ons doen as God dit toelaat. | Na Handelinge tydperk |
| Hebr 6:4 | Want dit is **onmoontlik** om die wat<br>een maal verlig geword het<br>en die **hemelse gawe** gesmaak<br>en die Heilige Gees **deelagtig** geword het, | |
| Hebr 6:5 | en die goeie **woord van God** gesmaak het<br>en die kragte van die **toekomstige wêreld**. | |
| Hebr 6:6 | en afvallig geword het-<br>om diè weer **tot bekering** te vernuwe,<br>omdat hulle ten opsigte van hulself<br>die Seun van God **weer kruisig**<br>en openlik tot skande maak | Hebr 3:12<br>Hebr 10:38,39 |

Jesus was eenmalig gekruisig en ons ontvang eenmalig die Heilige Gees en ons kom eenmalig tot geloof, tot bekering. Ons mag afvallig word en daarna berou hê, maar ons kan ons nie weer bekeer nie, want dan handel ons asof Jesus se kruis en Gees onvoldoende vir ons ewige redding is. 1 Kor 6:11,17.

Ons moet nie bly by die eerste vyf nuwe testamentboeke aangaande die prediking van Christus nie, maar bou op die res van die nuwe testamentboeke. Ons moet wandel in die insig en kennis soos die Heilige Gees deur die woord van God getuig. Daarom moet ons nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die Here onder die Nuwe Testament genadeverbond van ons vereis. Efe 5:17-20; Hand 17:10-12.

Die **godsdiensbeen verander voortdurend** binne die eerste vyf nuwe testamentboeke. Dit het die deur oopgemaak vir Christenleiers om oor die eeue nuwe gebruike en leerstellings in te stel. Ons kan alleenlik huidige gebruike en leerstellings toets en meet aan die hand van die Bybel. God beoordeel nie 'n kerk of 'n gemeente nie, maar elkeen van ons as 'n individu en daarom is ons self aanspreeklik vir ons handelinge en dade.

*****************************************************************

Die doop met water verander drie maal! Johannes die Doper predik bekering na God die Vader en doop met belydenis van sonde. Op Pinksterdag predik Apostel Petrus bekering tot Jesus Christus en doop tot vergewing van sondes. Sewe jaar later in Handelinge 10 en 11 verander Apostel Petrus weer die doop met water. Hy doop nou in die naam van die Here naamlik Here Jesus Christus.

Deur drie veranderinge van die doop met water vervul Apostel Petrus die doopopdragte van Jesus naamlik "doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun (Jesus Christus) en die Heilige Gees (Here Jesus Christus) want die Here is die Gees (God is Gees). 2 Kor 3:17. Terselfdertyd openbaar Apostel Petrus die Nuwe Testament naam van God naamlik Here Jesus Christus en formeel die doop met die Heilige Gees (hoofstuk 11).

Die Apostels het nooit gedoop in die woorde "naam van die Vader, Seun en Heilige Gees" soos ons vandag doen nie! Die vroë Katolieke Kerk, 381 nC, het hierdie doop begin en tot vandag volg alle kerke hierdie gebruik. Kerke verklaar dat die huidige doop met water 'n simboliese teken is. Wat nie vergewing van sondes meebring nie en daarom ook nie tot redding van ons siele is nie. Maar kerkleiers hanteeer hierdie simboliese doop, en lidmate glo dit, as die doop na die hemel! Geen kerk erken dat Here Jesus Christus ons doop met die Heilige Gees en dat dit die doop is wat ons siele red en vergewing van sondes meebring. Waarlik die doop na die hemel!

## HOOFSTUK 8

# SKEPPER VAN SIEL EN GEES

In die volgende hoofstuk sal ons die handelinge van die Apostels verder volg. Ons moet nou eers die presiese betekenis van die woorde “doop met die Heilige Gees” en “weer gebore” of wedergeboorte ondersoek. Die sakrament van die doop met water versluier (indien dit nie algeheel ontken nie) die doop met die Heilige Gees. Onkunde van die woorde “weer gebore” veroorsaak dat Christenleiers roekeloos met die woord van God handel.

Hoe kan ons **deelagtig** wees met die Vader wat in die hemel is? Hoe kan ons **deel** in Jesus se kruis van 2,000 jaar gelede? God die Here is Gees en **met** die Heilige Gees deel ons **in** dieselfde Persoon wat aan die kruis was en die Persoon in die hemel. Die Heilige Gees bind nie net die eenheid van God nie, maar is self ook 'n Persoon van God. Wanneer ons die woorde Vader, Seun of Jesus en Heilige Gees in die Bybel lees, word 'n Persoon van God geïdentifiseer. **Die oomblik wanneer die woord God of naam Here aan een van die Persone gekoppel word, word een God, die Here geïdentifiseer**. Joh 4:24; 2 Kor 3:17

Aan die begin, in die boek Genesis, lees ons dat God in die neus van die mens Adam die **asem van die lewe geblaas** het en dat die Adam-mens 'n **lewende siel** verkry het. Gen 2:7. Die siel is in die bloed. Deur die man se saad kom die gene vir die vorming van bloed, waarin die lewende siel is, na die vrou se eiersel waarin die gene van die been en vlees liggaam van 'n mens is. Gen 2:23. Die bloed verbind die siel aan die vleesliggaam. Lev 17:11. By **bevrugting** in moederskoot word ‘n siel **eenmalig** gevorm en so word die lewende siel van God van geslag tot geslag oorgedra.

Die dood is geanker in die vlees en daarom sterf ons alhoewel ons nie in gelykheid van die oortreding van Adam gesondig het nie. Rom 5:12,14; Ps 51:7-lees die volle Psalm. Die oortreding of “sonde” van Adam en Eva in die tuin van Eden was dat hulle nie God se woorde geglo het nie, maar wel Satan se verdraaiing van God se woord. Gen 2:16,17,25; 3:1-4,13; Mat 4:4,9. Mense sukkel om te onderskei tussen wat die werklike Adam “erf**sonde”** (vlees liggaam) is en wat Adam en Eva se **oortreding** in die tuin van Eden was.

Die Nuwe Testament leer ons dat Jesus deur die Heilige Gees in die moederskoot van Maria verwek was. Jesus is die **eersteling met ‘n gees** uit Gees. Eersgeborene - Luk 1:35; Rom 8:29; Kol 1:15,18. Jesus was verwek deur die Gees van God en daarom was Jesus Christus se **bloed sondeloos**. Jesus se bloed was ook anders, naamlik **water en bloed**. Joh 19:34; Ps 22:15.

Jesus Christus was **uit ‘n vrou gebore** (eiersel) in gelykheid van die **sondige vlees** om die sonde te veroordeel in die vlees. **Rom 8:3b;** Gal 4:4. Die **sonde van die vlees kleef aan die siel**. Netso **kleef die bloed** van die kruis **aan die Gees** van Jesus Christus. Daarom sê Apostel Paulus “Ek is **met** Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef **in** my.” Gal 2:20. Met die Gees van Here Jesus Christus is **ons** volkome **deelagtig** aan die bloed van die kruisoffer tot verlossing van sonde wat aan ons siel kleef. Hebr 10:29.

Die sonde van die vlees **kleef aan die siel** en daarom word alleenlik lewende siele, asem van God, deur God beoordeel en veroordeel tot die poel van vuur, wat ook die tweede dood, dood van 'n lewende siel, genoem word. Open 20:12-15. Bloed bewerk versoening vir die siel. Lev 17:11. ‘n Offer van bloed vir sonde

word deur die wet van Moses vereis. Daarom moes Jesus in die vlees verskyn en bloed stort om 'n mens se lewende siel, asem van God, van sonde te bevry.

Hoekom word die drie Persone van God en **by Naam** in die tyd van die Nuwe Testament geopenbaar? Mat 1:21; Luk 1:31; Joh 16:7,13,14,27; 14:17,18 Want by die kruis en op Pinksterdag vind daar inderwaarheid 'n nuwe Gènesis-skepping deur God, “Ons”, plaas! Gen 1:26. Op die eerste dag van die week, Sondag, **blaas Jesus** op die Apostels om te demonstreer hoe hulle **die Heilige Gees** op Pinksterdag gaan ontvang. Joh 20:19-22; Hand 2:2,4..

God het die mens geskape met 'n vleesliggaam en siel en nou in die Nuwe Testament tydperk gaan God verder en **uit Sy maaksels** skape Here Jesus met sy Gees **mense met 'n sondelose gees.** Nou is daar in die vleesliggaam 'n siel en 'n gees. Lees ook 1 Thes 5:23; Hebr 4:12; Fil 1:27; Efe 2:10; Rom 8:16. Dit is die nuwe skepping van die Nuwe Testament. Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword en die laaste Adam **(Jesus)** 'n **lewendmakende Gees**. 1 Kor 15:45. In die liggaam van bloed en vlees is daar nou ‘n gees (ewige lewe) en ‘n siel (lewe). Sleutel geloofsbegrip.

Hulle aan wie die Here sy Gees in volle doopmate gee, uitgedruk as die **doop met die Heilige Gees,** is nou **geskape** na die beeld en gelykenis van Here Jesus Christus. Rom 8:29. Op aarde demonstreer Here Jesus Christus homself as 'n mens in 'n vleesliggaam met 'n gees en na Sy opstanding uit die dood 'n mens met 'n geesliggaam wat anders as 'n bloed- en vleesliggaam is. **Netso** is ons nou in hierdie vleesliggaam geskape met ‘n gees en netso sal ons by die opstanding uit die dode ‘n gees opstandingsliggaam verkry wat verskil van die aardse vleesliggaam. Alleenlik met 'n gees uit God kan 'n mens uit die dode opgewek word en die hemel ingaan. Daarom ontvang ons **eenmalig,** in **volle doop mate,** die Heilige Gees en so word ons **eenmalig** met ‘n sondelose **gees gered** van die finale oordeel.

WEDERGEBOORTE (born again, rebirth, born of the Spirit)

Die volkome mate waarmee Here Jesus Christus die Heilige Gees **gee en wat ons ontvang** word in die Bybel uitgedruk as die **doop met** die Heilige Gees. Uit die **Heilige Gees kry** ons **'n gees** en dit word uitgedruk as **wedergeboorte.** Nooit word weder**geboorte** as 'n doop uitgedruk nie! Die doop met die Heilige Gees en wedergeboorte met gees vind terselfdertyd plaas en is 'n handeling deur Here Jesus Christus self. Dit was die punt onder bespreking tussen Jesus en Nikodèmus en wat Christene tot vandag toe nie ten volle verstaan nie:

Joh 3:3 Jesus antwoord en sê vir hom:
Voorwaar,voorwaar Ek sê vir jou,
as iemand nie **weer gebore** word nie,
kan hy die koninkryk van God nie sien nie.

Joh 3:4 Nikodèmus sê vir Hom:
Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word?
Hy kan tog nie 'n tweede keer in die **skoot** — **Moederskoot**
**van sy moeder** ingaan en gebore word nie?

Joh 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou,
as iemand nie **gebore** word **uit** water **en** Gees nie,
kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

Joh 3:6 Wat **uit die vlees** gebore is, **is vlees**; — Vlees en siel

en wat **uit die Gees** gebore is**, is gees** — **Gees en gees**.

Joh 3:7 Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het,
julle moet **weer gebore** word nie. — gees uit Gees

Joh 3:8 Die **wind** waai waar hy wil, — Joh 20:22- Jesus blaas
en jy hoor sy geluid — Hand 2:2- wind
maar jy weet nie vanwaar hy kom
en waarheen hy gaan nie.
**So** is elkeen wat **uit die Gees gebore** is. — Pinksterdag!

Nikodèmus is 'n leraar van Israel en hy weet nie wat dit beteken nie, verse 9,10. Dit sê vir ons dat in die tyd toe Jesus hierdie woorde uiter, was die antwoord reeds in die woord van God opgeskryf. Dit bring ons tot die volgende verse:

Jer 1:5 Voordat **Ek** jou **in** die **moederskoot** gevorm het, — Vleesliggaam
het Ek jou **geken**; — Rom 8:29
en **voordat** jy **uit** die liggaam voortgekom het, — Uit moederskoot
het **Ek** jou **geheilig**; — Gees
Ek het jou tot 'n profeet **vir nasies** gemaak. — 1 Petr 1:12

Sag 12:1 GODSPRAAK. Die woord van die HERE oor Israel.
Die HERE spreek, — Lees Rom 9:11-24
wat die hemel uitsprei en die aarde grondves en — God die Skepper
die **gees van die mens in sy binneste formeer**. — Met 'n gees

Wedergeboorte, gebore met gees, vind plaas in die **binneste** van 'n nuutgevormde wese **binne-in moederskoot!** Die Bybel verduidelik homself! Nou gaan ons oë oop! Apostel Paulus verwys ook na moederskoot:

Gal 1:15 Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het
van die **skoot van my moeder** af
en deur sy genade **geroep** het,

Gal 1:16 om sy Seun **in my te openbaar**, sodat — 1 Kor 12:3
ek Hom onder die heidene (nasies) sou verkondig,
het ek dadelik nie vlees en bloed (mense) geraadpleeg nie.

Jesus Christus was die **eersgeborene, eerste mens met 'n gees,** in moederskoot. Johannes die Doper ontvang 'n gees, wedergeboorte, in die sesde maand van sy moeder se swangerskap (die tyd wanneer aborsie nie meer moontlik is nie):

Luk 1:41 En toe Elizabeth die groet van Maria hoor,
het die kindjie in haar **skoot opgespring;**
en Elizabeth is vervul met die Heilige Gees

Luk 1:42 en het met 'n groot stem uitgeroep en gesê:
Geseënd is jy onder die vroue, — Dan 11:37b
en geseënd is die **vrug van jou skoot** — Jesus eersteling

Luk 1:44 Want kyk, toe die geluid van
jou groet in my ore weerklink,
het die kindjie in my skoot — **(6de maand swangerskap)**
van vreugde opgespring. — Weer gebore

Johannes in moederskoot, **sesde maand**, is die vrug **uit** 'n mens en kon alleenlik met 'n gees **in** hom so reageer in die teenwoordigheid van **Here** Jesus Christus. Mat 11:11. **Onvoorwaardelik** ontvang ons die belofte (Gees) van God:

| | | |
|---|---|---|
| Titus 3:5 | **nie** op grond van die **werke van geregtigheid** | Rom 10:3 |
| | wat **ons gedoen het nie**, | |
| | maar na sy barmhartigheid het **Hy ons gered** | **Met 'n gees** |
| | deur die **bad** van die **wedergeboorte** | **Uit watersak**/skoot |
| | **en** die **vernuwing** deur die **Heilige Gees**. | Uit Gees met gees |

Die "bad" van wedergeboorte wys direk na Jesus se woorde **"uit water"** deurdat **uit die watersak in moederskoot** kom die mens **terselfdertyd** met **vlees en siel en gees!** Wedergeboorte is nie uit onsself of deur werke van eie geregtigheid wat ons doen nie! Te lank dink mense dat die woorde "uit water" verwys na die grootdoop. Dat wanneer iemand uit water opstaan, eie werke van geregtigheid, dan vind wedergeboorte plaas. Uit onkunde doen ons menige godsdienstigewerke wat ons siel verswaar met sondes wat, dank die Here, nie tot die dood van ons siel is nie. Die Bybel verduidelik homself en nou verstaan ons Jesus se woorde in die woord van God beter en duideliker naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| Joh 3:6 | Wat **uit** die vlees gebore is, is vlees; | Uit man en vrou is vlees |
| | en wat **uit** die Gees **gebore** is, **is gees**. | Gebore met gees uit Gees |

Joh 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou,
as iemand nie gebore word uit water (sak) en (uit) Gees nie,
kan hy in die koninkryk van God (sonder gees) nie ingaan nie.

Die Here **red 'n sondige siel** deur aan 'n mens 'n **sondelose gees** te gee. Daarom word geen godsdienstige werke vir redding van ons siel van ons vereis nie. Geen mens kan sy eie siel waaraan die sonde kleef, bevry van sonde nie. In moederskoot, sesde maand, waar die besoedelde hande van 'n mens nie kan kom nie, ontvang ons **uit die Heilige Gees 'n gees wat ons siel van sonde bevry**.

Die siel word deur 'n man en sy vrou oorgedra van geslag tot geslag. Daarom erken God **geslagsgemeenskap** net tussen 'n man en vrou binne 'n erkende huwelik. 'n Wese word eers by geboorte, buite moederskoot, **as 'n mens** deur die wet van God en staatswet erken. Dan eers is die sesde gebod, jy mag nie doodslaan nie - moord pleeg nie, van toepassing.

Anders as die lewende siel word die gees nie deur 'n man en vrou van geslag tot geslag oorgedra nie. Dit bly 'n daad deur Here Jesus Christus met die Heilige Gees alleen. Daarom sien ons vandag dat 'n geheiligde man of vrou beide geheiligde kinders en ongelowige kinders het. 1 Kor 7:14,16. Nou ontstaan die vraag: hoe word 'n gees vanuit die hemel aan ons gegee? **Ons ontvang 'n gees:**

| | | |
|---|---|---|
| Joh 1:13 | wat nie **uit** die **bloed** | Waarin die siel is |
| | of uit die wil van die vlees | Wil van 'n mens |
| | of uit die wil van 'n man nie, | Saad van 'n man |
| | **maar uit God gebore is.** | Wedergeboorte |

| | | |
|---|---|---|
| Hebr 1:6 | En wanneer Hy weer die Eersgeborene | Messias Ryk |
| | in die wêreld inbring, sê Hy | |
| | En al die engele moet Hom aanbid | |

| | | |
|---|---|---|
| Hebr 1:7 | En **van die engele** sê Hy wel: | Luk 1:34 |
| | Hy wat sy boodskappers **winde** maak | Joh 3:8; 20:22 |
| | en van sy dienaars **vuurvlamme**. | Hand 2:2,3 |

**Engele bring uit die hemel 'n gees (wind) na 'n wese in moederskoot**. God het gespreek en geen mens kan woorde hierby voeg nie. Die doop met die Heilige Gees en wedergeboorte van 'n gees uit Gees, is die hart van die Nuwe Testament skepping deur een Almagtige HERE God. **Wedergeboorte met gees** is nie uit die wil van 'n mens nie, maar ooreenkomstig die wil van God:

| | | |
|---|---|---|
| Rom 8:28 | En ons weet dat vir **hulle wie God lief het**, | Joh 6:39; 1 Petr 1:8 |
| | alles ten goede meewerk, | Joh 10:28,29; |
| | vir hulle wat na sy voorneme **geroep** is. | 1 Kor 1:8,9 |
| Rom 8:29 | Want die wat Hy vantevore **geken** het, | Jer 1:5 |
| | diè het Hy ook vantevore **verordineer** | Rom 9:11 |
| | **om gelykvormig** te wees aan | Kol 3:10-12 |
| | die **beeld van sy Seun,** | Dieselfde Gees/gees |
| | sodat Hy die **eersgeborene** | Met gees uit Gees |
| | kan wees onder **baie broeders**; | Met dieselfde gees |
| Rom 8:30 | en die wat Hy vantevore **verordineer** het, | Vanaf Adam |
| | diè het Hy ook **geroep**; | Tot geloof |
| | en die wat Hy geroep het, | |
| | diè het Hy ook **geregverdig**; | By die kruis |
| | en die wat Hy geregverdig het, | |
| | diè het Hy ook **verheerlik.** | Met ‘n gees |
| | (2 Thes 2:13) | |

Die mate wat godsdienstige dade vir eie redding en heiligmaking mense se lewe domineer, bepaal ook die mate hoe hulle die leer van uitverkiesing, **wil van God,** en wedergeboorte uit Gees **teenstaan.** Mat 12:31,32. Die wil van God in die Persoon Vader kom pragtig in die volgende verse na vore:

| | | |
|---|---|---|
| Efe 1:3 | GESEëND is die **God en Vader** van onse | Beloftes van seën |
| | Here Jesus Christus wat ons **geseën** het | |
| | met alle geestelike seëninge in die hemele **in** Christus, | |
| Efe 1:4 | soos Hy ons in Hom **uitverkies** het | Name in die boek v/d lewe |
| | **voor** die **grondlegging** van die wêreld | Teenswoordige wêreld |
| | om **heilig** en sonder gebrek | |
| | **voor Hom in liefde** te wees, | Rom 5:5; Joh 17:26 |
| Efe 1:5 | deurdat Hy ons **voorbeskik** het | Uitverkies |
| | om **ons** as sy kinders | Asem van God |
| | vir **Homself** aan te neem | Vader in die hemel |
| | **deur** Jesus Christus, na die welbehae **van sy wil.** | Efe 2:16-18-22 |
| Efe 1:6 | tot lof van die heerlikheid van sy **genade** | Hebr 2:9 |
| | waarmee Hy ons **begenadig** het | Met ‘n gees |
| | **in** die Geliefde. | Mat 3:17 |

God die Vader is die Persoon wie ons **uitverkies** om by Hom in die hemel te wees. God maak **uit sy maaksels** mense sondevry en heilig vir Sy koninkryk in die hemel tydens Jesus se duisend jaar Messias Ryk op aarde. Rom 9:11-24. God die

Vader se koninkryk in die hemel en Here Jesus Christus die Messias se koninkryk op aarde, is twee verskillende koninkryke wat terselfdertyd plaasvind! Efe 5:5; Open 1:5,6. Omdat die Persoon Jesus Christus nog as Koning op aarde vir 'n duisend jaar moet regeer, word Persoon Jesus uitgebeeld aan die regterhand van God die Persoon Vader. Luk 20:42. Aan die einde van die Messias Ryk, wat ook die einde van die teenswoordige wêreld is, versmelt die Persone van God tot een Almagtige God in die ewige toekomstige wêreld van God op planeet aarde. 1 Kor 15:24,28.

Daar is net een Doper, Here Jesus Christus, wie ons sy eie Gees gee as 'n geskenk wat as die doop met die Heilige Gees bekend staan. Wedergeboorte beteken niks anders nie as die skepping van 'n gees uit Gees in die binneste van 'n mens wie nog in moederskoot is. Deur die **doop** met die Heilige Gees kom God se genade direk na die mens. Behalwe vir engele is daar **geen tussenganger** tussen die Here en die mens nie. Nie deur die kerk, priester, dominee, pastoor of deur die waterdoop, nagmaalbrood of enige ander sakrament of verordening, kan ons die gawe of geskenk van die Heilige Gees ontvang as van Here Jesus Christus nie. Hy is die deur en die weg na God die Vader. Joh 10:9.

Die mens het geen beheer oor wie die Heilige Gees ontvang en wie nie. Die mens het geen sê wie die hemel, huis van God, ingaan en wie nie. Die mens kan nie aan die Almagtige HERE God voorskryf wie se naam in die **boek van die lewe** geskryf moet word en nog minder **wie se naam**, as dit moontlik was, daaruit gehaal moet word nie. Fil 4:3; Open 3:5 versus 20:12 - **ander** boek van die lewe. Boek van die lewe van die Lam - Open 13:8; 21:27- vanaf die groot verdrukking tot die dag van oordeel.

Die **aardse en hemelse werke** van een Almagtige God in die beeld van drie Persone kom deur die profete en apostels se geskrifte sterk na vore en bevestig die **Nuwe Testament skepping** van God. Daarom moet ons nie soos tipiese heidene handel en sê ek is 'n navolger van die Vader of Jesus of die Heilige Gees of van Apostels Johannes of Petrus of Paulus nie.

## HOOFSTUK 9

# VERANDERING VAN EVANGELIES EN WET

Voor die kruis het Jesus Christus die **wet van Moses** uit die Ou Testament weggeneem en dit aan die Nuwe Testament se evangelie van die koninkryk van God gekoppel:
.

Luk 16:16 Die wet en profete was tot op Johannes (doper)
en van toe af word die
**evangelie van die koninkryk van God** verkondig,
en elkeen dring met geweld daarin.

Luk 16:17 Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan
as dat **een titel van die wet sou val**. (wet van Moses)

KONINKRYK EVANGELIE

In die tien dae tussen Jesus se hemelvaart en Pinksterdag vergader die 11 dissipels en medegelowiges om iemand te kies in die plek van Judas deur middel van die lot (Mei/Junie 31 nC):

Hand 1:24 En hulle het gebid en gesê:
U, Here, wat die harte van almal ken,
wys uit hierdie twee die een wat U verkies het

Hand 1:25 om die lot van **hierdie bediening** en apostelskap te verkry,
waarvan Judas afgewyk het Ps 109:8
om heen te gaan na sy eie plek. Hand 1:16-20

Hand 1:26 Toe werp hulle die lot, en die lot het op Matthias geval;
en hy is gekies om **saam met die elf** apostels te wees.

Die 12 Apostels is die bedienaars van die evangelie van die koninkryk van God waaraan die wet van Moses gekoppel is. Die Nuwe Testament begin by die volk van Israel, want God het nadat Hy sy Kind Jesus uit die dood opgewek het, Hom eers vir Israel gestuur sodat hulle eerste die seën **deur** die belofte, Heilige Gees, kon ontvang. Hand 3:26; 2:38,39. In die begin ontvang nie alle Jode die seën en belofte nie, maar net 'n geringe getal Israelies. Die Israelies gedoop in die naam van Jesus Christus vorm die eerste gemeente in Jerusalem.

Die 12 Apostels en die volk van Israel domineer die eerste sewe hoofstukke van die boek Handelinge. Vanaf die agtste hoofstuk tree heidene tot die toneel toe en kulmineer op die heiden Cornelius. Die 12 Apostels vervaag geleidelik en ons sien hoe Paulus en Christene uit die heidene toenemend 16 hoofstukke van die 28 hoofstukke in die boek Handelinge domineer. Hand 13:45-48.

Neem kennis dat Apostel Paulus apart van die 12 Apostels staan. Saulus, later genoem Paulus, word deur die **Here uit die hemel** geroep vir 'n nuwe bediening in Handelinge hoofstuk nege. Hand 9:3-6,15. Sy roeping vind plaas vier jaar na Pinksterdag (Junie 35 nC) en na nog drie jaar in die woestyn gaan hy terug na Jerusalem en bly by Petrus vir vyftien dae.

Apostel Petrus het Jesus se naam doopopdrag uitgevoer by die doop in die naam van die Here in Handelinge 10 (Junie 38 nC). Terselfdertyd maak hy formeel die

doop met die Heilige Gees bekend in Handelinge 11. Nou begin die oorgang vanaf die twaalf apostels na Paulus, apostel vir die heidene, en word die naam Christen vir die eerste maal gebruik. Apostel Paulus het vir 'n jaar in Antiochië gearbei. Hand 11:25,26. Dit is die begin van die tyd van nasies **tussenin** die twee tydperke vir Israel en van die koninkryk evangelie. Saam met die oorgang van Israel na die nasies vind daar ook 'n **verandering van evangelie,** of ook genoem **bediening,** plaas.

Apostel Paulus se bediening begin in alle erns eers veertien jaar later, 21 jaar na Pinksterdag. Gal 1:18; 2:1,2. Drie maande voor die eerste Apostelvergadering in Jerusalem, begin Paulus sy eerste sendingreis. Hy bedien die 12 Apostels se koninkryk evangelie in sinagoges aan Jode asook aan heidene. Konflik tussen Christene uit Israel en Christene uit die heidene bereik breekpunt na 21 jaar. Israeliese Christene dring aan dat Christene uit die **heidene die besnydenis en die wet van Moses moet onderhou.** Hierdie vraagstuk lei tot die eerste Apostelvergadering in Jerusalem. (Mei/Junie 52 nC, 21 jaar na Pinksterdag).

APOSTELVERGADERING : HAND 15 **(Rooilig)**

Die vraagstuk onder bespreking was:

| | | |
|---|---|---|
| Hand 15:5 | Maar sommige gelowiges uit die party | Kyk vers 1 |
| | van die Fariseërs het opgestaan en gesê: | Fil 3:5-8 |
| | Dit is noodsaaklik dat hulle **(heidene)** | 1 Kor 9:20,21 |
| | **besny** word en bevel ontvang | Abraham verbond |
| | om die **wet van Moses** te onderhou. | Koninkryk evangelie |

Hier vind ons **bevestiging dat Jesus wel** die wet van Moses aan die koninkryk evangelie gekoppel het! Voor daar oor hierdie vraagstuk beslis kon word, moes hulle eers bepaal watter apostel die heidene moet bedien. Apostel Petrus praat eerste en die menigte het geswyg. Hand 15:7-12. Toe kom Apostel Paulus aan die woord en hulle het geswyg. Hand 9:15; 15:12,13; gelees met Gal 2:2,7-9. En toe hulle merk dat die genade om die heidene te bedien aan Apostel Paulus gegee is, vind daar 'n ooreenkoms tussen die apostels plaas. Die twaalf apostels en Apostel Paulus gaan 'n ooreenkoms aan om die **bediening van die koninkryk evangelie** tussen hulle te verdeel. Gal 2:8,9- Cèfas- Joh 1:43. Die twaalf Apostels bedien die **besnydenis,** Jode, en Apostel Paulus die **onbesnydenis naamlik heidene**. Kyk ook Mat 16:19.

Die Apostels neem die volgende besluit oor die vraag of Christene uit die heidene ook besny (Abraham verbond) moet word en die wet van Moses (10 gebooie en 613 insettinge en verordeninge) moet onderhou. **Hierdie besluit is tot vandag op Christene uit die heidene van toepassing, maar wat ons moedswillig ignoreer**. Die woord van God sê:

Hand 15:28 Want die Heilige Gees en ons het besluit
om verder **geen las** op **julle (Christene)** te lê nie -

<u>Eie opsomming naamlik dat</u> **(**verse 10,19,24) **Rooilig**
Die besnydenis en (Abraham verbond)
die wet van Moses (Ou Testament wetverbond)
**nie op Christene uit heidene van toepassing is nie.**

(vervolg) as hierdie noodsaaklike dinge:
Hand 15:29 dat julle jul onthou van afgodsoffers Kol 3:5; 1 Kor 10:14-33

en van bloed en van wat verwurg is en
van hoerery. As julle jul hiervan onthou,
sal julle goed doen. VAARWEL! (Christene)

Hierdie **besluit van die Heilige Gees en Apostels in Hand 15 (rooilig)** veroorsaak tot vandag al die teenstrydighede binne die kerkdom. Hoe kerke Hand 15 verstaan het gelei tot die dood van derduisende Christene en hul bloed bevlek die kleed van die kerkdom. **Tot vandag** skeur families in trane oor die doop met water wat 'n insetting van die wet van Moses en 'n vereiste van die koninkryk evangelie is.

Die apostels se besluit is streng ooreenkomstig die besnydenisverbond en die wet van Moses wat net op die volk van Israel van toepassing is! Die koninkryk evangelie met die wet van Moses het ook vir 'n tyd gedien as **oorgangsevangelie** na die heidene. Die doop met water, as 'n insetting van Moses, word aangewend om God Drie-Eenheid en die Nuwe Testament Naam van God aan al twee Christen groepe (kuddes) te openbaar. Hiermee saam moes beide leer dat die God van Israel ook dieselfde God vir heidene is. Rom 3:29.

Die Christene uit Israel sê vaarwel aan die Christene uit heiden nasies. In die eerste vyf boeke van die Nuwe Testament domineer die koninkryk evangelie die eerste tydperk van die Nuwe Testament. Aan die einde van die boek Handelinge, Bybelrekord, en by die dood van die 12 Apostels **eindig die eerste tydperk van die koninkryk evangelie.** Na die tyd van nasies vol is begin die tweede tydperk van die koninkryk evangelie.

Die besluit in Handelinge 15 en die teenstrydige handelinge wat daarna in die boek Handelinge plaasvind, veroorsaak tot vandag verwarring by Christenleiers en Christene uit die heidene. Christene ignoreer moedswillig die feit dat die **verdeling** van **bediening** van die koninkryk evangelie **nie summier die koninkryk evangelie beëindig nie**. Steeds word die doop met water in die Naam van die Here toegepas op Jood en heiden. Hand 16:13-15 (Jodin); 16:31,33 (Romein). Aan die begin het Israelies dadelik by die waterdoop die Heilige Gees se gawe van tale geopenbaar (alhoewel dit nie van die ander Jode gesê word op Pinksterdag nie). Maar in die laaste jare van die boek Handelinge moes selfs Jode die hande deur 'n Apostel opgelê word, sodat hulle die gawe van tale **as teken** dat hulle die Heilige Gees wel ontvang het, kon openbaar. Hand 19:5,6; Mrk 16:17; 1 Kor 1:22. Vandag openbaar ons die doop met die Heilige Gees **deur** die geloof in Here Jesus Christus.

Apostel Paulus besny Timotheus sodat hy ook Jode kan bedien en Paulus verkondig ook die 12 Apostels se ordeninge (Hand 15) in sinagoges. Hand 16:3,4. Paulus bedien die koninkryk evangelie hoofsaaklik aan Jode en geleidelik meer en meer ook die inhoud van die nuwe evangelie. Hand 18:24-28. Tot aan die einde van die Handelinge tydperk sien ons dat hy die koninkryk evangelie aan Jode verkondig. 1 Kor 9:20 gelees met Hand 21:20-26; 28:17-31.

## EVANGELIE VAN DIE GENADE VAN GOD

**Vyf jaar** na Handelinge 15 in Handelinge 20 laat God vir Paulus toe om die volgende Nuwe Testament evangelie by naam te verkondig en die nuwe wette van die Nuwe Testament te openbaar. Dit is 26 jaar na Pinksterdag en nog 13 jaar voordat die tempel in Jerusalem vernietig word. Luk 21:20-24; Lev 26:25-41. In die jaar 57 nC sê Apostel Paulus dat hy voltyds na die heidene oorgaan. Lukas getuig en skryf vir ons wat Paulus op daardie dag gesê het naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| Hand 20:24b | sodat ek met blydskap my loopbaan kan volbring<br>en die **bediening** wat ek **van die Here Jesus ontvang** het,<br>om kragtig te getuig vir<br>die **evangelie van die genade van God**. | |
| Hand 20:25 | En nou weet ek dat julle almal<br>onder wie ek rondgegaan<br>en die **koninkryk van God verkondig het,**<br>my aangesig nie meer sal sien nie. | |

Die besluit van die Heilige Gees en die Apostels in Handelinge 15 kom eers na vyf jaar tot sy beslissing in 'n nuwe evangelie van die Nuwe Testament. Dit is die evangelie van die genade van God. Die woord van God deur Apostel Paulus sê:

| | | |
|---|---|---|
| Gal 1:11 | Maar ek maak julle bekend, broeders,<br>dat die **evangelie** wat deur my verkondig is,<br>**nie na die mens is nie**. | Genade evangelie<br>“my evangelie”<br>Of 12 Apostels nie |
| Gal 1:12 | Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie,<br>**maar deur 'n openbaring van Jesus Christus.**<br>(Lees verder tot vers 18 en 2 Kor 12:1-9; Hand 9:15; Fil 1:13) | |
| **Efe** 3:1 | Om hierdie rede is ek, Paulus, die gevangene<br>van Christus Jesus vir julle wat heidene is- | Efe 6:19; Kol 1:26<br>14 jaar teruggehou |
| Efe 3:2 | as julle ten minste gehoor het van die<br>**bediening van die genade van God**<br>wat aan **my verleen is vir julle,** | |
| Efe 3:3 | dat **Hy** aan my deur 'n **openbaring**<br>bekend gemaak het die **verborgenheid**,<br>soos ek tevore kortliks geskryf het;<br>(Verborgenheid - dit wat Jesus op aarde<br>nie ten volle geopenbaar en verduidelik het nie) | Op pad na Damaskus<br>Woestyn/Paradys-3 jaar<br>Efe 1 en 2<br>Beloftes van seën. |
| Efe 3:4 | waardeur julle, as julle dit lees,<br>my insig in die **verborgenheid van Christus**<br>kan verstaan. (lees tot vers 13) | |
| **Rom** 16:25 | Aan Hom wat magtig is om julle te versterk<br>**volgens my evangelie** en die prediking<br>van Jesus Christus ooreenkomstig<br>die **openbaring van die verborgenheid**<br>wat **eeue lank verswyg is**, | Met gees uit Gees<br><br>1 Kor 12:3<br>Seën en Belofte<br>1 Petr 1:12 |
| Rom 16:26 | maar **nou geopenbaar is** en deur die<br>profetiese Skrifte (Bybel) bekend gemaak is<br>**onder al die heidene**,<br>volgens bevel van die ewige God,<br>**tot gehoorsaamheid van die geloof.** | **2 Kor 4:3,4**<br>1 Petr 1:10<br><br><br>**Uit Heilige Gees** |

Die verandering van evangelies binne-in die boeke van die Nuwe Testament verklaar menige teenstrydighede binne die boeke van die Nuwe Testament. Saam met die verandering van die koninkryk evangelie na die genade evangelie

**verander ook die godsdiensbeen**. Dit is die rede hoekom Apostel Paulus onder die wetvereistes van die koninkryk evangelie met water doop en later onder die vereistes van die genade evangelie sê die **waterdoop verydel die kruis**. Dit is waarom hy Timotheus besny en later sê dat die besnydenis van geen nut vir Christene uit die heidene is nie. 1 Kor 1:17; Gal 5:2; 6:14,15 (heidene); 1 Kor 7:17-20.

NUWE WET(te) VAN NUWE TESTAMENT

Saam met die verandering van die Ou Testament na die Nuwe Testament kom daar ook 'n verandering van hoëpriester. Saam met die verandering van testament en hoëpriester kom daar ook 'n **verandering van wet!** Apostel Paulus skryf in die boek Hebreërs (hy is die skrywer - Hebr 13:23):

| | | |
|---|---|---|
| Hebr 7:12 | Want met verandering van priesterskap | Verandering van testament |
| | kom daar **noodsaaklik** | |
| | **ook verandering van wet.** | **Watter wet?** |
| Hebr 7:28 | Want die wet stel as hoëpriester | Wet van Moses |
| | aan mense met swakhede, | Kyk vers 27 |
| | maar **die woord van eedswering** | Gen 22:15,16 |
| | wat **na die wet** gekom het, | Geboorte en kruis |
| | stel die Seun aan | As hoëpriester. Hebr 7:17 |
| | wat vir ewig volmaak is. | |

Hoekom skryf of preek geen mens oor hierdie verandering van wet nie? Watter nuwe wet tree saam met die Nuwe Testament in werking? Die boek Hebreërs verduidelik nie wat die nuwe wet van die Nuwe Testament is nie. Die vroeë Roomse Kerk **interpreteer die nuwe wet** van die Nuwe Testament as synde Jesus se voorskrifte en doopopdragte soos vervat in hul **sewe heilige sakramente.** Dit is die oorsprong en betekenis van die sakramente, ander noem dit verordeninge. Daarom beskou kerke hul **sakramente, nuwe wette,** as heilig. Die Roomse Kerk het die woord sakrament geskep en so is kerke daarop geregtig om enige betekenis aan ‘n sakrament te koppel en dit te wysig soos hulle wil.

Vyf honderd jaar gelede het die Protestantse Kerke en 'n honderd jaar gelede die Pinkster Kerke, vyf van die Katolieke Kerk se sewe sakramente of wette verwerp en aanvaar hulle nou net twee sakramente naamlik die doop met water en die nagmaal. Die vergewing van sonde wat die Katolieke aan hierdie twee sakramente gekoppel het, word deur hulle **verander** na sakramentele wette wat nie sonde vergifnis meebring nie. Hierdie twee sakramentele wette word deur baie kerkgroepe as heilige sakramente verklaar. Vir 1,600 jaar onderdruk en verberg kerke se doopsakrament nie net die doop met die Heilige Gees nie, maar ook die bestaan en kennis van die nuwe wet van die Nuwe Testament.

Ons weet dat die wet van die Ou Testament die wet van Moses is. Om uit te vind wat die nuwe wet van die Nuwe Testament is moet ons na Romeine gaan, “eerste boek van die Nuwe Testament.” In die boek Romeine hoofstuk 7 verduidelik Paulus dat die wet, tien gebooie, 'n godsdienstige handeling van en deur 'n mens vereis. Geen mens kan die wet, waardeur ons weet wat is sonde, elke dag tot op die letter gehoorsaam nie. Om te skei of om moord te pleeg is dieselfde, want beide verbreek die wet van God. Die tiende gebod sê jy mag nie begeer nie en elke dag begeer ons met ons oë en so verbreek ons die wet van God. Wanneer ons net een gebod een maal verbreek het, verbreek ons die volle wet van God, tien gebooie, en is die **straf van sonde die dood** van 'n lewende siel.

Die wet van God is heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed, maar 'n mens in die **liggaam van vlees** kan nie die tien gebooie gehoorsaam nie. Daarom vind daar 'n verandering van testament, priesterskap en wet plaas. Apostel Paulus verduidelik die **nuwe wet van die Nuwe Testament** as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Rom 7:17 | Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, | 10 Gebooie verbreek |
| | maar die sonde wat in my woon. | |
| | | |
| Rom 7:19 | Want die **goeie** wat ek wil, dit doen ek nie, | |
| | maar die **kwaad** wat ek nie wil nie, dit doen ek. | |
| | | |
| Rom 7:26 | **So dien ek** self dan wel | |
| | met die **gemoed** die **wet van God**, | 10 Gebooie |
| | maar met die **vlees** die **wet van die sonde**. | Ons vlees liggaam |
| | | |
| Rom 8:1 | Daar is dan nou **geen veroordeling** | 10 Gebooie oortree |
| | vir die wat **in** Christus Jesus is nie, | Sy Gees met gees |
| | vir die wat nie na die vlees wandel nie, | |
| | maar na die Gees. (in ons) | |
| | | |
| | **(nuwe wet** van die nuwe testament) | |
| | | |
| Rom 8:2 | Want die **wet van die Gees** | 2 Kor 3:17 |
| | van die lewe **in** Christus Jesus | |
| | het my **vrygemaak** van die | |
| | **wet van die sonde** en die dood | Vlees liggaam |
| | | |
| Rom 8:4 | sodat die **reg** van **die wet** | **10 gebooie** |
| | **vervul kon word in ons** | gees uit Gees |
| | wat nie na die vlees wandel nie | Vlees wet werke |
| | **maar na die Gees. (in ons)** | Rom 7:14,24,25 |

Die **wet van die Gees** is die **nuwe wet** van die **Nuwe Testament!** Alleenlik die Gees van die Here is hoër as die wet van God, tien gebooie, wat op kliptafels geskryf is. Daarom sê die woord van God:

| | | |
|---|---|---|
| Rom 7:6 | Maar nou is ons ontslae van die wet | Efe 2:15,16 |
| | waardeur ons gebonde was, | Wet insettinge |
| | aangesien ons dit afgesterf het, | By die kruis |
| | **sodat** ons **dien** (die 10 gebooie) | |
| | in die **nuwigheid** van die **Gees** | |
| | en **nie** in die oudheid van die letter nie. | Kliptafels |

Die nuwe wet van die Nuwe Testament word by naam, tesame met ander nuwe sekondêre wette, gespesifiseer. Was hierdie kennis doelbewus deur die kerkdom van ons weerhou om hul sakramente staande te hou? **Of is Christene met blindheid geslaan tot 'n tyd wanneer hierdie kennis weer vir ons noodsaaklik is?**

Wanneer ons deelagtig is met die Gees van Here Jesus Christus, dan deel ons **in** Jesus Christus se wetsgehoorsaamheid en so kom die wet van God, tien gebooie, tot sy **volle reg in ons**. Rom 5:12,19. Met die Gees van Here Jesus is ons **gehoorsaam** aan die wet van God, tien gebooie, of anders gestel, deur die Heilige Gees word ons **vrygestel van veroordeling weens oortreding van die tien**

**gebooie** wat tot die **dood van ons siel** sou gelei het. Die ander wette van Moses, verordeninge en insettinge (godsdienstigewerke van die wet), is nie op Christene uit die heidene van toepassing nie. Met die wet van die Gees is ons ontslae van die "wet van gebooie wat in insettinge bestaan":

| | | |
|---|---|---|
| Rom 10:4 | Want Christus | Ons nuwe Hoëpriester |
| | is die einde van die wet | van Moses-vers 5 - insettinge |
| | tot geregtigheid | Sonde vrystelling |
| | vir elkeen wat glo. | Vers 8 (deur die geloof) |

Hoe kan ons verseker weet dat die wet van die Gees die nuwe wet van die Nuwe Testament is? By Christene is daar geen twyfel dat God se genade ons lewe domineer en ook dit bevestig Apostel Paulus:

| | | |
|---|---|---|
| Rom 6:14 | Want die **sonde** sal oor **julle nie heers nie**; | |
| | want **julle** is **nie onder die wet nie,** | Van Moses |
| | maar **onder die genade**. | **Nuwe Testament** |

Die Bybelse betekenis van die woord "genade" het uit ons geloof verdwyn deur die sakramentele wette soos gevestig in kerke. By die eerste Pous, Leo, 445 nC, het die **kennis** en begrip **"genade"** na die Pous oorgegaan. Hy sien homself as direkte opvolger van Apostel Petrus, apostel gesagslyn van leraars. Mat 16:18,19; Joh 20:23. Uit die Pous se genade word die sakramente of nuwe wette aan mense bedien tot vergewing van sondes en so het die begrip ontstaan dat ons God se genade alleenlik deur die kerk kan verkry.

Ons moet in die Bybel gaan soek na die **Bybelse betekenis** van die woord **genade**. Kyk hoe verduidelik Apostel Paulus dit:

| | | |
|---|---|---|
| Hebr 10:28 | As iemand die wet van Moses verwerp het, | |
| | sterf hy sonder ontferming | |
| | op die getuienis van twee of drie; (mense) | Nou 1 Joh 5:7,8,9 |
| Hebr 10:29 | **hoeveel swaarder straf,** dink julle, | |
| | sal hy verdien wat die Seun van God | |
| | vertrap het en die **bloed** van die testament | Nuwe Testament |
| | waardeur hy **geheilig** is, onrein geag en | |
| | die **Gees van genade** gesmaad het? | Ook Sag 12:10 |
| 1 Kor 2:12 | Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, | |
| | maar die **Gees** wat **uit God is,** | |
| | **sodat** ons kan **weet** | |
| | **wat** God **ons uit genade** geskenk het. | 'n Geskenk/gawe |
| Rom 5:5 | en die hoop beskaam nie, | Joh 17:26 |
| | omdat die **liefde van God** in ons harte uitgestort is | Rom 8:27 |
| | **deur** die Heilige Gees wat aan **ons gegee is.** | **Onvoorwaardelik** |

Daar kan nou geen twyfel wees dat in die Bybel **verwys die woord "genade" na die Heilige Gees.** In die Nuwe Testament tydperk is ons onder die genade of Gees van God. God het onvoorwaardelik 'n belofte aan Abraham gemaak. Uit God verkry ons die **belofte,** Gees van God, wat **onvoorwaardelik** gegee word. Deur die Heilige Gees ontvang ons liefde van God vir God. Apostel Paulus verbind die **kruisbloed** aan die **Gees van genade** en deur die Heilige Gees deel ons in die kruis van Jesus Christus. Apostel Paulus begin en sluit sy boeke af met die woord

genade. Hy skryf in die Gees van God aan die wie die Heilige Gees ontvang het en skryf nie aan **alle mense nie.**

Vanaf Pinksterdag, doop met die Heilige Gees, is die **wet van die Gees** die soewereine wet van die Nuwe Testament. Die wet van die Gees word as die nuwe wet van die Nuwe Testament, ongeveer 26 jaar na Pinksterdag, in die boek Romeine geopenbaar. Want eers moet die Heilige Gees geopenbaar word, Handelinge tydperk, voordat mense die wet van die Gees verstaan en aanvaar.

Die wet van die Gees het nie die wet van God, tien gebooie, gekanselleer nie **maar wel** die godsdienstige insettinge en verordeninge van die wet. Met die Gees van Here Jesus Christus, is ons **vrygestel** van **veroordeling** weens oortreding van die tien gebooie in hierdie liggaam. Dit verklaar ook hoekom ons as Christene nie die 4de gebod, Sabbatdag (Saterdag), gehoorsaam nie, maar die Sondag heilig en geensins daaroor skuldig voel nie. In die tydelike liggaam van vlees, wet van die sonde, moet ons steeds probeer om die tien gebooie te gehoorsaam. Deur selfbeheersing en uit liefde tot God sal ons dit doen, want Hy beheer ons harte en gemoed. Deut 5:10; 6:5; Ex 31:13.

God self is **hoër** as die wet van God. God die Here het die woord van eed gespreek. Die Here is die Gees, en daarom is die Gees van Here Jesus Christus 'n hoër wet as die wet van God wat op kliptafels geskryf is. Met die **wetmaker** se **Gees** in ons gemoed, is ons **gees** bo die letter van die wet. Die **seën** en **belofte** smelt saam in die **wet van die Gees.** Apostel Paulus verkondig in die Gees 'n evangelie wat Here Jesus Christus geopenbaar het. Apostel Paulus verkondig die wet van die Gees:

2 Kor 3:6 wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament,
nie van die letter nie, maar van die gees; (in ons)
want die letter maak dood, maar die gees maak lewendig.

Die soewereine wet van die Nuwe Testament is die wet van die Gees. **Dit is nie net op die genade evangelie van toepassing nie maar ook geldig vir die koninkryk evangelie!** Die Nuwe Testament is gegrond op **een wet** met vyf sekondêre wette. Met die uitsondering van een wet, word al die **wette by naam** in die wetboek Romeine gemeld. Die ses wette is:

| | | |
|---|---|---|
| Die wet van die Gees. | Rom 8:2 | Doop **met** die Heilige Gees |
| Die wet van Christus | Gal 6:2,10 | |
| | Joh 13:34 | Broederliefde gebod |
| Die wet van God. | Rom 7:26 | Tien gebooie |
| Die wet van die geloof. | Rom 3:27 | Geloof sonder godsdienswerke |
| Die wet van geregtigheid. | Rom 9:31 | Kruisdoop |
| Die wet van die sonde. | Rom 7:23,26 | Vlees liggaam |

Die eerste vyf wette is in een Gees, een wet, verenig. Die wet van die Gees en die wet van die sonde is in een liggaam. Hierdie twee wette voer 'n stryd teen mekaar vir solank as wat ons nog in die liggaam van bloed en vlees is. Ons vleesliggaam is die wet van die sonde. Gebrek aan kennis van die wet van die sonde het gemaak dat priesters vir eeue hul liggame gekasty het met swepe en Christene tot vandag hul liggaam probeer heilig met ou testament wetwerke en mensgeheiligde godsdienstige werke en sakramente. Dit sal en kan ons nooit in bloed en vlees bereik nie.

Die besluite geneem by die Apostel vergadering in Handelinge 15 is nogsteeds van toepassing op Christene uit die heidene. Die waterdoop insetting van die koninkryk evangelie is beslis nie meer vandag van toepassing op Christene onder die genade evangelie nie. Die verandering van evangelies in die Nuwe Testament verklaar die teenstrydighede in die nuwe testamenboeke.

Die eerste tydperk van die koninkryk evangelie het gedien as oorbruggingsfase. Die Apostels se handelinge was daarop gerig om die Jood eerste, en daarna ons uit die heiden nasies, oor te bring van vleeswerke na die doop met die Heilige Gees. Vanaf hierdie grondslag kan die genade evangelie aan heidene verkondig word.

GENADE EVANGELIE IS GODSDIENSVRY

Saam met die verandering van die Ou Testament na die Nuwe Testament kom daar ook ‘n verandering van wet, doop en evangelie. Deur die koninkryk evangelie kom die verandering van die doop met water na die doop met die Heilige Gees. Die **doop met die Heilige Gees** is nou die wettige en geldige **een doop** van die **Nuwe Testament** en die enigste geldige doop van die **genade evangelie**.

Apostel Paulus skryf die boek Hebreërs om Jode uit die koninkryk evangelie oor te bring na die **vereistes van die genade evangelie**. Onder die genade evangelie hoef Christene uit die Jodedom hulle nie meer te besny nie, want hulle deel in Jesus se besnydenis. Kol 2:11,14; Jer 9:25,26. Hulle deel nou ook in die hemelse koninkryk van God die Vader.

Vir Christene uit Israel en heiden nasies het die doop met water as ‘n sekondêre insettingswet verval. Dit is die rede waarom kerkvaders die waterdoop eiesinnig kon verander na ‘n simboliese teken. **Sonder water kom ons tot bekering en deur die geloof** glo ons in Here Jesus se werke vir ons redding en verlossing van sonde. Christene se godsdienstige werke vir eie regverdigmaking het die punt bereik waar godsdienstige werke hul gode geword het.

Die verskil tussen die koninkryk evangelie en die genade evangelie word beter verstaan wanneer ons die woorde “**eerste beginsels** van die wêreld” bestudeer (Engels “elements and rudiments”). Christene verstaan die woorde “eerste beginsels” as sou dit net na die eerste vier boeke van die Nuwe Testament en die doop met water verwys. Die Bybel verduidelik die “eerste beginsels” asvolg:

| | | |
|---|---|---|
| Gal 4:3 | So was ons ook, toe ons kinders was,<br>in **diensbaarheid** onder die<br>**eerste beginsels van die wêreld**. | Ou Testament<br>Rom 7:6<br>Onder die wet |
| Gal 4:4 | Maar toe die **volheid van die tyd** gekom het,<br>het God sy Seun uitgestuur,<br>gebore uit 'n vrou, **gebore onder die wet.** | Rom 5:6,8<br><br>Gal 3:21 |
| Gal 4:5 | om die wat onder die wet was, **los te koop**,<br>sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. | Hebr 9:15<br>Vers 6; Rom 8:15 |
| Gal 4:9 | maar noudat julle God ken,<br>**of liewer deur God geken is**,<br>hoe keer julle weer terug tot die<br>swakke en armoedige **eerste beginsels**<br>wat julle weer vooraf aan wil dien? | <br><br>1 Kor 2:14-16<br>Gal 3:1-3<br>Godsdienswerke |

| | | |
|---|---|---|
| **Kol** 2:20 | As julle dan **saam met Christus** die<br>**eerste beginsels van die wêreld** afgesterf het,<br>waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe,<br>onderworpe aan **insettinge** | Rom 10:4<br><br><br>Godsdiens |
| Kol 2:21 | soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? | |
| Kol 2:22 | almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan-<br>volgens die **gebooie en leringe van mense** | <br>Mrk 7:7-9,15 |
| Kol 2:23 | wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het,<br>in **eiesinnige godsdiens**<br>en nederigheid en in gestrengheid<br>teen die liggaam, geen waarde het nie,<br>maar strek tot **versadiging van die vlees.** | <br>Rom 10:3: Tit 1:16<br>1 Tim 1:7; Rom 8:13<br><br>**Wet van die sonde** |

(maar nou)

| | | |
|---|---|---|
| Kol 2:6 | **Soos** julle dan Jesus Christus, die Here,<br>aangeneem het, wandel **so** in Hom, | Uit Heilige Gees<br>Deur die geloof |
| Kol 2:7 | gewortel en opgebou **in** Hom<br>en **bevestig in die geloof,**<br>soos julle geleer is,<br>terwyl julle daarin oorvloedig is **in danksegging**. | Efe 3:17<br>1 Kor 12:3<br>Efe 1:17; 3:19 |
| Kol 2:8 | Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer<br>deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie,<br>**volgens die oorleweringe van mense**,<br>**volgens** die **eerste beginsels van die wêreld**<br>**en nie volgens Christus nie.** | (Valse geheime<br>(leerstellings<br>"Altyd so gedoen"<br>**Godsdiens werke**<br>**Woord en Gees** |

Ons het nie die gees van die wêreld (duiwelsgeeste) ontvang nie, maar die Gees wat uit God is. Daarom moet ons ook nie by die begin van die prediking aangaande Christus bly nie. Nie by die wet van Moses of gebooie van mense en insettinge van kerke wat godsdienstige werke tot versadiging van die vlees is nie:

| | | |
|---|---|---|
| Joh 1:17 | Want die wet is deur Moses gegee;<br>die **genade** en die **waarheid**<br>het **deur** Jesus Christus gekom. | Mrk 16:16a; Rom 10:4<br>Mrk 16:16b |

Die genade evangelie stel geen godsdienstige vereistes aan die mens nie. Ons ontvang onvoorwaardelik die belofte van die Heilige Gees en netso sal ons **in gees** alleenlik deur die geloof, **sonder godsdienswerke** van die vlees, handel en wandel. Vanaf Pinksterdag word mense se geloof stap vir stap deur die wetvereistes van die koninkryk evangelie ontwikkel. Die **godsdiensbeen** van die koninkryk evangelie het weggeval by die Apostel vergadering in Hand 15. Nou bly die **geloofsbeen** oor en daarom **is die genade evangelie godsdiensvry.** Lees 2 Kor 3:17; Gal 5:1. So bereik ons die einddoel van God se handelinge met mense en eindig ons by die **volkome geloof uit die Heilige Gees as vereiste van die genade evangelie.** Apostel Paulus verduidelik in Romeine hoofstukke 12 tot 15 wat die handelinge van 'n **godsdiensvrye Christen** is**.** Lees ook Hebr 11. Vryheid van godsdienstige werke verskerp en versterk 'n mens se geloof oneindig meer.

Here Jesus Christus is die hoeksteen van twee Nuwe Testament evangelies. Apostel Petrus was die fondament en rots van die koninkryk evangelie waarop die eerste Joodse Christengemeente gebou is. Apostel Paulus is die fondament van die genade evangelie waarop die Christengemeente vir die heidene en geroepe Israelies gebou is. Lees Mat 16:18; 1 Kor 3:10,11; Rom 15:18-20; Efe 2:20; 1 Tim 2:7; 2 Tim 1:11.

Die bediening van die koninkryk evangelie is aan die 12 Apostels gegee. Die bediening van die genade evangelie is aan Paulus, Apostel vir die heidene, gegee:

| | | |
|---|---|---|
| 1 Kor 12:5 | en daar is verskeidenheid van **bedieninge**, | Evangelies |
| | en **tog is dit dieselfde Here**. | Here is die Gees |

LIGGAAM VAN CHRISTUS

Die bediening van die Heilige Gees wat op Pinksterdag begin, het beide gemeentes (kuddes) van God geskep en saam vorm hulle, geroepenes uit Israel en uit nasies, die liggaam van Christus wat 'n openbaring van Apostel Paulus was. Joh 10:16; Efe 2:14,16; 4:4. Die **liggaam van Christus** bestaan uit **individue** wie deur God uitverkies, wedergebore met ‘n gees uit Gees en tot geloof geroep is. Die Heilige Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. Rom 8:14,16.

Die **liggaam van Christus** is gesentreer in **een Gees.** Efe 4:4. Almal, voorwaarde, wie die liefde van God deur die Heilige Gees ontvang het, is **in** Jesus Christus. Rom 5:5. Met Here Jesus se Gees deel ons gees in die liggaam van Jesus Christus aan die kruis. Rom 6:1-10. God, **met** sy Gees, bepaal wie deel **in** die liggaam van Christus en geen mens of kerk het beheer hieroor nie. Baie mense glo dat ‘n Christen alleenlik **deur die kerk** deel in die liggaam van Christus. Om dit by mense te bevestig gaan kerke selfs so ver om die woorde “liggaam van Christus” en “gemeente van God” in die Bybel te “vertaal” na die woord **“kerk”!** Die woord “kerk” in nuwe Bybelvertalings en in die Apostoliese Geloofsbelydenis fokus mense se geloof op die kerk. Kol 1:18; Fil 3:6; Gal 1:13; 1 Kor 15:9.

Mense se “Christelike” godsdienstige dade soos voorgeskryf deur kerke, skep die valse persepsie by dooplidmate dat hulle met water **in** Christus gedoop is. Dat die nagmaalbrood verander **in** die fisiese liggaam van Christus of dat met gebed en handoplegging hulle hulself **in** die Heilige Gees kan doop om die hemel met geweld in te dring. Nou dink hulle dat hulle op hierdie wyses in Christus is. 2 Kor 5:17,18; Gal 6:15; 1 Kor 6:11.

Die Nuwe Testament vereis dat daar net een Here, een geloof en een doop is. Ons het by Apostel Petrus begin leer wie die een Here is en wat die een doop is. Nou moet ons die een geloof ondersoek en wat Apostel Paulus ook noem, die wet van die geloof. Ons moet eers bepaal wat presies die oorsprong en betekenis van die woord “geloof” is.

---

*Fundamentele Christen Kerke het 100 jaar gelede ontstaan. Dieselfde tyd as Pinkster Kerke. Die boek “Things that Differ” deur C. R. Stam (en in Afrikaans vertaal as “Die Volle Sekerheid van Insig” deur K. Schwartz en (ds) D. Malan) het die deur na die Nuwe Testament vir my oopgemaak. Met die insig van die verandering van Nuwe Testament evangelies kon ek die volgorde van gebeure in die Nuwe Testament verstaan. Dit was 'n belangrike sleutel tot die verstaan van die Nuwe Testament.*

HOOFSTUK 10

# WET VAN DIE GELOOF

By die doopsakrament het die geloof ontstaan dat 'n mens self kan besluit of hy hom **wil** laat doop of nie. Hierdie godsdienstige doopgeloof het aanleiding gegee tot die persepsie by mense dat geloof vanuit 'n mens self ontstaan. Dat **'n mens homself moet red** deur eers te glo en daarna dit verseël met sakramentele dade soos voorgeskryf deur verskillende kerke. Vroeë Christene in die Apostel era, het na bekering hulle ook vergryp aan "hoër" godsdienstige werke van die wet van Moses. Daarom is Apostel Paulus se woorde steeds op ons van toepassing naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| Gal 3:2 | Dit alleen wil ek van julle weet: | |
| | het julle die **Gees ontvang** | |
| | uit die **werke** van die **wet** | Insettinge van Moses |
| | of **uit** die prediking van die **geloof?** | In Jesus Christus |

| | | |
|---|---|---|
| Gal 3:3 | Is julle so onverstandig? | |
| | **Nadat** julle met die Gees begin het, | Doop met Heilige Gees |
| | eindig julle nou met die vlees? | Doop met water. Hand 10 |

CHRISTEN GELOOF

Apostel Paulus stel eers die probleem en dan verduidelik hy die oorsprong van die geloof van 'n Christen:

| | |
|---|---|
| Gal 3:22 | - -, sodat die belofte (Gees) **uit** die geloof **in** Jesus Christus |
| | aan die gelowiges **gegee** kon word. |

| | | |
|---|---|---|
| Gal 3:23 | Maar **voordat** die **geloof gekom het**, | Voor Pinksterdag |
| | is ons onder die wet in bewaring gehou, | Jode onder die wet |
| | ingesluit met die oog op | |
| | die **geloof** wat **geopenbaar** sou word. | Vanaf Pinksterdag |

Paulus verwys hier na Jode wat onder die Ou Testament wette van Moses in bewaring gehou is, totdat Jesus Christus en die Heilige Gees op Pinksterdag kom:

| | | |
|---|---|---|
| Gal 3:24 | Die wet was dus ons tugmeester **na Christus toe**, | Jesus se koms |
| | **sodat** ons geregverdig kan word **uit die geloof**. | |

| | | |
|---|---|---|
| Gal 3:25 | Maar **nou dat** die **geloof gekom het,** | 2 Kor 4:13 (en 1-4) |
| | is ons nie meer onder 'n tugmeester nie. | Wette van Moses |

**Nou dat** die Heilige Gees op Pinksterdag gekom het, gee God aan ons ook **die geloof!** Die Heilige Gees sal ons **oortuig** van sonde en van geregtigheid en van oordeel. Hy is die waarheid en sal ons lei in die hele waarheid en die toekomstige dinge aan ons predik soos Paulus dit hier doen. Joh 16:8-14; Gal 3:22 hierbo aangehaal.

**Deur** die Heilige Gees ontvang die mens eers die **geloof,** "faith", sodat die mens kan **glo,** "believe", in Here Jesus Christus. Hierdie kennis van die oorsprong van die geloof van 'n Christen is vandag nie meer algemene kennis by Christene nie. Op Pinksterdag was drieduisend Jode diep in die hart getref en het hulle skielik tot geloof gekom en hulle laat doop. Die **sleutelvers** tot die verstaan van die wet van die geloof is:

1 Kor 12:3 Daarom maak ek julle **bekend dat**
niemand wat **deur die Gees van God spreek**,
Jesus 'n vervloeking noem nie;
en **niemand** kan sê dat **Jesus die Here is nie**,
**behalwe** deur die Heilige Gees.

A**lleenlik deur** die **Heilige Gees** verkry die mens die **geloof** dat Jesus Christus **die Here is.** Fil 2:11. Almal wie sê hulle is Christene, staan of val by hierdie Nuwe Testament beginsel wat die eerste vereiste van ons geloof is. Die woord van God leer ons in die Nuwe Testament dat Jesus die Here is. **Die naam van God onder die Nuwe Testament genadeverbond is Here Jesus Christus (een Here).** Hierdie openbaring van die Nuwe Testament Naam van God skei koring en kaf Christene van mekaar. Niemand kan dit glo as hy nie die Heilige Gees ontvang het nie. Wie in die Seun van God glo, het die getuienis van die Heilige Gees in homself. Lees 1 Joh 5:10-13.

**Geloof in Here Jesus is nie vanuit 'n mens self nie!** Hierdie Bybelse leerstelling het uit miljoene Christene se geloofskennis verdwyn. Vandag dink baie Christene dat 'n persoon uit eie wil eers moet glo voordat, sodat, hy die Heilige Gees kan ontvang. Apostel Paulus gaan verder en verduidelik hoe die nuwe geopenbaarde **geloof getuig** van die **doop met die Heilige Gees** en wat die volle betekenis daarvan is:

Gal 3:26 Want julle is almal **kinders van God**
**deur** die geloof **in** Christus Jesus;

Gal 3:27 want julle almal wat **in** Christus **gedoop** is, Met die Heilige Gees
het julle met Christus **beklee**. Dieselfde Gees/gees

**Deur die geloof** in Here Jesus Christus getuig ons dat ons **met** die Heilige Gees gedoop is. **(een doop).** Met die Heilige Gees in ons is ons beklee met **dieselfde** Gees as wat **in** Christus Jesus is. 2 Kor 5:3,5. Deur die doop met die Heilige Gees is ons **in** Jesus Christus **die Here,** eenmalig en volkome deelagtig met Here Jesus Christus. Here Jesus doop ons met die Heilige Gees en **deur** die Heilige Gees verkry ons ook die **een geloof in een Here**! Nou weet ons wat die volle betekenis van die Nuwe Testament vereiste is - dat daar net **een Here, een geloof en een doop is!** Efe 4:5. Dit is die drie grondbeginsels van die Nuwe Testament! Dit is van toepassing op die genade evangelie en koninkryk evangelie (geopenbaar in eerste tydperk en 'n vaste beginsel in die tweede tydperk).

Christene is goed vertroud met Apostel Petrus se doop, vers 38, op Pinksterdag maar besef nie die volle betekenis van vers 36 nie. **Apostel Petrus sê op Pinksterdag:**

Hand 2:36 Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet
dat God Hom **Here en Christus** (Messias) **gemaak het**,
hierdie Jesus wat julle gekruisig het.

Israel en Christene moet onder die Nuwe Testament **een God aanbid** by sy **een naam,** naamlik Here Jesus Christus. By die **aanhef van 'n gebed** moet die Almagtige God by naam **geïdentifiseer en gespesifiseer word, naamlik Here Jesus Christus** anders kan dit na enige ander god of here verwys. Katolieke noem hul priesters ook vader en heidene verwys ook na hul god(e) as here. Open 19:16; Joh 20:30,31; 8:44! Christene weet nie meer wat die naam van hul God is nie! Ons

moet bid tot een God, die Here, by sy Nuwe Testament naam en nie tot die Persoon Vader by die aanhef of tot die Persoon Jesus aan die einde van ons gebede nie.

UIT GELOOF TOT GELOOF

Martin Luther kon die betekenis van die woorde "uit geloof tot geloof" nie verduidelik nie. Nogtans het dit hom gelei tot die besef dat die krag van geloof meer as **godsdienstige werke** is. Die volgende vers het grootliks gelei tot die skeuring in die Roomse Kerk en die ontstaan van die Protestantse denominasies:

Rom 1:17 Want die geregtigheid van God
word daarin geopenbaar **uit geloof tot geloof,**
soos geskrywe is:
Maar die regverdige sal **uit** die geloof lewe.
(Geskrywe: Hab 2:4; Hebr 10:38,39; Titus 3:4-9 - **goeie werke**)

Die Heilige Gees gee aan ons die geloof (faith) sodat ons kan glo (believe). Wanneer ons die **woord van prediking** aangaande **Here** Jesus Christus hoor, **getuig** die Heilige Gees **in ons gees** dat ons dit as die waarheid kan glo. So kom ons uit geloof tot geloof. Gal 3:2; 1 Thes 1:5. Wanneer ons die woord "uit" vanaf vers 17, hoofstuk 1, in die boek Romeine naspeur, dan kom die volle betekenis van die woorde "uit geloof" tot openbaring.

**Die seënbeloftes van God aan Abraham** word direk gekoppel aan die begrippe "uit geloof" en "deur die geloof." God het beloof dat Hy Abraham 'n **groot nasie** sal maak en **sy naam** so groot sal maak dat hy 'n seën sal wees. Dat God sy nageslag **buitengewoon sal vermeerder** en hulle sal soos die **sterre** in die hemel en soos **sand** aan die seestrand wees. Dat in Abraham al die nasies van die aarde geseën sal word. Gen 12:2,3; 22:17,18.

Hoe kan Christene uit heiden nasies, nie-Jode, kinders van Abraham genoem word? Uit die geloof het Abraham geglo dat God sy beloftes sal vervul. **Uit** die Gees geloof glo ons soos Abraham, dat God ons **seën in Christus** en dat ons soos die sterre in die hemel sal wees. Kyk hoe verduidelik Apostel Paulus verder die begrippe "**uit** geloof" en "**deur** die geloof" in die woord van God:

| | | |
|---|---|---|
| Gal 3:14 | Sodat die **seën** van Abraham<br>**na** die **heidene** kan kom<br>**in** Christus Jesus,<br>**en** dat **ons** die **belofte van die Gees**<br>**deur** die geloof kan ontvang. | Seënbeloftes<br><br><br>**"**ons", Jood en heiden<br>Geopenbaar word |
| **Rom** 3:29 | Of behoort God net aan die Jode,<br>en nie ook aan die heidene nie?<br>Ja, ook aan die heidene. | |
| Rom 3:30 | Aangesien dit inderdaad **een God** is wat die<br>besnedenes (Jode) sal regverdig **uit** die geloof<br>en die onbesnedenes (heidene) **deur** die geloof | <br><br>Nie **deur** wet werke |
| Rom 4:9b | Aan Abraham is die geloof<br>tot geregtigheid gereken. | (Geregtigheid beteken<br>("sonde nie toegereken"<br>(Lees verse 7 en 8 |
| Rom 4:10 | **Hoe** is dit (geregtigheid) dan **toegereken-**<br>toe hy (Abram) besnede of onbesnede was? | |

Nie as besnede nie, (Jood)
**maar as onbesnedene**. (heiden!) Gal 3:28

Rom 4:11 En hy het die teken van die besnydenis ontvang
as 'n seël van die geregtigheid van die geloof
toe hy nog nie besny was nie;
dat hy die **vader** sou wees van **almal wat glo**
terwyl hulle **onbesnede** is,
sodat **ook aan hulle** (heidene)
die **geregtigheid toegereken** sou word;

Rom 4:12 **en ook** 'n vader van die besnydenis
vir die wat nie alleen uit die besnydenis is nie,
maar ook wandel in die voetstappe van die geloof
van ons **vader Abraham toe hy onbesnede was**.

Rom 4:13 Want die **belofte** dat hy die erfgenaam
van die wêreld sou wees
het Abraham **of sy nageslag** (Israel)
nie **deur** die **wet** verkry nie, Ou Testament
**maar deur** die geregtigheid van die geloof. Rom 3:22,28

Rom 4:16 Daarom is **dit** (geregtigheid) **uit** die geloof **Uit** Heilige Gees
sodat **dit** (geloof) volgens **genade (Gees)** kan wees
en die belofte (van God) kan vasstaan
vir die **hele nageslag (van Abraham, naamlik)**
**nie alleen** vir die wat **uit** die **wet** is nie, (Jode) Kyk Gal 3:21
maar **ook** vir die
wat **uit** die geloof van Abraham is, (heiden)
die **vader van ons almal**. **Jood en heiden!**

**Gal** 3:7 Julle verstaan dan dat
**die** wat **uit** die geloof is, Uit Gees geloof
**hulle is kinders van Abraham** Gal 3:22,29

Nou dat die Heilige Gees, belofte van God, op Pinksterdag gekom het, verkry Jood en heiden **wie** die Gees van God ontvang, **die geloof** in Here Jesus Christus asook die geloof in die **nie-toerekening (verlossing) van sonde.**

Gal 3:8 En die skrif wat vooruit gesien het In die tyd van Abram
dat God **die heidene uit** die geloof Rom 1:17
sou regverdig (verlossing van sondes)
het vooraf aan Abraham die **evangelie** **Deur** Paulus geopenbaar
verkondig met die woorde:
**in jou** sal **al die volke geseën** word. Gen 22:18; Efe 3:1-6

Gal 3:9 Sodat die wat **uit die geloof is,** Uit Gees van God
**geseën** word **saam** met die gelowige Abraham. Jood en heiden

Deur die een woord “uit” na te speur openbaar die Bybel homself wonderbaarlik! Nou verstaan ons die begrippe “uit geloof” en “deur geloof” en kom God se beloftes van seën aan Abraham terselfdertyd tot volle openbaring! Abraham se nageslag verwys **nie net** na die volk van Israel **nie**. Rom 9:6-8; en lees Efe 2:11-22; Joh 10:16. Almal met die Gees van God is kinders van God en van Abraham. Rom 8:14. **Met die Heilige Gees** word die **nageslag** van Abraham

**buitengewoon vermeerder tot een groot nasie!** Rom 4:18. Wie se getalle soos die **sterre in die hemel**koninkryk en soos sand aan die seestrand op die aardse koninkryk sal wees! Die wyse hoe God sy **seënbeloftes aan Abraham** in die Nuwe Testament tydperk vervul, is die kern van die Nuwe Testament en die fokus van profesie!

Die Bybel self leer ons die volle betekenis van God se beloftes aan Abraham. Dat dit juis nou by die wet van die geloof tot uitdrukking kom, is insiggewend en bevestig die ewigheid van God se beloftes. Gebrek aan kennis van die Bybel het gemaak dat elke kerk sy eie doktrines formuleer en elke Christen sy eie privaat filosofiese teologie skep. **Die waarheid** is nie wat hedendaagse Christene glo nie, **maar wat die Bybel ons leer.**

TOT GELOOF

Nou weet ons wat die volle betekenis van die woorde "uit geloof" is. Dit bring ons by die begrip "tot geloof" en dit verduidelik Apostel Paulus as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Rom 10:9 | As jy met jou **mond** die Here Jesus **bely**<br>en met jou **hart glo**<br>dat God Hom **uit die dood** opgewek het,<br>sal jy **gered** word; | Fil 2:11<br>Geloof uit Gees |
| Rom 10:10 | want met die **hart glo** ons **tot geregtigheid**<br>en met die **mond bely** ons **tot redding**. | Sonde verlossing<br>Bekering |
| Rom 10:13 | Want: Elkeen wat die **Naam van die Here aanroep** sal **gered** word. | **Jesus Christus**<br>Uit Gees geloof |

Met die hart, gees uit die Heilige Gees, glo ons en met die mond bely ons die naam Here Jesus Christus. Dat Jesus uit die dood opgestaan het en dat hy ons sondes bedek en red van die oordeel. Dit is die sleutelvereistes by **bekering** van 'n Christen en is **nie wedergeboorte** soos dit vandag gepredik word **nie**. Ons kom **uit onbewustelike geloof tot bewustelike geloof** by bekering met die mond. Jer 31:18. Hand 11:18. Christene bekeer hulle tot Here Jesus Christus en nie tot die Vader en of Heilige Gees nie. Daarom moet ons by die aanhef van 'n gebed God aanbid by die naam waartoe ons ons bekeer.

**Drie tipes redding** word in vers 10 geopenbaar. Met die Gees van God word ons eers in die **hart** met 'n **gees gered -** wedergeboorte. Nou eers kan ons **uit** geloof oorgaan **tot** geloof en "glo tot geregtigheid," **glo** dat Here Jesus ons eenmalig volkome **van sonde red**. Daarom is geregtigheid **uit die geloof** en *deur die Gees geloof* kom ons **tot geloof** in ons redding en verlossing wat ons met die **mond tot redding bely.** Lees Rom 1:17; 10:4,20.

Baie is geroep maar daar is min Christene wie vandag Jesus as die Here **aanbid**. Daar is baie mense wie die Gees van Here Jesus in hul harte het, maar ons weet nie wanneer hulle deur God die Vader geroep word nie. Wanneer God die Vader ons **tot geloof roep, dan eers lei** die Heilige Gees ons om die gepredikte woord aangaande **Here Jesus** wat ons hoor of lees, te glo as **die waarheid**. Geheiligdes hoor die woord voortdurend, maar eers wanneer hulle **tot geloof geroep word,** gaan geroepenes uit geloof tot geloof oor, bekering met die mond. Daarom kom mense op verskillende ouderdomme tot geloof, tot bekering, tot openbaring van hul redding. Joh 10:3; Hebr 9:15c. Christene moet die woord van God voortdurend verkondig sodat **geroepenes op hul tyd** tot geloof met die mond kan oorgaan en

deur goeie werke (anders as godsdienswerke) getuig van die reddende genade in hulle.

Apostel Paulus gebruik die woord “bekeer” twee maal en “bekering” vier maal. Die daad van **belydenis van geloof** staan bekend as bekering, maar Paulus sien bekering effens anders. 1 Thes 1:9; 2 Kor 12:21; Rom 2:4; 2 Kor 7:9; 2 Tim 2:25; Hebr 6:1. Heidene kan van enige iets 'n godsdiens maak en so het Christene uit die heidene ook bekering tot 'n godsdienstige ritueel omskep. Paulus ken heidene baie goed en daarom beklemtoon hy die **geloof** en nie rituele bekering nie. Bekering is nie onderworpe aan 'n spesifieke rite nie, maar met woorde wat vanuit elke mens se hart kom. **Herhalende** geloofsbelydenisse binne kerke, byvoorbeeld die Roomse en Protestantse Apostoliese Geloofsbelydenis, is gebooie van mense en is **nie** belydenis van geloof tot redding **nie**. Mat 15:9; Tit 1:14.

Christene moet kennis neem dat die Jode in die eerste vier nuwe testamentboeke en tot vandag toe glo in God die Vader alleenlik en daarom leer Jesus hulle die “Onse Vader gebed.” Ons as Christene hou van hierdie pragtige gebed, maar moet nie vergeet dat ons God die Vader alleen by die naam Here Jesus Christus aanbid **na die kruis.** Fil 2:11.

Baie mense bely, deur die gebed met die mond, geloof in Here Jesus Christus sonder om deur 'n bekeringsaksie te gaan. Hierdie is 'n moeilike saak, want baie doen dit uit gewoonte soos hulle dit van kleins af in die kerk geleer is. Menige mense verklaar dat hulle Christene is, maar ons kan nie 'n sensusopname van harte maak nie. Die wet van die Gees herken ons uit die belydenis van geloof in Jesus die Here. Maar die mens is ook 'n intelligente wese en veral hulle wie vanaf kindsbeen in 'n kerk grootgeword het, het die vermoë:

| | | |
|---|---|---|
| Hand 28:27b | (om) met die oë (te) sien en met die ore hoor | |
| | en met die hart verstaan en hulle **bekeer** | Met intelligensie |
| | **en Ek hulle genees nie.** | Met Gees bekeer nie |
| | | Joh 12:40; Mat 13:15 |

Twee tipes bekering word deur twee tipes Christene geopenbaar en dit skep verwarring binne Christen geledere. Dit is net **tyd**, rampe en oormaat voorspoed wat die twee tipes Christene op aarde oordeel en van mekaar skei. Jesus se gelykenis van die saaier illustreer hierdie saak pragtig. Mat 13:18-23; Mat 7:21-23.

WIE RED ONS UIT GENADE?

Christene vra altyd “hoe word ons gered” en uiteenlopende antwoorde op hierdie vraag lei tot menige dwaalleerstellings. Sou ons vra **“wie red ons”** dan begin ons met die regte vraag en lei die antwoord ons na die waarheid. Die volgende verse vat ons Nuwe Testament geloofsbegrippe pragtig saam:

| | | |
|---|---|---|
| Efe 2:8 | Want **uit** genade is julle gered, **deur** die geloof,<br>en **dit** nie uit julleself nie:<br>**dit** is **die** gawe van God; | |
| Efe 2:9 | **nie uit** (godsdiens) **werke nie**, sodat niemand mag roem nie. | Tit 3:5 |
| Efe 2:10 | Want ons is sy maaksel, **geskape in** Christus Jesus<br>tot **goeie werke** wat God voorberei het,<br>sodat ons daarin kan wandel. | N.T. skepping |

**Wie red ons?** Onsself of die pous of 'n kerk of godsdienstigewerke of God? Wie sê: “Want uit genade is julle gered”. Dit is die Woord wat sê dat ons uit genade (Gees) gered is. Die **Woord** is Here Jesus Christus en **Hy red ons** uit genade (uit Gees). Te lank het mense vasgehaak by die werke van die wet van Moses en godsdienstige sakramente om hulself te red. Nou moet ons **na die genade evangelie van die Nuwe Testament oorgaan** en **deur** die geloof Here Jesus Christus dank as ons redder en verlosser:

1 Kor 2:12 Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie,
maar **die Gees wat uit God is**,
sodat ons kan weet
**wat** God ons **uit** genade geskenk het.

As Jesus Christus net **'n mens** was of net **'n Persoon** van God en nie die God die Here self is nie, dan beteken die Gees van die Here vir ons niks nie! Dit moet die **Gees van Here Jesus Christus** wees want alleenlik met sy Gees deel ons direk in Jesus se kruisoffer of kruisdoop wat ons van sonde vrystel en red.

“Want uit genade is julle gered, **deur die geloof.**” Die Heilige Gees gee aan ons die geloof in Here Jesus Christus en **deur die Gees geloof openbaar** ons terselfdertyd die doop met die Heilige Gees in ons. Een Here, een geloof, een doop. Heidene is godsdiens “experts” en daarom word die geloof uit die Heilige Gees aan ons gegee in die plek van godsdienswerke, sodat ons nie deur godsdienstige dade afvallig sal word nie. Saam met die verandering van testament kom die verandering van geloof **uit** godsdienstige werke na geloof **uit** die Heilige Gees. Ons sal alleenlik lewe deur die Godgegewe geloof en dit is die nuwe vereiste van die Nuwe Testament.

“Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en **dit** (?) **nie uit julleself nie: dit** (?) is **die gawe van God**; **nie uit werke nie**, sodat niemand mag roem nie.” Die **Gees van God** word uit genade aan ons geskenk en **dit** is **nie** uit onsself of uit godsdienstige werke nie. Geloof is **uit** die Heilige Gees en **dit** is **nie** uit onsself of uit godsdienstige werke **nie**. **Dit**, **Gees** en **geloof**, is die **gawe** of onvoorwaardelike geskenk vanaf God die Here. Nou kan geen mens roem en sê dat hy homself gered het nie:

| | | |
|---|---|---|
| Efe 2:10 | Want ons is sy **maaksel,** | Rom 9:20 |
| | **geskape in** Christus Jesus | Rom 8:16 |
| | **tot** goeie werke wat God voorberei het, | Fil 2:13; Titus 2:11-15 |
| | **sodat** ons daarin kan wandel. | en 3:1-14; 1 Tim 1:13 |

Die Bybel konsentreer primêr op God se **maaksel** naamlik Adam se nageslag met 'n **lewende siel**. In die Nuwe Testament tydperk word ons met **'n gees geskape** (wedergebore) sodat ons **in** Christus Jesus kan wees. Wanneer God die Vader ons tot geloof roep, dan eers gaan ons oor om te wandel in die **goeie werke** wat God vir elkeen bepaal het: in die ambag waarin ons staan of gesin of bedieningsroeping na God se wil.

**Deur** die **geloof** uit die Heilige Gees sal ons wandel in Christus Jesus. **Geen godsdienstige werke,** anders as goeie werke, word van ons vereis om ons eie siel te red nie. Here Jesus het alle werke vir ons redding reeds gedoen en al wat nou van ons vereis word, is dat ons **dit sal glo en goeie werke** doen. Die Nuwe Testament vereis presies die teenoorgestelde van dit wat die Ou Testament vereis

het! Nou is dit die Geesgeloof wat ons werke dikteer en nie meer ons godsdienstige werke wat ons geloof dikteer nie.

Daarom is dit uiters onverstandig om **uit** die Geesgeloof te begin en **terug** te gaan na die werke van die vlees, waterdoop, besnydenis, ensovoorts, **en** ons geloof **op godsdienstige werke** te bou. Hebr 11. Ons wandel nou in die wet van die Gees **deur die wet van die geloof** in hierdie tydelike liggaam van vlees wat die wet van die sonde is. Rom 8:1.

**Geloof is 'n gawe vanaf God** en dit moet ons nie verwar met die Heilige Gees se gawe van geloof nie. Die Heilige Gees se gawe van geloof is 'n uitermate geloofsgawe wat letterlik berge kan versit. Wanneer die woord “gawe” **voor** die Naam Heilige Gees, God is Gees, gemeld word dan is dit 'n gawe of geskenk deur God. Wanneer die woord “gawe” **na** die **Persoon** Heilige Gees volg dan is dit 'n Gees gawe wat ook as 'n **genadegawe** uitgedruk word. 1 Kor 12:9.

Deur die **wet van die geloof** glo ons nie meer soos kinders nie, maar kom ons tot volwassenheid van geloof. Om te glo is een ding, maar om te weet **wat presies ons moet glo** bring onuitspreeklike blydskap en onwrikbare geloofsvertroue.

**Die doop met water as 'n insetting van die wet van Moses** oorskry die grense tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die boek Handeling, 31 jaar tydperk, bring ons oor van die eerste vier nuwe testamentboeke na Apostel Paulus se boeke. Deur die drie veranderinge van die doop met water sien ons hoe God gelowiges van die wet van Moses na die wet van die Gees oorbring. Hoe gelowiges uit die Ou Testament en eerste vier nuwe testamentboeke na die volkome geloof as vereiste van die Nuwe Testament oorgebring word.

Die doop met die Heilige Gees, ook genoem die wet van die Gees, is die sleutel tot die verstaan van die volle betekenis van Jesus se kruisoffer. Christenleiers en Christene verkeer tot vandag in onkunde oor die presiese wyse hoe ons deel in Jesus se kruis tot verlossing van sonde weens gebrek aan kennis van die wet van geregtigheid. **Die openbaring van die kruis soos vervat in die wet van geregtigheid is die sleutel tot die Nuwe Testament genadeverbond. Dit is geldig vir die volle tydperk van die Nuwe Testament.**

## HOOFSTUK 11

# WET VAN GEREGTIGHEID (Kruisdoop)

Die twaalf Apostels moet eers hul doopopdrag uitvoer en deur die leer van die doop ons leer dat Jesus die Here is. Nou eers kan Apostel Paulus die volle betekenis van die kruisdoop openbaar. Die kruis, wet van geregtigheid, is 'n fondamentsteen van die Nuwe Testament genadeverbond. Die **geloof in die kruiswerke** van Jesus Christus is 'n grondbeginsel van die geloof van 'n Christen.

Die Bybelse betekenis van die woorde geregtigheid, ongeregtigheid en geregverdiges het by ons verbygegaan. Hierdie **geregswoorde** omsluit die volle betekenis en doel van Jesus Christus se kruisiging en die regsgeldigheid van die wet van die Gees.

Die Nuwe Testament leer ons twee sondebegrippe. Apostel Paulus leer ons daar is sonde van geregtigheid en sonde van ongeregtigheid. Apostel Johannes noem hierdie twee tipes sonde "'n sonde tot die dood" en "'n sonde nie tot die dood nie." Die kruis red ons van **sonde van geregtigheid,** naamlik oortreding van die tien gebooie. "Welgeluksalig is die man aan wie die Here die **sonde nie toereken nie**." Rom 4:8 en verduidelik in Rom 6:14-18.

Terselfdertyd red die kruis ons ook van die **sonde van ongeregtigheid,** naamlik daaglikse sondes wat ons in hierdie liggaam doen totdat die liggaam van vlees sterf. "Welgeluksalig is hulle wie se **ongeregtighede vergewe** en wie se sonde**s** bedek is." Rom 4:7 en verduidelik in Rom 6:10-13; 1 Joh.3:7. Die kruis, wet van geregtigheid, omsluit beide tipes sondes wat eenmalig deur Jesus op die kruis volbring is.

Apostel Paulus beskryf eerstens die mens se sonde toestand waaruit hy homself nie kan verlos nie, waarna hy die **wet van geregtigheid** openbaar:

| | | |
|---|---|---|
| Rom 3:23 | **Want almal het gesondig** en<br>dit ontbreek hulle aan<br>die **heerlikheid van God**, | Rom 3:11,12; 8:3b |
| Rom 3:24 | en hulle word deur sy genade (Gees)<br>**sonder verdienste** geregverdig deur die<br>verlossing wat **in** Christus Jesus is | Efe 2:8,9; 1 Kor 2:12<br>Onvoorwaardelik<br>Hand 2:36; Fil 2:9 |
| Rom 3:25 | Hom het God voorgestel in sy bloed<br>as 'n versoening **deur die geloof,**<br>om **sy** geregtigheid te bewys<br>deurdat **hy** die sondes ongestraf laat bly het<br>wat tevore gedoen is<br>onder die verdraagsaamheid van God- | Drie in een uitgedruk<br><br><br>Hebr 9:15<br>Ou Testament |
| Rom 3:26 | om **sy** geregtigheid te toon<br>in die **teenwoordige tyd**,<br>sodat **Hy self** regverdig kan wees<br>**en regverdig maak wie uit die geloof in** Jesus is. | <br>Nuwe Testament<br>Teenoor mense |
| Rom 3:27 | Waar is dan die roem? Dit is uitgesluit.<br>Deur watter wet? Van die werke?<br>Nee, maar **deur die wet van die geloof**. | Rom 10:3<br>Efe 2:9<br>Vers 28; Gal 3:22,29 |

Apostel Paulus verduidelik vers 27 as volg:

Rom 9:30 Wat sal ons dan sê?
**Dat die heidene**, wat die geregtigheid nie nagejaag het nie.
die geregtigheid verkry het, Rom 4:1-5
naamlik die **geregtigheid** wat **uit** die **geloof is;** Rom 1:17

Rom 9:31 **terwyl Israel**, wat die **wet van geregtigheid** nagejaag het,
die wet van geregtigheid nie bereik het nie. Nuwe wet

Rom 9:32 Waarom? Omdat dit nie **uit die geloof** was nie, Uit Gees nie
maar net asof dit **uit die werke van die wet** was; Godsdiens
want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot.

Israel het verlossing van sonde gesoek deur godsdienswerke en godsdiensleiers van die wet van Moses, maar nie die wet van geregtigheid bereik nie. Apostel Paulus skryf in die boek Romeine:

Rom 3:21 **Maar nou** is die geregtigheid van God **geopenbaar**
**sonder** die wet, (van Moses)
terwyl die wet en profete daarvan getuig,

Rom 3:22 die geregtigheid naamlik **van** God
**deur** die geloof in Jesus Christus
**vir** almal en oor almal **wat glo**, Een Gees, een geloof
want daar is geen onderskeid nie. Tussen Jood en heiden

Rom 1:17 Want die **geregtigheid van God**
word daarin **geopenbaar uit geloof tot geloof,**
soos geskrywe is: maar **die regverdige sal uit** die geloof lewe.

Die wet van Moses vereis 'n bloedoffer vir regverdiging van 'n mens maar sondige mensebloed of dierebloed is nie rein genoeg as 'n offer nie. Daarom het God die Here in die **gestalte van Jesus verskyn om self die offer in bloed** vir die verlossing van sonde van geregtigheid en vergewing van sondes van ongeregtigheid te bring. Kol 1:14,15.

Mense kan hulle ook laat kruisig, maar alleenlik die bloed en liggaam van Here Jesus Christus stel ons vry van sonde. Jesus Christus was die eersgeborene wat met die “saad” van die Heilige Gees verwek is. Luk 1:35; Gal 3:16-19. Daarom is die bloed van Jesus Christus anders as die bloed van mense. Apostel Johannes, wie lewend na die hemel opgevaar het, (Mat 16:28; Joh 21:22,23) openbaar die andersheid van die bloed van Jesus Christus en die betekenis van hierdie woorde baie jare later as volg:

Joh 19:34 Maar een van die soldate het met 'n spies in sy (Jesus se) sy gesteek
en dadelik het daar **bloed en water** uitgekom. Ps 22 en 69 en 34.

1 Joh 5:6 Dit is Hy wat deur **water en bloed** gekom het,
Jesus die Christus;
**nie** deur die water alleen **nie**, Nie waterdoop nie
**maar** deur **die** water en **die** bloed; Spies water en bloed
**en** dit is die **Gees wat getuig**, In ons gees
want die Gees is die waarheid. Joh 14:17; 19:33-37

1 Joh 5:8 en daar is **drie** wat **getuig op die aarde:** Hebr 10:28,29
die **Gees** en die **water** en die **bloed** Gees en kruisoffer
en **die drie** is **eenstemmig.** Here Jesus is die Gees

Aan die Heilige Gees, die Here is die Gees, **kleef** die **kruiswater** en die **kruisbloed** as offer vir sonde. Die drie is eenstemmig. Met **Here** Jesus Christus se Gees **deel ons gees** direk in Jesus Christus se kruisoffer vir sonde. Die doop met die Heilige Gees maak ons **heilig,** maar veel meer noudat die Heilige Gees ons ook **kruisgeregverdig maak**. 2 Kor 3:8,9. Sleutelbegrip.

Vandag word 1 Joh 5:6,7,8 doelbewus uit nuwe vertalings weggelaat of verdraai. Die Bybel wat hierdie verse volledig en korrek aanhaal is die ware woord van God.

Die huidige doop met water in die drie name verberg die doop met die Heilige Gees en daarmee die kennis van hoe ons as Christene deel in Jesus se kruisoffer van 2,000 jaar gelede. Daarom is dit geen wonder dat Apostel Paulus "God dank" dat hy in Griekeland (1 Kor 1:14,16) net drie mense met water gedoop het nie:

1 Kor 1:17 WANT Christus het my **nie** gestuur om te **doop (met water) nie**;
maar om die (kruis) evangelie te verkondig,
nie met wysheid van woorde nie,
**sodat die kruis** van Christus **nie verydel mag word nie.**

1 Kor 1:18 Want die **woord van die kruis** **(**Gees, bloed en water
is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, (is eenstemmig
**maar vir ons wat gered word,** is **dit** die **krag van God**.

Anders as die eerste tydperk van die koninkryk evangelie fokus die genade evangelie op die volkome geloof in die **kruisdoop tot geregtigheid**. Rom 10:10. Die kruisdaad van God deur die Persoon Jesus Christus in die vlees van 'n mens, is 'n eenmalige en volkome offer vir sonde. Daarom beskryf Jesus die **kruis as 'n doop:**

Luk 12:50 Maar **Ek** het 'n **doop** om mee gedoop te word, 1 Joh 5:6!
en hoe benoud word **Ek** totdat dit volbring is!

Jesus Christus is die Hoëpriester van die Nuwe Testament verbond wie homself offer ooreenkomstig die wet wat hierdie bloedoffer vereis het. Want sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie. Hebr 7:27; 9:22,25-28; 10:14; Rom 10:4,10. Jesus Christus vra:

Mat 20:22b Kan julle die **beker** drink wat Ek aanstonds gaan drink,
en **gedoop** word met die doop waarmee Ek gedoop word?
Hulle sê vir Hom: Ons kan.

Mat 20:23 En Hy sê vir hulle:
Dit is waar, **my** beker **sal** julle drink
en **met die doop** waarmee **Ek** gedoop word, Kruisdoop
**sal** julle **gedoop word**. Gees, bloed en water
maar om te sit aan my regter- en aan my
linkerhand berus nie by My om te gee nie,
maar is vir hulle vir wie dit deur my Vader berei is. Vader roep

Eers by die instelling van die **nagmaal** leer ons na watter **beker** Jesus verwys toe Hy gesê het dat: "My beker **sal** julle drink". By die nagmaal met brood en wyn getuig ons **geloof** in Here Jesus se kruiswerke vir ons verlossing van sondes en redding van ons siel. Die **nagmaal is die enigste godsdienstige** daad wat ons met ons liggaam mag verrig as uitdrukking van geloof. Die nagmaal is die enigste **godsdienswerke** van die **genade evangelie.** Joh 6:52-56- nagmaal en 58- Gees; 1 Kor 11:23-34; 10:14-21.

Jesus sê dat ons **gedoop sal word** met die **kruisdoop** waarmee Hy gedoop is. Baie Christene verstaan nie hierdie woorde van Jesus nie. Christene (kerke) het hierdie doopprobleem opgelos deur die doop met water. Veral kerke wat Rom 6:3-5 as Skrifgronde vir hul grootdoop aangegryp het. Deur die **doop** met die Heilige Gees is ons **in** Here Jesus gedoop en so **is ons gees** uit Gees **gedoop in die kruis!** Gal 2:20. Die Gees en die water en die bloed is eenstemmig! Ons wedergebore gees is gelykvormig aan Jesus Christus en so deel ons direk in Jesus se dood en opstanding. Die godsdienswerke van baie Christene grens aan 'n **direkte gelykenis** van God se werke uit die hemel en op aarde. **Dit** en enige gelykenis van **Jesus die Here** se aangesig en figuur, verbreek die tweede gebod. Deut 5:8. Mat 21:24-27.

Na die boek Handelinge beëindig die geloof in die kruis die geloof in die vergewing van sonde by die doop met water. Uit die Heilige Gees kry ons die geloof in die kruisdoop, wet van geregtigheid, wat die geloof in godsdienswerke vir eie regverdigmaking en heiligmaking vervang. Daarom het Jesus Christus geen mens op aarde met water gedoop nie, want dit sou die kruisdoop en die doop met die Heilige Gees verydel het. Joh 4:2; 1 Joh 1:7; Hebr 9:12-14; 10:29.

Die Nuwe Testament sê reguit dat die waterdoop die kruis verydel. Elke Christen het al hierdie woorde gelees, maar almal ignoreer hierdie woorde in die Nuwe Testament. Dit illustreer die krag van die simboliese doop met water waaraan godsdiensleiers die drie doopname gekoppel het. Christene glo eerder hul godsdiensleiers soos die Jode hul godsdiensleiers geglo het en Jesus gekruisig het.

Here Jesus Christus het by die **kruisdoop eenmalig en in volle mate alles vir ons regverdigmaking gedoen:**

| | | |
|---|---|---|
| Rom 5:17b | - -, veel meer sal hulle | |
| | wat die **oorvloed** van die **genade** | Heilige Gees |
| | **en** die **gawe** van **geregtigheid** ontvang, | Gees, water, bloed |
| | in die lewe heers **deur** die **Eèn**, Jesus Christus. | |
| Rom 5:18b | - - so ook is dit deur **een daad** | Kruis |
| | **van geregtigheid** van **alle** mense | **Wie kruis glo** |
| | tot **regverdigmaking** van die lewe. | Rom 4:6-8 |
| Rom 5:19b | - - so sal ook deur die gehoorsaamheid van die **Eèn** | |
| | **baie tot regverdiges** gestel word. | 10 Gebooie |

Die kruis is die krag van God en met wysheid sal 'n mens dit nie verstaan tot die Heilige Gees dit in 'n mens openbaar en die geloof daartoe gegee het nie. Daarom sê Apostel Paulus "nie met wysheid van woorde nie" maar die **geregtigheid van God** word daarin **geopenbaar** uit geloof tot geloof. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe:

| | | |
|---|---|---|
| 1 Kor 1:23 | maar ons verkondig **Christus wat gekruisig is**, | |
| | 'n struikelblok vir die Jode | 2 Kor 4:3-6 |

| | | |
|---|---|---|
| | en dwaasheid vir die Grieke (heidene) | (en vers 13) |
| 1 Kor 1:24 | maar vir die wat **geroep** is,<br>Jode sowel as Grieke (heidene):<br>**Christus**, die **krag** van God en **wysheid** van God. | Hebr 9:15<br>1 Kor 10:32 |
| 1 Kor 1:30 | Maar deur Hom (Heilige Gees) is julle **in** Christus Jesus,<br>wat vir ons geword het **wysheid uit** God<br>**en** geregtigheid **en** heiligmaking **en** verlossing. | <br>2 Tim 3:16 |
| 1 Kor 1:31 | Daarom, soos geskrywe is:<br>Die wat roem, moet **in die Here** roem. | Efe 2:1-10 |

Here Jesus Christus is ons **regverdigmaker** by die kruis en ons **heiligmaker** deur die doop met die Heilige Gees en ons **saligmaker** (redder) deur die opstanding uit die dode wanneer Hy weer kom soos ons dit glo by die nagmaal.

Die kruisbloed en kruiswater **kleef** nou aan die Gees van Here Jesus Christus. In moederskoot, met 'n wedergebore gees uit Gees, is ons reeds verlos van sonde tot die dood en vergewe van sonde nie tot die dood van ons lewende siel nie. Dit is die hart van die wet van geregtigheid. Die **gawe van geregtigheid** kom na die mens van God onse Here Jesus Christus deur die Heilige Gees. Die bediening van die Heilige Gees bring heerlikheid, maar veel meer noudat Sy bediening ook vanaf Pinksterdag 'n **kruis-geregverdigde gees aan ons gee.** Gal 2:20,21.

As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy op die getuienis van twee of drie mense. Hebr 10:28. Onder die genade van die Nuwe Testament is daar die kruiswater en kruisbloed en Heilige Gees wie vir ons **op aarde getuig**. Wanneer ons voor die regterstoel van Here Jesus Christus staan, is daar weer **drie getuies in die hemel** wie vir ons sal getuig:

| | | |
|---|---|---|
| 1 Joh 5:7 | Want daar is **drie** wat **getuig** in die **hemel**:<br>die Vader, die Woord en die Heilige Gees,<br>en hierdie **drie is een.** | Vir ons met gees<br>Persone van God<br>Een God die Here |

Die woord geregtigheid verwys nie net na die verlossing van sonde en redding van ons siel nie. Dit omsluit ook die begrip dat **alleen geregverdigdes in die hemel toegelaat word.** 1 Petr 1:12. Die wet van geregtigheid is 'n kragtige getuienis van die kruis wat saamsmelt met die wet van die Gees. Die kruis is 'n grondbeginsel van 'n Christen se geloof en tog is dit die een saak wat Christene die minste verstaan. Dit is fenomenaal dat Satan vir solank die wet van die Gees en die wet van geregtigheid van Christene kon verberg deur die doop met water. Dank die Here vir die Gees van die waarheid wat getuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel. Joh 16:8-13.

## HOOFSTUK 12

# WET VAN GOD EN WET VAN DIE SONDE

Op Pinksterdag ontvang mense die gawe of geskenk van die Heilige Gees. Hand 2:38. Daarna word dit as die doop met die Heilige Gees en eenmalig as die wet van die Gees uitgedruk. Hand 11; Rom 8. Netso lees ons van die kruisdoop en daarna van die gawe van geregtigheid en die wet van geregtigheid. Geloof word ook uitgedruk as 'n gawe of gratis geskenk vanaf God en later as die wet van die geloof.

Christene uit die heiden nasies sal hierdie nuwe wette gou in 'n nuwe godsdiens omskep. Daarom gebruik Apostel Paulus eenmalig die woord “wet” om die woorde “noodsaaklik ook verandering van wet” uit te lig en te verduidelik. Ons is nie onder enige wet nie, want met die Nuwe Testament is ons onder die genade van God.

Die Nuwe Testament wet van die Gees inkorporeer die wet van God, tien gebooie, die wet van Christus, broederliefde, die wet van geregtigheid, kruis, en die wet van die geloof. Hierdie vyf wette is **eenstemmig** en verenig in een Gees. Direk teenoor die Geeswette staan die vlees, ons liggaam, wat die wet van die sonde is. In hierdie liggaam voer ons sondige vleesliggaam 'n stryd teen ons sondelose gees totdat ons hierdie liggaam van vlees by die dood afwerp. Rom 7:26; 8:3b; 10; Efe 2:2,3. (Die innerlike stryd wat u ook ervaar by die lees van hierdie boek).

Die vroeë Katolieke Kerk se stelsel van die afkoop van sondes, waardeur verskillende boetes aan tipes sondes gekoppel was, het die begrip van groot- en kleinsonde by mense gevestig. Anders as groot- en kleinsonde verkondig die Bybel sonde tot die dood en sonde wat nie tot die dood is nie. Apostel Johannes skryf:

| | | |
|---|---|---|
| 1 Joh 5:16b | Daar is **'n sonde tot die dood:**<br>daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie. | **Wet van God** |
| 1 Joh 5:17 | Alle ongeregtigheid is sonde,<br>en daar is **'n sonde wat nie tot die dood is nie.** | Daaglikse sonde |

WET VAN GOD

Deur die wet van God, tien gebooie, leer ons wat die sonde tot die dood is. Die “eerste sonde” wat tot die dood van 'n lewende siel is, is gebrek aan **liefde vir God** en geloof in die een lewende God die Here. Deut 5:6-9; 6:5. Apostel Petrus sê:

1 Petr 1:8 **Vir wie** julle,
al het julle Hom nie gesien nie, **tog liefhet**; Eerste liefde. Open 2:4
in wie julle,
al sien julle Hom nou nie, **tog glo**
en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap.

1 Petr 1:9 en die einddoel van julle geloof,
die ***saligheid*** van julle **siele** verkry. (Engels -salvation - *redding)*

Daar is niemand wat God soek nie en alle mense met 'n liggaam van vlees sondig. Rom 3:11,23; 5:6. Daarom het Christus op die regte tyd vir ons gesterwe sodat ons in volle mate die liefde **van** God **vir** God kan **ontvang:**

| | | |
|---|---|---|
| Rom 5:5b | omdat die liefde **van God**<br>in ons harte uitgestort is<br>**deur** die Heilige Gees<br>**wat** aan ons **gegee is**. | Joh 17:1-26<br>Efe 3:17-19; Kol 2:7<br><br>Liefde vir God geskenk |
| 1 Joh 4:7 | Geliefdes, laat ons **mekaar liefhê**;<br>want die liefde is **uit** God,<br>en **elkeen** wat **liefhet**,<br>**is uit God gebore** en **ken God**. | **Christus gebod**<br>Hos 6:6<br>1 Kor 13:1-13<br>1 Joh 5:18-21 |
| 1 Kor 13:13 | En nou bly geloof, hoop en liefde- hierdie drie;<br>maar die **grootste hiervan is die liefde.** | **Uit God vir God** |

Hulle wie **nie** die liefde van God vir God deur die Heilige Gees ontvang het **nie,** doen die "eerste sonde" wat tot die dood van 'n lewende siel is. Jesus Christus het ook 'n **nuwe gebod** ingestel, naamlik **broederliefde** tussen **huisgenote van dieselfde geloof**. Hierdie gebod omsluit ook die begrippe liggaam van Christus en gemeente van God. Die nuwe gebod word deur Apostel Paulus uitgedruk as die **wet van Christus**. Apostel Johannes en Apostel Paulus sê:

| | | |
|---|---|---|
| 1 Joh 3:23 | En dit is sy gebod, dat ons in die<br>**Naam van sy Seun**, Jesus Christus, moet **glo**<br>en **mekaar liefhê** (broederliefde)<br>soos Hy ons 'n gebod gegee het. | <br>**1 Kor 16:22**<br>Huisgenote van geloof<br>**Joh 13:34;** 12:49,50 |
| Gal 6:2 | Dra mekaar se laste en vervul so<br>die **wet van Christus.** | |
| Gal 6:10 | Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het,<br>Aan almal goed doen, maar die meeste<br>aan die **huisgenote van die geloof.** | |

Die tien gebooie en nuwe gebod is gegrond op dieselfde **liefdegebod** naamlik liefde vir God in die naam Here Jesus Christus. Verbreking van die **tien gebooie en die nuwe gebod is sonde tot die dood** van 'n **lewende siel.** Lees 1 Joh 5:10-13 voor vers 16b wat sonde tot die dood verkondig asook 1 Joh 3.

Apostel Petrus lys die kwaliteite van 'n Christen en sê onder andere, vers 7, "en by die godsvrug (Engels godliness) broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde" (Engels charity - liefdadigheid). 2 Petr 1:7,8. **Broederliefde** verwys na hulle wie deel in dieselfde geloof in Jesus Christus, naamlik huisgenote van die Christen geloof. **Naasteliefde** verwys na liefdadigheid teenoor hulle wie **nie** huisgenote van dieselfde geloof is nie. Ons moet duidelik onderskei tussen bedel en liefdadigheid. Wanneer iemand aan ons deur klop of na ons in die straat kom en doelgerig iets vra, dan is dit bedel en nie naasteliefde of liefdadigheid nie. Wanneer ons sien iemand is in die nood vir iets of vir bystand en gaan vrywilliglik na die persoon is dit liefdadigheid of naasteliefde. Christene moet die aardse middele waarmee God hulle seën goed administreer en nie verkwistig op nie-gelowiges wat Christene se verwronge naasteliefdebegrip uitbuit en middele misbruik tot verdere verderf van hul siele.

Die **verdeeldheid tussen Christene (kerke) is noodsaaklik** sodat die hele liggaam van Christus nie deur een godsdiensleier of een kerk korrup word nie. Dat daar altyd ledemate van die liggaam van Christus sal wees wie die suiwer woord

van God sal bewaar. Verdeeldheid, verskeidenheid van ledemate, veroorsaak ook wrywing en spanning tussen Christene wat maak dat Christene sukkel om die wet van Christus te gehoorsaam. Broederliefde tussen huisgenote van die Christen geloof word as volg deur Apostel Johannes verduidelik:

| | | |
|---|---|---|
| 1 Joh 5:2 | Hieraan weet ons | |
| | dat ons **die kinders van God liefhet**: | Broeders van geloof |
| | **wanneer** ons **God liefhet** en **sy gebooie** bewaar. | Deur die Gees |

| | | |
|---|---|---|
| 1 Joh 5:3 | Want dit is die **liefde tot** God, | Liefde deur Gees |
| | dat ons sy gebooie bewaar; | 1 Joh 3:23,24 |
| | en sy gebooie is nie swaar nie. | **Rom 6:14-23**; 5:19 |

Loof die Here! Wat 'n verligting vir ons gemoed! Wanneer ons God by die naam Here Jesus Christus liefhet, het ons die kinders van God die Here lief. Broeders van dieselfde geloof, want aan elkeen word nie dieselfde mate van genade gegee nie en daarom sal ons verskil. Ons kan nie verskil aangaande die drie grondbeginsels van ons geloof nie. Een Here, een geloof, een doop en deur sy genade een ware woord van God. Christene mag skerp van mekaar verskil, maar steeds is hulle verenig in hul liefde vir Here Jesus Christus.

God se tien gebooie is nie swaar nie, maar bitter moeilik om te gehoorsaam in hierdie liggaam van vlees. Apostel Paulus verduidelik hoe Christene uit die heiden nasies die **tien gebooie van God** gehoorsaam:

| | | |
|---|---|---|
| Rom 7:14 | Want ons weet dat die **wet geestelik is,** | Tien gebooie |
| | maar ek (ons) is vleeslik, | |
| | verkoop **onder die sonde**. | Wet van die sonde |
| Rom 7:22 | Want ek verlustig my in die **wet van God** | Tien gebooie |
| | **na die innerlike mens**. | Nuwe gees mens |
| Rom 7:23 | maar ek sien ‘n **ander wet** in my lede (vlees) | Wet van die sonde |
| | wat stryd voer teen die **wet** van my gemoed | Wet van God |
| | en my gevange neem | |
| | onder die **wet** van sonde **wat** in my lede is. | Vleesliggaam |
| Rom 7:24 | Ek, ellendige mens! | |
| | Wie sal my verlos van | |
| | die **liggaam van hierdie sonde?** | Eerste dood |
| Rom 7:25 | Ek dank God | 1 Joh 4:2 |
| | deur Jesus Christus, onse Here! | |
| Rom 7:26 | So **dien** ek self dan **wel** | |
| | met die **gemoed** (Gees/gees) die wet van God | Tien gebooie |
| | **maar** met die **vlees** die **wet van die sonde**. | Liggaam en siel |
| Rom 8:2 | Want die **wet van die Gees** | **Nuwe Testament** |
| | van die **lewe** in Christus Jesus | Ewige lewe |
| | **het my vrygemaak** | 2 Kor 3:17 |
| | van die **wet van die sonde** | (liggaam van vlees) |
| | **en die dood**. | Vlees, eerste dood) |
| Rom 8:4 | sodat **die reg** van die **wet** | **10 Gebooie** |

**vervul** kon word **in ons** (gees)
wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Vers 9
Rom 8:7 omdat wat die **vlees** bedink, **vyandskap teen God is;**
**want dit** (liggaam) **onderwerp** hom nie
aan die **wet van God nie.** **10 Gebooie**

Rom 8:13 want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe,
maar **as** julle **deur** die Gees Met ‘n gees
die **werke van die liggaam** doodmaak, **Efe 4:17 tot 5:21**
**sal julle lewe**. Ewige lewe

Die Heilige Gees stort die liefde van God in ons harte en vervul die reg van die wet van God, tien gebooie, in ons gees. **In moederskoot**, met 'n gees uit Gees, word **ons eenmalig** geregverdig - volkome vrygestel van die oortreding van die wet van God, tien gebooie, en die nuwe gebod. Die Wetmaker se Gees is nou in ons en met die wet van die Gees word ons gered van die sonde tot die dood van 'n siel (ook uitgedruk as sonde van geregtigheid).

**Die sonde tot die dood van 'n onverganklike siel,** asem van God, **bestaan uit drie dele,** naamlik gebrek aan liefde vir Here Jesus Christus, oortreding van die tien gebooie en gebod van Christus. Dank die Here dat ons **reeds geregverdig** is by wedergeboorte in moederskoot en word die **sonde tot die dood** ons **nie toegereken nie**. Rom 4:8 (sonde van geregtigheid); 6:14-23.

WET VAN DIE SONDE

Jesus Christus het die **wet van die sonde in die vlees veroordeel** by die kruis en sy bloed gestort as versoeningsoffer ooreenkomstig die wet van Moses. Rom 8:3. Saam met die verandering van testament verander die vleeslike wet van God na die geestelike wet van God, tien gebooie. Rom 7:14. Onder die Nuwe Testament beëindig Jesus Christus, in die vlees, die vleeslike insettinge en verordeninge (werke) van die wet van God wat die mens nie kon regverdig maak nie. Efe 2:15. Die **liggaam van vlees** word in die Nuwe Testament geopenbaar as die **wet van die sonde**. Gen 1:26,27 gelees met Rom 1:23.

Apostel Johannes skryf van een sonde, “'n sonde” tot die dood, wat verwys na die **een wet,** naamlik die wet van geregtigheid - kruis. (Die wet van God en Christusgebod is hierby ingesluit). Alle ander sonde is **sonde van** ongeregtigheid. Al hierdie menigvuldige **sondes** word saamgevat onder **een wet,** naamlik die wet van die sonde en dit is ons vleesliggaam. Die wet van die sonde is die een sonde, “'n sonde” wat nie tot die dood is nie. Sonde nie tot die dood van 'n siel nie, word deur Apostel Paulus beskryf as sonde van ongeregtigheid wat vergewe word en wie se sondes bedek is. Rom 4:7 (sonde van ongeregtigheid); Kol 1:14.

Die “eerste sonde” van ongeregtigheid is daardie eerste beginsels van die wêreld of godsdienswerke van eie geregtigheid wat Christene moedswillig of uit onkunde pleeg. 1 Tim 1; Tit 3. Dank God dat al die “Christelike” godsdienstige dade nie sonde tot die dood is nie. Ons is onder die genade van God en nie onder die vleeslike wet met sy insettinge nie. Sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie. Rom 5:13. Die “tweede sonde” van ongeregtigheid is daardie daaglikse sondes wat ons met hierdie liggaam van vlees doen. Daaglikse sondes van gedagtes, woorde en dade wat teenstrydig is met die **gestalte van Christus** in ons **gees.** Die wedergebore gees wat 'n beeld of gelykenis van God is. Lees ook Efe 3,4,5; Kol 3:1-17.

Die Nuwe Testament plaas ons onder die genade van God, wet van die Gees, en nou verskuif die klem na selfbeheersing oor ons liggaam se begeertes en drange. Selfbeheersing openbaar die liefde van God vir God in ons, wat ons daagliks moet oefen deur gebed en skriflesing. Gal 5. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery en spesifiek homoseksualisme bedryf, sondig teen sy eie liggaam en dit is sonde tot die dood van ‘n lewende siel. Rom 1:32. Ons gees uit die Heilige Gees is die tempel van God in ons liggaam van vlees wat die wet van die sonde is. Lees 1 Kor 6:12-20; 7:1-14; Hand 15:29.

Die kruisbloed en kruiswater **kleef aan die Gees** van Here Jesus Christus. In moederskoot word ons reeds met 'n gees uit Gees gered en vrygestel van oortreding van die sonde van geregtigheid, wat sonde tot die dood is. In hierdie liggaam van vlees sondig ons daagliks en hierdie menigvuldige sondes van ongeregtigheid **kleef aan ons siel.** In die liggaam van vlees staan die **gees en siel apart van mekaar**. Eers by die dood van ons vleesliggaam, eerste dood, eindig die wet van die sonde en sondig ons nie meer nie.

Wanneer ons liggaam van vlees sterf, kom **ons gekruisigde gees, nou eers tot redding van ons siel** waaraan daaglikse sonde van ongeregtigheid kleef. By die dood van ons sterflike liggaam **smelt** die onsterflike **siel met ons lewendmakende gees** en kleef ons daaglikse sonde nou aan ons **lewendmakende gees**. In die dood is ons nie meer siel en gees nie, maar een gees. Alleen ons gees staan uit die dood op en staan voor die regterstoel van Here Jesus Christus in die hemel. Nou word **elke individu beoordeel** volgens sy daaglikse sondes wat ons vergewe word.

Alle lewende wesens met bloed soos visse, voëls, diere asook mense met verganklike siele sterf en hul siel gaan tot niet saam met hul vleesliggaam (soos in die geval van diere wanneer hul geslag word). Alleen mense met 'n **onverganklike siel, asem van God,** se siel sterf nie en daarom word dit ook 'n lewende siel genoem. Mense met 'n lewende siel wie ook die lewendmakende Gees van God ontvang het, deel in die opstanding **uit die dode.** Daardie **lewende siele sonder die lewendmakende gees** moet wag tot die eenmalige opstanding van lewende siele tot die oordeel.

Die opstanding **uit** die dood en opstanding **van** alle dode is begrippe wat doelgerig deur die eeue vernietig is. Hierdie kennis is eeue gelede in die Bybel geopenbaar, maar is doelbewus van ons deur Satan verberg. Kennis van die nuwe wette van die Nuwe Testament verander ons geloofsbegrippe en nou weet **ons weer wat ons moet glo.** Die Jood soek 'n teken maar Christene uit die heidene soek wysheid. 1 Kor 1:22. Ons geloof is 'n lewende geloof uit die lewende Gees en lewende Woord van God. Die wette van die Nuwe Testament leer ons die werke en handelinge van God. Al hierdie wette fokus op Here Jesus Christus se werke om ons siel te red en uit die dood tot die ewige lewe te bring. Die wet van die Gees bereik sy hoogtepunt in die graf en in die hemel.

## HOOFSTUK 13

# OPSTANDING UIT DIE DOOD

Die opstanding uit die dood is 'n grondbeginsel van die Christen geloof. Hierdie beginsel vorm deel van Jesus Christus se doopopdrag, nagmaal en bekering met die mond. Luk 24:46; Rom 10:9; 1 Kor 11:26. Ons glo in Jesus Christus se opstanding **uit die dood**, maar waar dit onsself aangaan is hierdie beginsel uiters verwronge en vaag.

Hoe mense die Hebreeuse woord "sheol" in die Ou Testament en die ekwivalente Griekse woord "hades" in die Nuwe Testament verstaan en in die Bybel vertaal, is die rede waarom Christene nie meer weet wat by die dood en daarna gebeur nie. Christenleiers het oor die eeue meer as een betekenis aan die woorde "sheol of hades" gekoppel en dit het gelei tot die huidige uiteenlopende opstandingdoktrines binne die Christendom. Menige Christene glo dat goeie mense dadelik na die hemel gaan by die dood en dat sondaars direk na die hel gaan. Die Katolieke glo dat mense tussen goed en kwaad vir 'n tyd in die vagevuur gestraf word voordat hulle na die hemel kan gaan. Christene glo vandag dat geheiligdes uit die hemel terug na die aarde keer by die wederkoms van Christus om hul vlees en bene liggaam te ontvang. Die een groep Christene glo dat hulle saam met Christus op aarde regeer. Die ander groep Christene glo dat hulle terug na die koninkryk van God in die hemel keer met hierdie vlees en bene liggaam.

Clarence Larkin skryf as volg in sy boek *Rightly Dividing The Word*, bl 278: "The Hebrew word "sheol" is found 65 times in the Old Testament. It is translated 31 times, **hell**, 31 times, **grave,** 3 times, **the pit**. The corresponding word in Greek of the New Testament is "hades." It is translated 10 times "hell" in die English New Testament."

In die 1953 Afrikaanse Bybel word die woorde "sheol of hades" vertaal as **doderyk** en **graf** en in die Ou Testament partymaal ook as **die kuil.** In die boek Openbaring lees ons dat die **dood en doderyk** in die poel van vuur (hel wat brand) gewerp word. Open 20:14. In Engels lees ons dat: "death and hell were cast into the lake of fire" *(hell cast into hell?).* Teoloë kan beswaarlik onderskei tussen die hel en die doderyk (graf of kuil). Daarom verkondig hulle die doktrine dat geheiligdes dadelik na die hemel gaan want, redeneer hulle, geheiligdes kan tog nie na die plek gaan waar die hel ook is nie! Hulle sien die doderyk en die hel as een en **dieselfde plek**.

Clarence Larkin gaan verder en skryf inter alia: "Sheol and hades" mean "the unseen state" or **place** ***(doderyk)*** to which the "Soul" and "Spirit" of the dead go **between** the death and resurrection of the body. The "bodies" *(gees en siel)* of the dead go into the "grave", the word for which in Hebrew is "geber" and in Greek "mnemeion." Neither sheol or hades *(doderyk)* denote the "Hell" of final punishment of the wicked. That *(hell)* is called in Hebrew of the Old Testament "tophet" and in Greek of the New Testament "gehenna" *(hel).* Neither do they *(tophet/gehenna)* denote the "bottomless pit" *(put van die afgrond. Open 9- plek van demone)* that is "Abussos", nor the "prison house" of the fallen angels**.** *(woning van gevalle engele, Open 12:7-9)* that is "Tartarus." Their *(Abussos en Tartarus)* general meaning is "The Underworld." *Eie woorde skuinsgedruk*. Profeet Jesaja (14) skryf dat Satan, 'n geskape mens, as 'n gevangene in die doderyk (smartedeel) gehou word. Dit lees meer korrek versus die put van die "afgrond", plek van demone, soos gemeld in die boek Openbaring. Open 20:1-3.

In die 1953 Afrikaanse Bybel is die woorde *sheol* en *hades* meer korrek vertaal as **die doderyk**. Tussen die dood en opstanding word ‘n gees of ‘n siel in die doderyk (Sheol of Hades) bewaar. Die woorde *tophet* en *gehenna* dui die hel aan en die **plek van die hel** *(Gr. gehenna)* en die **plek van die doderyk** *(Gr. hades)* is **nie een en dieselfde plek nie.** Noudat ons weet dat daar ‘n plek soos die doderyk is, sal ons ook die begrip “opstanding uit die dode(ryk)” duideliker kan verstaan.

DODERYK

Die Christen se geloof in die opstanding uit die dode skei die Christen geloof van die Hermes (piramidiese) opstandingsdoktrines en Oosterse reïnkarnasie geloof. Die vroeë Roomse Kerk het Christene se opstandingsbegrippe tot so 'n mate verdraai dat ons die gevolge hiervan tot vandag in vele Bybelvertalings en doktrines van kerke vind. Daarom weet Christene nie meer wat presies gebeur by die dood en daarna nie.

By die dood, eerste dood, vergaan die sondige vlees en bene liggaam tot stof, want die liggaam van vlees is die wet van die sonde. Die gees en die siel gaan na die doderyk in die aarde op planeet Aarde. Wanneer die verganklike natuurlike liggaam sterf, neem die **engele** dié met 'n gees en dié met 'n lewende siel na een van die **twee dele van die doderyk** soos deur God **verordineer.** Die engele plaas dié met ‘n gees (saamgesmelt met die siel) in een deel van die doderyk en dié met ‘n lewende siel (sonder ‘n gees) in ‘n ander deel van die doderyk.

| | | |
|---|---|---|
| 1 Joh 5:8 | en daar is drie wat getuig **op die aarde:** | Fil 2:10 |
| | die Gees en die water en die bloed, | Gees en kruis |
| | en die drie is eenstemmig. | Here is die Gees |

Die doderyk bestaan uit twee dele, naamlik die **Paradysdeel** en die ander deel kan ons die **smartedeel** noem. Tussen die twee dele is daar ‘n groot kloof en niemand kan van die een deel na die ander deel van die doderyk gaan nie. Luk 16:19-23,26-31. Lewende siele word in die smartedeel van die doderyk bewaar tot die dag van finale oordeel. Lewende siele kan nie in die hel gewerp word **voordat** hulle deur God tot die hel **veroordeel** is nie! **Geen oordeel, geen hel.** Op die dag van oordeel aan die einde van die teenswoordige wêreld, is daar nie meer dood (mense van vlees en bloed) op aarde nie. Nou eers word die dood en doderyk, *hades*, in die hel, *gehenna*, gewerp. Die hel **begin eers brand op die dag van oordeel,** wat ook die poel van vuur genoem word. Open 20:14. In die laaste hoofstukke sal hierdie gebeure verduidelik word.

Here Jesus Christus het na die Paradysdeel van die doderyk gegaan. Here Jesus sê op die kruis aan die man langs Hom dat: “vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.” Luk 23:43. Die onverganklike gees en die lewende siel van mense gaan na die doderyk in die aarde! **Niemand gaan direk na die hel of hemel nie!** Die plek van die doderyk is waarskynlik noord van die see van Galilea - Mat 11:23.

Protestante het die Katolieke se Apostoliese Geloofsbelydenis (325 nC) oorgeneem en dit in 1618 gewysig. Elke Sondag word belydenis gedoen dat Here Jesus Christus “ter helle neergedaal het” - na die hel gegaan het! Mense verstaan dit so, maar die kerk probeer hierdie woorde verklaar as Jesus se “helse” lyding aan die kruis! Net soos die Katolieke sien Protestante die doderyk as die hel. Hulle sien die smartedeel en die hel as een en dieselfde plek. Weens voorvader oorleweringe, gebooie van mense, weet ons nie meer wat ons doen en bely nie.

Lees hoe Here Jesus die doderyk en die twee dele daarvan beskryf. Mense se gees en siel openbaar al vyf sintuie in die doderyk en ook in die hemel. Luk 16:19-31**.** Here Jesus het afgevaar **na die Paradysdeel** van die doderyk. Here Jesus sê:

| | | |
|---|---|---|
| Joh 5:25 | Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, | |
| | daar kom ‘n uur, en dit is nou, | Kruisiging |
| | wanneer die **dode** | Doderyk |
| | die **stem** van die Seun van God sal **hoor**; | Sintuie in doderyk |
| | en **die** wat dit **gehoor** het, sal **lewe.** | Die in Paradysdeel |

Apostel Petrus beskryf die doderyk as 'n gevangenis en dat Jesus Christus tussen sy dood en opstanding tot die **geeste in die Paradysdeel** gepreek het:

| | | |
|---|---|---|
| 1 Petr 3:18b | Hy wat wel **gedood** is na die **vlees**, | Joh 10:17,18 |
| | maar **lewend** gemaak deur die **Gees**; | |
| 1 Petr 3:19 | in Wie Hy ook heengegaan en **gepreek** het | |
| | vir die **geeste** in die gevangenis (doderyk). | geeste in Paradys |
| 1 Petr 4:6 | Want daarom is ook aan die dode | Vanaf Adam |
| | die **evangelie** verkondig, | Jesus is die Here |
| | sodat hulle wel **geoordeel** kan word | Geen veroordeling |
| | na die mens in die **vlees**, | Vlees/sielssonde |
| | maar **lewe** na God in die **gees**. | **Siel en gees een** |

Here Jesus het gekom **tot seën** van mense **uit** alle geslagte van al die nasies van die aarde, **dode en lewendes**. God se tweede belofte van seën aan Abraham. Voor die kruis, vanaf Adam, was dit **verordineer** watter lewende siele, asem van God, na die Paradysdeel gaan sodat hulle met 'n gees gered kan word. By die **eerste koms (kruis)** van Here Jesus kry **hierdie siele** in die Paradysdeel **'n gees**. Jesus het alleenlik tot geeste gepreek. Die bediening van die Heilige Gees begin by die kruis, eerste vir die dode in die Paradysdeel van die doderyk.

Here Jesus sê deur Apostel Johannes:

| | | |
|---|---|---|
| Open 1:17c | Ek is die eerste en die laaste | 2 Adams |
| Open 1:18 | en die lewende; | |
| | en Ek was dood en kyk, | Kruis |
| | Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. | |
| | En Ek het die **sleutels van die doderyk** en van **die dood**. | |
| | *(Engels “keys of hell and of death.”)* | |

Die **doderyk is 'n gevangenis** waarin die gees en siel van **God se maaksels** bewaar word. Die lewende gees en lewende siel kan **nie** uit die doderyk gaan of met lewendes kommunikeer totdat Here Jesus, wie die sleutels het, hulle uit die doderyk haal nie. Mense wie met die dode kommunikeer is inderwaarheid in kommunikasie met 'n duiwelsgees wie hul naasbestaandes verpersoonlik (na-aap). Elke aspek van die opstanding uit die dode word verkrag deur die geeste van die wêreld.

In 'n oomblik van stilte dink ons aan die vyfde gebod: “Eer jou vader en moeder sodat jou dae verleng mag word.” Deut 5:16. Is dit beter om 'n lang lewe, hoë ouderdom, te hê as om 'n lang tyd in die doderyk deur te bring al is dit in die Paradysdeel van die doderyk?

## TWEE TIPES OPSTANDING

Die geloof van 'n Christen is van geen nut as Jesus Christus nie **uit die dood opgestaan het nie,** want dan is daar **geen hoop** vir ‘n lewe na die dood nie. 1 Kor 15:12-18. Dit is die rede waarom die opstanding **uit** die dode 'n teiken van Satan is. Die Sadduseërs sê dat daar geen opstanding is nie en ook geen engel of gees nie. Die Fariseërs glo in die **eenmalige** algemene opstanding van **alle dode** en dat daar engel en gees is. Hand 23:8. Here Jesus openbaar in die nuwe testamentboeke dat daar **twee tipes opstandings is:**

| | | |
|---|---|---|
| Joh 5:29 | en sal uitgaan, | Geregverdigdes |
| | die wat **goed** gedoen het, | Rom 7:17,19,26 |
| | **tot die opstanding van die lewe,** | Opstanding van **geeste** |
| | en die wat **kwaad** gedoen het, | Nie geregverdig |
| | **tot die opstanding van die veroordeling.** | Opstanding van **siele** |

Die kerkdom, en veral ou tradisionele kerke, ignoreer hierdie openbaring van Here Jesus Christus dat daar twee opstandings is wat op twee verskillende tye plaasvind. Baie kerke volhard met hul opstandingsleer dat daar net een algemene opstanding is. Alleen met die kennis van Bybelprofesie kan ons hierdie openbaring van Jesus Christus verstaan.

Die **opstanding van die lewe (geeste)** verwys na ons wie die **lewendmakende Gees** ontvang het en deur die water en bloed van die kruis geregverdig is. Ons **gees** word deur die Heilige Gees **uit die Paradysdeel** van die doderyk opgewek. Ps 16:10; Hand 2:27; 13:34. Nou kan ons die hemel ingaan en voor die **regterstoel** van Here Jesus Christus ons **Middelaar** verskyn. Die opstanding van die lewe uit die doderyk vind plaas voor die duisend jaar Messiasryk op aarde begin.

Die **opstanding van die veroordeling** (lewende **siele)** vind plaas op die laaste dag van die Messias Ryk wat ook die dag van oordeel en die laaste dag van die teenswoordige wêreld op aarde is. Dit is die eenmalige, algemene opstanding van lewende **siele in die smartedeel** van die doderyk. Die doderyk is nou leeg en word verbrand in die poel van vuur of hel. Hierdie lewende siele, asem van God, kom voor die groot **wit troon van God** sonder 'n Middelaar. Hierdie siele word beoordeel volgens hul **werke** wat hulle gedoen het. God betoon sy regverdigheid aan nog mensesiele en nou vind daar 'n "**seleksie" vanuit die dode** plaas (**ander** boek van die lewe). Siele word volgens hul werke deur God **beoordeel** en dié wie God nie regverdig nie, word **veroordeel tot die hel**, poel van vuur, wat ook die dood van siele of tweede dood genoem word. Open 20:11-15.

Menige Christene verkondig die eenmalige opstanding van alle dode wat inderwaarheid die opstanding **van die veroordeling van geeslose siele op die dag van finale oordeel is.** Jesus se opstandingsopenbaring word nie verstaan as twee tipes opstanding wat apart van mekaar plaasvind nie. Dat die opstanding **uit die dode** van die lewe 'n duisend jaar voor die opstanding **van die dode** van die veroordeling plaasvind. Die opstandingsprobleem word verswaar weens hierdie Christene se sienswyse dat die huidige 2,000 jaar kerktydperk 'n simboliese duisend jaar van die Messias Ryk is wat eindig op een algemene opstanding van alle dode.

By die toepaslike hoofstukke sal hierdie twee tipes opstandings verduidelik word. Die volgende verse bevestig die twee tipes opstanding en die tyd van 'n duisend jaar tussen die twee tipes opstanding:

Open 20:4 Beskryf die opstanding van siele wie onthoof was. Paradysdeel
Die 12 Apostels wie saam met Christus (Messias)
op aarde vir 'n duisend jaar regeer.

Open 20:5 En die **ander dode het nie herlewe** Siele in smartedeel
totdat die duisend jaar voleindig was nie,
Dit is die **eerste opstanding.** Vers 4 se opstanding

Open 20:6 Salig en heilig is hy wat **deel** het aan die **eerste opstanding**;
oor hulle het die tweede dood (van siele) geen mag nie,
maar hulle sal priesters van God (in die hemel - Open 1:6)
en van Christus wees en sal saam met hom (Christus)
as konings regeer **duisend jaar lank**. (Messiasryk op aarde)

God se belofte van land Kanaän aan Abraham moet nog vervul word. God se belofte aan Koning David, dat sy koningskap ewig sal duur, moet nog vervul word. Dit is wat die Apostels in gedagte gehad het toe hulle vir Jesus Christus gevra het: “Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?” Hand 1:6. Die Messiasryk vervul al hierdie beloftes op aarde met Israelies in vlees en bloed en uit die dode (daarom word daar in bogemelde verse verwys na siele en nie geeste nie) as getuies dat God sy beloftes vervul het. Die Messiasryk duur 'n duisend jaar waarna dit oorgaan na die toekomstige wêreld wat ewig duur.

DELE VAN EERSTE OPSTANDING : VOLGORDE

Genadiglik het ek eers profesie bestudeer voordat ek die opstanding uit die dood ondersoek het. Die boek Openbaring beskryf twee opstandings uit die paradysdeel van die doderyk en toe eers kon ek die woorde “eerste opstanding” verstaan. Die **eerste opstanding** van die lewe bestaan uit **drie opstandings** uit die doderyk! Here Jesus kom op drie verskillende tye om geeste uit die Paradysdeel te haal. Hierdie **drie** opstandings word **gesamentlik die eerste opstanding** genoem. Die **siele** in die smartedeel van die doderyk bly agter en moet wag vir die **“tweede opstanding”** op die dag van oordeel.

Die **opstanding van die lewe** uit die dode vind plaas in 'n spesifieke **volgorde:**

1 Kor 15:20 Maar nou, Christus is opgewek **uit die dode**;
Hy het die **eersteling** geword Engs. *first fruits*
van die wat **ontslaap** het. ‘n Gees en siel leef (sintuie)

1 Kor 15:21 Want aangesien die dood deur ‘n mens is, Adam met vlees
is die opstanding van die dode ook deur ‘n mens. Christus in vlees

1 Kor 15:22 Want soos hulle almal in Adam sterwe, Adam se vlees
so sal hulle ook **almal in Christus** Rom 8:9-11
**lewend** gemaak word; en lees 1 Thes 4:16

1 Kor 15:23 maar elkeen in sy **eie orde:** **Eerste opstanding in dele**
as eersteling Christus,
**daarna**
die wat **aan** Christus **behoort** by sy **koms**. In Christus (met gees)

1 Kor 15:24 **Daarna** kom die einde, Einde van duisend jaar
wanneer Hy die koninkryk Messias Koninkryk. Dan 2:44
**aan** God die Vader oorgee, Vir toekomstige wêreld

as Hy (Christus) alle heerskappy — Op teenswoordige wêreld
en alle gesag en mag vernietig het. — Satan en aardse mag. Efe 6:12

Die woord **almal** in vers 22 verwys **net na mense wie Adam se lewende siel ontvang het.** Dit word gespesifiseer dat hulle **wie in Christus is**, in dieselfde Gees van Here Jesus, deel in die eerste opstanding uit die dode. Hulle met ‘n gees wie aan die **liggaam** van Christus **behoort,** deel in die opstanding van die lewe. Die lewendmakende Gees van Christus gee ons die nuwe lewe tot die ewige lewe.

Here Jesus was die **eersgeborene** uit die Heilige Gees. Daarna kom ons wie met ‘n gees wedergebore is, sodat ons aan Christus **gelykvormig** kan wees. Jesus Christus was die **eersteling uit** die doderyk wat uit die dood opgestaan het. Hand 2:24.

Ons lees in Mat 27:52,53 dat die grafte (doderyk) oopgegaan het op die dag van Jesus se kruisiging. **Na** Jesus se opstanding uit die dode(ryk) het die ou testamentiese heiliges (met ‘n gees) uit die dode opgestaan en uit hul grafte gegaan. Hos 6:2; Ese 37:1-14. Die ander dode (siele) in die smartedeel het nie saam met hulle opgestaan nie. Here Jesus sê:

Joh 5:28b Want daar kom ‘n uur wanneer
almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor — Wie Sy stem hoor
Joh 5:29a en sal **uitgaan**, (verlaat Paradys - opstanding uit die dode)

Apostel Paulus beskryf ook die doderyk as 'n gevangenis en sê dat die opgestane gevangenes uit die dode saam met Here Jesus na die hemel opgevaar het. Die **gawe** van die Heilige Gees wat aan die Paradys dode gegee is, 'n gees, is ook vir lewendes gegee. Efe 4:7-10. Vanaf Pinksterdag verkry lewendige mense ook 'n gees. Nota: Aan die begin van die Heilige Gees se bediening (apostel tydperk) ontvang mense 'n gees uit die Heilige Gees buite moederskoot waarna wedergeboorte geskied in moederskoot. Alleen op hierdie wyse kan die apostels en eerste volwasse en kinder Christene 'n gees uit Gees ontvang waaraan die kruisbloed en kruiswater kleef.

Die Apostels getuig nie net van Here Jesus se opstanding **uit die dode(ryk)** nie. Hulle getuig dat daar **reeds ook 'n opstanding** van mense uit die doderyk was wat saam met Jesus na die hemel opgevaar het! Ou Testament persone soos Adam, Abel, Noag, Abraham, Dawid, profete, ensovoorts vorm die **eerste deel** van die liggaam van Christus - wie reeds in die hemel is! Job 19:25,26; Ps 49:16; Efe 3:15; Luk 20:35-38.

By die **eerste koms** van Jesus Christus, **geboorte en kruis**, was daar reeds 'n opstanding uit die dode van ou testamentiese persone wie saam met Here Jesus na die hemel opgevaar het. Kragtige getuienis van vervulling van profesie!

Here Jesus sê dat Hy **weer gaan kom** en beskryf dit as die **wederkoms met engele in die lug** bo die aarde. Mat 24:31. Dié wie aan Christus **behoort** by Sy koms met engele, sal ook uit die dode(ryk) opstaan. Weer vind daar 'n opstanding van geeste uit die Paradysdeel van die doderyk en terselfdertyd gaan ook die **gees uit lewendes**. Saam sal die geeste van **geheiligdes** uit die dode en uit lewendes, opvaar in ‘n **wolk** en die Here tegemoet gaan **in die lug** bo die aarde. Hierdie opstanding word beskryf in 1 Thes 4:15-18 en die **teken van die tyd** wanneer die wederkoms en opstanding sal plaasvind word beskryf in 2 Thes 2:1,3,4. Mense het die onbybelse woord “wegraping” geskep sodat hulle 'n ander kunsmatige tyd vir

Jesus se wederkoms kon skep. Wat mense ookal doen en skryf, dit verander nie die woorde in die Bybel nie.

By die **tweede koms** van Here Jesus **in die lug** met **engele** sal die engele eerste die geeste uit die doderyk bring en daarna sal hulle die geeste uit lewendes, wie in al vier windrigtings oor die aarde versprei is, versamel. Hierdie opstanding duur 'n dag en is **nie 'n "oogwink"** gebeurtenis nie. 1 Thes 4:17; Mat 24:31 en Rom 13:11.

Die **derde koms,** ook in die lug, van Here Jesus vind plaas aan die einde van die laaste sewe jaar, einde van die groot verdrukking, en **voor** die 2de sondvloed en voor die Messias Koninkryk begin. Hierdie opstanding fokus grootliks op die volk van Israel (siele wie onthoof is). Dit is ook die **laaste** deel van die **eerste opstanding uit** die Paradysdeel van die doderyk **voordat die toorn van God** soos beskryf in Openbaring 16 oor die aarde uitgestort word. Open 20:4-6. Hierdie drie opstandings vorm gesamentlik die eerste opstanding.

**Nota.** Ons moet duidelik onderskei tussen die Here se **wederkoms met engele** en **koms met geheiligdes**. Jesus se **wederkoms met engele** word gekoppel aan die opstanding uit die dode en versameling van geeste uit lewende geheiligdes wat oor die aarde versprei is. Here Jesus se **koms met geheiligdes op wit perde** vanuit die hemel na die aarde, word gekoppel aan die **slag van Armageddon** tydens die 2de sondvloed. Na die slag van Armageddon keer die Here en geheiligdes na die hemel terug terwyl die 2de sondvloed op aarde voortduur. Open 19:8,14,15. Die welgeluksaliges uit Israel en nasies **op aarde** wie die 2de sondvloed oorleef, gaan die duisend jaar Messias of Christus Koninkryk op aarde in met liggame van bloed en vlees. Dan 12:12.

OPSTANDING : GEESTELIKE LIGGAAM

Ons weet nou wat gebeur by die dood en in die doderyk. Nou volg ons die **gees waaraan die sielsonde kleef uit die doderyk tot in die hemel.** Apostel Paulus verduidelik wat gebeur by die **wederkoms** van Here Jesus met engele:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 Kor 15:51 | | Kyk, ek deel julle 'n **verborgenheid** mee:<br>Ons sal wel nie almal ontslaap nie, (sterf nie)<br>maar ons sal almal **verander word.** | Twee maal |
| 1 Kor 15:52 | a | in 'n oomblik, in 'n oogwink<br>by die laaste basuin; | In die hemel<br>7de basuin<br>en |
| | b | want die basuin sal weerklink,<br>en die **dode** sal onverganklik **opgewek** word; | **1ste Basuin**<br>**Doderyk** |
| | c | **en ons** (lewendes) sal **verander** word.<br>(b en c vind eerste plaas en in die hemel a en c by basuin 7) | 1 Thes 4:15 |
| 1 Kor 15:44 | a | 'n Natuurlike liggaam word gesaai, | Uit man en vrou |
| | b | **'n geestelike liggaam word opgewek,** | Uit dode en lewendes |
| | c | Daar is 'n natuurlike liggaam,<br>en daar is 'n geestelike liggaam. | |

Daar is 'n natuurlike liggaam van vlees en daar is 'n geestelike liggaam. Lees verse 45, 46, 53. Ons word opgewek met 'n geesliggaam wat presies dieselfde as Here Jesus se eie opstandingsliggaam was. Soos Here Jesus, sal ons ook met 'n

geesliggaam na die hemel in ‘n wolk **opvaar**. Hand 1:9,11; Rom 8:29; 1 Kor 15:20; Open 1:7. Met hierdie geesliggaam gaan ons die hemel in en daarom moet ons weet watter tipe liggaam dit is.

Jesus het uit die dood opgestaan en sy liggaam was nie in die graf gevind nie. As Jesus se gees alleen opgestaan het en nie ook sy liggaam nie, het mense nie geglo in die opstanding uit die dode nie. Hierdie gebeure en die volgende aangehaalde vers het gelei tot die Apostoliese Geloofsbelydenis en miljoene Christene van ander kerke laat glo in die opstanding van die vlees (die verganklike vlees- en beneliggaam). Jesus Christus sê:

| | | |
|---|---|---|
| Luk 24:39 | Kyk na my hande en my voete,<br>want dit is Ek self. **Voel** aan My en **kyk;**<br>want ‘n <u>gees</u> het nie vlees en bene<br>soos julle sien dat **ek het** nie. | <br><br>Luk 11:24-26 - demone<br>**Fil 3:20,21** |

Die woord “gees” het Christene verwar en gemaak dat hulle glo in die opstanding van hul natuurlike vlees- en beneliggaam! Jesus self sê dat dit 'n **duiwelsgees** is wat nie vlees en bene het nie! Jesus se natuurlike liggaam **in die graf verander van gedaante** in 'n geestelike liggaam **met** vlees en bene **sonder bloed.** Alle vlees is nie dieselfde vlees nie. 1 Kor 15:39. Jesus se geesliggaam met vlees en bene kon deur mure gaan en skielik verander sodat mense Hom herken en nie herken nie. Met hierdie nuwe onverganklike geestelike liggaam kon Jesus ook eet, drink en praat. Dieselfde gebeur met die liggaam van hulle wie nog leef by die koms van Christus. Op aarde was Jesus in die vleesliggaam en in die geesliggaam, want 'n natuurlike **liggaam van bloed en vlees** kan nie die hemel ingaan nie. 1 Kor 15:50 en lees ook Luk 24:15,16,31,36-39,43; Mrk 16:12; Joh 21:4,12. Die 12 Apostels het hierdie geestelike liggaam gesien, net soos Apostel Paulus dit ook in die Paradysdeel van die doderyk gesien het. 2 Kor 12:3.

Ons geesliggaam is 'n spieëlbeeld (gedaante) van ons verganklike natuurlike liggaam. Lees ook 2 Kor 3:18; 5:1-9. Die opstandings geesliggaam met **onverganklike vlees en bene** gee 'n herkenbare figuur aan ons geesliggaam waarmee ons in die hemel voor die **regterstoel van Here Jesus Christus ons Middelaar** verskyn

HEMELSE LIGGAAM : DOOP MET VUUR

Aan ons gees kleef die sonde van die vlees wat nie tot die dood is nie. Vir ons daaglikse sonde sal ons persoonlik rekenskap voor Here Jesus moet gee. Rom 14:12. Ons gees waaraan sielsonde kleef, **word beoordeel** na die mens in vlees, maar ons word **nie veroordeel nie:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 Joh 5:7 | Want daar is drie wat **getuig in die hemel:**<br>die Vader, die Woord en die Heilige Gees,<br>en hierdie **drie is een**. | Joh 5:24<br><br>Efe 4:4-6 |
| 2 Kor 5:10 | Want ons moet almal voor<br>die **regterstoel van Christus** verskyn,<br>sodat **elkeen** kan ontvang<br>wat hy **deur die liggaam** verrig het,<br>volgens wat hy gedoen het,<br>of dit goed is of kwaad. | Ons met ‘n gees uit Gees<br>Nie Open 20:11- wit troon<br>Rom 14:10; Gal 6:5-8<br>Daaglikse sonde<br>Mat 16:26,27; 2 Tim 1:7-10<br>Rom 6:10-13; 7:19 |

Die mate wat ons gees van sielsonde gereinig moet word, bepaal ook die "graad" van ons "straf" in die hemel.

1 Kor 3:13 elkeen se **werk** sal aan die lig kom, Sonde van ongeregtigheid
want **die dag** sal dit aanwys, **Regterstoel oordeel**
omdat dit **deur vuur openbaar** gemaak word;
en **die vuur** sal elkeen se werk Hand 2:3
op die proef stel, hoedanig dit is.

1 Kor 3:14 As iemand se werk bly staan
wat hy daarop (vers 10) gebou het,
sal hy (hemelse) loon ontvang;

1 Kor 3:15 as iemand se **werk verbrand** word, Daaglikse sonde
sal hy skade lei; Heerlikheid in hemel
alhoewel hy self **gered sal word**, (**Mat 3:11**
**maar** soos **deur vuur** heen. (**Doop met vuur**

1 Kor 15:52 a in 'n oomblik, (**Doop met vuur**
in 'n oogwink, (in die hemel is
by die **laaste** basuin**;** (7de) (vinniger as die
(opstanding uit
(die doderyk
c en ons sal (weer in die hemel) **verander word.**

By die blaas van die **laaste (sewende) basuin** word ons **gedoop met vuur in die hemel.** Johannes die Doper sê hy doop met water, maar Hy (Here Jesus) wat na hom kom sal ons doop met die Heilige Gees en (doop) met vuur. Mat 3:11. Die **Heilige Gees is die vuur** wat ons gees reinig van die sondes van ongeregtigheid wat aan ons siel gekleef het. Die vuur (Gees) het uit Satan gegaan, Ese 28:18, en die tonge van vuur, Heilige Gees, het verdeel en op elk van die Apostels gaan sit. In 'n **oogwink verander ons geesliggame na hemelse liggame** sodat ons nou eers kan deel in die heerlikheid van God. Die mate van vuur benodig om ons te reinig van sielsonde, bepaal ook die **graad van die heerlikheid** van ons **hemelse liggaam** (lees volle verse in die Woord):

1 Kor 15:40 En daar is aardse liggame en **hemelse liggame**;
Maar die **heerlikheid** van die hemelse 1 Kor 15:49
is **anders** as die van die aarde. hier onder

1 Kor 15:41 want die **een ster verskil** in heerlikheid
van die **ander ster**. Skade ly/straf

1 Kor 15:48 so is ook die **hemelse mense**. (Open 19:8,9,14

1 Kor 15:49 so sal ons ook die **beeld** van die **hemelse** dra. (en Dan 12:2,3

Here Jesus het ook op aarde hierdie hemelse liggaam gedemonstreer aan drie Apostels, naamlik Petrus, Jakobus en sy broer Johannes. Mat 17:2. Apostel Paulus het ook hierdie hemelse liggaam gesien toe hy in die **derde hemel** was en daarom kon hy dit so duidelik beskryf. 2 Kor 12:2,3 - derde hemel.

Ons hemelse liggaam sal wees soos 'n helder ster of minder helder ster en so verskil die heerlikheid van hemelse mense. Die **verborgenheid** van hoe God sy beloftes aan Abraham gaan **vervul,** word deur Here Jesus, die Woord, deur

Apostel Paulus geopenbaar. Nou weet ons hoe God Abraham se nageslag **buitengewoon** gaan vermeerder sodat ons **soos sterre in die hemel** sal wees. Gen 22:17; Gal 3:29.

Saam met God die Almagtige kom ons **in hemelse liggame uit die hemel** na die nuwe toekomstige wêreld op planeet aarde. Ons sal nie klere benodig nie (ook nie ‘n liggaam van vlees en bene nie!) want ons is **beklee** met 'n hemelse liggaam. Open 19:8,14.

Die nuwe wet van die Nuwe Testament kom tot volle openbaring by die kruis op aarde en in die hemel met mense in 'n hemelse liggaam. Nou verstaan ons wat die einddoel van die Here se werke op aarde en vanuit die hemel is. Nou ken ons die Bybel baie beter en weet ons presies wat glo ons. Ons sal alles ken wanneer ons van aangesig tot aangesig voor Here Jesus Christus staan.1 Kor 13:9-12.

Om te weet hoe en wanneer dit wat ons glo in die hemel verwesenlik gaan word, moet ons oorgaan tot die profesie deel van die Bybel. Profesie openbaar die verwesenliking van ons geloof by die koms van Here Jesus Christus. Profesie openbaar watter tekens ons op aarde en in die lug bo die aarde sal sien. Mat 24:3; Open 22:10.

Die saakmakende grondbeginsels vir Christene word in hierdie boek uitgelig. Dit bly steeds die verantwoordelikheid van elkeen om dit te toets en te meet aan die hand van die Bybel. Wysheid is nie vanuit onsself nie, maar vanuit die Heilige Gees - wanneer ons die ware woord van God bestudeer.

## HOOFSTUK 14

# SES WêRELDRYKE EN DIE KERKTYDPERK

Die openbaringe van Here Jesus se profesie is beperk tot die tyd wanneer kennis daarvan vir ons noodsaaklik is. Skielik kom die staat van Israel totstand in 1948. Vandag is bybelprofesie die onderwerp van menige boeke.

Soos die profete die eeue verborgenheid van hoe die Here alle geslagte van nasies gaan seën nagevors en ondersoek het, ondersoek Christene ook die profete en apostels se boeke oor die eindtye, want dit moet ook geopenbaar en vervul word. Pionier profesie-skrywers gee aan ons die **sleutel** tot die openbaringe van Here Jesus se profesieë in die boek Openbaring, Open 17:9-13:

| | | |
|---|---|---|
| Open 17:10 | En hulle is **sewe konings**:<br>a. vyf het geval<br>b. en een is;<br>c. en die ander **een (7de)** het nog nie gekom nie;<br>en wanneer hy kom moet hy 'n **kort tydjie** bly. | Open 13:1 (koppe)<br><br><br>7de Ryk |
| Open 17:11 | En **die dier** wat was en nie is nie,<br>is self ook die **agtste, (8ste)**<br>en hy **behoort by die sewe**<br>en gaan na die verderf. | <br>8ste Ryk |

Apostel Johannes skryf die boek Openbaring 94 nC in die tyd van die Romeinse Ryk - **"en een is."** Die woorde "vyf het geval" verwys na koninkryke voor die Romeinse Ryk (die sesde). Na die Romeinse Ryk en kerktydperk, in die verre toekoms, moet nog twee ryke kom.

Die sleutel tot eindtydprofesie is die openbaring dat die 7de Ryk 'n **kort tydjie** sal regeer en dan vir **'n uur** (vers 12) **saam** met die 8ste Ryk wat eindig op die toorn van God of die 2de sondvloed met vuur binne-in die hael. Die 7de Ryk sal 'n kort tydjie regeer en eers in die **laaste uur van die kort tydjie** sal die 8ste Ryk ontstaan wie saam met die 7de Ryk sal regeer tot die toorn van God hierdie twee ryke vernietig.

Pionier profesie-Christene kon nie onderskei tussen die 7de Ryk en die 8ste Ryk nie. Hulle het die 7de Ryk en 8ste Ryk tydperke as een tydperk van groot verdrukking verstaan. Dit beteken ook dat die dier (Satan) regeer vanaf die begin van die 7de Ryk. Summier het hulle die wederkoms van Jesus aangepas na onmiddellik voor die 7de Ryk. Dit is die oorsprong van die hedendaagse dwaalleer en woord "wegraping" om 'n ander tyd vir Jesus se wederkoms te skep as wat die Bybel ons leer. Later meer hieroor.

Vroeg in die Romeinse Ryk tydperk is Israel tussen die nasies verstrooi, 70 nC en finaal 135 nC. Aan die einde van die tyd van nasies, kerktydperk, moet die volle huis van **Israel weer in land Israel versamel** word. Nou eers sal die "verre toekoms" profesie aangaande die volgende twee wêreldryke, 7de en 8ste Ryke, vervul kan word. Israel se verstrooiïngstydperk het nog nie geëindig nie, ondanks die feit dat die staat van Israel reeds in 1948 tot stand gekom het. Terwyl Israel in die proses van versameling is, begin die strukture van die 7de Ryk om vorm aan te neem.

Uit heiden nasies het menige wêreldryke voor en na die Romeinse Ryk ontstaan. Bybelprofesie verwys net na daardie ryke wat op die volk van Israel van toepassing is. Dit is 'n sleutelbegrip.

Die vyf koninkryke voor die Romeinse Ryk voer ons terug na die boeke Exodus, Konings en Daniël. Die Middel Egiptiese Ryk tussen Noag en Exodus is nie vir profesie doeleindes van toepassing nie, want Israel as 'n volk kom eers totstand in die tyd van Exodus. Tussen Exodus, 1460 vC, tot die Nuwe Egiptiese Ryk tydperk, 1064 vC, het 396 jaar verloop waartydens die Hyksos dinastie (Amalekiete) oor Egipte regeer het. Na die veertig jaar in die woestyn het Rigters vir 356 jaar oor Israel regeer. Eers in die tyd van Koning Saul bereik Israel hul nasieskap wanneer Israel beheer oor hul eie grondgebied verkry. Die Bybel identifiseer die volgende **ses wêreldryke en nog twee wêreldryke wat moet kom:**

**Bybel jare soos van toepassing op die volk van Israel**

| | | |
|---|---|---|
| Exodus. (40 jr) | Rigters regeer oor Israel. (356 jaar). | |
| 1. Egiptiese Ryk. | 1064 vC | Nuwe Egiptiese Ryk tydperk. Koning Saul. |
| 2. Assiriëse Ryk. | 0685 vC | Die 10 stamme van Israel word in ballingskap na Assirië en Medië (Meders) weggevoer. |
| 3. Babiloniese Ryk. | 0573 vC | 554 vC Juda in ballingskap na Babilon. |
| 4. Mede/Perse Ryk. | 0524 vC | Koning Darius die Meder, eerste koning van Mede/Perse Ryk. Koning Kores tien jaar later. |
| 5. Griekse Ryk. | 0333 vC | Alexander die Grote verower Jerusalem. Sy ryk verdeel in vier ryke. |
| 6. Romeinse Ryk. | 0063 vC | Verower Jerusalem. Jesus gekruisig 31 nC. Tempel verbrand 70 nC en 135 nC word die land verwoes en Israel verstrooi. (1900 jaar). |
| | Gaping – kerktydperk. | |
| 7. Sewende Ryk. | | Komende wêreldryk vir 'n **kort tydjie** en dan 'n uur gesamentlik |
| 8. Agste Ryk. | | Dier/Satan se sigbare wêreldryk vir 'n **uur lank**. |

As inleiding tot die wêreldryke begin ons vlugtig by die 8ste Ryk, vers 11, "die dier wat was en nie is nie" en vers 8 "alhoewel hy is." Nimrod verpersoonlik Satan se eerste sigbare wêreldryk op aarde, "dier wat was." Na Sem vir Nimrod in stukke laat kap het, het Satan van die sigbare Babiloniese wêreldregering oorgegaan na die onsigbare **Babiloniese godsdiens koninkryk van nasies in die teenswoordige wêreld.** Die dier wat **"**nie (sigbaar) is nie alhoewel hy is."

Die verse voor die openbaring van die sewe wêreldryke, vestig ons aandag op die "Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde." Die Bybel verduidelik die Babiloniese Orde, hoerstelsel, op aarde. "Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe (wêreldryke) en die tien horings (tien koninkryke van die 7 de Ryk),wat haar dra." Open 17:1-8. Die Babiloniese Orde (die vrou) is ook

teenwoordig in regerings van lande (wêreld regering) wie die Babiloniese Orde beskerm en dra.

Satan was soos 'n god in die toenmalige wêreld en steeds streef hy daarna om god en koning in die teenswoordige wêreld te wees. Satan sal enige iets doen sodat mense hom as god aanbid. Ese 28:2,13,14; Jes 14:13. Satan gebruik sy "seuns van Babel", geslag op geslag, om sy eie godsdienste in die Ooste en Weste voort te bring. Satan word deur verskillende godsdienste onder verskillende name aanbid. Daarom is mense nie verkeerd as hulle dink dat alle godsdienste dieselfde god (Satan) aanbid nie. Hy is die manipuleerder van die godsdiensbeen van die Christendom. Die onsigbare magstryd vir die harte en denke van mense is die rede waarom die Christelike Gees-geloof godsdiensvry is tot Satan vir 'n duisend jaar in die doderyk gebind is. Luk 21:34-36; 22:31-34.

Mense sal konings, presidente en eerste ministers verwerp, maar niemand sal dit waag om teen die "hoëpriester" van hul godsdiens te gaan nie. "Godsdiens is die hart van 'n land en die pad na die regering loop deur die godsdiens" het 'n skrywer geskryf. Die onsigbare Satan beheer die godsdienste van nasies en daardeur ook die sigbare regerings van die wêreld. Die dier wat was en nie is nie **alhoewel hy is**. Die Babiloniese Orde en vandag bekend as die Nuwe Wêreld Orde, is die goue draad wat ons in hierdie en die volgende hoofstukke sal volg.

VORIGE SES WêRELDRYKE

Na 430 jaar in Egipte het die volk van Israel tot stand gekom. Tydens die uittog van Israel uit Egipte, het Israel geveg teen die Amalekiete wie sak en pak vanuit Saudi Arabië na Egipte op pad was. Hulle het die verwoeste land van Egipte (tien plae) ingestroom en sonder teenstand oorgeneem. Egipte was sonder 'n koning, want Farao en sy leërs het in die Rooisee vergaan. Gen 36:12,16; Ex 17:8-16. Die Amalekiete was die Hyksos dinastie in Egipte. Die Hyksos dinastie het vir 396 jaar oor Egipte regeer. *Die skrywer I. Velikovsky in sy boek "Worlds in Collision" het 'n geskiedenis berekeningsfout van meer as vier honderd jaar voor Christus ontdek. Hierdeur kon hy die presiese tyd van die Hyksos dinastie bepaal. Die Bybel self en die jare in die Bybel bevestig sy bevinding.*

Koning Saul het die mag van die Hyksos by die Spruit van Egipte verbreek. 1 Sam 15:2-8. Dit was die begin van die **Nuwe Egiptiese Ryk met 'n Farao** wat oor die verenigde Egipte regeer het. Koning Saul het vir 40 jaar regeer en daarna het Koning Dawid vir 40 jaar regeer. Dit was die tyd toe God 'n belofte aan Dawid gemaak het dat uit sy nageslag daar weer 'n Koning sal kom wat vir **ewig** sal regeer. 2 Sam 5:4-7; 7:11-16; Jer 23:5-8 en 16:14-16. Salomo, seun van Dawid, het ook vir 40 jaar regeer en sy ryk was die beroemdste van sy tyd, maar dit het ook **nie vir ewig geduur nie**. In sy vierde jaar het Salomo begin om die tempel te bou, presies 480 jaar na Exodus. 1 Kon 6:1,38. Salomo het ook getrou met 'n dogter van Farao. 1 Kon 3:1.

Na Salomo se dood het Israel verdeel in twee, naamlik die koninkryk van Israel met 10 stamme en koninkryk van Juda met die stam Benjamin. Konings het 259 jaar oor Israel en 390 jaar oor Juda regeer. Sleutel tot Ese 4:5,6,7. Israel (10) het totaal goddeloos geword en God het rampe oor Israel (10) gebring. Sirië was die land wat God gebruik het om Israel (10) voortdurend mee te straf **saam met** die Ammoniete en Moabiete (Lot) vandag Jordanië. Dit het veroorsaak dat die meerderheid van Israelies uit al tien stamme na Juda oorgeloop het en **so het die tien stamme van Israel nie verlore geraak nie.** Israel se konings kon later nie meer 'n sterk leër saamstel nie. Binne 20 jaar het Juda se weermag gegroei van

180,000 man tot 580,000 man (1 Kon 12:21; 2 Kron 14:8; 15:9) en na 56 jaar het die tien stamme van Israel se weermag gekrimp tot 7,232 man. 1 Kon 20:15! In Juda is al twaalf stamme van Israel verteenwoordig en so het **die nuwe huis van Israel ontstaan** wat in die boek Handelinge bevestig word. Hand 2:36.

Die **Assiriëse Ryk,** oos van Tigrisrivier en vandag Suid-Rusland, was die tweede wêreldryk wat Egipte en die res van die Midde Oosterse lande verower het. Die stam van Naftali was eerste in ballingskap weggevoer en 40 jaar later (685 vC) volg die ander nege stamme van Israel (10). Hierdie sogenaamde tien verlore stamme was 'n geringe aantal mense en 'n God-verwerpte nageslag wat nie meer deel van Israel is nie en geen rol speel in die geskiedenis van die volk van Israel (12) nie. 2 Kon 17:4-12,23. Die ontvolkte gebied van Samaria, noorde van Jerusalem, word deur die koning van Assirië met mense uit Babel en ander dele van sy Ryk, wie nou Samaritane genoem word, bevolk. Hierdie Samaritane het die wet van Moses saam met hul eie heidense godsdienste toegepas. 2 Kon 17:24,27,29,32,35,41.

Die **Babiloniese Ryk,** Irak, was die derde wêreldryk wie Egipte en Assirië en lande van die Midde Ooste beheer het. Na Israel (10) weggevoer was, het koning Hiskia probeer om Juda na die weë van die HERE terug te bring. Koning Manasse het hom opgevolg en binne 55 jaar was Juda meer goddeloos as wat Israel was. Koning Josia probeer om Juda reg te ruk toe die hoëpriester 355 jaar na Salomo weer die **boek van die verbond** in die tempel van Salomo ontdek het. 2 Kon 22:8; 23:2,21,22. Na nog drie konings stuur die HERE Nebukadnesar van Babilon om die tempel te verbrand, Jerusalem te verwoes en **Juda,** nuwe huis van Israel, **in ballingskap weg te voer.** (554 vC). 2 Kon 25:8-10. Die **nuwe huis van Israel** gaan 131 jaar na Israel (10) vir 70 jaar in ballingskap na Babilon.

Die **Meder en Perse Ryk** was die vierde wêreldryk wat die Egiptiese, Assiriese en Babiloniese ryke verower het. Die Meders het destyds met Babilon 'n verbond aangegaan om die Assiriese Ryk te vernietig. Nou gaan die Meders 'n nuwe bondgenootskap aan met Persië (Iran) om van Babilon ontslae te raak. Dit geskied onder die leierskap van koning Daruis **die Meder,** Suidoostelike deel van Rusland.

Daniël profeteer 'n beer met drie ribbes in sy bek. Dan 7:5. Dit verwys na die drie vorige wêreldryke wat die Meders en Perse sal verower, naamlik Egipte, Assirië en Babilon. Darius die Meder, sterf na tien jaar en sy koningskap gaan oor na die Perse, “'n beer is aan die een kant opgerig.” Daniël profeteer van **vier** uitsonderlike sterk Persiese konings en Esra verstrek hul name, naamlik Kores die Pers, Ahasvèros die Pers, Darius die Pers en Artasasta die Pers. Die woord **Pers** is die sleutel om Darius die Meder te onderskei van Darius die Pers in wie se tyd die tempel gebou is. Dan 11:2; Esra 4:5-7.

In sy eerste jaar reik Koning Kores die Pers die bevel uit dat die Jode wie wil na Israel kan terugkeer om die tempel te grond, 514 vC. Serubbabel word as goewerneur van die Perse provinsie, Juda aangestel. Hy met 42,000 man was die eerste groep Jode om binne 40 jaar na Israel terug te keer. Dertig jaar voor Israel se 70 jaar ballingskap verstryk het!

Dertig jaar lank keer die Samaritane dat die Jode die tempel bou. Eers in die tweede jaar van Darius die Pers, 484 vC, eindig Israel se 70 jaar ballingskap. In die **Joodse sesde maand** begin Israel die tempel bou en na 4 jaar en 6 maande is dit voltooi. Esra met nog Israeliete kom na 23 jaar in Israel aan en hy leer hulle weer die wette van Moses. Dertien jaar na Esra kom Nehemia as goewerneur om die stad se mure te bou en die stad te bevolk. Dit duur 12 jaar.

Koning Artasasta die Pers, konings van konings, was die koning wat teen die opkomende Griekse Ryk in Turkye geveg het. Na hom en eers in die tyd van koning Darius III het Alexander die Grote die Meder en Perse Ryk verower. Hierna het die Griekse Ryk die wêreldtoneel vir 270 jaar oorheers. (333 tot 63 vC, Romeine verower Jerusalem).

Die **Griekse Ryk** was die vyfde wêreldryk. Alexander die Grote het die destydse wêreldryke Egipte, Assirië, Babilon, Meders en Perse binne 13 jaar verower. Jerusalem is 333 vC deur Alexander verower en hy sterf in Babilon 325 vC. Die een horing breek af en sy ryk verdeel in vier horings of koppe tussen sy vier generaals. soos hieronder gemeld. Dan 7:6; 8:8,20,21

**Grieks Macedoniese Ryk**. Macedonië en Griekeland vorm een van vier dele van die nuwe Griekse Ryk. Die koningshuis van Alexander kom uit Macedonië wie inderwaarheid Griekeland oorheers het. Die huidige stryd in Macedonië en Albanië dui op 'n herskikking van volkere en Griekeland sal hierby ingesluit word.

**Grieks Lysimachus Ryk**. Die gebied Bulgarye, noordelike deel van Turkye (Pergamos) en die gebiede oos van die Tigrisrivier, te wete Assirië en Meders, vorm die tweede deel van hierdie Griekse Ryk. Pergamos is die plek waar die troon van Satan is en weer sal wees. Open 2:12,13. Die setel van die Babiloniese Orde het verskuif vanaf Babilon na Pergamos. Deur die mag van die Griekse Ryk het die Babiloniese Orde menige nasies se priesterstelsels oorgeneem.

**Grieks Seleuse (Siriese) Ryk**. Die westelike deel van Turkye en lande wes van die Tigrisrivier, naamlik Sirië en Babilon, wat strek tot Persië vorm hierdie ryk. Eers was Babilon die hoofstad van hierdie ryk en later verskuif dit na Antiochië in Sirië. Hierdie ryk staan ook in die Bybel bekend as die koning van die Noorde.

**Grieks Ptolemiese (Egiptiese) Ryk**. Israel was vasgevang tussen die voortdurende gebieds- en magstryd tussen die Grieks Egiptiese Ryk, koning van die suide, en die Grieks Siriese Ryk, koning van die noorde. Daniël 8 en 11 beskryf en profeteer in detail die oorloë tussen hierdie twee Griekse ryke en die ontsettende ontberinge wat Israel as gevolg hiervan moes deurgaan. In die Grieks Seleuse leër verkry Satan 'n leër om menige Jode te dood, die tempel te ontheilig en vir 'n tydjie die voortdurende offer tot God te beëindig. Dan 8:11,12. Die Jode se stryd teen die Grieke onder die leierskap van die Makkabeërs familie, het in hierdie tyd begin. Daarna voer hulle die stryd teen die Romeinse Ryk wat duur tot 135 nC met die verbanning van Jode uit Israel tot 1948. Dan 11:33-35. *C. Larkin, The Book of Daniël, beskryf Dan 8 en 11 baie goed.*

Israel het ook oorbevolk geraak en dié wie nie as slawe weggevoer was nie, het verhuis na Egipte, Oos Europa, Babilon (Irak) en Persië (Iran). Hulle het ook sinagoges gebou in alle lande. Hand 2:8-12; 6:9. In die begin het Christengemeentes vanuit hierdie sinagoges ontstaan. Paulus se Christen **gemeentestruktuur** is gebaseer op die **sinagogestruktuur.**

Die **Romeinse Ryk,** twee bene van yster, was die sesde wêreldryk. Hulle het die totale gebied van al vier dele van die Griekse Ryk oorgeneem. Die Romeinse Ryk het ook Wes-Europa, Engeland tot Wes-Duitsland verower. Om hul handelsbelange in die Middellandse See te beskerm, is hulle met tyd ingesuig tot 'n wêreldryk. Die Romeinse regeringstelsels het drie maal verander tot op Julius Caesar, 44 vC, waarna die tyd van Romeinse keisers begin het.

Die Grieke en Romeine het Israel met meer as militêre geweld hanteer. Dit wys duidelik watter invloed die Babiloniese Orde op die Griekse en Romeinse leiers gehad het. Godsdienstige oorweginge het die mate van geweld bepaal. Jode is as slawe deur Pompejus 63 vC na Italië (Jawan) en Babilon weggevoer. Die Romeinse prokonsul in Sirië het Jode as slawe verkoop indien die Jode nie hul belasting kon betaal nie. Rome het die Edomiet Antipater, en later sy seun Herodus die Grote, en sy seuns as konings oor Israel aangestel.

Die Boek Daniël fokus op twee primêre tydperke van Israel. Die tyd **voor** Israel (70 nC - 135 nC) tussen die nasies verstrooi is en die tyd **na** Israel se verstrooiing, die verre toekoms, wanneer Israel weer uit die nasies in land Kanaän versamel sal word. Ons moet dus waaksaam wees om by sekere hoofstukke te besluit tussen watter twee verse vind die 1900 jaar verstrooiingsgaping plaas en by watter vers begin sy profesie vir die **verre toekoms** met betrekking tot die 7de en 8ste Ryke.

Ons vind gapings tussen die volgende verse: Dan 2:40 en 41; 7:7a en b; 8:25 en 26; 9:26 en 27; 11:39 en 40. Elk van hierdie eerste verse, let wel, eindig op die Romeinse Ryk. Dit is belangrik dat ons weet by watter verse begin die tweede deel van Daniël se profesie sodat ons nie historiese gebeure na vandag oorbring nie.

Omdat die 7de Ryk, voete en tone, uit die Romeinse Ryk met twee bene voortspruit, is dit moeilik om die Romeinse Ryk van die 7de Ryk te onderskei. Dieselfde eienskappe soos gevind in die Griekse Ryk en Romeinse Ryk, vind ons in die 7de Ryk. Inteendeel, ons sal die geprofeteerde dier se karakter nie op 'n ander wyse kan identifiseer as om die verse voor die gapingsverse te lees nie.

Hierdie gapingstydperk van Israel word ook genoem die kerktydperk of meer spesifiek, die tyd van nasies. Aan Daniël en die profete is hierdie gapingstydperk nie geopenbaar nie en daarom skryf hulle dit as een opeenvolgende “verhaal”. Dan 12:9. Dit was die rede waarom die 12 Apostels gedink het dat Christus die Messias dadelik tot die skep van 'n nuwe koninkryk vir Israel sal oorgaan. Hand 1:6. Daarom het die Joodse gemeente in Jerusalem alles verkoop en alles gemeenskaplik gedeel in afwagting op die spoedige totstandkoming van die Messias Ryk in land Kanaän. Hand 2:44,45; 3:21; 4:32. Die gemeente in Jerusalem het in armoede en ellende verval. Hand 11:29; 1 Kor 16:1-3.

In die boek Openbaring vestig Here Jesus Christus ons aandag op Pergamos as die troon van Satan. Open 2:13. Skrywers het dit ondersoek en voldoende bewyse gevind van hoe die Babiloniese Orde die Christendom ingedring het. Die koning van Pergamos was die hoof van die Babiloniese Orde en by die afsterwe van Attalus III, hoofpriester en koning van Pergamos, het hy sy hoofpriesterskap, **Pontiff van die Babiloniese Orde,** aan Rome bemaak, 133 vC. Julius Caesar word hoëpriester 63 vC en nie lank daarna nie, Pontiff van die Babiloniese Orde. **Elke keiser word outomaties Pontiff van die Babiloniese Orde.** Die keiser is nou ook god en word so aanbid. *Die skrywer C. Larkin in sy boek “Book of Revelation” openbaar die aanstellings van Pontiffs tesame met datums wat hieronder verstrek word.*

Die Romeinse Ryk, dier met twee bene van yster, eindig 1452 nC. Vir 1,421 jaar bevind die Christendom hom in die Romeinse Ryk en die dier het beslis sy invloed op die Christendom gelaat. Met die nuwe kennis van die Nuwe Testament kan ons die geskiedenis van die kerkdom beter verstaan en duidelik die invloed van die Babiloniese Orde op die Christendom sien

KERKTYDPERK

'n Nuwe godsdiens, geloof in Christus, 31 nC, het in die tyd van die Romeinse Ryk ontstaan. Ons aandag verskuif nou na die Christendom en deur die Christen "godsdiens" volg ons steeds die Romeinse Ryk. Nou sal ons sien hoe Satan die Christendom ingedring het deur godsdienstige werke.

Die geloof in Here Jesus Christus begin in Israel, met die 12 Apostels se Joodse gemeente in Jerusalem op Pinksterdag. Hand 3:21-26. In Israel is daar nou twee godsdienste wat dieselfde God aanbid, maar op verskillende wyses. Dit word 70 nC deur God beëindig. Die voortdurende brandoffer duur tot 6 Augustus 70 nC en die tempel word 28 Augustus verbrand. *Bybel Atlas, Y. Aharoni en M. Avi-Yonah en vertaal deur A. Van Zyl, bl 161.*

Apostel Paulus het 57 nC gewaarsku dat wrede wolwe die gemeentes nie sal spaar nie. Hand 20:29. Here Jesus profeteer vanuit die hemel, 94 nC, deur Apostel Johannes se briewe aan die sewe gemeentes, dat Satan die gemeentes sal indring.

Geloofsafvallige dade het gou na die Apostel era begin. Reeds in 197 nC het kerkvader Tertullianus die praktyk van kinderdoop en die doop van lewendes namens dooies skerp veroordeel. 1 Kor 1:17;15:29. Die bittere vervolging van Christene het Christene laat gryp na fisiese ritule dade om hul geloof te versterk.

Generaal Konstantyn verower die keiserskap op 28 Oktober 312 nC. Hy staak die vervolging van Christene. In 321 nC erken hy Sondag as 'n publieke vakansiedag en skrywers sê dat hy ook gedoop is. Keiser Konstantyn verskuif die keiserhof van Rome na sy nuwe stad in Turkye, Konstantinopel en in 1930 verander die naam na Istanbul. In die tyd van Konstantyn verander die seuns van Babel hul taktiek teen die Christendom.

Konstantyn, Keiser (purperkleed) en (skarlakenrooikleed) Pontiff, hoëpriester van Babiloniese Orde, gebruik sy keiserlike gesag om geskille tussen die kerkvaders te besleg. Open 17:4. Sy besluite beïnvloed die Christendom tot vandag! Christene se God Drie-Eenheid begrip: is Jesus God en is die Vader groter en die Seun minder, was die eerste saak vir keiserlike beslissing. Joh 14:6; 16:26; Hand 2:36.

Biskop Alexander van Alexandrië het skerp gebots met een van sy pastore, Arius, wie Jesus se Godheid betwyfel het en die begrip een God. Arius het die hulp van biskop Eusebius ingeroep. Hierdie geskil tussen Christenleiers veroorsaak onluste tussen Christene in stede. Die keiser belê 'n vergadering van biskoppe, gemeenteleiers word in hierdie tyd so genoem, te Nicea, 325 nC, wat naby Konstantinopel geleë is. Dit was die begin van die Apostoliese Geloofsbelydenis en of Christene een God of meer aanbid (en doop?). Ons glo in een God die Here, in die beeld en werkinge van drie Persone van God vir menslike begripsredes. Kol 1:15; Fil 2:11.

Konstantyn gee ook opdrag dat 'n **nuwe Nuwe Testament "vertaling"** geskryf word om die Grieks-Romeinse afgode burgerdom met die Christendom te versoen. Hy aanvaar vyftig vertalings van biskop Eusebius, leerling van Origenes, en so **ontstaan die "grondteks" van hedendaagse "nuwe vertalings."** (soos die Nuwe Afrikaanse Bybel, kyk "grondteks" notas onderaan bladsye, bv Mrk 15 en 16 - bl 74 en 75, Twaalfde druk 1985). Hedendaagse nuwe vertalings is gegrond op drie oorgelewerde korrupte **"Konstantynse" grondtekse** genoem die Vaticanus (ontdek in Vatikaanstad), Sinaiticus (Roomse klooster) en Alexandrynseteks. M,

Gunther, *Van die Nuwe Testament tot ons Bybel* en L. Garret, *Which Bible can we Trust.* Die Godheid van Jesus en die verdraaiing van die woord van God is die eerste teiken van Satan. Keiser-Pontiff Konstantyn sterf 337 nC.

Die **Textus Receptus grondteks** was die oorspronklike grondteks van Christene se Bybel tot die verskyning van die "Konstantynse teks." Daarna het die Textus Receptus grondteks feitlik verdwyn in Wes-Europa tot kort voor Martin Luther se hervormings toe dit weer as die ware woorde van God aanvaar is.

Na Konstantyn begin die Romeinse Ryk tydsaam in twee bene te verdeel. Twee hoofstede vergroot die kloof tussen die Westerse en Oosterse kerke en daarmee die status van die twee biskoppe in die twee hoofstede. Romeinse keisers het die Babiloniese Pontiff aanstelling aanvaar tot Keiser Gratian, 376 nC. Om Christelike redes wou Keiser Gratian nie die Pontiffskap aanvaar nie.

Die **biskop van Rome**, Damasus, **aanvaar die Pontiff** aanstelling 378 nC. Biskop Damasus word nou ook Pontiff van die Babiloniese Orde en so word twee godsdienste verenig in een leier. Tot vandag is menige leiers van geheime organisasies ook godsdiensleiers. 1 Tim 6:20,21. **Pergamos** beteken "huwelik" en met die huwelik tussen die Babiloniese godsdiens en Christen geloof word Christene opgeneem in Satan se godsdienstige heerskappy op aarde. Open 2:12-17.

Amper 300 jaar na die Apostel era in Mei 380 nC, word Theodosius keiser en hy verklaar die Christen geloof as die amptelike en enigste godsdiens in die Romeinse Ryk. Om die keiser en staat te dien word **onafhanklike Christen gemeentes** opgeneem in **een staatskerk**, een **Algemene Katolieke (wêreld) Kerk** met **biskop - Pontiff Damasus as die hoof** daarvan. Deur een enkele godsdiensleier kom al die Christen gemeentes tot 'n val. Die Roomse Kerk word die morele en sosiale bewakers van die Romeinse burgerdom waardeur vrede binne die Romeinse Ryk verseker word. Aanbidding van afgode word verbied, tempels verbrand en mense vervolg wie nie Christene wil wees nie. **Van martelare na 'n Christenryk!** So ontstaan die begrip dat die Messias Koninkryk nou al op aarde in die kerk gevestig is. Na 1,620 jaar verduidelik menige kerke die duisend jaar Messias Ryk as 'n simboliese getal. Open 20:2,3,6,7. *B. E. Shelly se boek "Church History in Plain Language"* was van groot hulp om die vroeë kerktydperk te struktureer. Ek benut sy kennis, maar na my eie goeddunke.

Die Roomse Kerk verenig Christen gemeentes in een institusie. So ontstaan die woord "kerk" wat nie in die oorspronklike Bybel voorkom nie. 'n Kerk skep 'n **priester ordestelsel** van hoogheiliges tot leke. Dit is die betekenis van die woord **"Nikolaïete."** Open 2:6,15. *C. Larkin, The Book of Revelation, bl 20,151-Damasus, Pergamos en Nikolaïete.*

Die Christendom se krag berus op verdeeldheid, verskeidenheid van onafhanklike gemeentes (ledemate), en nie in organisatoriese kerkeenheid op aarde nie. Dit wat die Wêreldraad van Kerke en Bybelgenootskap (een wêreld Bybel) vandag ywerig najaag. Wanneer een liggaamsdeel wegval, bring dit nie die hele liggaam tot 'n val nie. Ons eenheid is in die Heilige Gees. Een Gees, een liggaam. Luk 12:51; Mat 10:34; Efe 4:4; 1 Kor 12:12-31.

Die **een algemene kerk,** soos vervat in die Apostoliese Geloofsbelydenis, bedien nou die nagmaal aan Christene en heidene tesame. So laat hulle toe dat oningeligte en ongelowige kinders en volwassenes die oordeel oor hulself bring. 1 Kor 11:27,29. Evangelisasie in die Roomse Ryk verdwyn geleidelik, want nou is almal as Christene gedoop! Die "Algemene Kerk" se sienswyse is dat priester en

leraar alle mense op aarde bedien, want God sal hulle uitsorteer in die hemel! Menige Christene vlug uit die kerk, soos ook vandag, en begin hul eie gemeentes buite die kerkdom. Meer bloed het oor die vorm van 'n Christengemeente, geslote of algemeen, gevloei as oor enige ander saak.

Keiser Theodosius verdeel die Romeinse Ryk in twee met 'n keiser vir elk in die weste en ooste. Die een wêreldkerk verdeel ook in twee, naamlik in die weste die Roomse Katolieke Kerk en in die ooste die Ortodokse Kerk (Grieks/Russiese Ortodokse Kerk). Wanneer die politiek verander, dan verander die kerk of wanneer die kerk verander, dan verander die politiek!

Biskop Damasus se geheime Pontiff aanstelling in 378 nC en Keiser Theodosius se kerkhervormings 380 nC vind terselfdertyd plaas. Biskop Damasus moet as Pontiff van die Babiloniese Orde plek binne die kerk vind vir Satan se drie-eenheid naamlik Nimrod die vader (Osiris), sy seun Horus (Jupiter) en vrou Semiramis (Isis) of Venus as **koningin van die hemel**. Hand 1:11-19.

John F. MacArthur, jr., skryf in sy boek *Charismatic Chaos*: "The latest addition to the long list of Roman Catholic beliefs . . . came on November 1, **1950,** with an *ex cathedra* pronouncement by pope Pius X11 from St. Peter's chair that Mary's body was raised from the grave shortly after she died, that her body and soul were reunited, and that she was taken up and enthroned as **Queen of Heaven**. And to this pronouncement was added the usual warning that "anyone who may henceforth doubt or deny this doctrine is utterly fallen away from the divine and Catholic faith."

In 381 nC begin Pontiff - biskop Damasus van Rome die aanbidding van die maagd **Maria.** Mense moet Maria aanbid (eerste gebod?) sodat sy by haar Seun voorspraak kan maak vir mense se sondes! Die **vrou** Maria, word as die derde persoon van Satan se goddelike eenheid uitgebeeld teenoor die "manlikheid" van die Persoon Heilige Gees wie Maria bevrug het. Hierdie voorsiene handeling van Satan is die hoofrede waarom Here Jesus deur Apostel Paulus **vroue nie tot die amp van leraars toelaat nie.** Daarom is daar geen Skrif gronde vir die aanstelling van vroue leraars nie. In die hemel, almal deel dieselfde gees, is daar geen onderskeid tussen man en vrou nie, maar op aarde met Satan se drie eenheid teenwoordig, word dit verbied. Vroue mag diakens wees en ouer vrouens mag jong vrouens onderrig. Open 2:20-23,24b; 1 Tim 2:12; 3:8,11; 5:9,11.

Pontiff-biskop Damasus gaan nou 'n stap verder om **Satan se goddelike eenheid** te versoen met die Christen geloof deur die **nuwe Roomse interpretasie** van die woorde "en doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees." Deur die doop met water verkry Satan amptelik toegang tot die godsdiensbeen van Christene! Verborgenheid van ongeregtigheid - 2 Thes 2:7 en lees Efe 6:10-20; Open 2:24b. Soos met die rabbi's is die oorleweringe van Christenleiers besig om ook Christene na die verderf te lei. Mat 15:1-20; 16:24; 1 Tim 1:7; 4:7,8.

Formeel word dit die **een doop** van die Roomse Kerk en as 'n heilige sakrament (wet) verklaar. Die Roomse Kerk verklaar dat hierdie doop met water in hierdie **drie name ook vergewing van sondes meebring.** Hand 2:38; 10:43; 1 Kor 1:17. Lees Mat 4:6,7,10 en sien hoe Jesus Satan bestraf as hy die woord van God verdraai en misbruik. Gen 3:4,5.

Katolieke glo tot vandag dat die waterdoop babas se sonde wat hulle van Adam geërf het, vergewe. Gebrek aan kennis van die wet van sonde, naamlik die liggaam

van vlees, maak dat mense geloofs dinge doen, maar nie weet wat presies hulle glo en doen nie. Ps 51:7; Rom 5:12,18,19; 15:45,47. Vir sondes **na** die doop met water stel die Roomse Kerk bykomende sakramente in. **Daaglikse** sonde biegsessies, merietevollewerke asook die nagmaalbrood, vergewe **sonde na die doop met water** van babas. Geskille oor watter “sakramente” Christelik aanvaarbaar is het gelei tot die **doktrine van geregverdigde geweld** sodat die Roomse Kerk op hierdie wyse van protesterende Christene binne en buite die Roomse Kerk ontslae kon raak! Hiervoor gebruik hulle Luk 14:23!

Pontiff-biskop Damasus van Rome eindig sy Babiloniese hervormings van die Roomse Kerk met 'n opdrag aan Jerome om 'n amptelike Latynse Bybel vertaling vir die Katolieke Kerk te skryf. Dit staan bekend as die Roomse Vulgaat Bybel. Dit word in 1592 gewysig.

In die tyd van Biskop-Pontiff **Leo** oorweldig die “barbare” uit Europa Rome en vernietig hulle die Westelike-Romeinse Ryk. In die jaar 445 nC neem Leo die titel van Pous en Pontiff vir homself aan. Op hierdie wyse gaan die Wes-Romeinse Ryk oor in 'n **Katolieke Godsdienstige Ryk** vir die volgende **duisend jaar** tot die Protestantse hervormings in 1517.

Saam met Leo se pousskap kom die geloof dat Jesus Christus sy **sondegesag** aan Apostel Petrus gedelegeer het en hy het dit weer aan die pous gedelegeer. Die pous is dus God se direkte verteenwoordiger op aarde. Die Pous delegeer weer sy sondevergifnis gesag aan biskoppe tot by die priesters. Daarom kan net “priesters” doop en moet hulle die nagmaalbrood direk in die mond van mense sit om nie die **kerk se sondevergifnis kanaal** te verbreek nie.

Die Heilige Gees, as die **genade** vanaf God, word nou oorweldig deur die Pous se goddelike status en gesag om sondes te vergewe. Deur die Pous se genade kanaal word prinse gekroon as sonkonings met goddelike gesag. Deur die **pous se genade** word mense na die hemel of hel gestuur of uit die vagevuur na die hemel oorgeplaas. Op hierdie wyse, tesame met die sakrament van die waterdoop en vertoon van kruisbeelde, het die Bybelse betekenis van genade, doop met die Heilige Gees, die kruisbloed en opstanding uit die dode, uit die Christendom verdwyn. **Die sewe Roomse sakramentele wette is:**

1. Doop met water, besprinkeling, van babas tot vergewing van sonde.
2. Aanneming of voorstelling van dooplidmate.
3. Nagmaalbrood verander in die fisiese liggaam van Christus tot vergewing van sonde, (wyn te duur? Mat 26:27,28).
4. Salwing deur heiliges, “saints.” Die bygeloof dat die heiliges verskillende tipes daaglikse rampe kan afweer. Vandaar die hangertjies van Christus en heiliges wat mense om hul nekke dra. Sekere “saints” voorkom ook peste onder diere soos varke en hoenders. Beelde en kruise van Christus wat deur priesters heilig verklaar is. Dit is veral gewild in Ortodokse Katolieke Kerke. Die kaal Protestantse Kerke begin weer vol raak en Christene uit die heidene, mans en vroue, begin hulle weer versier met goud en silwer.
5. Verordening van priesters, genadekanaal. Glo in die kerk en dien die kerkwette.
6. Boetedoening vir sondes. Vandag beklemtoon kerke steeds die Ou Testament se tien persent en ignoreer 2 Kor 9:7 van die Nuwe Testament.
7. Kerk-geheiligde huwelik. Die Jode het nooit in die tempel of sinagoge getrou nie. Dit was ‘n burgerlike- en familieseremonie buite die “kerkgeboue” wat deur God en staat erken word.

Na die westelike deel van die Romeinse Ryk ineengestort het, het die pous en die Katolieke Kerk alleen sonder staatsbeskerming gestaan. Die pous sluit verdrae met Europa se konings en prinse. Hulle beskerm die kerk en die kerk verleen goddelike gesag aan die konings en aan hul nageslagte. Op hierdie wyse het die begrip ontstaan dat 'n regering ook oor goddelike gesag soos die pous beskik.

Die goddelike kerkverbond 496 nC tussen die pous en die koning van Frankryk, **Merovingaanse koningshuis**, word 255 jaar later deur die pous verbreek. 751 nC. Die pous kroon Pepin III, seun van Charles Martel, as koning van Frankryk. Die Jode in Frankryk help Pepin III om 'n stad in Suid-Frankryk van die Moslem Moore te herower en een red selfs sy lewe. Hy gee ‘n groot deel van Suid-Frankryk en Noordelike deel van Spanje, nog onder Moslembeheer, as beloning aan die Jode en gee toestemming dat hulle hul **eie Joodse koning** kan aanstel.

'n Seun uit die nageslag van **koning Jojagin,** uit die nageslag van Dawid, het in Babilon agtergebly en 'n Babiloniese gelowige geword. Jer 22:18,19,24,30. Die seun uit Babilon was **Prins Makhir en hy het die koning van die Jode in suid-Frankryk geword.** Prins Makhir se koningsnageslagte het deur die huwelik met die nageslagte van die vorige Merovingaanse koningshuis verenig. Hierdie verenigde Franse koningshuis se kinders het die koningskap van die volle Frankryk teruggeëis. Hulle verloor die militêre stryd **881 nC** teen die Martel (Carolingiaanse) koningshuis. Toe die Wikings Frankryk binneval, vlug hulle na Engeland. Die Joods Merovingaanse vorstehuis het die **pous en Roomse Kerk nog nooit vergewe nie** en dit is die oorsprong van hul haat. Hierdie Babiloniese Dawid “seun” vorstehuis wat ons vervolgens sal noem **die Kabal,** beklee 'n sleutelposisie in die Babiloniese Orde. Satan se seuns van Babel, Babiloniese Orde, verkry deur die Kabal koningshuis direkte toegang na die volk van Israel en die nuwe tempel in Jerusalem! *“Akteurs in die Laaste Drama”* en *“Die Jode, Samesweerders of Volk van God?” deur dr. W.S. McLoud.*

Die Bybel in Latyn maak dat gewone mense in Wes-Europa nie meer die Bybel self kan lees nie. Leke word later deur die Roomse Kerk verbied om die Bybel te lees. Vandag “vertaal” kerke die Bybel in hul **eie kerkbegrip van die Bybel** (lees makliker) en so word dieselfde doel met mense weer bereik, naamlik onkundige leke. Net priesters mag nagmaalwyn gebruik en nie leke nie. Priesters mag ook nie trou nie. 1 Tim 4:1-3.

Vanaf 1000 nC word kruistogte uit Wes-Europa na die heilige stad Jerusalem onderneem om Palestina van Moslems te bevry. Die Moslems verower Konstantinopel 1452 nC en daarmee word die Oostelike Romeinse Ryk vernietig. Dit was die **einde van die Romeinse Ryk tydperk** met Satan gevestig in die Christelike godsdiens! “Die dier wat was en nie is nie, alhoewel hy is.” Open 17:8,11.

Die Ortodokse Kerk verskuif van Konstantinopel na Moskou, Rusland. Die Moslem Turke val Griekeland binne en van die Griekse priesters vlug met hul eeue-oue Griekse manuskripte na die Weste. Die **Griekse “Textus Receptus” manuskripte** in die Weste ontbloot die “vertaalde” Roomse Vulgaat Bybel as vals. Terselfdertyd word die drukkuns ontwikkel en dit lei tot 'n stroom Textus Receptus (Nuwe Testament) Bybels in volkstale sodat leke ook die Bybel kan lees. **Erasmus Bybels, 1465 - 1536.**

Die Septuagint (Ou Testament) en Textus Receptus (Nuwe Testament) grondtekse in “ou Protestantse Bybels” verskerp die weerstand teen die Roomse Kerk. So ook teen hul leerstellings van afkoop van sondes met geld en die

waterdoop en nagmaalbrood wat vergewing van sonde meebring. Open 2:16; Efe 6:17; 2 Thes 2:8.

Die **Protestantse Hervormings** in 1517 het die ware woord van God, Textus Receptus, na die Christendom teruggebring. Hulle het die nagmaal as “doen dit tot My **gedagtenis**” in ere herstel. 1 Kor 11:23-34; 10:14-18. Maar die **begrip “genade”** het in die kerkkanaal verdwyn. Daarom staan die kerkdom vandag met een voet in die Ou Testament en een voet in die Nuwe Testament. Die een voet in die wet van Moses (water) en die een voet in die genade (Gees) van God. Die een voet in die koninkryk evangelie en die ander voet in die genade evangelie. Hieruit ontstaan 'n Babelse verwarring van die woord van God. Voeg hierby die Rooms Babiloniese tradisies en gebruike van 1,600 jaar. Dan is dit geen wonder dat die Christendom homself vandag in dieselfde verdwaalde geloofstoestand bevind as die Jodedom toe hulle Christus tot die kruis veroordeel het nie.

Protestante het die Katolieke se doop tot vergewing van sonde **weer verander** na 'n simboliese teken wat nie sonde vergewe nie en ook nie 'n mens kan red nie. Protestantse kleindopers moes ook nuwe skrifgronde soek vir die doop met water. Protestantse leiers, Martin Luther, Calvyn, ensovoorts verklaar dat die baba **waterdoop** die baba **besnydenis** vervang (Kanaän en Israel verbondsbeloftes). Protestantse Kerke verklaar ook hul simboliese kleindoop as ‘n heilige sakrament (kerkwet). Hulle behou die Roomse duisend jaar Messias sienswyse, naamlik dat die kerk op aarde nou reeds die Messias Ryk verteenwoordig, die kerk vrede op aarde moet bring en dat die kerk die plek van Israel ingeneem het!

Oor die **vorm van 'n Christen gemeente**, algemeen of geslote, en **wyse van doop** met water skeur die Protestantse Hervormers in drie groepe. Die volwasse Protestante was deur die Roomse Kerk klein gedoop en daarom het die meerderheid Protestante by hierdie doopwyse volstaan. Weens die oormag van die **kleindopers se getalle** domineer hul Gereformeerde leerstellings ander Protestantse leiers se leerstellings tot vandag. J. Coetzee, *Die Hervormers en hul Stiefbroers.*

Die **Waldeense Protestante** (Italiese gemeentes en later genoem Waldene buite die Katolieke Kerk) het hul kinders klein gedoop en volwasse bekeerlinge groot gedoop. Die derde groep **Protestante, genoem Anabaptiste,** het die Waldene se grootdoop as hul “een doop” oorgeneem en die 12 Apostels se verdeling van rykdom gedupliseer (spoedige koninkryk verwagting). Die Protestantse kleindopers met die steun van Europese konings en prinse, het op hulle beurt die Anabaptiste vervolg, gemartel en gedood. Hand 15! Uit die Protestantse grootdopers ontstaan hedendaagse Baptiste, gestig 1609 in Amsterdam, en 400 jaar later neem die Pinkster Kerke ook die grootdoop as hul doopwyse aan. Grootdopers verskil ook oor hierdie wyse van doop, naamlik een of drie maal onderdompelling.

Pinkster Kerke het ongeveer 1900 tot stand gekom en doop soos die Katolieke en Protestante in **dieselfde drie name**. Die grootdoop is ook 'n simboliese teken wat nie sonde vergewe en red nie. Rom 6:4,5. Hulle **begin ook 'n tweede doop,** naamlik die doping **in** die Heilige Gees deur gebed en handoplegging vir genadegawes van tale en gesondmaking.

In die tyd van die Pinkster Kerke ontstaan ‘n nuwe kerkgroep wat hulself Fundamentele Christene noem en in verskillende “dispensasie” kerke verdeel is. Van hulle glo nie meer in die doop met water nie en van hulle glo dat die Heilige Gees **die Doper is.** So verstaan hulle teksvers 1 Kor 12:13.

Min kerke, as daar is, **glo en bely** vandag dat Here Jesus Christus **die Doper is** wie ons doop met die Heilige Gees, die een doop. Joh 1:33. Die een doop vir ons een geloof in een Here van die Nuwe Testament en genade evangelie.

Die agteruitgang van die Christendom word geprofeteer deur Here Jesus Christus in die briewe aan die sewe gemeentes. Open 2 en 3. Die sewe gemeentes reflekteer nie net die sewe godsdienstige tydperke in die Christendom nie, maar bevestig die Babiloniese godsdienstige ryk van Satan binne die Christendom! “Die dier wat was en nie is nie alhoewel hy is.”

Die swaard het oor die Jodedom gekom en netso verdien die Christendom ook die swaard. Die swaard sal oor die Christendom kom om die koring van die kaf skei. Here Jesus Christus wat was en wat is en wat kom, ken alles van Satan se verlede, hede en toekoms. Daarom kan die Woord, Jesus, aan ons die toekomstige gebeure openbaar.

## HOOFSTUK 15

# TOEKOMSTIGE TWEE RYKE

Profeet Daniël profeteer vanaf die Babiloniese Ryk (3de) tot die 8ste Ryk en daarna die Messias Ryk. Daniël 2 beskryf die wêreldryke na die voorbeeld van die standbeeld van metale en in Daniël 7 word dit as diere uitgebeeld:

| | Dan 2 (beeld) | Dan 7 (diere) | |
|---|---|---|---|
| 3. Babiloniese Ryk. | Goud | Leeu | Lees nou Open 13:2. |
| 4. Mede en Perse Ryk. | Silwer | Beer | |
| 5. Griekse Ryk. | Koper | Luiperd (Klein horinkie- Dan 7:8; 8:9). | |
| 6. Romeinse Ryk. | Yster (twee bene- Romeinse Wes en Oos ryke). | Dier. | |

Die **hele huis van Israel** word weer 70 nC en 135 nC
tussen die heiden nasies verstrooi. **Hand 2:22,36; 26:7.**
TYD VAN NASIES (Kerktydperk).

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. **Sewende Ryk.** | 10 tone (twee voete gedeeltelik van yster en klei) | Dier. 10 horings (koninkryke). | Kort tydjie |
| 8. **Agste Ryk.** | | Dier - neem ryke 3,4 en 5. | 'n uur |
| | Toorn van God (sondvloed) Vers 45 hieronder. | | |
| **Messias Ryk.** | **Duisend jaar** (teenswoordige wêreld). | | |

Dan 2:44 Maar **in die dae** van diè konings (7de en 8ste Ryke)
sal die God van die hemel 'n **koninkryk verwek**
wat in **ewigheid** nie vernietig sal word nie,
en die **heerskappy** daarvan
sal aan **geen ander volk oorgelaat word nie**;
dit sal al daardie koninkryke verbrysel
en daar 'n einde aan maak,
maar self sal dit vir **ewig** bestaan-

Dan 2:45 net soos u gesien het dat
**sonder** toedoen van **mensehande**
**'n klip van die berg** af losgeraak het, Jes 14:13
wat die yster, die koper, die klei,
die silwer en die goud verbrysel het.

Weereens word die Christus, of Hebreeus Messias, Ryk bevestig wat na die 8ste Ryk op aarde tot stand kom. God se **ewige** koninkryk **op aarde** word in twee fases vervul. Eers 'n Messias Ryk tydperk tydens die laaste duisend jaar van die teenswoordige wêreld. Na die wêreldvloed met vuur en oordeel, word die begrip ewig voortgesit in die **toekomstige wêreld** op aarde wat ewiglik sal duur. Lees

ook Jes 11 in kronologiese volgorde: Jes 11:1-4a; 11-16 (slag van Gog/Rusland tot slag van Armageddon); dan duisend jaar Messias Ryk, verse 4b-10.

**Meteore** is niks anders nie as brandende klippe wat uit die hemelruim, berg van samekoms, die 7de en 8ste Ryke vernietig “sonder die toedoen van mensehande.” **Geen kernoorlog nie.** Tydens die toorn van God of 2de sondvloed met vuur binne-in die hael, word die 7de en 8ste Ryke deur die leërs van die hemel verbrysel.

Die 7de Ryk sal bestaan uit tien koninkryke en hiervan sal die dier vir homself drie koninkryke neem wat die 8ste Ryk sal vorm. Die 7de Ryk sal vir 'n **kort tyd** regeer en dan vir **'n uur saam** met die 8ste Ryk. Open 13:2, 17:12; Dan 7:8,24.

Profeet Daniël het in die tyd van die Babiloniese Ryk, 600 jaar voor Christus, die Meder en Perse Ryk, die Griekse Ryk en die Romeinse Ryk geprofeteer en dat 'n Gesalfde uitgeroei (gekruisig) sal word. Vyfhonderd jaar gelede het die Romeinse Ryk geëindig. Waarom sal ons nie Daniël se profesie glo dat 'n 7de Ryk en 'n 8ste Ryk op ons wag noudat die staat van Israel skielik in 1948 weer tot stand gekom het nie?

**Profeet Daniël se profesie vir die verre toekoms tree in werking by die totstandkoming van die staat van Israel in 1948.** In 1948 het die eerste drie state België, Luxemburg en Holland die EEG begin en in dieselfde jaar is die **Wêreldraad van Kerke** gestig. Hierdie gelyktydige politieke, ekonomiese en godsdienstige gebeure is beplan en uitgevoer deur die seuns van Babel. Die Babiloniese hoerstelsel rus op drie hoekstene, naamlik wêreldpolitiek, wêreldekonomie en wêreldgodsdienste. Wie dit beheer, regeer die wêreld.

Die hedendaagse Nuwe Wêreld Orde verskuil die toekomstige 7de Ryk, wie daagliks sy greep versterk oor lande van die hele wêreld. Anders as die vorige ses wêreldryke wat hul heerskappy deur geweld verkry het, gaan die 7de Ryk die wêreld verower met een wêreldgeldstelsel, geen dollars, kontant of goud nie. Die Internasionale Monetêre Fonds se greep op lande, soos beheer deur die wêreld se sewe rykste lande, is alom bekend en dien as voorbeeld.

Die Nuwe Wêreld Orde is 'n front vir die Babiloniese Orde wat in die Bybel as die magte van die wêreldheersers (leiers) van die duisternis van hierdie wêreld (in Engels en nie eeu nie) beskryf word. Efe 6:12 – asook “bose geeste in die lug” en in Engels “spirital wickedness in high places.” Deur middel van geheime wêreldorganisasies word menige leiers op elke terrein van ons samelewing by hierdie wêreldmag ingetrek en beheer.

Die Babiloniese Orde beheer deur die Kabal koningshuis die totale wêreld en hulle is waarlik die wêreldheersers van die duisternis van hierdie wêreld. Die Kabal bestaan uit tien persone met drie persone in beheer. Die ander sewe Kaballede, westerlinge, Jode en oosterlinge, beheer die opperrade van alle geheime organisasies. Baie kerkleiers, in Suid-Afrika 848, behoort aan geheime organisasies. I. Wilkins en H. Strydom, *The Super Afrikaners,1980.* Nasies word in die naam van elke denkbare god gesê wat om te glo en hoe om op politieke veranderinge te reageer en te stem! (vryheid van keuse?!)

Die New Age beweging vorm maar ‘n deeltjie van die spinnerak-organisasie struktuur van die Nuwe Wêreld Orde. Hul doel is om die Christen geloof af te breek met hul **massa hipnose-bekerings** veldtogte en geloof in reïnkarnasie in plaas van die opstanding uit die dode. Hulle moet die massa voorberei vir 'n een

wêreldgodsdiens met een godsdiensleier "Pope of the universe." Die dier wat was en nie is nie, **alhoewel hy is**, beheer die wêreld waarin ons leef.

Die boek Openbaring hoofstukke 17 en 18 fokus op die Babiloniese hoerstelsel en die hoerstad Babilon. Tot hede het Christen skrywers gedink dat die Babiloniese hoerstelsel verwys na die spinnerak van geheime organisasies binne die Pousdom. Dat die stad Rome, Vatikaanstad, die hoerstad Babilon is.

Die Babiloniese hoerstelsel was sedert Pontiff-biskop Damasus aan die pousdom gekoppel totdat die Babiloniese hoofpriesterskap, Pontiff, van die pous na die Kabal koningshuis oorgegaan het. Kort voor die Romeinse Ryk in 1452 ten einde gekom het, was daar terselfdertyd drie pouse in 1409 nC gewees. Dit was vermoedelik in hierdie tyd wat die Kabal die Pontiff hoofpriesterskap by die Katolieke Kerk oorgeneem het. Uit tradisie behou die pous tot vandag die benaming Pontiff.

'n Dokument van 'n geheime organisasie, vermoedelik die Kabal wie die pousdom haat, word 1905 in Rusland en 1922 in Engeland gepubliseer. Dit word genoem die *"Protocols of the meetings of the learned elders of Zion."* **Protocol 17. 3 en 4 lees asvolg:**

*"3. When the time comes finally to **destroy the papal court** the finger of an **invisible hand** will point the nations towards this court. When, however, the nations fling themselves upon it, we* (die Kabal) *shall come forward in the guise of its **defenders** as if to save excessive bloodshed. By this diversion we shall penetrate to its* (Roomse Kerk) *very bowels and be sure we shall never come out **again** until we have gnawed through the entire strenth of this place."*

*"4. The king of the Jews* (Joods Merovingiaanse vorstehuis) *will be the real Pope of the universe, the patriarch of an international Church."*

Meer as 100 jaar gelede was die volgende een wêreldgodsdiens al beplan. Die Kabal gaan die Roomse Kerk gebruik om die Christendom as die "sondebok" uit te wys, asof Christene die oorsaak van wêreldprobleme is. Alles van die Christendom word deur Satan ontheilig en onteer. Die bedreiging wat ware Christene vir die Kabal se planne inhou kom tussen die lyne uit as ons **Protocol 17.2** lees:

*"2. **We*** **(Kabal)** *have long past taken care to **discredit the priesthood** of the goyim, and thereby to ruin their mission on earth which in these days might still be a great hindrance to us.* ("goyim" - Christene)

*Day by day its* (evangelie van God) *influence on the peoples of the world is falling lower. Freedom of conscience* (keuse) *has been declared everywhere, so that now only years divide us from the moment of the complete **wrecking of that Christian religion: as to other religions** we shall **have less difficulty** in dealing with them, but it would be premature to speak of this now. **We** shall set clericalism and clericals into such **narrow frames*** (opleidingsinstansies) *as to make their influence move in retrogressive proportion to its former progress."*

Die Kabal het die Roomse beheerraad, raad van kardinale, tot so 'n mate geïnfiltreer dat hulle vanaf 1958 met Pous John XXIII, Angelo Roncalli, die aanstelling van die Pous beheer. *Akteurs in die Laaste Drama, bl 93.*

Baie skrywers identifiseer Rome, Vatikaanstad, as die **hoerstad Babilon**. Hierdie begrip berus op Open 17:1-5 en die beskrywing van sewe berge, sewe

heuwels wat Rome omring, waarop die hoer sit. Open 17:9. Vers 9 gelees saam met vers 10 verduidelik hierdie berge naamlik: “Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit - en hulle is sewe konings.” Die berge verwys na sewe wêreldryke en nie geografiese heuwels wat Rome omring nie.

Rome voldoen nie aan die beskrywing van die hoerstad Babilon nie. Ons het reeds gelees dat die Kabal die nasies onder 'n valse voorwendsel gaan weerhou om Rome te verbrand. In terme van hoerery tussen godsdienste, is Rome 'n “skoon” stad, want net een godsdiens word daar beoefen. Geen profeet van Israel, laaste profeet ongeveer 450 vC, het ooit hul voete in Rome gesit nie en dit kanselleer Rome as die stad Babilon. Open 18:20,24.

Die Woord van God self beskryf Jerusalem as 'n hoer. Die stad van Kanaäniete wie Noag vervloek het. **Die groot hoerstad Babilon is Jerusalem.** Jerusalem en Israel is die susters genaamd Ohola en Oholiba. Lees Ese 16:3,44,45; hfst 23 asook hfst 21-24; Open 17:3-6 (woestyn) gelees met Mat 4:1,5,10; 2 Thes 2:4. Daar is geen stad op die aarde waar die vermenging of hoer van soveel godsdienste binne een stad plaasvind nie. Menige profete en apostels se bloed het in Jerusalem gevloei. Open 18:24a en b - doderyk; Mat 11:23. (Mat 23:37; Hand 12:1-3).

7DE RYK (2 voete, 10 tone)

Die 7de Ryk kom tot stand wanneer lande wat deel was van die Romeinse Ryk weer in twee voete verdeel met tien tone of tien ryke. Daniël beskryf die 7de Ryk as volg:

Dan 2:41 En dat die **voete** en die **tone,** soos u gesien het,
deels van pottebakkersklei en deels van yster was-
dit sal 'n **verdeelde koninkryk wees**, en van
die hardheid van die yster sal daarin wees,
omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het.

Dan 2:43 Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het-
hulle sal deur **menslike gemeenskap** onder mekaar vermeng raak,
maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie,
net soos yster nie met klei meng nie.

Die twee voete verwys na die westelike en oostelike dele van die Romeinse Ryk en netso sal die 7de Ryk uit twee dele bestaan. Die westelike deel sal geldelik ryk en militêr sterk wees, terwyl die oostelike deel bros en swak sal wees. Dan 2:42. Die 7de Ryk sal uit tien tone of tien koninkryke bestaan en ‘n **aantal lande saam vorm een koninkryk**. Die Europese **Ekonomiese Gemeenskapslande**, EEG, is 'n goeie voorbeeld van 'n menslike gemeenskap, maar wat terselfdertyd met hul eie parlemente onafhanklik bly. Dieselfde vind ons vandag by Midde Oosterse olielande met hul OPEC organisasie en Afrika-lande verenig in die Organisasie vir Afrika Eenheid, OAE wat nou bekend staan as die Afrika Unie.

0pen 17:12 En die **tien horings** (tone) wat jy gesien het, Open 13:1
**is tien konings** wat nog geen koningskap ontvang het nie,
maar hulle ontvang mag soos konings
**een uur** lank **saam** met **die dier. (8ste Ryk)** Dan 2:42

Die 7de Ryk sal eers vir ‘n **kort tydjie** regeer en dan vir **‘n uur saam** met die **dier** van die 8ste Ryk. Open 17:10,11,12. Die leiers van die tien streke of koninkryke is self nie konings nie, maar demokraties verkose leiers wie indirek

deur ‘n geheime wêreldregering aangestel is. Eers in die tyd van die 8ste Ryk verkry hierdie tien leiers algehele mag soos konings. Hulle sal met een gesindheid hul lande se militêre mag en ekonomiese krag aan die dier of wêreldleier oorgee. Open 17:13,16.

Klei en yster meng nie, maar **handelsverbonde** heg die menslike gemeenskappe aan mekaar. Verbonde tussen lande vorm mettertyd ekonomiese, politieke en militêre magsblokke. Vrede tussen volkere, die wat het en die wat nie het nie, berus dus op ekonomiese verbonde. Solank elke land kry wat hulle benodig, sal dit vrede en stabiliteit verseker. Word die voorsiening van energie, water en kos onderbreek of oneweredig verdeel, verval hierdie ekonomiese verbonde en bars oorloë uit.

Die EEG groei met 'n steenkool- en staalverbond tussen ses Wes-Europese lande. In 1957 sluit hulle die verdrag van Rome om Europa se kernenergie onder een beheer te bring. Hierna volg nog verbonde naamlik die Enkel Europese Wet om een Europese handelsmark te skep, een Europese burgerskap, een EU geldstelsel, een gemeenskaplike verdediging en interne polisiemag. In 1995 was daar in Wes-Europa 12 EEG lande en 2005 reeds 25 lande. Al die Wes-Europese lande moet nog in sewe ekonomiese blokke, koninkryke of tone, verdeel word om die **Westelike voet van die 7de Ryk** te vorm.

Die **Oostelike voet** van die 7de Ryk sal bestaan uit Noord-Afrika en Midde Oosterse lande wat in drie tone of koninkryke verdeel sal word. Hierdie bros en swak Midde Oosterse lande sal bestaan uit Babilon of Irak (leeu), Iran of Perse (beer) en Griekse Ryke (luiperd). Open 13:2. Hierdie Oostelike voet is deels al in handelsblokke omskep. Noord-Afrika lande soos Algerië, Marokko en Tunisië vorm die **Maghreb** verbondslande en Egipte, Jordanië, Libanon en Sirië die **Mashreq** verbondslande. Griekeland saam met Turkye, troon van Satan, sal mettertyd 'n koninkryk vorm.

Die 7de Ryk, met tien koninkryke, gaan ook al die lande van die wêreld beheer. *Barry R Smith in sy boek “Second Warning”, bl 48,49,* sê dat die **Klub van Rome** die res van die wêreld reeds in tien ekonomiese streke opgedeel het. Die 1ste streek is Noord-Amerika, Kanada, VSA, Mexiko tot Panama, en die 4de streek is die “Suidsee streek” (eie woorde) te wete New Zeeland, Australië, Suid-Afrika (1985 al Mandelaland genoem), **Israel** en Stille Oseaan eilande. Die meeste Jode is in die Suidsee streek na Amerika. Die Leome handelsverdrag bind Afrika, Karibiese en Stille Oseaan lande alreeds in een streek wat elke vyf jaar hernu word. Deur middel van handelsverbonde en internasionale lenings word elke land van die wêreld ingesuig en onder die mag van die Kabal gebring.

Alle lande deel nie eweredig in die aarde se hulpbronne nie. Sekere lande beskik oor koring of olie of uraan en ander het dit nie. Oorlog in sleutel voedsel- of energieproduserende lande, bedreig wêreldvrede en sekuriteit. Daarom is wêreld moondhede meer sensitief oor wat in Amerika (voedsel) of Saudi Arabië (olie) of Suid-Afrika (uraan) gebeur as byvoorbeeld in Uganda of Indië.

Voordat die 7de Ryk sigbaar tot stand kan kom, moet daar eers ‘n **wêreldwye ekonomiese ineenstorting** plaasvind. Mense en lande sal nou noodgedwonge die een wêreldregering en een wêreldgeldstelsel aanvaar. Hierdie ekonomiese ramp word doelgerig deur die Babiloniese geldmag beplan en daarom is lande se interne sekuriteit 'n hoë prioriteit. Alle EU lenings gaan gepaard met die vereiste dat 'n deel van die lening vir die skep en opleiding van EU polisiemagte aangewend moet word. *Pretoria News van 8 Oktober 1993 lees: “Mandela on tough talks on status*

*of SA." Onder die Leome Verdrag kry SA lenings maar "outside Leome, South Africa will gain 90 million ecu (the EC's unit of currency) -. Mr Claes said this budget was the EC's largest for a single country-. Mr Claes sees police training as heading the spending under this programme, though some funds will go on developments in the South African public service and army."*

Wanneer die ekonomiese ineenstorting plaasvind, gaan regerings hul beheer oor mense verloor en die woedende hordes in stede gaan winkels beroof en mekaar vermoor vir kos en water. Die veiligheid van sleutel Kaballede in die wêreld, asook die sekuriteit van strategiese instansies in alle lande, sal die hoofdoel van hierdie spesiale EU polisiemagte wees.

8 STE RYK

In beheer van die **Kabal** is drie persone en die leier word as **"christus"** en Hebreeus **Messias,** aangespreek. Apostel Johannes skryf kort na 70 nC: "en soos julle gehoor het dat die **Antichris** kom, bestaan daar ook nou **baie antichriste."** Joh 2:18. Nou weet ons vanwaar, uit die Kabal, kom die **A**ntichris. Keisers was almal antchriste, maar daar is net een Antichris gespel met 'n hoofletter. Hy maak eers sy verskyning **kort voor die Messias ryk begin**.

Die wêreldleier van die 7de Ryk word in die Bybel as "die dier" en "seun van die verderf" beskryf. Die geprofeteerde dier kom uit die see van mense op aarde. Hy is 'n geskape mens soos ons. Open 13:1. Die leier of dier (antichris) van die 7de Ryk herstel die wêreld se ekonomiese orde, een geldstelsel, en vorm tien ekonomiese streke of koninkryke. Dan eers begin die 8ste Ryk, wat drie koninkryke vir homself neem, en nou kom die Antichris (hoofletter) te voorskyn. Apostel Johannes skryf in die boek Openbaring dat die draak (Satan) aan die dier sy krag gee en sy troon en groot mag. Open 13:2. Mense sal die draak (Satan) aanbid wat die dier lewe en mag gegee het. Open 13:4. Satan die draak in die liggaam van die dier, is nou eers, in die tyd van die 8ste Ryk, die ware **Antichris** met 'n hoofletter gespel.

Tot op hede kon Christene nie onderskei tussen die twee rolle wat dieselfde dier in die tyd van die 7de Ryk (dier) en in die 8ste Ryk (draak in dier) vervul nie. Omdat mense die dier as die antichris, kleinletters, kon identifiseer het hulle die Antichris by die begin van die 7de Ryk geplaas en om hierby aan te pas ook 'n wegraping geskep voor die 7de Ryk begin.

Daar is 'n groot verskil tussen die dier as die toekomstige antichris en Satan as die Antichris in die liggaam van die dier. Die persoon wat aan die begin oor die 7de Ryk regeer is totaal anders as die een wat oor die 8ste Ryk regeer. Die een begin met 'n nuwe ekonomiese orde en die ander bring die "hel" op aarde.

Israel sal niks van 'n nie-Jood aanvaar nie. Daarom moet die toekomstige "koning van die Jode" die Messias, sy Joodse identiteit en geslagslyn as "seun" van Koning Dawid aan Israel kan bewys. Die Makhir "seun" van die Kabal en sy nageslagte kan dit bewys. Hand 2:30; Jer 33:15. Jesus se geslagsregister is in twee van die eerste vier nuwe testamenboeke geskryf. Die dier moet eers as wêreldleier van die 7de Ryk vir 'n **kort tydjie** regeer **voordat** hy homself as God en koning van Israel verklaar. Die oomblik wanneer Satan, die draak, in die dier vaar, dan eers verklaar hy homself as God in die tempel en koning van die Jode in Jerusalem. Dit is ook die begin van die 8ste Ryk. Sleutelbegrip oor **wanneer die dier as die Antichris geopenbaar word**. Twee derdes van Israel sal hom as die Messias

aanvaar. Joh 5:43; Sag 13:8. Vanuit Jerusalem sal die Antichris en die Kabal die wêreld regeer. Jes 28:14; Sag 11:16 (Dan 8:23-25; 11:31-39).

Die tyd van die draak in die liggaam van die dier is ook die tyd van die **valse profeet.** Hy kom **uit die aarde,** put van die afgrond, en is die leier van demone wat ook in die liggaam van 'n mens gaan. Open 9:11; 11:7. Die valse profeet word ook as 'n dier, lam met twee horings, uitgebeeld. Die valse profeet verkondig geloof in die dier en draak (Satan). Die twee horings dui aan dat hy ook in beheer is van die godsdienste in die Weste en die Ooste. Open 13:11,12.

Die draak **(**Satan) sal die drie oostelike koninkryke vir homself neem en **vir 'n uur** sal die 8ste Ryk saam met die 7de Ryk met oorblywende sewe koninkryke oor die wêreld regeer. Die volgende **sigbare wêreldryk van Satan** sal dus bestaan uit Macedonië, Albanië, Griekeland, Bulgarye, Turkye, Sirië, Israel, Libanon, Jordanië, Irak, Iran en dele van Noord-Afrika en Suid-Rusland. Hierdie lande moet nog in drie tone of koninkryke verdeel word. Open 13:2; Dan 2:38,39; 7:4-6,7,8,24.

Die voorafgaande is nie net ontstellend nie, maar skep ook die indruk dat Satan alles beheer. Die feit dat die Woord vooruit aan ons sê wat was en wat is en wat gaan kom, het ons oë geopen en bewus gemaak van wat in die wêreld om ons gebeur. Die eeue oue woorde van profesie bevestig aan ons dat Here Jesus Christus 'n lewende en Almagtige God is. Die mens en Satan wik, maar God beskik.

---

*Nota: Die Bybel verstrek net die kliniese feite aangaande die magte van die duisternis. Daarom is ons afhanklik van skrywers vir meer inligting oor die Babiloniese wêreldmagte. My uitleg en rekonstruksie van hierdie wêreldmag is die somtotaal van menige boeke en reflekteer nie noodwendig die sienswyse van 'n spesifieke skrywer nie. Skrywers, soos gemeld, dien as selektiewe aanbeveling indien die leser self hierdie onderwerp wil navors.*

## HOOFSTUK 16

# DIE SLAG VAN MAGOG (RUSLAND)

Op 14 Mei 1948 kom die staat van Israel skielik tot stand. “Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar? Want Sion het weë gekry, meteens haar kinders gebaar.” Jes 66:8, kyk vers 9. Dit is die **eerste teken op aarde** dat die vervulling van eindtyd profesie begin het. Lev 26:42-45.

Na 1948 vermeerder die volk van Israel tydsaam in Palestina tot die verbrokkeling van Rusland in November 1989. “EK sal sê aan die noorde: Gee! en aan die suide: Hou nie terug nie! Bring my seuns van ver, en my dogters van die einde van die aarde af.” Duisende Jode uit Rusland en uit ander heiden nasies emigreer na Israel. Jes 43:6,7. Dit is die **tweede teken.**

Die totstandkoming van Israel en drie oorwinnings in oorloë wys op die hand van die Here, maar die Here het Homself nog nie aan Sy volk geopenbaar nie. Die HERE sê dat Hy 'n **teken** aan Israel sal gee en hulle sal dan eers weet dat die Here van nou af met hulle is. Jes 66:18,19. Die **teken is die slag van Magog,** wanneer die Here self met die leërs van die hemel Rusland en sy menige bondgenote uitwis. Ese 38 en 39. **Derde teken wat moet kom.**

Diegene wie die slagting vryspring, King James Ese 39:2 sê 'n sesde, sal na hul nasies teruggaan en vertel van die teken van die Here wat hulle gesien het. Dan sal volkere Jode na Israel terugstuur as offergawe aan die Here en die **tweede Exodus** uit die nasies begin! Jer 16:14-21; 31:8; Jes 65:23. **Vierde teken**.

Israel stel priesters en Leviete aan uit die terugkerende Israelies. Onder hul leiding begin hulle die **bou van die tempel en instelling van slagoffer en spysoffer. Vyfde teken.** Jes 66:20,21; Ese hfst 40-44. Israel sal in **12 stamgebiede** opgedeel word. **Sesde teken.** Ese hfst 45-48. Terwyl Israel Esegiël se tempel bou sal 'n **wêreldleier kom** en met baie lande 'n **sewe jaar verbond sluit**. **Sewende teken**. Dit is die begin van die 7de Ryk en die laaste sewe jaar voor die 2de sondvloed met vuur binne-in die hael. Nou word die presiese dae, maande en jare in die Bybel uitgespel.

Daniël profeteer dat Israel se laaste sewe jaar begin met 'n verbond tussen 'n vors (Kabal dier) en baie lande. Kyk ook Jes 54:7-9.

<u>Ou Afrikaanse Bybel    Dan 9:27    King James Version</u>

En hy (dier) sal een week lank
met baie ‘n sterk verbond sluit,
en gedurende die helfte van die
week sal hy (Satan) slagoffer
en spysoffer laat ophou,
en op die vleuel van die
gruwels sal daar ‘n
verwoester wees, en wel
tot aan die einde, en wat
vas besluit is, sal oor wat
woes is, uitgestort word.
(1 week = 7 jaar. Lev 25:8.

And he (beast) shall confirm the
covenant with many for
one week: and in the midst
of the week he (Satan) shall
cause the sacrifice and
the oblation to cease,
and for the overspreading
of abominations he (eagle creature)
shall make it desolate,
even until the consum-
mation (finishing touch/
“kroon op alles”) and
that determined shall be
poured upon the (already) desolate.

Hierdie sterk verbond word algemeen geïnterpreteer as 'n vredesverbond tussen Israel en omliggende Arabiese lande vir 'n spesifiek tydperk van sewe jaar. Die Woord sê nie dit is Israel wat met baie lande 'n verbond sluit nie. Dit is die leier, dier, van die komende 7de Ryk wat die verbond aangaan. Die tydsduur van hierdie handelsverbond tussen die Kabal vors of dier en baie lande sal sewe jaar wees. Die **kort tydjie van die 7de Ryk is dus sewe jaar.** Politieke- en godsdiensleiers van Israel en nasies deel saam in hierdie "verbond met die dood." Jes 28:15-18.

Esegiël profeteer die oorlog met Rusland, hoofstukke 38 en 39 - derde teken wat kom, en onmiddellik daarna in hoofstuk 40 beskryf hy die tempel se mates en na die tempel beskryf hy die grondgebiede van elke stam. Israel moet Esegiël se tempel bou en die twaalf stamme se grondgebiede was nog nooit so ingedeel nie. Die teken van die Here, oorlog met Rusland, moet eers plaasvind en die Jode in **Israel versamel** word, **voordat** die profesie aangaande die laaste sewe jaar vir die volk van Israel kan begin. Die versamelde volk van Israel sal dadelik weer slagoffer en spysofferhande instel. Israel bou Esegiël se tempel op die tempelberg waar die huidige Moslem moskee staan. Israel se huidige grondgebied vergroot en hulle verkry die grondgebied van Libanon en Suid-Sirië, suid van Damaskus, maar nie die gebied tussen die Jordaanrivier (Jordanië) en die Eufraatrivier (Irak) nie. Jes 17:1; Ese 47:18.

RUSLAND EN BONDGENOTE (Ese 38 en 39)

Esegiël profeteer 2,500 jaar gelede: "aan die einde van die jare sal jy (Gog) 'n land intrek wat van die swaard (Lev 26:33) weer reggekom het, wat versamel is uit baie volke." Na 1900 jaar verstrooiing kom die staat van Israel skielik tot stand en die Jode stroom na Palestina. Ese 38:8; Jer 30:11,16.

In Rusland gaan 'n leier, Gog, in die land van Magog, Rusland, opstaan en saam met 'n groot aantal nasies teen Israel optrek. Die ligging van die land van Magog word gespesifiseer, naamlik die land wat "in die agterhoeke van die Noorde" geleë is. Ese 39:2. Die enigste land wat op die agterhoeke van die Noorde geleë is, is Rusland, Moskou en Jerusalem is op dieselfde lengtegraad. Profesieskrywers twyfel nie meer oor watter nasies by die oorlog van Magog betrokke is nie. Daar heers meningsverskille oor wanneer hierdie oorlog gaan plaasvind. Is dit aan die begin van die sewe jaar, middel van die sewe jaar of einde van die sewe jaar?

Die volkere van die drie stambroers **Ros, Mesig en Tubal** is verenig in die Unie van Sowjet Sosialistiese Republieke (USSR), maar die Warskou militêreverdrag het in 1945 ook nie-geprofeteerde volke daarin opgeneem. Die verbrokkeling van die USSR in 1990 bring mee dat sekere nie-geprofeteerde lande van die Warskou militêre verdrag kon wegbreek. Nou voldoen die oorblywende drie broers van Magog, Rusland, aan die vereistes van profesie. Terselfdertyd word **Wes en Oos Duitsland, deels Gomer,** weer verenig. Ese 38:6.

Die bondgenote van Rusland is Gomer, Duitsland met omliggende lande, die Perse of vandag **Iran**, Kusiete of vandag **Ethiopië en die Puteërs, Noord-Afrika lande.** Die **Perse** het in 1935 hul naam na Iran verander. In 1979, tydens 'n Islamitiese revolusie onder Ajatolla Khomeini, het Iran algeheel anti-Israel geword. Die Islam of Moslem geloof is gebind aan 'n siklus van 'n honderd jaar. Profeet Mohammed keer as god Allah terug op die begin van 'n honderd jaar siklus en elke keer wanneer dit nie gebeur nie, moet hulle weer 'n honderd jaar lank wag! *Islam, Israel en die Eindtyd deur Elishua Davidson.*

Die jaar 2000 is dus ontsettend belangrik vir Moslems. Om te verseker dat profeet Mohammed as Allah (God) wel sal verskyn moet soveel mense as moontlik, al is dit met geweld, Moslemgelowiges word. Fanatieke Moslem aksies sal in intensiteit en geweld regoor die wêreld toeneem soos die jaar 2000 nader

kom tot 25 jaar daarna waarna die hoop toenemend vervaag tot die draai van die volgende eeu. Die staat van Israel in Palestina is die grootste ramp wat Moslems hierdie honderd jaar getref het. Die vernietiging van Israel is die grootste offer wat Moslems aan hul god, Allah, kan bring om sy spoedige terugkeer te verseker.

Kus is die Hebreeuse benaming vir Ethiopië. Die Afrika Unie omsluit alle Afrika-lande en daarom word die afleiding gemaak dat alle Afrika state se weermagte saam met Rusland teen Israel sal veg. Afrika state is anti-Israel en oorwegend kommunisties. Put is die Hebreeuse benaming vir Libië. Die ligging van Libië dui spesifiek aan dat ook Noord-Afrika lande, Puteërs, lede van die Afrika Unie, by hierdie oorlog ingesluit is. Kol Ghaddafi van Libië is 'n getroue bondgenoot van Rusland en geswore vyand van Israel. *Twee skrywers se inligting word deels hier benut. Hulle is prof J. S. Malan, Israel in die Eindtyd, (wie ook 'n volkekundige is) en Hal Lindsey met C. C. Carlson, The Late Great Planet Earth.* Lees Ese hfst 36,38,39.

Die **dal van Gog** is die kusvlaktes en berge van Juda ten suide van Jerusalem. Die slag van Armageddon vind plaas in die gebied van Jesreël (Meggido) wat noord van Jerusalem geleë is. Om hierdie twee grootse oorloë van mekaar te kan onderskei moet ons eers kyk wat die Here profeteer vir Egipte en Jordanië (Ammon en Moab) en Edom. Esegiël koppel Egipte aan Rusland, Meseg-Tubal. Ese 32:18,26. Hoofstuk 32 verwys in totaal na die oorlog met Magog. Hiermee saam moet ons die boek van Daniël lees, want hy meld spesifiek dat 'n deel van Ammon, Moab en Edom hierdie oorlog met Rusland oorleef, maar nie Egipte nie. Dan 11:41,42; Ese 32:29.

Jordanië, Ammon en Moab uit Lot se dogters, en Edom word deur God uitgehou vir die einde van die sewe jaar. Op die dag van die Here, slag van Armageddon, sal **Moab soos Sodom** en **Ammon soos Gomorra** wees! Sef 2:9. Hier vind ons die antwoord op die vraag of daar 'n tydsverloop, breuk, tussen die **"dag van Noag"** en die **"dag van Lot"**, Sodom, is. Luk 17:27,29. Edom, nageslag van Esau, beset tans die Seir gebergtes, Petra spelonke, direk suid van die Dooie See. Ese 32:29; 35:1-15. Hulle word **nie** deur Rusland uitgewis nie. Lees Jes 34. Hulle word gestraf saam met Ammon en Moab aan die einde van die sewe jaar verbond.

Die slag van Magog, Rusland, vind plaas **voor die begin** van die sewe jaar **wanneer tye op aarde verander** en weer soos die **tyd van Noag** sal wees. Sodom en Gomorra het na die sondvloed van Noag plaasgevind en netso vind die slag van Armageddon, Sodom en Gomorra, plaas in die tyd van die 2de sondvloed met vuur binne-in die hael.

Esegiël maak ook spesifiek melding dat Meseg-Tubal, Rusland, nie deur die swaard, oorlogswapens, verslaan is nie, maar deur die leërs van die hemel. Daarom is die leërs van Rusland in die kuil of doderyk sonder hul swaarde of oorlogswapens. Ese 32:26,27. Hierteenoor is Egipte en Afrika Unie bondgenote saam met Iran (Elam of Perse) deur die swaard van Rusland gedood en is hul wapens by hulle in die doderyk. Ese 32:24,25,27. Dit is besonder insiggewend dat Elam, Iran- Jer 49:37, van die toneel verwyder word. In die tyd van Armageddon moet die konings van die Ooste in Iran, oos van die Eufraatrivier, teruggehou word tot hulle droogvoets deur die Eufraat kan gaan op pad na Jerusalem vir die slag van Armageddon.

Esegiël verbind Assur of Assirië in Suid-Rusland by hierdie oorlog. Suid-Rusland sal Iran oorland aanval en daarom sal ook Assirië in die doderyk met hul wapens wees. Ese 32:22. Dit word vermoed dat die huis van Togarma, seun van Gomer, "in die uithoeke van die Noorde" die Baltiese lande (Noorweë en Swede) mag wees wie deel in hierdie oorlog. Ese 38:6.

Sidon, of vandag Libanon, en Suid-Sirië met die hoofstad Damaskus, word ook uitgewis want die grootste deel van hul grondgebied vorm deel van die nuwe Israeliese grondgebied. Ese 32:30. Hierdie oorlog gaan die landkaarte van Europa en Midde Ooste totaal verander. **Nou eers kan nasies in die tien ryke of tone van die 7de Ryk gegroepeer word.**

Turkye en Noord-Sirië word weer een streek genoem, klein Asië of Asië, soos in die tyd van die Romeinse Ryk. Die troon van Satan is in Noord-Turkye gesetel en daarom het die Heilige Gees Apostel Paulus verhoed om die Noordelike deel te besoek. Asië het reeds in die tyd van Paulus van die Christen geloof afvallig geword. Hand 16:7; 2 Tim 1:15.

Vandag verkondig politieke- en godsdiensleiers van alle lande vrede. Is dit toevallig of uit die mond van die Kabal? Die Woord sê om vrede, vrede te roep, pleeg leier en priester bedrog, want dit is die maklikste manier om mense te verlei. Jer 6:13,14-22. Wanneer die huidige konflik in Palestina eindig "en hulle (Israel) woon almal veilig" dan oorval Rusland en sy bondgenote die land van Israel. Ese 38:8-11.
.

Die 7de Ryk kan nie tot stand kom terwyl Rusland se militêre mag Europa en die Midde Ooste domineer nie. Die Antichris kan ook nie in vrede as "koning van die Jode" gekroon word solank as wat Midde Oosterse Moslemlande oor sterk weermagte beskik nie. Die **magsbalans in Europa en Midde Ooste** moet eers verander word. Die Kabel sal Rusland se weermag gebruik om die Arabiese weermagte te vernietig en terselfdertyd word Rusland se militêre mag verswak. Die Kabal gebruik dan die Noord Atlantiese Verdrag Organisasie (Navo) tewete Amerika en Wes-Europese bondgenote se weermagte om Rusland se weermag finaal te vernietig. Dit is vermoedelik wat die seuns van Babel beplan, maar dan gryp die Here in met sy leërs uit die hemel.

SLAG VAN MAGOG

Onder die dekmantel van grootskaalse Moslem onluste in Egipte en lande in die Midde Ooste, sal die weermagte van Afrika bondgenote, Puteërs en Kusiete, in Egipte bymekaar kom. Iran, Irak en Saudi Arabië sal ook hul weermagte mobiliseer. Rusland sal sy weermag na Egipte vervoer met skepe. Dan 11:40.

In die Weste sal mense Rusland se militêre ingryping in die Midde Ooste vrywilliglik aanvaar. Die Bybel sê dat hulle dan sal besef dat indien Rusland die Midde Ooste beheer, hulle vir die voorsiening van olie, "buit", aan die genade van Rusland oorgelaat is. Ese 38:13- Skeba en Dedan- Saudi Arabië.

In Egipte sal Rusland verraderlik omdraai en die weermagte van die Puteërs en Kussiete eerste vernietig. Hulle deel in dieselfde lot, "voetstappe", wat Egipte se weermag tref. Dan 11:42,43. Amerika met sy Europese bondgenote, mobiliseer ook hul weermagte om die Russiese bedreiging af te weer. Gerugte uit die noorde, Navo, en uit die ooste, Rooi Chinese leërs?, maak dat Rusland sy leërs uit Egipte na die Sinai skiereiland verskuif. Rusland konsentreer sy magte ongeveer 140 km ten suide van Jerusalem aan die oostekant van die Spruit van Egipte. Tussen die Rooisee en See van Akkaba en reg oor "die berg van die heilige Prag" of berg Horeb in die Sinai woestyn. Die Engelse vertaling verwys na "seas", twee seë. Nadat Rusland Afrika se weermagte en oorland vanuit Suid-Rusland Arabiese bondgenote se weermagte vernietig het, "die swaard van die een sal teen die ander wees", dan kom God se oordeel oor Rusland en al die lande wat Israel omring**. Die Here se leërs van die hemel** vernietig die leërs van Gog en sy menigte in die Sinai woestyn. Ese 38:4,22; Jes 30:1,8,27,28,30,33- Tofet- naam van planeet of komeet.

Op die **dag van Magog** en sy menigte sal Israel die teken van die Here sien. Die sterre verdonker (nag) en die son sal met wolke oordek word (dag) en die maan sal nie skyn nie (volgende nag). Ese 30:3-6; 32:2,7. Die "**ster" Tofet** gaan plotseling uit die hemel val en verwoesting op aarde veroorsaak. Dit sal in 'n Suid na Noord baan oor die aarde beweeg. Job 9:9; 38:32 of vers 31 die "toue (magnetiese kragvelde) van die Orion (sterrestelsel) los(ge)maak."

Die **vlammende ster** sal die aarde se atmosfeer bo Ethiopië indring en oor die Sinai woestyn in die rigting van Rusland beweeg. Die ster maak nie net die Russiese soldate dood nie, maar hul liggame word uitmekaar geruk. Die leërs van Magog word uitgewis en liggaamsdele van mense sal oor die vlaktes gesaai wees. Dit sal Israel **sewe maande** neem om **die land van liggaamsdele te reinig** en die **leërs van Magog te begrawe.** Ese 39:11-15; Joël 2:18-21 (Hag 2:13). Jes 43:2 - Israel - vuur.

Die vlammende ster kloof 'n vuurpad oor die Sinai skiereiland tot in die uithoeke van die Noorde, Rusland, "en Ek sal vuur slinger in Magog." Ese 39:6. Lande aan die wesgrens van die vuurpad is Libië (Puteërs) en Balkan lande en lande aan die oosgrens van die vuurpad is Iran en Assirië. Weens die anti-kloksgewys wenteling van die aarde, sal Middellandse See kuslande aan die westekant van hierdie Suid na Noord vuurpad ook deur die nagevolge daarvan getref word, tot in Spanje (Tarsis). Aan die oostekant van die vuurpad vernietig die ster die land van Dedan en Skeba, Wes-Saudi-Arabië wat Islam se belangrikste moskee, Mekka, insluit. Dit vernietig die olievelde van die Midde Ooste en diè lande se koninkryke. Nou is hierdie Oosterse voet van die 7de Ryk swak en bros en so word Daniël se profesie vervul. Sef 2:11. (Jer 49:7-33 Ese 38:13).

Die slag waarmee die ster die aarde se atmosfeer gaan indring is meer as net 'n "groot aardbewing", maar eerder 'n aardskok wat planeet aarde gaan skud. Die aardskok laat **"die skatte van al die nasies toevloei"** dit wil sê olievelde, goudmyne en alle ander myne op aarde sal ineenstort. Ese 38:19,20; Hag 2:6-8. Hierdie pad van verwoesting eindig met vuur in die land van Magog. Op hierdie wyse word Rusland as 'n militêre magsfaktor geëlimineer en word die profesie vervul. Ese 39:7,8.

Met die plae van Egipte in gedagte, kan ons die geprofeteerde gebeure as volg identifiseer. Ese 38:22 sê dat daar eers pes en bloed is. Gloeiende meteoriese stof brand blase op mense se vel wat omsit in swere (pes). Die meteoriese stof verkleur die water in die kleur van bloed. Dan kom daar stortreën. Die Nyl oorstroom sy walle en al die vee versuip. Die stortreën suiwer die lug van olierook en meteoriese stof sodat die water van die Nyl so dik en swart **soos olie** word. Egipte word verwoes en die **Nyl sal wegsink** in die grond sodat geen diere- of mensevoet die waters van die Nyl weer sal roer nie. Die Nyl as voorwerp van aanbidding word weggeneem, asook die prag van Egipte naamlik sy **piramides.** Ese 38:22,23; 32:12-14-18; Sag 10:8-12. Eilande in die Middellandse See verdwyn en kusstede word verwoes. Dit tref ook Libanon, Sirië en stede aan die Eufraat en Tigrisriviere. Sef 2:11-13; Sag 9:1-8. (Nah 3).

Die Here se hemelleërs vernietig die leërs van Gog en sy menigte en verwoes al die lande wat Esegiël noem. Dit is die **teken wat die Here aan die volk van Israel** sal gee **(Ese 38:23;39:24-28)** sodat hulle die Here se heerlikheid kan sien en weet dat God nou met hulle is:

Jes 66:19 En **Ek** sal 'n **teken** onder hulle doen,
en vrygeraaktes (sesde) uit hulle stuur na die nasies,
na Tarsus (Turkye), Pul en Lud (Balkan lande), wat die boog span,
na Tubal (Rusland) en Jawan (Middellandse See kuslande),
na die ver kuslande (eilande) wat my tyding nie gehoor

en My heerlikheid nie gesien het nie;
en hulle sal **my heerlikheid** onder die nasies verkondig.

Jes 66:20 En hulle (nasies) sal al julle broers (Jode)
bring uit al die nasies as offergawe aan die HERE, 2de Exodus
- - - - - na my heilige berg, na Jerusalem.

Nadat die HERE sy teken aan Israel openbaar en wonderbaarlik gered het, versamel die hele huis van Israel, al twaalf stamme. Hulle bou vir die HERE Esegiël se tempel op die plek waar Islam se moskee gestaan het en wat soos Mekka deur die leërs van die hemele verwoes is. Nou eers kan hulle op hierdie plek **'n brandaltaar bou** en kan die **slagoffer en spysoffer** weer ingestel word. (Soos Esra hfst 3).

Esegiël beskryf die grondgebiede van die 12 stamme, maar nou word die 10 stamme van Israel versprei ten noorde en suide van Juda (Jerusalem). Elke stam verkry 'n afgebakende grondgebied. Die stamme word van noord na suid ingedeel. Die heel noordelike stam is Dan en onder hom Asser, Naftali en Mannasse. Hulle verkry die grondgebied van Libanon en Suid-Sirië wat strek van die Middellandse See tot die verwoeste stad Damaskus. Die stamme Efraim, Ruben, Juda insluitend Jerusalem, en Benjamin se wesgrens is die Middellandse See met die oosgrens die See van Galilea, die Jordaanrivier en die Dooie See. Jordanië bly steeds aan die ooste kant van die Jordaanrivier. Suid van die Dooie See loop die grens skuins tot by die spruit van Egipte aan die Middellandse See. Hierdie gebied word ondermekaar van noord na suid ingedeel en word beset deur Simon, Issaskar, Sebulon en Gad die heel suidelike stam. *Bybel Atlas deur Y. Aharoni, M. Avi-Yonah en vertaal deur A.Van Zyl, bl 106, kaart 166 illustreer die twaalf stam gebiede baie duidelik.*

GEVOLGE VIR DIE WêRELD

Die feit dat die Tofet-ster of komeet 'n Suid na Noord baan volg, hou ontsettende implikasies vir planeet aarde in. Dit sal die aarde se Noord - Suid magnetiese pole verskuif wat die aarde in die teenoorgestelde rigting laat kantel. Die magnetiese noordpool sal waarskynlik met 48 grade swaai – vanaf Kanada na Siberië - sodat planeet aarde weer met 24 grade na die ander kant kantel. Dit sal planeet Aarde **skud** en maak dat die Noord yspool na Noord-Amerika verskuif. Die **drywende** Noord yspool sal Noord-Amerika oornag bedek en bevries tot sover as New York. Sonder die toedoen van mensehande word die VSA se biologiese wapens en kernwapens bevries en word Amerika as 'n nie-profesie land en wêreldmagsfaktor geëlimineer. Wanneer die aarde kantel, gebeur dit blitsvinnig. In die verlede het 'n soortgelyke verskuiwing van yspole troppe mammoet diere in Rusland oornag met gras tussen hul tande gevries. Hul gevriesde vleis is so vars dat honde daarmee gevoer kan word.

Die vier windrigtings verander en **tye** sal weer soos in die **tyd van Noag** wees. Gen 11:2; Dan 2:21. Die klimaat van Israel verander en nou kan die land die menige terugkerende Israeliete voed en onderhou. Met die VSA en Rusland uitgeskakel, bly daar net twee magsblokke oor en dit is die komende 7de Ryk en die “konings van die Ooste.” Die kaart van Europa verander heeltemal en nou kan die laaste sewe jaar begin en die res van die Here se profesie per dag, maand en jaar vervul word.

Wanneer die skatte van die aarde toevloei sal die wêreld in 'n energiekrisis gedompel word. Daarom meld die Woord spesifiek dat Israel **vuurmaakhout** vir **sewe jaar** sal hê. Ese 39:9. Na die olievelde en uraan myne **toegevloei** het, is energie die kosbaarste item vir alle mense en lande. Job 28:3,11 - elektrisiteit en uraan.

Tans besit en beheer Suid-Afrika, Rusland (Siberië) en Midde Oosterse lande die primêre energiebronne van die wêreld. Suid-Afrika alleen produseer ongeveer 80 persent van die wêreld se uraan. Ongeveer 60 persent van die wêreld se elektrisiteit word deur kernkragstasies opgewek. Alle inligting aangaande uraan is uiters geheim. **Volume** is die saakmakende faktor en net Suid-Afrika kan ru-uraan in tonnemaat teen 'n goedkoopprys voorsien. Enige iets wat in Suid-Afrika gebeur maak wêreld moondhede uiters senuweeagtig. Daarom is 'n VVO Resolusie reeds in 1948 aangeneem dat Suid-Afrika wêreldvrede en sekuriteit bedreig. Lande in die Midde Oosterse beheer in dieselfde mate die wêreld se petroleum.

Suid-Afrika produseer 81 persent van die wêreld se chroom. Sonder chroom of vlekvryestaal kan geen kernkragstasies, kernwapens, missiele tot messe en vurke wat nie roes nie, gemaak word. Wanneer die myne van Suid-Afrika, Rusland asook Midde Oosterse olievelde toevloei, sak die mensdom oornag terug na houtlepels, pyl en boog en die perdekar as rytuig. Aandelebeurse stort ineen en versekeringsmaatskappye gaan oornag bankrot. Alle lande se geldstelsels stort ineen. Nou weet ons wanneer hierdie finansiële ramp die wêreld tref en hoe dit gaan plaasvind. Die Kabal wik, maar God beskik!

In 'n oogwink word die mensdom afgebring tot 'n oorlewingsbestaan van huisvesting, water en brood. Dit wat Christene se geloof verdeel, word weggeneem en in armoede word die koring Christen van die onkruid Christen geskei. So sal die haglike omstandighede op aarde gelowiges op aarde **oordeel**. Mat 6:24,25,32; 13:22,23.

7 DE RYK : SEWE JAAR VERBOND

Na die slag van Magog sal al die Jode in Israel versamel, 2de Exodus, en vir sewe maande sal hulle die land van lyke reinig. Dadelik word 'n altaar gebou vir die instelling van die slagoffer en spysoffer. Ongeveer sewe maande na die oorlog met Rusland en sy menigte, begin die bouwerk aan die tempel volgens die voorskrifte van Esegiël. Na drie jaar en ses maande, middel van die sewe jaar, sal die tempel voltooi wees, maar die voorhof buite die tempel is nog nie klaar nie. Open 11:1,2. Die voorhof is die gebied tussen die altaar en tempel waar die gruwelbeeld van die Antichris moet staan. Mrk 13:14; Mat 24:15; Open 13:14.

Moses profeteer 3,500 gelede dat Sebulon en Issaskar “sal **volke** na **die berg** roep (in hul gebiede); daar sal hulle (Rusland) offers van geregtigheid offer.” In die grondgebiede van Sebulon en Issaskar sal Israel 'n oorvloed van minerale van die seebedding in die Dooie See opsuig en die mees verborge skatte van die sand, naamlik olie. Israel besit en beheer die toekomstige 7de Ryk se energiebronne. Deut 33:18,19. *B. Kleynhans, Die Laaste Waarskuwing - hy het ook die 2 de Exodus geïdentifiseer.*

Die wêreldwye ekonomiese ineenstorting na die oorlog met Gog, veroorsaak chaos in lande en regerings verloor hul beheer oor gewelddadige gepeupel wat alle winkels plunder en mekaar vermoor vir kos. Dit is in hierdie tyd wanneer ‘n sterk wêreldleier te voorskyn sal kom. Die Kabal leier sal die wet en orde in lande herstel en 'n nuwe kontantlose geldstelsel implementeer. Mense sal hom hiervoor bewonder en vereer - wat grens aan goddelike aanbidding. Dit word vermoed dat die Kabal binne sewe maande na die slag van Magog die 7de Ryk tot stand sal bring. Wes-Europa, sterk en hard, en Midde Oosterse lande, swak en bros, sal in tien ekonomiese verbondsblokke, tone of horings groepeer word.

Nuwe energiebronne sal weer ontwikkel word, maar dit wat beskikbaar sal wees moet streng gerantsoeneer word. Dit gee aan die Kabal vors wat kom, totale mag oor mense en lande. Die nuwe wêreldleier sluit sterk **energie handelsverbonde**

**met baie lande vir sewe jaar** wat hulle nie kan bekostig om te verbreek nie. **Dit is die begin van die 7de Ryk** en laaste week of sewe jaar voordat die 2de sondvloed met hael oor planeet aarde uitgestort word.

In hierdie tyd verkeer Christene in 'n intense Christus “wegraping” verwagting en Jode in 'n Messias afwagting. Wanneer dit nie plaasvind nie gaan valse christusse, apostels en leraars verwoesting onder Christene en Jode saai. Mat 24:4-6; 2 Kor 11:13-15; 1 Tim 4:1,2; 2 Tim 3:1-5. **Onkunde van profesie tekens** gaan meebring dat godsdiensleiers nuwe interpretasies verkondig wat teenstrydig met die waarheid is. Lees ook Jak 5:1-9; Open 3:14-19,20-22; 4:1 (geopende deur).

SAMEVATTING VAN PROFESIE REEDS GEOPENBAAR

6. Romeinse Ryk — Yster — Dier
(twee bene- Romeinse Wes en Oos ryke)

Die **volle huis van Israel** word weer 70 nC en 135 nC tussen die heiden nasies verstrooi. **Hand 2:22,36; 26:7.**

TYD VAN NASIES (Kerktydperk).

1948 Staat van Israel kom skielik tot stand.

**Slag van Magog** (Rusland met bondgenote).

12 Stamme versamel in Israel - bou tempel.

**Sewe jaar verbond** met baie nasies. Begin van laaste sewe jaar vir Israel.

7. **Sewende Ryk** — 10 tone — Dier. 10 horings (koninkryke).
(twee voete gedeeltelik van yster en klei).

Dier bring nuwe ekonomiese orde in wêreld.
Groepeer Wes-Europa en Midde Ooste in tien ryke.
Kort tydjie is sewe jaar (verbond).

8. **Agste Ryk** — Dier - neem ryke 3,4 en 5. — 'n uur

**Toorn van God** (sondvloed).
“net soos u gesien het dat **sonder** toedoen van
**mensehande 'n klip van die berg** af losgeraak het,
wat die yster, die koper, die klei,
die silwer en die goud verbrysel het.”

**Messias Ryk** — **Duisend jaar** (teenswoordige wêreld).

Dan 2:44 Maar **in die dae** van diè konings (7de en 8ste Ryke)
sal die God van die hemel 'n **koninkryk verwek**
wat in **ewigheid** nie vernietig sal word nie,
en die **heerskappy** daarvan
sal aan **geen ander volk oorgelaat word nie**;
dit sal al daardie koninkryke verbrysel — 8 wêreldryke
en daar 'n einde aan maak,
maar self sal dit vir **ewig** bestaan-

**HOOFSTUK 17**

## SEWE JAAR : TYE EN TEKENS

Dit is insiggewend dat Here Jesus sy profesie vir die eindtyd in toenemende mate aan meer en meer Christene openbaar. In besonder nadat Israel die stad van Dawid, Jerusalem, op 7 Junie 1967 verower het. Dan 12:4,10; Mat 24:32.

In die tyd van die Mede en Perse lees profeet Daniël in die profete se geskrifte dat Israel se 70 jaar Babiloniese ballingskap vol is. Hy bid tot God en vra wat nou van Israel word. God openbaar nog 70 weke of 490 jaar vir Israel aan Daniël. Dan 9:2,3,21-27. 'n Week verteenwoordig 7 jaar en 70 maal 7 jaar is 490 jaar. 'n Profesie maand is 30 dae en daar is 360 dae in 'n profesie jaar. Lev 25:8. Die tye gaan weer verander na die oorlog met Magog en die maande en jare sal weer soos die profesie tye of ou Joodse jare wees. Dan 7:25.

Na die 70 jaar Babiloniese ballingskap begin Israel die tempel bou, op die **sesde Joodse maand** in die tweede jaar van Darius **die Pers**. 484 vC. Daniël profeteer 7 weke of 49 jaar vir die bou van die tempel (vier jaar en ses maande) en vir die herstel van die stad Jerusalem. Die 49ste jaar stem presies ooreen met die twaalfde jaar van Nehemia as goewerneur van Jerusalem, wat ook die 32ste jaar van koning Artasasta die Pers is. Hierna volg nog 62 weke of 434 jaar vir Israel "tot **op** 'n Gesalfde" naamlik geboorte van Jesus. Totaal van 69 weke of 483 jaar tot die geboorte van Jesus Christus. Dan 9:25,26.

Daniël se profesie van **483 jaar eindig op** die geboorte van Jesus**. Dadelik begin** die gaping tussen die 69ste week en die 70ste week. Tydens hierdie gapingstydperk, tyd van nasies, word Jesus Christus gekruisig, "uitgeroei" en 70 nC word die tempel, heiligdom, verbrand en 135 nC word die land verwoes en Israel tussen die nasies verstrooi. Dan 9:26; Luk 2:34; Lev 26:33; Hos 3:3-5.

Israel se 70ste week, laaste 7 jaar, begin na die oorlog met Rusland wanneer die vors of wêreldleier met baie lande 'n handelsverbond van sewe jaar sluit. Dan 9:27. Totaal van 70 weke of 490 jaar. Dan eers kan die duisend jaar Messias Ryk begin en die belofte van land Kanaän vervul word.

Die laaste sewe jaar is ook die **"kort tydjie"** van die 7de Ryk. In die middel van die sewe jaar word die slagoffer en spysoffer gestaak. Die laaste helfte van die sewe jaar is die **"uur"** wat die 8ste Ryk **saam** met die 7de Ryk sal regeer. Tydens die laaste drie en 'n halwe jaar van die sewe jaar sal God verwoesting bring oor die gruwels van Satan en die sewe jaar afsluit, kroon, met die toorn van God wat ook die 2de sondvloed met hael is. **Wanneer ons die 7de en 8ste Ryke aan Daniël se sewe jaar koppel, dan verstaan ons die twee tydperke binne die sewe jaar beter. Dan 9:27.**

Daniël profeteer, 2,500 jaar gelede, dat in die verre toekoms, na die tyd van Israel se verstrooiing onder die nasies, eerste straf, daar 'n verdere sewe jaar op Israel wag. Daniël spesifiseer binne hierdie laaste sewe jaar 'n **tyd, tye en 'n halwe tyd** vir Israel, tweede deel van hul dubbele straf. Jer 16:18; Dan 7:25; 12:6-9; Jer 30:4-11. Profesie skrywers het die woorde tyd, tye en 'n halwe tyd geïdentifiseer naamlik "tyd" verwys na een jaar en "tye" na twee jaar en "halwe tyd" as 6 maande. Totaal van drie jaar en ses maande of 1260 dae. Die **laaste drie jaar en ses maande** van die sewe jaar ('n uur) word **spesifiek uitgesonder vir die huis van Israel, tweede straf**. Die Jode, by Jesus se kruisiging het gesê "laat Sy bloed op ons en ons kinders kom." Mat 27:25.

Die boek Openbaring spesifiseer ook 'n tyd van 1260 dae of 42 maande wat aan die tempel in Jerusalem en die twee getuies in die strate van Jerusalem gekoppel

word. Open 11:2,3. Die laaste drie en 'n halwe jaar, 1260 dae of 42 maande, **eindig** by die **hemelvaart** van die twee getuies **"in die uur" van Jerusalem,** wanneer 'n groot **aardbewing** 'n tiende van Jerusalem verwoes. Open 11:13. Nou weet ons wanneer eindig Daniël se tyd, tye en halwe tyd wat ook die 1260 dae in die boek Openbaring is. Die **uur van Jerusalem** is ook die **teken wanneer die sewe jaar eindig!**

In die middel van die sewe jaar gee die draak, Satan, sy krag, kroon en groot mag aan die leier van die 7de Ryk **wie nou die leier (dier) van die 8ste Ryk vir 1260 dae word.** Open 13:1,3,5. Die tyd van Satan (draak) op aarde en die tyd van twee getuies in Jerusalem is een en dieselfde tyd, naamlik die **laaste** drie en 'n halwe jaar van die sewe jaar.

Daniël profeteer sewe jaar vir Israel en dan fokus hy op die laaste helfte van die sewe jaar wat ook die **sleutel** tot sy **1290 dae, 1335 dae en 2,300 aande en môres is.** Daniël skryf:

| | | |
|---|---|---|
| Dan 12:11 | En van die **tyd af** dat die voortdurende **offer afgeskaf**<br>en die ontsettende **gruwel** (standbeeld) **opgerig** word,<br>sal duisend-twee honderd-en-negentig dae verloop. | (1290 dae) |

Die 1290 dae **begin** van die "tyd af" wanneer die offers afgeskaf en die gruwelbeeld opgerig word. Die 1290 dae is 30 dae meer as die 1260 dae of drie jaar en ses maande wat vir die twee getuies en Satan die draak geprofeteer word. Daar is dus 'n **tyd van 30 dae** waartydens die offers afgeskaf en die gruwelbeeld opgerig word **voordat** die 1260 dae of drie jaar en ses maande vir die twee getuies en Antichris kan begin. *Die skrywer Barry R. Smith het hierdie 30 dae geïdentifiseer.*

**Tussen** die eerste helfte en tweede helfte van die sewe jaar is daar 'n "grasie tyd" van 30 dae wanneer die gruwelbeeld opgerig word. Here Jesus Christus verwys in die eerste twee nuwe testament boeke ook na Daniël se profesie:

| | | |
|---|---|---|
| Mat 24:15 | **Wanneer** julle dan die gruwel van verwoesting,<br>waarvan gespreek is deur profeet Daniël,<br>**sien** staan in die heiligdom-<br>moet hy wat **lees** oplet- | Mrk 13:14-23<br>Dan 12:11<br>Open 13:14<br>Open 11:1,2 |
| Mat 24:16 | **Dan** moet die wat in Judea is, na die berge vlug. | "grasie tyd" |
| Mat 24:21 | Want **dan** sal daar **groot verdrukking wees - -** . | 1260 dae |

Wie **lees** die Nuwe Testament? Christene lees die Nuwe Testament en Israelies lees dieselfde woorde in die Ou Testament. Daarom moet Christene en Israel saam kennis neem van hierdie **teken en tyd van 30 dae** in die middel van die sewe jaar. Dit is die tyd wanneer die slagoffer en spysoffer afgeskaf word en die gruwelbeeld voor die tempel opgerig word. Dit is die **teken aan Israel** dat die 1260 dae van **groot verdrukking** vir Israel gaan begin, tweede deel van hul dubbele straf. Apostel Paulus verwys soos Daniël en Jesus Christus na dieselfde teken, gruwelbeeld, en tyd van 30 dae in die middel van die sewe jaar. **Vir Christene uit Israel en uit heiden nasies is dit ook die teken van die tyd, maand, van Here Jesus Christus se wederkoms in die lug:**

| | | |
|---|---|---|
| 2 Thes 2:1 | **Maar** ons vra julle broeders,<br>met die oog<br>op die **wederkoms** van onse Here Jesus Christus<br>en ons **vereniging** met Hom. | <br><br><br>1 Thes 4:16 |

| | | |
|---|---|---|
| 2 Thes 2:3 | Laat niemand julle op enige manier mislei nie, | |
| | (for **that day** (vers 1) shall not come) KJV. | Koms van Jesus |
| | want **eers** moet die **afval** kom | Satan kom |
| | **en** die mens van sonde **geopenbaar,** | as Antichris |
| | die seun van die verderf, | in Kabalkoning |
| 2 Thes 2:4 | die teënstander wat hom verhef | Satan die draak |
| | bo al wat God genoem word | Jes 14:14 |
| | of **voorwerp van aanbidding is**, | Gruwelbeeld |
| | sodat hy in die **tempel** van God as God sal sit | Jerusalem |
| | en **voorgee** dat **hy God is**. | Satan op aarde |

In die middel van die sewe jaar moet Satan eers uit die lug op die aarde gewerp word, in die nuwe tempel homself as God voordoen en 'n gruwelstandbeeld voor die tempel oprig. Jesus Christus en die Apostels bevestig in die Nuwe Testament dat **ook Christene** hierdie **gruwelbeeld sal sien**. Die gruwelbeeld is die standbeeld van die verminkte dier of leier van die 7de Ryk. Wanneer Christene hierdie woorde **lees** en die gruwelbeeld **sien** en hoor hoe Satan voorgee dat hy God is, dan weet Christene dit is die **teken van die tyd** van Here Jesus Christus se **wederkoms met engele in die lug**. Die **30 dae in die middel van die sewe jaar** is die maand wanneer ons met Jesus in die lug verenig sal word. Jesus Christus sê ook:

| | | |
|---|---|---|
| Mat 24:29 | En **dadelik na** die **verdrukking** van daardie dae | 1ste 41 maande |
| | sal die son verduister word - - | |
| Mat 24:30 | En **dan** sal die **teken** van die Seun van die mens | (**Tydens** die 30 dae |
| | in die hemel verskyn, - - | |
| Mat 24:31 | En Hy sal sy **engele** uitstuur | |
| | met harde trompetgeluid | 1 Thes 4:16 |
| | en hulle sal **sy uitverkorenes versamel** - - | Opstanding |

Here Jesus beskryf die **eerste 41 maande van die sewe jaar** voor die 30 dae van die gruwelbeeld as die **tyd van verdrukking vir Christene**. Die eerste helfte van die sewe jaar is die tyd van die **7de Ryk** wat ook die tyd van verdrukking van Christene is. **Na die 30 dae** grasie begin die **8ste Ryk** se tyd, tye en 'n halwe tyd of 1260 dae of 42 maande wat ook **die tyd van groot verdrukking vir die volk van Israel is.** Wanneer ons die 7de Ryk en 8ste Ryk aan hierdie twee tydperke koppel, dan eers verstaan ons dat die tyd van verdrukking van Christene en die tyd van groot verdrukking vir Israel nie dieselfde tyd is nie. Dat die volle sewe jaar nie net een aaneenlopende "groot" verdrukking is nie.

Die sewe jaar **begin** met die leier van die 7de Ryk wat met baie nasies 'n sewe jaar handelsverbond aangaan en terselfdertyd begin die tyd van verdrukking. Die tyd van verdrukking **eindig** in die 30 dae wat **dadelik** na die 41 maande verdrukking volg. Mat 24:29. Die 30 dae grasie tyd is die tyd van Here Jesus Christus se **wederkoms met engele** en ons vereniging met hom in die lug. Die tyd van groot verdrukking **begin na** Jesus Christus se wederkoms **met engele,** wanneer die **twee getuies** skielik in die strate van Jerusalem verskyn. Die 1260 dae eindig by die hemelvaart van die twee getuies op die **uur van Jerusalem.** Laaste dag van die **sewe jaar** vir Israel.

TYD VAN DIE TOORN VAN GOD (2de sondvloed)

Daniël profeteer 'n tyd van 1335 dae:

| | |
|---|---|
| Dan 12:12 | **Welgeluksalig** is hy wat **bly verwag** |
| | en duisend-driehonderd-vyf-en-dertig dae bereik. (1335 dae) |

Wanneer ons vers 12 saam met vers 11 lees sien ons dat die 1290 dae en 1335 dae op dieselfde tyd **begin,** naamlik “van die tyd af” wat die offers afgeskaf en gruwelbeeld opgerig word. Die offers word afgeskaf tydens die 30 dae plus 1260 dae **tot op die uur** van Jerusalem plus 45 dae, totaal 1335 dae. Die 1335 dae openbaar dat daar nog 45 dae volg na die sewe jaar op die uur van Jerusalem.

Die 45 dae na die sewe jaar is die tyd van God se toorn wat die kroon plaas op die verwoesting in die tyd van groot verdrukking. Die boek Openbaring bevestig hierdie 45 dae. Na die uur van Jerusalem (6de basuin, 2de wee) kom die sewende engel en blaas die **7de basuin** wanneer die **sewe plae of skale (3de wee) begin.** Open 11:14,15; 15:1; 16:1 – woord grimmigheid moet lees toorn van God soos KJV. Die tydsduur van die sewe skale is 45 dae en **eindig** op die dag van die Here (Armageddon). Open 16:1-21. **Welgeluksalig** is Jood en heiden wie die 30 dae, 1260 dae en 45 dae of 1335 dae oorleef want hulle sal lewend die duisend jaar aardse Messias Ryk ingaan.

God se tydskaal vir die laaste **sewe jaar plus 45 dae**, 2de sondvloed, is as volg:

| Verdrukking | Gruwelbeeld | Groot Verdrukking | Tweede Sondvloed |
|---|---|---|---|
| 41 mnde | 1 mnd | 42 mnde | 45 dae |
| | 30 dae plus | 1260 dae plus | 45 dae = 1335 dae |

2300 AANDE EN MôRES

Daniël profeteer 'n tyd van 2300 aande en môres en dit verwys na een dag en nie twee dae nie. 'n Sabbat**dag** begin sononder Vrydagaand tot sononder op Saterdagaand. Hierdie 2300 aande en môres beproef Christene eeue lank, want dit pas net nie in enige tydperk vanaf Daniël tot nou nie. Dan 8:14. Daniël 8:26 sê egter dat dit verwys na die verre toekoms, naamlik die tyd van die 7de en 8ste Ryke. Daniël sê ook wanneer die 2300 dae **begin**. Dan 8:13,14 gelees met Dan 12:11,12 en Dan 7:7 -“pote vertrap” en Open 11:2 –“vertrap.” Luk 21:24. Die 2300 dae begin ook in die **tyd** wanneer die **slagoffer en spysoffer ophou** en die **gruwelbeeld** opgerig word. Die 2300 dae minus 1335 dae gee vir ons 'n verdere 965 dae of 2 jaar, 8 maande en 5 dae na die 2de sondvloed.

Dit beteken dat **na die 45 dae van die 2de sondvloed** daar 'n verdere tyd van 2 jaar, 8 maande en 5 dae volg **voordat** die Here sy Messias Koninkryk op aarde vestig! Want Daniël sê: “**dan** sal die **heiligdom** (tempel) in **sy regte staat herstel** word.” Dan 8:14; Ese 37:26. Die **regte staat** van die heiligdom (tempel) in die tyd van die Messias Ryk is dat Here Jesus Christus **self die tempel** en hoëpriester is. Hebr 9:11; 1 Kor 3:16,17. Daar is nie 'n tempel in die nuwe stad Jerusalem wat vanuit die hemel neerdaal in die tyd van die Messias Ryk nie! Open 21:22. Die nuwe Jerusalem kom uit die hemel na planeet aarde in die tyd van die Messias Ryk om die begrip ewig deur te voer tot die toekomstige wêreld van God op planeet aarde.

Dit is die tydskaal van God voor, tydens en na die 2de sondvloed. Die openbaring van 'n gespesifiseerde tyd van 30 dae in die middel van die sewe jaar en dat daar 'n tyd van 45 dae na die sewe jaar volg ontwyk Christene eeue lank. Netso ook die 2300 aande en môres. Die 30 dae en 45 dae is die sleutel tot God se seëls, basuine en skaleprogram in die boek Openbaring. Nou eers kan ons bepaal **wanneer die sewe basuine begin,** want dit bevestig ook die tyd van Here Jesus se wederkoms in die lug by die **eerste basuin**. Tot hede het mense gedink dat die sewe basuine by die aanvang van die sewe jaar begin. Daarom sien hulle die volle sewe jaar as een “groot” verdrukking en dit het mense gelei tot die skep van 'n wegraping onmiddellik na die oorlog met Rusland, maar voor die sewe jaar begin.

SEëLS, BASUINE EN SKALE

Die boek Openbaring sê vir ons daar is sewe seëls. Effektief is daar net ses seëls want die 7de seël verdeel in sewe basuine. Effektief is daar net ses basuine want die 7de basuin verdeel weer in sewe skale.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 7 **SEëLS** : Open 6:1-12 | <u>Lewende wesens:</u> | |
| **Seël** | 1. Wit perd. | Leeu | (7de Ryk begin asook |
| | 2. Vuurrooi perd. | Kalf | (tyd van verdrukking. |
| | 3. Swart perd. | Mens | Wederkoms, 30 dae. |
| | 4. Vaal perd. | Arend | (8ste Ryk begin asook tyd |
| | (dood 'n vierde deel) | | (van groot verdrukking. |
| | (van mensdom- vier tiendes) | | |
| | 5. Siele onder die altaar. | Hfst 7. | Einde van sewe jaar. |
| | 6. Son swart en maan bloed. | Hfst 16. | 45 dae sondvloed. |

**Seël** 7. **7 BASUINE** : Open hfst 8,9,11:12,13.

| | | |
|---|---|---|
| **Basuin** | 1. Derde van bome en gras verbrand. | |
| | 2. Derde van die see word bloed. | |
| | 3. Derde van water word bitter. | |
| | 4. Derde van dag en nag verkort. (16 ure). | |
| | 5. Demone uit die put van die afgrond. | **1ste Wee.** |
| | 6. **Derde** van mensdom gedood. | **2de Wee.** |

Waarskuwings: 3 Engele. Open 14:6-9; hfst 17,18,19.

**Basuin 7. 7 SKALE.** Open 11:15, hfste 15,16.

| | | |
|---|---|---|
| | **TOORN VAN GOD** | **3de Wee.** |
| **Skaal** | 1. Bose swere op mense. | **2de Sondvloed.** |
| | 2. Alle seewater in bloed. | |
| | 3. Alle water in bloed (riviere en fonteine). | |
| | 4. Son skroei mense met groot hitte. | |
| | 5. Duisternis op die troon van die dier (Jerusalem). | |
| | 6. Eufraatrivier verdroog. Gaping van 14 dae? | |

**Dag van die Here**<br>
**Slag van Armageddon** en skaal 7 op een dag.

**Skaal** 7. Geweldige groot aardbewing (aardskok)<br>
en berge, eilande verdwyn.<br>
**Groot hael** val op mense (meteore).<br>
Aarde beweeg uit sy baan om die son<br>
en die sterre lyk soos 'n boek wat toegerol word.<br>
Open 6:12-17 gelees met 16:16-21.

Dit is die seëls, basuine en skale in die boek Openbaring. Die volgende hoofstukke sal hierdie tekens in meer besonderhede verduidelik.

Esegiël beskryf die lewende wesens met vier vlerke en Apostel Johannes beskryf hulle met ses vlerke asook Jesaja 6:1,2. Die vier lewende wesens projekteer die beeld van 'n leeu, kalf (bees), mens en arend en word direk gekoppel aan seëls 1 tot 4. Die vier lewende wesens is die **aanvoerders van die leërs van**

**die hemele,** vier perde of komete of planete. Die basuine en skale word deur **engele uitgevoer** op die tyd soos deur God bepaal. Ese 1:10,24; Open 6:1; 8:2. Die eerste ses basuine word uitgestort **net** in die **tyd van groot verdrukking** en die sewende basuin met sewe skale dek die 45 dae van die toorn van God, 2de sondvloed.

Die leier van die 7de Ryk sal op aarde 'n sewe jaar verbond met baie lande sluit en terselfdertyd sal 'n “ster” in die hemel verskyn wat die teken van 'n wit perd sal uitbeeld. **Seël 1** en begin van sewe jaar. Ongeveer 20 maande later sal 'n rooi perd, **seël 2**, as teken in die hemel bo planeet Aarde verskyn. Hierdie twee seëls verdeel die 41 maande van verdrukking voor die 30 dae in twee tydperke. Die teken van 'n swart perd, **seël 3**, dek die 30 dae in die middel van die sewe jaar. Die vaal perd, **seël 4** - en die dood en doderyk volg hom- dek die volle drie en 'n halwe jaar van groot verdrukking. Die siele onder die altaar, **seël 5,** sluit die tyd van groot verdrukking af deur die opstanding uit die groot verdrukking. **Seël 6**, maan in bloed, dek die 45 dae sondvloed met vuur binne-in die hael

Die eerste basuin word geblaas aan die einde van die 30 dae grasie tyd, opstanding van Christene uit die dode en lewendes. Die geweld van die eerste basuin begin eers na die opstanding uit die dode. Die **eerste vier basuine** beskadig ‘n derde van die aarde, see en bome en 'n vierde deel (vier tiendes?) van die mensdom word gedood binne die **eerste maand van die groot verdrukking.** Open 6:8; 7:1-3. Vyf maande voor die einde van die groot verdrukking begin die **vyfde basuin,** wanneer massas demone uit die put van die afgrond borrel en mense teister maar nie doodmaak nie. Open 9:5,11; 11:7. Op die **uur van Jerusalem** word die **sesde basuin** geblaas en meteore uit die hemel **dood 'n derde van die mensdom** wat ook die sewe jaar afsluit. Open 9:15; 11:13,14. Basuine 1 tot 6 word tydens die tyd van groot verdrukking op aarde uitgestort wat ontsettende verwoesting agterlaat. Daniël profeteer: “en op die **vleuel** van (Satan se) gruwels sal daar ‘n verwoester (**arend** met leërs van die hemel) wees.” Daniël 9:27.

Na die **sewe jaar** word die **sewende basuin** geblaas en nou **begin die 45 dae met sewe skale** wat die toorn van God is. Armageddon en skaal 7 word op een dag uitgestort en dit is die dag van die Here - slag van Armageddon en wanneer planeet Aarde uit sy baan om die son geruk word. Open 11:15; 16:1-21; 6:12-17. Dan 9:27 sê verder: “en wat vas besluit is, sal **oor** wat woes is (basuine 1-6), uitgestort word en wel tot aan die einde.” (bekroon met die toorn van God of die 2de sondvloed).

Die Here se **tydskaal** in die boek Daniël, **seëls, basuine en skaleprogram** in die boek Openbaring en die **volgorde van die eerste opstanding,** is die drie sleutels vir die uitleg van profesie. Die uitleg van God se seëls en basuine beproef Christene al vir eeue lank. Deur die wil van God en profesie skrywers se insette, asook Velikovski se kennis van die leërs van die hemel, kan ons nou vir die eerste maal God se seëls en basuineprogram in die boek Openbaring verstaan.

.

## HOOFSTUK 18

## 7 DE RYK : VERDRUKKING (41 maande)

Die Tophet ster uit die hemel vernietig die weermagte van Magog en oornag verander die lewenstandaarde van mense op aarde. Die twaalf stamme versamel in Israel. Hulle sal dadelik die altaar bou en die slagoffer en spysoffer instel en begin bou aan Esegiël se tempel. Israel sal vir sewe maande die land reinig van lyke en liggaamsdele.

Die "christus" Kaballeier sal as die nuwe wêreldleier te voorskyn kom. Hy sal weer wet en orde in lande herstel en 'n kontantlose een wêreldgeldstelsel begin. Hy sal Europa en Midde Oosterse land in tien ekonomiese streke opdeel. Die Kabal beheer en rantsoeneer algeheel die aarde se beperkte energie en voedselbronne. Dit gee aan die Kabal vors(tehuis) algehele mag sodat baie lande 'n **handelsverbond van sewe jaar met hom sluit**. Saam met hierdie **aardse tekens** sal ons aan die **begin** van die sewe jaar ook 'n **hemelse teken** sien:

| | | |
|---|---|---|
| Open 6:2 | En ek het gesien en kyk, daar was 'n **wit perd**. | **Seël 1** |
| | En hy wat daarop sit, het 'n **boog;** | Reënboog |
| | en aan **hom** is 'n **kroon** gegee, | Koning wat kom |
| | en **hy** het uitgegaan as 'n oorwinnaar | "hy" Leeu wesen |
| | en om te oorwin. | Open 4:7; 6:1,2 |

Esegiël begin sy boek met die vier lewende wesens asook Open 4. Die **gedruis** van die vier wesens se vlerke klink soos die gedreun van 'n leër. Die vier lewende wesens is die aanvoerders van God se leërs van die hemele. Hulle staan in beheer van die vier planete wat die tekens (voorkoms) van die vier perde projekteer, soos in die tyd van Exodus toe dit die teken van 'n bul, slang of vlieg was.

Die boog lyk soos die **reënboog**! Ese 1:24-28; Open 4:3. Die reënboog word in beide boeke gemeld. Die reënboog was die teken van God aan Noag dat die aarde **nie weer deur water** verdelg sal word nie. Nou openbaar die reënboog (vir hulle wie die Bybel ken) dat die 2de sondvloed met vuur binne-in die hael op hande is. Gen 9:13-17; Jes 54:7-10.

Die **leeu wesen op die wit perd** openbaar die kroon van die koning, naamlik Here Jesus Christus die Messias wie gaan kom as oorwinnaar van die wêreld om dit Sy voetbank te maak. 1 Kor 15:25 gelees met Open 1 en 4. Die woord "hy" verwys na die leeu lewende wesen wie in beheer van die wit planeet is. Tot op hede het Christene gedink dat hierdie hemelteken verwys na die dier of wêreldleier wat die wêreld oorwin en ignoreer hulle die **Here van leërskare** wat hierdie profesie woorde gespreek het.

Alle mense op aarde gaan die planeet, wat die tekens van 'n wit perd, boog en kroon in die hemel uitbeeld, met die blote oog sien. Die sogenaamde simboliese tekens in die boek Openbaring verander nou in werklike **hemelse tekens**. Die kosmiese orde in die hemelruim word versteur en dit verander die aarde se weerpatrone en daarmee saam die rustige bestaan van mense. Baie mense begin die God van vrede en liefde betwyfel en vervloek. Mense begin ook hierdie gode van die hemel te aanbid en afgodedienste vier hoogty. (Die vloedgolf van boeke oor Egiptiese en Sumer gode sal hiertoe bydra). Westerse Christene kan beswaarlik glo dat mense hemelliggame sal aanbid. Tans is dit die godsdiens van tagtig persent van die ses biljoen mense op aarde. Son- en sterre-aanbidding in die Weste groei teen 'n ontsettende tempo en word doelgerig in vele dagblaaie en oor TV bevorder. Wanneer hierdie tekens in die hemel verskyn, sal Christene luidkeels verkondig dat hierdie dinge deur hul God geprofeteer is.

Na ongeveer twintig maande begin die tyd van verdrukking in alle erns.

| | | |
|---|---|---|
| Open 6:4 | En 'n **ander** perd, 'n **vuurrooie**, het uitgekom,<br>en aan **hom** wat daarop sit, is dit gegee om die<br>**vrede van die aarde** af weg te neem<br>en dat hulle **mekaar sou dood maak**;<br>en 'n **groot swaard** is aan hom gegee. | **Seël 2** (21 maande?)<br>Kalf lewende wesen<br>Mat 24:7-13<br><br>Open 1:16 |

Duidelik word gesê dat 'n **tweede planeet** sy verskyning naby planeet Aarde sal maak. Die wit perd stem ooreen met Venus en die **vuurrooi perd met Mars,** soos volkere hulle na Exodus beskryf het. Planeet Mars (groot swaard) het twee mane genoem “Phobos” en “Deimos” in Grieks, te wete Vrees en Verskriklike (Engels Fear and Terror). Die teken van die vuurrooi perd verskyn ongeveer 20 maande na die teken van die wit perd. Die rooi planeet is die groot swaard onder die beheer van die kalf lewende wesen. Hierdie rooi planeet gaan die aarde se weerpatrone hewiglik versteur. Lewensmiddele sal skaarser word sodat mense mekaar begin doodmaak en so word die vreedsame bestaan van mense op aarde weggeneem. Die handelsverbonde tussen lande begin verbrokkel, die wie het en nie het nie, en oorloë tussen nasies breek uit. Dit dwing die leier van die 7de Ryk om mense en nasies met geweld te bedwing en so word die vrede op aarde weggeneem deur God.

Dit is ook die tyd wanneer die Kabal die vinger na Christene via die Roomse Kerk gaan wys as die oorsaak vir die probleme wat oor die wêreld gekom het. Mat 24:9. In hierdie tyd van die **kalf lewende wesen,** bring Christene die grootste offer naamlik om vir hul geloof te sterf. Daarom word dit ook die tyd van verdrukking genoem. Lees 2 Tim 2 en 3 aandagtig.

Apostel Paulus sê dat die laaste dae enige oomblik kan aanbreek. Mense verstaan dit so, maar dit is nie wat hy sê nie. Ons kan enige oomblik sterf en daarom moet ons leef asof die laaste dag aangebreek het. Die Woord spel baie duidelik die tekens en tyd uit van wanneer alles gaan plaasvind. Niks sal gebeur voordat al die aardse en hemelse tekens nie plaasgevind het nie! Amos 3:7; Jes 34:16; 2 Thes 2:2,3.

Christene gaan geforseer word om alle bande met hierdie wêreld te verbreek en met Mammon, geldgod. Ons is burgers van die hemel en nie van hierdie wêreld nie. Rom 13:3-7; 1 Petr 2:11-17; 2 Pet 2:1-3. In hierdie tyd van die dier en gewelddadige mense is selfverdediging soos altyd geregverdig. Lees ook Open 13:9,10.

Mense sal hul huise verkoop om kos te kan koop. In hierdie tyd gaan die Kabalregerings alle privaat eiendom oorneem. Lees die verhaal van Josef tydens die sewe vet en sewe maer jare en hoe die land die eiendom van Farao geword het. Gen 41 en 47:20.

Na 3 jaar en 5 maande sal gemoedere so hoog loop, dat iemand die leier van die 7de Ryk sal doodmaak en so eindig die 41 maande van verdrukking. Die dood van die leier van die 7de Ryk word in die boek Openbaring uitgedruk asof een van die sewe koppe van die dier dodelik gewond is. Die sewe koppe is die sewe wêreldryke en met die dood van die leier is die 7de Ryk daardeur dodelik gewond. Open 13:1,3. Profeet Sagaria beskryf die dood van die leier baie duidelik naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| Sag 11:17 | Mag die swaard sy arm tref en sy regteroog!<br>Mag sy arm heeltemal verdor<br>en sy regteroog heeltemal verduister word! | Gruwelstandbeeld<br>Satan word altyd met<br>een oog uitgebeeld. |

## HOOFSTUK 19

# 30 DAE : WEDERKOMS EN OPSTANDING

Die dood van die leier van die 7de Ryk, redder van die wêreld na die slag van Magog, sal mense tot in hul siel skok. President Kennedy en prinses Diana se dood het mense aangegryp, maar hoeveel te meer sou dit nie wees as hulle skielik weer lewendig geword het nie! Terwyl die dier, leier van die 7de Ryk, in staatsie lê en mense oor hom treur, vestig die boek Openbaring ons aandag op tussenin gebeure wat in die middel van die sewe jaar plaasvind.

| | | |
|---|---|---|
| Open 12:3 | En 'n **ander teken** het in die hemel verskyn,<br>en daar was 'n **groot vuurrooi draak**<br>met sewe koppe en tien horings,<br>en op sy koppe sewe krone; | Begin van 30 dae<br><br>7de Ryk<br>7 wêreldryke |
| Open 12:4a | en sy stert het die **derde van die sterre**<br>van die hemel meegesleep<br>en hulle op die aarde neergegooi. | Gevalle engele |
| Open 12:9 | En die **groot draak** is neergewerp,<br>die ou slang wat genoem word **duiwel en Satan,**<br>wat die hele wêreld verlei,<br>hy is neergewerp op die aarde,<br>**en sy engele is saam met hom neergewerp**. | |

Openbaring 12 beskryf die **oorlog in die hemele** tussen Migael en sy engele en Satan met sy gevalle engele. Hierdie oorlog in die hemel vind plaas aan die begin van die 30 dae grasie tydperk. Satan en sy gevalle engele word finaal uit die lug op die aarde neergewerp "want **eers moet die afval kom** en die mens van sonde **geopenbaar word."** Open 12:3-14; Dan 12:1-3; 2 Thes 2:4,5.

Satan op aarde gaan **in** die liggaam van die dier, leier van die 7de Ryk, en wonderbaarlik **staan die dier uit die dood op.** Verwonderd sal die hele wêreld agter die dier gaan en hom aanbid. Open 13:3. Die dier gee alle eer aan Satan vir hierdie wonderwerk, sodat mense nou die dier en Satan die draak, aanbid. Open 13:4,12. Satan het ook **in** die liggaam van Judas gegaan. Luk 22:3; Mat 26:15; 27:3-7; Hand 1:18-20; Sag 11:12,13.

**Satan die draak in die liggaam van die dier** is die **ware Antichris** met 'n hoofletter gespel. Apostel Paulus beskryf Satan ook as die "seun van verderf." Nou eers openbaar die "christus" Kaballeier hom as "seun" van Dawid en dat hy die Messias en koning van die Jode is. Joh 8:44. Nou word die slagoffer en spysoffer weer afgeskaf (want "God" is nou in die tempel by Israel) en 'n afskuwelike standbeeld van die opgestane verminkte dier word voor die tempel opgerig. Tydens hierdie gebeure aan die begin van die 30 dae sal daar weer 'n teken in die hemel verskyn:

| | | |
|---|---|---|
| Open 6:5 | En toe Hy die **derde seël** oopgemaak het,<br>hoor ek die derde lewende wesen sê: Kom kyk!<br>En ek het gesien, en kyk, daar was 'n **swart perd**;<br>en hy wat daarop sit, het 'n **skaal** in sy hand. | **Seël 3**<br>Mens wesen |
| Open 6:6 | En ek het 'n stem **tussen** die **vier** lewende wesens<br>hoor sê: (tussen die 2 de seël en 3 de seël)<br>'n Rantsoen **koring** vir 'n penning<br>en **drie** rantsoene **gars** vir 'n penning;<br>en moenie die **olie en die wyn** beskadig nie. | Open 12 gebeure<br>Kalf en mens wesens<br>Christene<br>Israel, 3 opstandings<br>Uit volk van Israel |

Die stem tussen die vier lewende wesens vestig ons aandag op nog tussenin gebeure in die middel van die sewe jaar, naamlik die tyd van Jesus Christus se wederkoms met engele:

2 Thes 2:1 MAAR ons vra julle, broeders
met die **oog op die wederkoms**
van onse Here Jesus Christus
en ons **vereniging met Hom**,

2 Thes 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie,
(Engels: "for that **day** (vers 1) shall not come) Koms van die Here
want **eers** moet die **afval kom** **Satan**
en die mens van sonde **geopenbaar word**, die Antichris in die
die seun van verderf. (Joh 17:12; 13:27) liggaam van Kaballeier
(nageslag van Jojagin)
2 Thes 2:4 die teënstander (Satan) wat hom verhef
bo al wat God genoem word Dan 11:36
of **voorwerp** van aanbidding is, **Gruwelbeeld**
sodat hy in die tempel van God as God sal sit Open 13:14
en **voorgee** dat hy God is. Ese se tempel

Die teënstander van God is Satan en hy moet homself eers in vlees openbaar en voorgee dat hy God is **voordat die wederkoms van die Here kan plaasvind.** Die volgende verse is die onderwerp van menige teorieë, omdat mense nie kon onderskei tussen die dier sonder Satan (7de Ryk) en die dier met Satan (draak) in hom nie:

2 Thes 2:6 En nou, julle weet wat hom (dier) teëhou, Kabal leier
sodat hy (Satan) **op sy tyd geopenbaar** kan word.

2 Thes 2:7 Want die **verborgenheid van die ongeregtigheid** Geheime Kabal
is al aan die werk,
net totdat hy (Satan) wat nou teëhou, uit die (lug) **weg** geruim is.

Vers 6 verwys na die "christus" leier uit die Kabal wat deur Satan teëgehou word. Op die tyd wat God bepaal, oorlog in die hemel, sal Satan uit die hemelweg (pad) geruim word. Dan eers sal Satan in die liggaam van die dier hom as God op aarde openbaar. Vers 7 vestig ons aandag op die Kabal of Babiloniese verborgenheid. Na die Magog-oorlog kom die wêreldleier te voorskyn om orde te bring in die wêreld.

God beskik wanneer Satan "hy wat nou teëhou" uit die lug weg geruim sal word. Satan probeer sy laaste dag in die lug tussen die aarde en hemel solank as moontlik uitstel. Solank as wat Satan en sy gevalle engele die "weg na die hemel" blokkeer, kan die opstanding uit die dode nie plaasvind nie. Dan 10:13,20; 9:21- engel Migael.

Op die tyd wat God beskik vind die oorlog in die hemel plaas en Satan met sy gevalle engele word uit die hemel (pad) weggeruim. Wanneer Satan die slagoffer en spysoffer afskaf en in die tempel voorgee dat hy God is:

2 Thes 2:8 **en dan** sal die ongeregtige (Satan) **geopenbaar** word,
hy (Satan) wat die Here met die **asem (Gees) van sy mond** sal verdelg
en deur die **verskyning van sy wederkoms**
tot niet sal maak. Lees vers 1; Jes 11:4b; Rom 8:22,23; Luk 19:38.

Drie openbarings vind in die 30 dae grasie plaas. Satan in die liggaam van die dier **openbaar** homself as "God" in die tempel. Here Jesus Christus verskyn in die

lug en so word die **Satan in die dier as die Antichris geopenbaar.** Terselfdertyd **openbaar** Here Jesus Christus **homself** aan alle mense op aarde by sy wederkoms.

By die **wederkoms van Here Jesus** vind die opstanding uit die dode(ryk) en uit lewendes plaas, almal wie 'n **gees** uit God ontvang het. Wanneer die sewe jaar gaan begin weet ons nie, maar wanneer die sewe jaar wel begin, aardse en hemelse tekens, dan word die presiese tyd, **maand,** van die Here se **wederkoms met engele** aan ons geopenbaar. Dit is noodsaaklik dat gelowiges dit weet om te volhard tot die **laaste dag van die 30 dae.** Joh 6:39,40,44; Rom 5:3-5.

Apostel Paulus verduidelik ook die omstandighede op aarde voor en na die wederkoms van Here Jesus Christus, die Messias:

2 Thes 2:9 hy (dier) wie se koms is volgens die **werking van Satan** met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die **leuen** — 7de Ryk Babilon / Kabal

2 Thes 2:10 en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die **liefde tot die waarheid** nie aangeneem (receive) het om gered te word nie.

(Liefde - Rom 5:5. Waarheid - 1 Joh 5:6)
(Die **swaard** van die Gees –
die **Woord** van God. Efe 6:14-17).

2 Thes 2:11 En **daarom** sal God hulle die **krag van dwaling** stuur, om die **leuen te glo**, — Open 20:4; 1 Joh 4:6; Antichris te glo

2 Thes 2:12 sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die **ongeregtigheid.** — Asem, siel, van God; Wat hulle nou sien (1 Joh 5:17; Rom 10:3)

Apostel Paulus verduidelik hoekom daar mense is wie nie die leuen sal glo nie en terselfdertyd vat hy die nuwe wet van die Nuwe Testament pragtig saam in twee verse:

2 Thes 2:13 Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die Here **bemin** word, dat God julle van die begin af **verkies** het tot saligheid **in heiligmaking** van die Gees en (Gees) **geloof** in die **waarheid**, — Joh 17:23-26; Efe 4:30

2 Thes 2:14 waartoe **Hy** julle **geroep het** deur ons evangelie om die **heerlikheid** van onse Here Jesus Christus te verkry. — 2 Kor 4:4

Die lewensomstandighede op aarde sal Christene **verhoor en oordeel** en die koring van die kaf skei. Hulle wie die haglike omstandighede op aarde tot in hierdie laaste 30 dae van verdrukking nie langer kan verdra nie. Hulle wie hul geloof sal verloën vir Satan se gunste en gawes, sodat hul lewe op aarde gemakliker en draagliker kan wees. Mat 6:19; 13:21-23.

Laat niemand u mislei van die waarheid nie, naamlik dat Christene wel die tyd van verdrukking sal ingaan en die standbeeld sal sien voordat Here Jesus Christus homself in die **lug openbaar** en ons met Hom in die lug **verenig** word.

Na Satan op die aarde neergewerp is, **ontvang Jesus Christus sy kroon** in die hemel as Koning van die aarde. Open 12:10; Luk 19:12. Nou gaan Here Jesus tot die daad oor om die koninkryke van Satan te verbrysel en die aarde sy eiendom te maak. Open 11:15.

In hierdie tyd met Satan op aarde **kom ‘n planeet en vertoon die beeld van ‘n man op ‘n swart perd met 'n skaal in sy regterhand.** Die weegskaal reflekteer die geregshandelinge van God wat nou gaan kom, skeiding tussen geregverdigde skape en ongeregverdigde bokke. Hulle wie deur God geregverdig is, die Gees van God ontvang het, **gaan in die ark van God in die hemel** en so word hulle gered van God se grimmigheid, groot verdrukking, en toorn van God, 2de sondvloed met hael. Luk 14:14; 17:27; Hand 24:15- twee tipes opstanding en Dan 5:23-29 is ook op Satan van toepassing.

Apostel Johannes skryf in die boek Openbaring *“En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en wyn beskadig nie.”* Die een penning verwys na een en dieselfde prys wat Jesus eenmalig op die kruis vir geroepenes uit heiden nasies (koring) en uit Israel (gars) betaal het. Kol 2:14. In die Ou Testament verwys koring net na geregverdigde Israelies. In die Nuwe Testament verwys koring na geregverdigde Christene uit Israel en heidene, want Here Jesus het die middelmuur van skeiding tussen Jood en heiden afgebreek. Efe 2:11-14. Israel deel drie maal in die opstanding **uit** die dode (Hemelvaartdag, 30 dae en uur van Jerusalem).

Profeet Hosèa maak ook ‘n onderskeid tussen die koring en wyn (mos) wat op verskillende tye geoes word:

| | | |
|---|---|---|
| Hos 2:8 | Daarom sal Ek my koring terugneem in die oestyd, | |
| | en my **mos** (wyn) op die bepaalde tyd, | Ander tyd geoes |
| | en wegneem my wol en my vlas wat dien | |
| | om haar (Jerusalem) naaktheid te bedek. | Verse 1-7; Ese 23 |
| Hos 2:21 | En die **aarde** sal die **koring verhoor** | Tyd van verdrukking |
| | en die mos en die olie, | |
| | en die sal Jisreel verhoor. | Groot verdrukking |

Die **graanoes,** koring en gars-Christene, en die **oes van wyn**, een derde van die volk van Israel, vind nie op dieselfde tyd plaas nie. Daarom moet dié in Judea (wyn of mos) vlug, want die graan-Christene (uit Israel en heidene) word eerste geoes. Lees Mat 13 en 25. Die nagmaalwyn en nagmaalbrood verwys ook na die twee kuddes van God wat op twee verskillende tye gered word. Joh 10:16; Jer 2:21; 31:12. Koring vorm ook die hoofbestanddeel van die spysoffer, 2 brode, wat nou deur Satan afgeskaf word. Lev 2:1,13.

Die tweede deel van Open 6:6 lees: “moenie die **olie** (gesalfdes en geseëndes) en wyn (Israel) beskadig nie.” Sagaria beskryf twee olyfbome wat weerskante van 'n oliekan staan en 'n kandelaar met sewe lampe. En dan skryf hy wat die engel sê die betekenis van die twee olyfbome wat weerskante van die oliekan staan is:

| | | |
|---|---|---|
| Sag 4:14 | En hy sê: Dit is die twee gesalfdes (“getuies”) | Sag 4:2,3,10 |
| | wat by die Here van die ganse aarde staan. | Open 1:13,20 |

Hierdie gesalfdes verwys na twee spesifieke persone. Ons het reeds kennis geneem van die twee getuies wat in die strate van Jerusalem sal verskyn vir 1260 dae. Mat 17:3; Open 11:3,4. Die olie verwys na die 144,000 verseëldes genoem in Open 7:3;14:1. Die 144,000 verseëldes (olie) uit die volk van Israel (wyn) word nie gedood tydens die tyd van groot verdrukking nie. In die boek Openbaring lees

ons dat die Seun van die mens **tussen** die sewe kandelare, dit is die sewe gemeentes, staan. Open 1:13. Die 30 dae **tussen** die tyd van verdrukking en tyd van groot verdrukking word pertinent in die boek Openbaring uitgelig.

DAG VAN WEDERKOMS VAN CHRISTUS

Here Jesus Christus, deur Apostel Matthèus, sê aan Israel dat wanneer hulle sien hoe die Antichris die voortdurende offer afskaf en die gruwelstandbeeld voor die tempel oprig:

| | | |
|---|---|---|
| Mat 24:16 | dan moet die wie in Juda is,<br>na die berge vlug. | **Open 12:6,14;** Ex 19:4<br>Die wyn word later geoes |

Na die oorlog in die hemel en na die openbaring van die Antichris, sal Jode wie hul Bybel ken, vlug na die Petra spelonke in die Seir berge. Dit is ongeveer 60 km suid van die Dooie See. Jes 2:10,19; Dan 12:11. Vir die volle tyd van groot verdrukking, 42 maande lank, sal hulle daar veilig wees teen Satan se woede.

Here Jesus Christus deur die Apostels sê aan Christene wie die Nuwe Testament boeke **lees** en die **standbeeld sien:**

| | | |
|---|---|---|
| Mat 24:29 | **en dadelik na** die verdrukking van daardie dae<br>sal die son verduister word,<br>en die maan sal sy glans nie gee nie,<br>en die sterre sal van die hemel val,<br>en die **kragte** van die hemele sal **geskud** word. | 41 Maande<br>Joël 2:10<br><br>Hemelruim<br>in chaos |
| Mat 24:30 | **En dan** sal die **teken**<br>**van die Seun van die mens** in die hemel verskyn<br>**en** dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf<br>**en** die Seun van die mens sien **kom** op die **wolke** van die hemel<br>met groot krag en heerlikheid. | 30 dae<br>Hieronder |
| Mat 24:31 | En Hy sal sy **engele** uitstuur met harde trompetgeluid,<br>en hulle sal sy **uitverkorenes versamel**<br>**uit die vier windstreke**, van die een einde van die<br>hemele af tot die ander einde daarvan. | 1ste basuin<br>Opstanding<br><br>1 Thes 4:16,17 |

Wederkoms met engele, 2 Thes 1:7,8.
Wederkoms met geheiligdes, 1 Thes 3:13; Open 1:6; 19:14.

Soos ons die maan sien, so sal ons in die middel van die sewe jaar **die teken van die Seun van die mens** in die hemel bo die aarde sien:

| | | |
|---|---|---|
| Open 14:14 | En ek het gesien, en kyk,<br>daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun<br>wat op die wolk sit,<br>met 'n **goue kroon** op sy hoof<br>en in sy hand 'n skerp **sekel**. | Hand 1:9-11<br>Open 1:7<br>Mat 24:30<br>**Koningskap**<br>**Graanoes** |
| Open 14:15 | En 'n ander engel het uit die (hemel) tempel gekom<br>en met 'n groot stem geroep na Hom (Jesus) wat op die wolk sit:<br>Slaan u **sekel in en maai,**<br>want die uur het vir U gekom om te maai,<br>omdat die oes van die aarde oorryp geword het. | |
| Open 14:16 | En Hy wat op die wolk sit,<br>het sy **sekel** (engele) oor die aarde laat gaan, | <br>Mat 13:37-39 |

en die aarde is afgemaai. (**graanoes).** Mat 24:31

Die stem **tussen die kalf en mens lewende wesens** vestig ons aandag op die oes van koring en gars (graan) Christene uit die heidene en uit die volk van Israel. Nou moet ons oplet dat daar nog twee ander engele is. Die tweede engel wat die wyn of druiwetrosse oes in die uur van Jerusalem. Die derde engel is die een wat die wingerdstok afkap en twee derdes van Israel word uitgewis voor en tydens die slag van Armageddon. Open 14:18 en 19,20; Jes 28:18; 63:1-6; Ese 3:7-9; 7:1-8.

By die wederkoms van Here Jesus Christus **in die lug met engele,** vind die **opstanding van die lewe uit die dode** plaas:

1 Thes 4:16 Want die Here **self** sal **van** die hemel **neerdaal** Sonder mense
met 'n geroep, met die stem van 'n aardsengel Hemel oorlog
en met die geklank van **die basuin** van God; 1ste Basuin
en die wat **in** Christus **gesterf het**,
**sal eerste opstaan**. (voor die lewendes) 1 Kor 15:22,23

1 Thes 4:17 **Daarna** sal ons wat in die lewe oorbly**,** **(nog leef)**
saam met hulle (dooies) **in wolke** weggevoer word Joh 11:23-27
die Here tegemoet **in die lug**;
en so sal ons (dan eers) altyd by die Here wees.

Here Jesus **kom met engele** van die hemel na die aarde **om geheiligdes te haal.** Hulle wie in Christus is, aan Christus behoort, gaan met geesliggame vanaf die aarde **in wolke op** in die lug na Here Jesus Christus. Dan gaan ons saam met Jesus **na die hemel** en "so sal ons altyd by die Here wees." Die Apostels, saam met die profete, getuig van een en dieselfde gebeure **voor** die 1260 dae van groot verdrukking. Hebr 12:22-24

EERSTE BASUIN

Seëls 1 tot 6 openbaar die ses tydperke binne die laaste sewe jaar plus 45 dae wat die tyd van die toorn van God is. Seël 7 staan apart met sewe basuine. Wanneer **seël 7** (7 basuine) in die 30 dae oopgemaak word, kom daar 'n **halfuur stilte in die hemel,** 'n breuk, **voordat** die geweld van basuin 1 begin. Open 8:1-5. Basuin 1 dui die einde van die derde seël aan (swart perd) en die begin van die vierde seël (grys perd) wat die begin van die 1260 dae groot verdrukking is.

By die blaas van die **eerste basuin (laaste dag van 30 dae)** verskyn die teken van die Seun van die mens in die lug. Al die mense op aarde sien die verskyning van Here Jesus Christus wat soos weerligte van die ooste na die weste skyn. Mat 24:27; 28:3; Open 8:5 en lees Luk 21:25,26. Here Jesus se wederkoms in die lug en die opstanding is **nie 'n oogwink gebeurtenis nie**. 1 Kor 15:52b,c; Luk 17:34. Dit neem een dag (soos 'n Sabatdag), van sononder tot die volgende dag sononder, vir die engele om al die geeste te versamel. Eerste die dode uit die Paradysdeel van die doderyk en **daarna** die **lewendes** wie nog **oor die vier windstreke van die aarde verspreid** is. Mat 24:31; Open 14:16. Almal wie se name vanaf die grondlegging van die teenswoordige wêreld in die **boek van die lewe** geskrywe is. Hierdie boek **sluit** by die eerste basuin.

In ons nuwe geesliggame moet ons in die derde hemel vir 1260 dae wag tot hulle uit die groot verdrukking by ons in die hemel aansluit. Hulle wie se name van die grondlegging van die teenswoordige wêreld af in die **boek van die lewe van die Lam** wat geslag is, geskrywe is. Open 13:8. Hierdie boek word **geopen** by die eerste basuin (groot verdrukking) en duur tot op oordeelsdag, wêreldvloed met vuur.

Voordat die geweld van die eerste basuin oor die aarde losbars, word 144,000 Israelies met die Gees van God op hul voorhoofde verseël. Open 7:3. In die plek van die 12 Apostels is daar 144,000 verseëldes, 12 maal 12,000 per stam. Kyk die vereistes waaraan hulle moet voldoen. Open 7:3; 14:1,4; 9:4. **Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag** word weer herhaal. Mense, Jood en heiden, openbaar die Heilige Gees se fisiese gawes van tale van nasies en gawe van profesie, maar nou vind die hemelse tekens van Joël 2 ook plaas! Apostel Petrus beskryf die hemeltekens aan die begin van die groot verdrukking in Hand 2:19 en vers 20 beskryf die hemeltekens tydens die 45 dae van die 2 de sondvloed.

Die 144,000 verseëldes hervat die 12 Apostels se koninkryk evangelie met die geloofsbeen dat Here Jesus Christus die Messias is en die godsdiensbeen naamlik die wette van Moses. Mat 24:14; Mal 4:2-5. Die Jode lees nou ook die Nuwe Testament, want met hul eie oë het hulle gesien wat met geroepe Christene gebeur het. Open 20:4. Met Christus die Messias nog nie op aarde nie, is die Heilige Gees steeds op aarde en ontvang Jood en heiden nogsteeds die Gees van God.

Na die opstanding en hemelvaart van geheiligde Christene, verskyn die twee getuies skielik in die strate van Jerusalem. Die twee getuies begin weer 'n magstryd met die Antichris (Satan) soos Moses en Aäron met Farao. Dit is insiggewend dat Jesus Christus aan Apostel Johannes en sy broer Apostel Jakobus die bynaam Boanèrges gee - seuns van donder. Mrk 3:17; Hand 12:2. Nou is die halfuur stilte verby en word die geweld van die eerste basuin oor die aarde losgelaat.

**HOOFSTUK 20**

## 8 STE RYK : GROOT VERDRUKKING

Die wederkoms en verskyning van Here Jesus Christus openbaar 'n enige ware lewende Here God. Dit word kragtig onderstreep deur die opstanding van dooies en lewendes en verseël deur die sigbare uitstorting van die Heilige Gees in mense. Hierdie kragtige getuienis openbaar die dier as die Antichris en dat Satan nie God is nie. Om hierdie getuienis teen te werk, roep Satan sy eie geestelike leier uit die put van die afgrond. Hy is die koning van die demone en sy naam is Appolion, "vernietiger." Open 9:11; 11:3,7; 13:11. Terselfdertyd verskyn die twee getuies in die strate van Jerusalem en dit is die begin van die groot verdrukking vir drie jaar en ses maande:

| | | |
|---|---|---|
| Joël 2:28 | En daarna (verdrukking/wederkoms) | Hand 2:16-20 |
| | sal Ek my Gees uitgiet op alle **vlees**, en | Hand 2:1-4 |
| | julle seuns en julle dogters sal profeteer, | Israelies |
| | julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. | |
| Joël 2:29 | **En ook** op die diensknegte en op die diensmaagde | Open 7:9 |
| | sal Ek in diè dae **my Gees uitgiet**. (ook heidene) | Rom 6:16,17 |
| Joël 2:30 | En Ek sal wondertekens gee aan die hemel | |
| | en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare. | Basuine 1-4 |

In die hemel vertoon 'n planeet die teken van 'n **vaal perd** en die **son en maan word swart** en die sterre trek hul glans in. Die vaal perd staan onder beheer van die **arend** lewende wesen en "op die **vleuel** van gruwels sal daar 'n verwoester wees."

| | | |
|---|---|---|
| Open 6:8 | En ek het gesien, en kyk, daar was 'n **vaal perd.** | **Seël 4** |
| | En **hy** wat daarop sit, sy naam is die dood, | Arend wesen |
| | **en die doderyk het hom gevolg.** | |
| | En aan **hulle** is mag gegee | Hemelleërs |
| | oor die **vierde deel** van die aarde om dood te maak | Vier tiendes |
| | met die swaard (meteore) en hongersnood en pes | |
| | en deur die wilde diere van die aarde. | Ese 14:12-21-23 |

Die groot verdrukking begin met die geweld van die **eerste basuin** en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng. Open 8:7-13. Meteore val soos hael en 'n derde van die **bome** het verbrand en **al** die groen **gras** op planeet Aarde het verbrand. Met die kennis van die begrippe "leërs van die hemel" en "Here van leërskare" sal ons Apostel Petrus se verwysing na Profeet Joël se beskrywing van hierdie gebeure beter verstaan:

| | | |
|---|---|---|
| Joël 2:1 | BLAAS die basuin op Sion, | |
| | en blaas alarm op my heilige berg! | |
| | Laat al die inwoners van die land bewe, | |
| | want die dag van die HERE kom, | |
| | want hy is naby- | |
| Joël 2:2 | 'n dag van duisternis en donkerheid, | Basuin 1 |
| | 'n dag van wolke en wolkenag; | |
| | soos môreskemering, uitgesprei oor die berge, | |
| | kom 'n talryke en **magtige volk** | **Hemelleërs** |
| | wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie | |
| | en **hierna** ook nie sal hê tot in die jare | |
| | van die **verste geslagte** nie. | Tydens duisend jaar |

| | | |
|---|---|---|
| Joël 2:3 | Voor hom (arend wese) verteer 'n vuur, | |
| | en agter hom brand 'n vlam; | Komeet? |
| | voor hom lyk die land soos die tuin van Eden, | Gen 13:10 |
| | en agter hom is dit 'n woeste wildernis; | |
| | ook kan **niks** daaraan ontkom nie. | |
| Joël 2:4 | Sy **voorkoms** is soos diè van **perde**, | Vier perde planete |
| | en net soos ryperde so hardloop **hulle**. | |
| Joël 2:5 | Soos die gedruis van waens | Ese 1:24 |
| | huppel hulle oor die berg toppe, | Oor die aarde |
| | soos die geknetter van 'n vuurvlam | |
| | wat die kaf verteer, | Koring is geoes! |
| | **soos** 'n magtige **volk** | Hemelleërs |
| | wat vir die geveg opgestel is. | **Verse 6-25** |
| Joël 2:10 | Voor hulle **bewe** die **aarde**, | **Aardskok** |
| | sidder die hemel; | Planete in chaos |
| | die **son en maan word swart,** | Mat 24:29 |
| | die sterre trek hul glans in. | |
| Joël 2:11 | En die HERE verhef sy stem voor **sy leërmag uit**; | |
| | want geweldig groot is sy leër, | Van die hemel |
| | ja, magtig die **uitvoerder** van **sy woord**. | **Arend wesen** |
| | Want die dag van die HERE is groot | Nog kom |
| | en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra? | |

(kyk die verskil tussen verse 10 en 31- toorn van God)

| | | |
|---|---|---|
| Joël 2:31 | Die **son** sal **verander** word in duisternis | Rook op aarde |
| | en die **maan** in **bloed**, | Seël 6 en basuin 7 |
| | **voordat** die groot en deurlugtige | Skale 1-5 |
| | **dag van die HERE kom.** | Skale 6 en 7 |

Die vier planete met die **voorkoms** van perde staan nou onder die aanvoering van die arend lewende wesen, wie die aanvoerder van God se leërs van die hemele is. Die vier planete voeg hul verwoesting by die gruwels van Satan in die tyd van groot verdrukking en veg tot op die dag van die HERE. Dan 9:27.

Die twee getuies gaan basuine 1 tot 6 oor die aarde loslaat en die mensdom onderwerp aan nog meer plae en rampe. Open 11:6,10. Dit skep die vermoede dat een van die planete binne die aarde se magnetiese veld vasgevang sal word en soos 'n tweede maan om die aarde beweeg om op bevel van die twee getuies nog meer rampe oor die aarde te bring.

**Basuin 2** is 'n meteor so groot soos 'n berg wat brand met vuur. Een derde van die **see** het **bloed** geword. Een derde van **seelewe sterwe** en een derde van alle **skepe** vergaan. **Basuin 3** is soos 'n komeet of groot ster wat brand soos 'n fakkel en een derde van riviere en fonteine word als **(bitter water).** Jer 9:15. In die tyd van **basuin 4** begin planeet Aarde vinniger om sy eie as draai sodat die son, maan en sterre een derde van hul tyd in die dag en nag verloor. Die 24 uur dag en nag word **verkort na 16 ure dag en nag.** Open 8:8-13; Mat 24:22. Die eerste vier basuine dood 'n **vierde deel van die mensdom** op aarde, om en by 2,400 miljoen mense uit ses duisend miljoen mense. Dit word vermoed dat die eerste vier basuine binne die eerste maand van die groot verdrukking uitgestort sal word, want basuin 4 verkort die tydsduur van die tyd van groot verdrukking. Dan 7:25.

Wanneer die geweld van die eerste vier basuine ophou, neem die dier die drie oosterse koninkryke (tone) vir homself om die 8ste Ryk te vorm met Jerusalem, groot Babilon, as die hoofstad van die 8ste Ryk. Dan 7:8, Open 13:2,14,15; Mat 4:8,9. Die Kaballeiers van die tien koninkryke ontvang mag soos konings en so funksioneer die 7de Ryk vir 'n uur of 1260 dae saam met die 8ste Ryk. Die Babiloniese **godsdienstige hoerstelsel**, aanbidding van Satan en sy beeld, is nou die enigste godsdiens in die weste en die ooste, twee horings van die lam **wat praat soos 'n draak**. Hierdie demoniese lamdier is Satan se hoëpriester en kom te voorskyn na die opstanding van Christene uit die verdrukking. Open 13:11.

Na die eerste vier basuine word kos meer waardevoller as goud. Satan se regeringstrukture beheer alle voedselvoorrade van alle lande in die wêreld. Satan in Jerusalem, (groot Babilon) misbruik hierdie mag om skatte te versamel en om mense aan sy wil te onderwerp en so word Babilon, Jerusalem, die voorwerp van mense se haat. Hulle wil bitter graag hierdie **hoerstad verbrand**. Dit is die een bedoeling van God met die 7de Ryk. Open 17:17 word verduidelik deur verse 13,14,16.

Alleen hulle wie die merk van die dier het en die standbeeld aanbid kan nou kos koop. Lees ook Joël 1; Hos 4 tot 14 en 13:10,11. Die merk van die dier omsluit **twee** kritieke **uitkenningstekens.** Eerstens, dat die **liggaam** met iets in of op die hand en voorkop **geskend** word. Die 144,000 Israelies is op hul **voorhoofde verseël**. Die voorhoof is die plek waar God sy naam skryf. Open 22:4. Alleen dan kan ons die aangesig van God sien en leef. Ex 13:9; 33:20; Deut 6:4-8; Ese 9:3-6. Tweedens, hierdie merk stel mense in staat om **geldtransaksies** uit te voer. Om daarmee handel te dryf te wete te kan **koop of te verkoop.** Moet dit nie vergeet nie!

Dit is baie belangrik om daarop te let dat die **merk van die dier,** 666- die naam van die Antichris numeries uitspel, eers **vanaf** die middel van die sewe jaar met die dood verpligtend sal wees. Dié wie die merk aanvaar, van nou af vrywilliglik tot aan die einde onder dwang met onthoofding, bring die oordeel en die hel oor hulself en hiervoor is daar geen vergifnis nie! Open 14:11 gelees met 13:8; 20:4.

In die tyd van verdrukking kan Christene met die kaart kos en klere koop, want dit skend nie die liggaam nie. Christene hoef hulle nie te bekommer oor basiese klere en kos in die tyd van verdrukking nie. Die Here sal ons nie in die situasie plaas waar ons moet moord pleeg en roof vir voedsel nie, 6de en 8ste gebod:

Mat 6:32 Want na al hierdie dinge soek die heidene,
want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.
Lees Mat 6:25-34; 1 Petr 4:12-17

Selfs in die tyd van die groot verdrukking sal die Here sy kinders voorsien van water en voedsel soos in die tyd van Exodus (manna). Die aanbidding van die gruwelbeeld verbreek die tweede gebod en so ook Christusbeelde, -kruise en prente. Deut 5:8. Om mense te laat glo dat Satan God is, word 'n "gees" aan die beeld gegee sodat dit kan praat en oë wat sien. Dan 7:8. Na die eerste vier basuine sal Satan soos Farao deur sy valse profeet ook groot tekens doen "sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal." Open 13:13.

Esegiël 8 en 9 gee aan ons 'n idee wat nou in die tempel en in Jerusalem sal plaasvind. Met Satan as god in die tempel word elke denkbare daad verrig om dit te ontheilig en Jerusalem in 'n Babiloniese hoerstad te omskep. Lees Miga 2 en 3.

Die gewelddadige gruweldade van die Antichris, tesame met die plae van die twee getuies, dompel mense in slawerny, uiterste hongersnood en ellende. Die voortdurende elektriese kontakte tussen die aarde en planete se magnetiese

kragvelde versteur die aarde se klimaat sodat die insektewêreld ontplof. Miere, sprinkane, vlieë en baie meer insekte veroorsaak dat mense nie kan eet, sit of slaap nie. God neem wilde diere se vrees vir mense weg. Gen 9:2. Die geknetter van die leërs van die hemel is 'n duisend maal erger as klappers, sodat alle diere waansinnig raak en ook huisdiere, honde en katte, mense aanval. Satan onthoof miljoene mense wie nie sy beeld aanbid nie. Dan 9:27- “op die vleuel van die gruwels sal daar ‘n verwoester (arend) wees.”

**Basuin 5, eerste wee, begin vyf maande voor die einde van die groot verdrukking.** Open 9:1-5-12. ‘n Ster wat reeds op die aarde geval het, Satan, het die sleutel van die put van die afgrond wat hy open (hy het ook die valse profeet daaruit gehaal). Hierdie put is nie die doderyk of die hel nie. Open 9:1 (put) versus 20:1 (put en moes as die doderyk vertaal gewees het want Satan word in die “kuil” opgesluit gelees met Jes 14:15). Die “diere” wat nie blare eet nie, borrel uit die put van die afgrond en hulle is demone uit Satan se **toenmalige aardse ryk**. Hierdie duiwelsgeeste neem besit van mense se vlees en bene liggame en daarom lyk hulle soos mense met lang hare en tande soos die van leeus. Open 9:4; Mat 8:29; Luk 8:31.

Alleenlik demone kan onderskei tussen dié wie die seël of Gees van die Here op hul voorhoofde het en dié wie dit nie het nie. Demone is geeste en hulle soek altyd 'n liggaam met bene en vlees om in te gaan. Luk 24:39. Niemand het 'n demoniese gees gesien nie, maar ons lees in Mrk 5:2-5-9 van die effek wat hulle op mense het. Nou word mense deur die demone gepynig en hulle sal verlang om te sterwe, maar die dood sal vir hulle wegvlug. Open 9:6.

Alle heidense nasies het een gemeenskaplike **musiek**instrument om demone, duiwelsgeeste, op te roep en dit is met dromme. Wanneer die Heilige Gees 'n gemeente verlaat, dan word orkeste ingespan om die valse persepsie te skep dat die gemeente nogsteeds lewendig en met die Heilige Gees vervul is.

Die konings van die ooste, China, Japan, Korea, Viëtnam, Indië ensovoorts is almal aanbidders van duiwelsgeeste en afgode van metale en klipwerke. Hulle word nou deur Satan se demone opgewek om na Jerusalem op te ruk. Vyf maande voor die einde van die groot verdrukking sal hierdie konings 'n magtige leër van 200 miljoen man saamstel. Die leër van 200 miljoen verwys spesifiek na die leër uit die ooste, oos van die Eufraatrivier. 1 Kon 22:20-23; Open 9:16; 16:12,14.

DERDE OPSTANDING (van die eerste opstanding).

Die tyd van groot verdrukking word met die vyfde seël, siele onder die altaar, afgesluit:

Open 6:9 En toe Hy die **vyfde seël** oopgemaak het,
sien ek onder die **altaar** die **siele**
van die wat gedood is — Doderyk)
ter wille van die **woord van God** — Textus Receptus
en al die **getuienis** wat hulle gehad het.

Open 6:10 En hulle het met ‘n groot stem uitgeroep en gesê:
Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser,
oordeel en **wreek U nie ons bloed**
op die bewoners van die aarde nie?

Open 6:11 En aan elkeen van hulle is **wit klere** gegee;
en aan hulle is gesê dat hulle nog ‘n klein tydjie moet rus
totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders (Heidene en Jode)
wat nog gedood sou word **soos hulle**, voltallig sou wees.

Open 7:13 Toe het een van die ouderlinge gespreek en gesê:
Hulle wat gekleed is met **wit klere**,
**wie is hulle** en waarvandaan **het hulle gekom**?

Open 7:14 En ek sê vir hom: My heer, u weet dit.
En hy sê vir my:
Dit is **hulle** wat **uit** die **groot verdrukking kom**, Vers 9
en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak
in die bloed van die Lam. Open 13:8!

Die groot verdrukking eindig wanneer die koning van die demone, valse profeet, die **twee getuies op aarde doodmaak.** Open 11:9,11. Hul liggame lê in die strate van Jerusalem vir drie en 'n halwe dae, wat ook die laaste dae van die laaste drie jaar en ses maande groot verdrukking is. **Die opstanding uit die groot verdrukking** aan die einde van die sewe jaar gaan gepaard met 'n **teken in die hemel** wat elke Israeliet dadelik sal herken:

Open 12:1 EN ‘n groot teken het **in die hemel** verskyn:
'n vrou wat met die **son** beklee was, Mal 4:2; Open 1:16b
en die **maan** was onder haar voete,
en op haar hoof 'n kroon van **twaalf sterre**; Gen 37:5-10

Uit die tempel in die hemel kom die tweede engel met 'n sekel om die **druiwetrosse** van die wingerdstok (Israel) **te oes.** Open 14:17,18. Die seën het eerste na Israel gekom, maar die volk self was ook die laaste om te deel in die opstanding **uit die dode-** “ook hulle wat Hom deursteek het.” Open 1:7; Rom 11:15. Nou word die twee getuies weer lewendig en in 'n wolk vaar hulle op na die hemel. Terselfdertyd staan die **siele onder die altaar**, Paradysdeel van die doderyk, uit die dode op en vaar saam met die twee getuies na die hemel. Open 11:12 en opgestanes 7:9,14; 15:2,3. Die 144,000 verseëldes was die arbeiders wat op die **laaste uur** gehuur is en ontvang die volle dag se loon. By hierdie opstanding gaan net hulle alleen **lewendig die hemel in.** Mat 20:1-16; Open 14:1. Die woord “siele” verwys na Israelies wie nie in die hemel bly nie, maar na die aarde terugkeer en steeds in 'n “siele” liggaam sien hoe God sy beloftes aan Dawid en Abraham vervul in land Kanaän:

Open 20:4a En ek het **trone** gesien,
en **hulle** het daarop gaan sit, 12 Apostels
en aan hulle is die **oordeel gegee**; Tydens 1000 jaar
Open 20:4b en ek het die **siele** gesien van die wat onthoof is
oor die getuienis van Jesus **die Here**
en oor die woord van God, Ware Bybel
en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie,
en die merk op hul voorhoof
en op hulle hand nie ontvang het nie;
vervolg 4c en **hulle het geleef** Op aarde
en as **konings** regeer 12 Apostels
**saam** met Christus die **duisend jaar lank**. Ex 19:5,6

Open 20:5 En die **ander dode het nie herlewe** Bly in doderyk/smarte
**totdat** die duisend jaar **voleindig** was nie.
**dit** (3 opstandings van die kruis tot groot verdrukking)
**is die eerste opstanding**. (gelees met vers 6).

Die **opstanding uit die groot verdrukking op die uur van Jerusalem** is ook die laaste deel van die liggaam van Christus, ook genoem bruid van Christus. Hierdie opstanding sluit die **eerste opstanding af** wat in drie dele, **volgorde**, plaasgevind het. Daar kan nou geen twyfel wees dat daar ander dode is wie nie

deel in die eerste opstanding nie. Dat daar 'n **duisend jaar gaping** tussen die eerste opstanding uit die dode **van die lewe** en die opstanding van die “ander dode” **van die oordeel** is.

Na die hemelvaart van die twee getuies en derde opstanding uit die dode word die volle geweld van die **6de basuin, tweede wee, op die uur van Jerusalem** oor die mensdom en aarde uitgestort. Open 11:13,14 gelees met 9:13-15. Open 9:16-21 gelees saam met 16:12.

Open 9:15 Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir
die **uur** en dag en maand en jaar,
**om 'n derde (deel) van die mense dood te maak.**

Die **sesde basuin** kombineer die geweld van drie perde planete, vuurrooi en blou en swawelgeel, en hulle bring drie plae oor die mensdom. Uit die bekke van die perde kom vuur, rook en swawel (teer/olie) en hul sterte is soos slange met koppe (komete) wat ook skade op aarde veroorsaak. Open 9:17-19. 'n Derde deel, 1,000 miljoen, van die oorblywende mensdom sterf soos muskiete en so het meer as die helfte van die mensdom in die tyd van die groot verdrukking gesterf. Die elektriese kontakte tussen planeet Aarde en perdeplanete het ook vuur en verwoesting op daardie planete veroorsaak en daarom vertoon hulle nou soos harige leeus vanaf die aarde. Op die **uur van Jerusalem eindig die 1260 dae groot verdrukking, asook die laaste sewe jaar voor die 2de sondvloed. Dit is ook die 70ste week wat Daniël vir die volk van Israel geprofeteer het.** Op die sesde basuin, tweede wee, eindig die groot verdrukking waarna die sewende basuin, derde wee, met sewe skale volg.

**********************************

Die 12 Apostels deel in die eerste opstanding in die middel van die sewe jaar en bestyg hul trone in die nuwe Jerusalem wat binnekort uit die hemel sal neerdaal. Die opstanding van die 12 Apostels word ook beskryf as 'n **tipe “wedergeboorte”** wat verskil van die algemene betekenis van die begrip wedergeboorte. Mat 19:28. Die 12 Apostels op aarde, saam met Israelies **uit alle geslagte,** verkry nie dadelik 'n hemelse liggaam nie maar ‘n “siel liggaam - tipe wedergebore liggaam” tydens hul duisend jaar in die nuwe Jerusalem. Uit alle geslagte van Israel sal daar getuies wees wie met hul eie oë sal sien hoe God sy beloftes aan Abraham en Dawid vervul. Ese 37:1-14; 36:17-28.

Nou is die vraag watter tipe oordeel moet die 12 Apostels uitspreek? Open 20:4. Die **tyd** wanneer die 12 Apostels regspraak sal lewer, lees ons in Mat 19:28 en Open 20:4. Die 12 Apostels tree op as regters (Rigters) om regspraak te lewer tussen die twaalf stamme in land Kanaän tydens die duisend jaar Messias Ryk.

**Oordeel deur Geheiligdes.** “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?” 1 Kor 6:2. Deur die opstanding uit die dode en hemelvaart van geheiligdes word die agterblywende mense op die wêreld deur God vir die opstanding tot die oordeel gelaat. Lees ook 1 Kor 6:4. “Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie,?” 1 Kor 6:3. Hemelse mense met die Gees van die Here sal die engele oordeel. (gevalle engele?) (vers 11). Ons sal oordeel maar nie veroordeel nie want dit bly die taak en reg van God die HERE alleen.

## HOOFSTUK 21

# 45 DAE : TOORN VAN GOD (2 de sondvloed)

In die hemel gebeur sekere handelinge voordat die toorn van God op die aarde uitgestort word Tydens die sewe jaar voor die toorn van God was daar twee opstandings uit die doderyk van die lewe. In die tyd van die opstanding uit die verdrukking, 30 dae grasie tyd, het die derde hemel **oopgegaan** om mense in hul gees opstandingsliggaam te ontvang. Na die opstanding uit die groot verdrukking, **sluit die hemel** op die uur van Jerusalem. Open 4:1; 11:19; 15:3,5,8. In die derde hemel moet die **drie** opstandingsgroepe voor die **regterstoel van Here Jesus Christus** verskyn om beoordeel, maar nie veroordeel te word nie:

Open 11:18 En die nasies was vertoornd,

| | |
|---|---|
| en u **toorn** het gekom | **2de Sondvloed** |
| **en** die **tyd** van die **dode** | Paradysdeel |
| om **geoordeel** te word | Regterstoel van Jesus |
| **en** om die loon te gee | Heerlikheid van ‘n ster |
| aan: | <u>Eerste opstanding</u> |
| u diensknegte, die profete, | Kruis (Adam tot Christus) |
| en aan die heiliges | Verdrukking (Christene) |
| en aan die wat u naam vrees, | Groot verdrukking |
| **klein en groot**, | |

en om die verderwers van die aarde te verderf.

In die hemel by die blaas van die sewende basuin, **in 'n oogwink**, doop met vuur, verander die geesliggaam in 'n hemelliggaam (volgens loon) want nou is ons gees volkome gereinig van sonde wat nie tot die dood is nie. Elkeen skitter soos 'n ster en nou deel ons in die bruilofsmaal van die Lam. Open 19:7-9; 15:2-met vuur, 4,5; 4:6; Kyk 1 Kor 15:50-58; 2 Kor 11:2,3. Hierdie geesmense verander in hemelse mense, sterre, want die Seun (Persoon) Jesus Christus:

| | | |
|---|---|---|
| Open 1:6 | en ons gemaak het konings en priesters | Open 5:10; 20:6 |
| | **vir sy God en Vader** (Persoon) | **Hemel koninkryk** |
| | aan Hom die heerlikheid en die **krag** | Mat 26:64 |
| | tot in alle ewigheid. | Efe 1:5; 5:5,27 |

Niemand kan die ark in die eerste hemel ingaan voordat die sewe skale, 2 de sondvloed, op aarde voleindig is nie. Open 15:8 en kyk Hebr 6:19,20. Ons kan die aardse tempel as volg vergelyk met die hemelse, in hakies. Die tempel op aarde bestaan uit 'n voorhof of altaar (Paradysdeel van die doderyk). Die tabernakel self bestaan uit twee dele, naamlik die deel wat Heilige genoem word (derde hemel - Paradys) en die deel genoem Allerheiligste (ark in die eerste hemel - Deut 10:14) en waar die troon van God is. Hebr 9:2,3,9.

Die geheiligdes wat skitter soos sterre bly in die derde hemel, Paradys, tot die 6de skaal wanneer die hemel weer oopgaan vir Here Jesus se **koms met geheiligdes na Jerusalem** vir die slag van Armageddon, wat ook die dag van die Here is. 1 Thes 3:13; Open 19:11,14. Na die sewende skaal wanneer planeet Aarde uit sy baan om die son geruk word, gaan die “sterre” die ark van God in. **Ons bly by God die Vader in die hemel gedurende die volgende duisend jaar**. Wanneer God en die tabernakel na die aarde kom, dan eers kom die hemelse mense saam met God na die nuwe aarde (nuut formeerde toekomstige wêreld op aarde). Open

21:3. Dit is hoe God die hemelse deel van sy seënbelofte aan Abraham vervul. Nou moet ons kyk wat intussen op aarde gebeur het en die toorn van God wat nou uitgestort word.

OP AARDE : DRIE WAARSKUWINGS (Drie engele)

Op aarde, by die blaas van die sewende (laaste) basuin, 3 de wee, is daar 'n breuk van ongeveer vyf dae voordat die geweld van die sewe skale, toorn van God, op aarde losbars. Open 11:14,15. Dit is die tyd wanneer mense in die hemel beoordeel en in sterre verander word en deel in die bruilofsmaal van die Lam. Terselfdertyd waarsku drie engele die mensdom op aarde dat hulle hul moet bekeer sodat hulle “in die Here kan sterwe.” Open 14:12,13- **Gees** en hul **werke** volg hulle.

Die eerste engel verkondig die **evangelie van God** uit die lug, naamlik dat God die **Skepper van die hemel en aarde is** en dat die uur van God se toorn gekom het. Open 14:7; Rom 1:1-32. Die tweede engel kondig aan dat die **troon van die dier,** naamlik Jerusalem, **die groot stad Babilon,** geval het. Open 14:8 en 18:4,8-16. Jerusalem vloei oor van al die skatte wat Satan uit al die nasies versamel het. Open 18:11-16. **Die 10 konings van die 7de Ryk beroof en verbrand Jerusalem.** Open 17:16,17; 19:2,3; Sag 14:1,2. Die derde engel kondig uit die lug aan dat ewige straf op hulle wag wie die dier of sy beeld aanbid of sy merk het. Die stilte hang swaar oor die aarde terwyl mense hierdie engele in die lug sien en hul woorde hoor van nog groter “hel” wat gaan kom.

**Die tekens van die toorn van God** word vir die gerief van die leser as volg saamgevat:

**SEëL 6 : Maan soos Bloed.** Kyk ook Jes 13 en 34; 66:15,16.

| | | |
|---|---|---|
| Open 6:12 | En ek het gesien toe Hy die **sesde seël** oopgemaak het, | |
| | en kyk, daar was 'n **groot aardbewing**; | Open 16:18 |
| | en die **son** het **swart** geword soos 'n **harige sak**, | Hand 2:20 |
| | en die **maan** het geword soos **bloed**; | Joël 2:31 |
| Open 6:13 | en die **sterre (meteore)** van die hemel het op die aarde geval, | |
| | soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, | |
| | sy navye laat afval. | |
| Open 6:14 | en die **hemel** het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, | |
| | en al die berge en eilande is uit hul plekke versit. En verse 15,16. | |

**BASUIN 7 : 3 de wee : Open 16. TOORN VAN GOD. (2 de sondvloed).**

Skaal 1. Bose swere kom aan mense.
Skaal 2. See verander in bloed en alles in die see sterf.
Skaal 3. Alle riviere en fonteine het bloed geword.
Skaal 4. Son skroei mense met groot hitte.
Skaal 5. Duisternis oor die **troon van die dier** en hul tonge gekou van pyn.
Skaal 6. Eufraatrivier droog op sodat die konings van die Ooste na Jerusalem kan optrek. 14 dae? Open 9:14;16:12.
Nasies versamel vir **Slag van Armageddon**. Open 16:16; 19:15.

DAG VAN DIE HERE (2 Petr 3:10)

**Here Jesus, die Woord, daal met sy geheiligdes op wit perde van die hemel** na die Olyfberg, stad Jerusalem, en dood 200 miljoen sodat hul bloed 320 kilometer vêr vloei. Open 19:15; 14:20.

Skaal 7. Groot aardbewing (aardskok).
Jerusalem verdeel in drie dele en verdwyn. Open 16:19; 18:21.
Meteore val soos ‘n haelstorm op mense.
Berge en eilande verdwyn.
Die aarde word uit sy baan om die son geruk.

Bogemelde is 'n kort samevatting sodat ons alles met een oogopslag kan sien. Die Woord van God gee aan ons net die kliniese volgorde van gebeure. Dit vertel nie van die werklik angs, pyn en lyding van die oorblywende goddelose mensdom en die **smeltkroes waardeur die welgeluksaliges** moet gaan nie.

Na die drie engele van God die mensdom vir 5 dae gewaarsku het, begin die **toorn van die God** of 2de sondvloed op aarde. Dit gaan weer soos in die tyd van Noag vir 40 dae en 40 nagte reën, maar met meteore wat val soos hael en al die lande op aarde omskep in 'n **Sodom en Gomorra**.

**TOORN VAN GOD** (2 DE SONDVLOED) : **SKALE 1 TOT 7.** (Open 16).

**Skaal 1.** Die 2de sondvloed begin met 'n wolk van gloeiende meteoriese stof wat uit die lug val en dit **brand blase** op die vel van mense. Die blase verander in **swere** met onwelriekende afskeiding wat in die Bybel as bose swere beskryf word. Soos die aarde draai, val hierdie meteoriese stof op alle mense wie die merk van die dier het. Ex 9:9. Die welgeluksaliges word in die vuur gebring en gesmelt soos 'n mens silwer smelt en getoets soos 'n mens goud toets. Dan 12:12; Sag 13:9.

**Skaal 2.** Die meteoriese stof verander in vuurwarm meteoriese sand wat oksideer met die suurstof sodat **alle seewater,** sewentig persent van die aarde se oppervlakte, verander in die kleur van **donker bloed soos dooie bloed.** Alle lewende wesens in die see sterf. Ps 11:6; Jes 34:9; 49:26; 50:2,3.

**Skaal 3**. Al die **water** in riviere en fonteine verander in die kleur van **bloed.** Lawa begin opstoot en al die ondergrondse water in fonteine en boorgate word die kleur van bloed. Miljoene mense sterf van dors “want hulle het die bloed van heiliges (duisende is onthoof) en profete vergiet.” Die regverdigheid van hierdie straf van die Here word geloof deur die siele uit die groot verdrukking “want hulle het dit verdien.” Open 6:10; 16:5,6,7; Ex 7:19.

**Skaal 4.** Vlammende meteore wat bome en geboue verpletter val op planeet Aarde. In die nag lyk die meteore soos miljoene vuurpyle wat op die aarde neerreën. Die vlammende meteore veroorsaak gloeiende orkaanwinde regoor die aarde, sodat miljoene mense weens hitte-uitputting sterf.

**Skaal 5.** Alle bome en gras op aarde is deur die hitte uitgedroog en wanneer die meteore weer val, gaan alles in vlamme en rook op. **Duisternis** word spesifiek gekoppel aan die troon van die dier, Jerusalem, en sy 8ste Ryk, Midde Oosterse lande. Dit sluit in ook die troon van Satan, Turkye, waarheen die dier (draak) vlug na die val van die stad Babilon. Die wriemelende roetrook dompel die hele aarde in duisternis, sodat geen mensgemaakte lig daardeur kan dring nie. Mense bly sit of lê net waar hulle is. Mense se sin van tyd, rigting en gevoel word totaal

gedisoriënteer. Miljoene mense sterf weens versmoring. Wanneer die HERE die woord duisternis gebruik, dan is dit duisternis. (weer drie dae?)

**Skaal 6.** Die Oosterse mag van 200 miljoen man word by die Eufraatrivier deur skale 1-5 teruggehou. Die Eufraatrivier verdroog sodat hierdie Oosterse mag nou eers droogvoets deur die Eufraatrivier gaan. Tyd van veertien dae? Voor die konings van die Ooste lê Jordanië met die drie volke van Edom, Moab en Ammon. Oor hulle vloei hierdie mag soos sprinkane en word hulle onderwerp aan uiterste mishandeling. Hierdie drie volke word spesifiek van Suid na Noord beskryf - presies die rigting wat die leërs van die hemel gaan kom om hulle te verdelg in hierdie tyd wat soos Sodom en Gomorra sal wees. Sef 2:9 en kyk profeet Obadja en Jes 63:1-6.

In hierdie tyd van die Here se toorn word mense beskryf as nakend, wie nie die Gees het nie. Hulle wie met die Gees van God beklee is, word nie soos ‘n dief in die nag onkant gevang nie. Gal 3:27; 1 Thes 5:4-9 en kyk 2 Thes 2:11,12; Open 14:13- “Ja sê die Gees” in hierdie tyd op aarde.

Uit al vier windrigtings trek nasies na Jerusalem waar die liggaam van Jesus Christus gelê het, daar sal die aasvoëls saamkom. Mat 24:28. Israel, soos verteenwoordig deur hul godsdiensleiers, het Jesus Christus verhoor en tot die dood veroordeel. Pontius Pilatus as verteenwoordiger van heiden nasies, het in Jerusalem Here Jesus Christus onskuldig gekruisig en gedood.

DAG van die HERE : 45 STE DAG. (2 Petr 3:10).

Die **hemel gaan oop** en die HERE, **sy Naam is: Die Woord van God,** kom met sy leër van hemelse mense uit die hemel na Jerusalem op aarde. Die leërs van **geheiligdes op wit perde** is geklee in **rein fyn linne** (verdrukking opstanding) en **wit klere** (groot verdrukking opstanding). Hy, die **KONING** van konings en **HERE** van die here, sal die parskuip van die wyn trap en die toorn van God, die Almagtige, uitvoer. Open 19:13-16; 14:19,20- wingerdstok.

By die **koms van Here Jesus Christus met sy heiliges** sal die Olyfberg, oos van die stad Jerusalem, middeldeur skeur vanaf Oos na Wes en 'n **dal** vorm waarin Israelies kan vlug vir beskerming en veiligheid. Sag 14:4,5. Sagaria meld die dorp Asal en as ons kon weet waar dit geleë is, sou ons presies die Oos - Wes rigting kon bepaal. Die Olyfberg word beskryf as oos van Jerusalem en dit bevestig die huidige vierwindrigtings. Indien die magnetiese Noordpool met dieselfde 23 en 'n halwe grade na regs van die ys Noordpool verskuif het, (Russiese oorlog) dan verander 47 grade nie die vier windrigtings van 90 grade elk noemenswaardig nie. Die drywende ys-Noordpool verskuif egter met 47 grade. (800 km vir elke 10 grade).

Saam met die skeuring van die Olyfberg van oos na wes, skeur die berg ook in 'n noordelike en suidelike rigting. Dit vorm 'n diep dal (skeur) met steil rotswande weerskante waarin klippe afrol. Die **skeur** vorm 'n **groot dal wat (tot 12 meter wyd geskat) en 320 km lank is.** Profeet Miga skryf dat hierdie dal hoofsaaklik in 'n noordelike rigting strek wat Samaria (Jisreel) insluit. Die leërs van nasies sal geforseer wees om in die **dal van beslissing,** ook genoem dal van Josafat, **af te trek** en daar te versamel. Lees Miga 1:3-6; Joël 3:2,12-14.

**Slag van Armageddon**. Op die dag van die HERE, 45ste dag, is **die son swart soos 'n harerige sak en die maan soos bloed.** Open 6:12; Joël 2:31. Die perdeplanete versteur die aarde se atmosfeer en so bring die HERE verwarring

tussen die leërmagte sodat hulle onder mekaar veg en mekaar doodmaak. Sag 14:13-15; 12:4,8. Die leërs van die hemele sal in die suide begin en noordwaarts met die dal langs trek en die versamelde nasies daarin verdelg. Sag 12:7-9; Jes 34:1-8; Ps 97. Die leërs van nasies sal in die dal van Josafat met 'n plaag getref word. Hulle **vlees sal wegteer** terwyl hulle **nog op hul voete staan** en hulle oë sal wegteer in hul holtes en hulle tong wegteer in hulle mond. Dieselfde gebeur met alle diere in hul laers. Sag 14:12,15. (Geen petrol/voertuie).

Hierdie skrikwekkende beskrywing van hoe meer as 200 miljoen man gaan sterf, het mense aan ‘n kernbom laat dink, skepping deur mensehande. 'n Kernbom verkool (“cremate”) mense en daar is nie sprake van die vloei van bloed, of enigsins in die volume bloed, soos by die slag van Armageddon nie.

Hierdie skeurdal verander in 'n **bakoond,** soos 'n pot op vuur, sodat mense se bloed in hul are sal kook en uit hul liggame bars. Die hitte is so erg dat selfs die berge smelt. Die bloed uit meer as 200 miljoen man sal toomhoogte vir 320 km in hierdie dal van beslissing vloei. Die parskuip word getrap! Die derde engel (sekel) wat die wingerdstok oes. Open 14:18-20; Sag 12:6; Mal 4:1; Jes 31:9; Job 30:27-30; Jes 24:1,7,13,18. Dan sal die voëls kom om die vlees van hul bene af te eet en die **verdorde mense sal soos stof** word. Hulle word nie deur Israel begrawe nie! Open 19:17-21; Jes 29:3-5-8

Teen die **aand sal dit lig word** en dan kom die sewende engel om die 7de skaal uit te gooi. Armageddon en skaal 7 vind op een dag plaas, DAG van die HERE. **Die dag van die HERE verskil van die dag van GOD**. Lees 2 Petr 3:10 en hierteenoor verse 12,13. Die 2de sondvloed is die “dag” van Here Jesus Christus (regterstoel) en die wêreldvloed met vuur is die dag van God (wit troon).

**Skaal 7**. Die slag van Armageddon is verby en **die HERE, met sy heiliges wie skitter soos sterre op wit perde, keer terug na die hemel.** Wanneer die aarde se magnetiese kragveld kontak maak met 'n ander planeet se kragveld, dan veroorsaak dit ontsettende donderslae met elektriese bliksemstrale tussen die twee planete. 'n Stortreën van meteore val uit die hemel op aarde en nou word miljoene mense gedood. Die **hael met vuur binne-in** is elk 'n talent of ongeveer 28 kilogram swaar. 'n Ontsettende groot **aardskok** ruk die aarde soos daar nog nie was nie en dit verbrokkel die aardkors. Open 16:17,18; Die groot stad Jerusalem, Babilon, verdeel in drie en die stede van nasies stort ineen. Die stad **Jerusalem,** asook berge en eilande, **verdwyn** in die vuurwarm lawa van die aarde. Jes 32:19; Open 16:19; 18:21.

Planeet Aarde word uit sy baan om die son geruk. Die spoed waarteen die aarde uit sy baan beweeg, wek die indruk dat die sterre soos 'n boek oprol. Inderwaarheid is daar 'n instorting van ons sonnestelsel of melkweg en planeet Aarde beweeg nou in 'n nuwe hemelruim. Die Bybel beskryf dit as volg: “En al die leërskare van die hemel vergaan, (planete van ons sonnestelsel) en die hemel word inmekaar gerol soos 'n boek (perkamentrol) en al sy leërskare val af.” Jes 34:4. Mense sal soos muise in gate en spelonke wegkruip. Open 6:15; Jes 13:13; Jes 24:13,23; 51:5,6. **Dit is die einde van die 2de sondvloed of toorn van God** asook die einde van die tyd van nasies. Luk 21:24; Open 11:2. Die HERE gebruik sy skepping van hemelleërskare om sy toorn oor die goddelose mensdom te bring en homself te openbaar as die enigste Skepper van die hemel en die aarde.

Hoe 'n liefdevolle God soveel mense kan dood voor en tydens die 2de sondvloed skep vrae by mense en twyfel in die bestaan van God. Die versnelde tempo waarmee die mensdom gewelddadiger word en geslagsmisdrywe pleeg,

word gerieflikheidshalwe deur mense geïgnoreer, maar nie deur God nie. Die God van liefde haat sonde: Hulle "wie hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie sien of hoor of loop nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towery en hul hoerery en hul diefstalle nie." Open 9:20,21. (Eng. – sorceries, nor their fornication / adultery" – sien 'n woordeboek).

God verdeel Israel en al die nasies in drie groepe. Die een groep word in die hemel opgeneem (graanoes en druiweoes). Die tweede groep (wingerdstok en goddeloses) word tydens die groot verdrukking en die 2de sondvloed met hael uitgewis. Dié wie die HERE beskik, die derde groep wat bestaan uit mense uit al die nasies en een derde van Israel, sal die 2de sondvloed oorleef en welgeluksalig die duisend jaar Christus Koninkryk op aarde ingaan.

*****************************************************************

Die woord van God openbaar wat God aan ons wil openbaar. Dit wat God noodsaaklik ag vir ons om te weet. Die woorde "hel" en "gevalle engele" in die boek Openbaring, dwing ons om eers by hierdie woorde stil te staan.

Satan die draak verlaat die liggaam van die dier en hy (Satan) word met kettings gebind en bewaar in die doderyk, smartedeel, vir 'n duisend jaar. Open 16:13; 20:1,2,7. Satan is 'n geskape wese soos ons en daarom word hy in die doderyk vir 'n duisend jaar opgesluit. Net geskape wesens word in die doderyk bewaar. Jes 14:9,15,20. In die tyd van die toenmalige wêreld het Satan ook aan baie toenmalige wesens sy gees gegee voordat die vuur, gees, uit hom gegaan het. Hierdie wesens met die gees van die duiwel, duiwelsgeeste, was alreeds deur God veroordeel tot die hel. Hulle alleen, en nie Satan nie, word bewaar in die put van die afgrond tot die tyd wanneer die hel begin brand.

Die diermens en demoniese valse profeet word **lewend** geplaas in die **plek** waar die hel is. Open 19:20. Die hel, "gehenna", is geopen tydens die 1ste sondvloed (Noag). Dit is geopen met **sondige engele**, "seuns van God", wat gemeenskap met die "dogters van die mens" gehad het. Gen 6:1-4; Job 1:6; 2:1. *Clarence Larkin, Book of Revelation, bl 96, was die skrywer wat die onderskeid tussen die **sondige engele** (Noag) en **gevalle engele** (hemel oorlog) gemaak het en wanneer die hel geopen is:*

| | | |
|---|---|---|
| 2 Petr 2:4 | Want as God die **engele wat gesondig** het, nie gespaar het nie,<br>maar hulle in die **hel** gewerp<br>en aan kettings van **duisternis** oorgegee het,<br>om **vir die oordeel** in bewaring gehou te word; | <br><br>Luk 12:49b<br>Judas 6,7 |
| 2 Petr 2:5 | en die ou wêreld nie gespaar het nie,<br>maar Noag, - - , met sewe ander bewaar het<br>toe Hy die (1ste) sondvloed oor die wêreld<br>van goddelose mense gebring het. | |

**Die hel is geopen sonder vuur** (Luk 12:49b) en is **in duisternis tot op die dag van oordeel!** Die hel word eers aangesteek 'n duisend jaar na die 2de sondvloed tydens die wêreldvloed met vuur en dag van oordeel. Sleutelbegrip. Die hel word in die boek Openbaring beskryf en hoe die dier en die valse profeet in die hel sal brand. Die indruk word gewek dat die hel begin brand het, maar dit is egter net 'n beskrywing van wat gaan plaasvind. Open 14:10,11; 19:20 en duisend jaar later 20:10; Mrk 9:43,44. Die dier en die valse profeet word **lewend,** net soos die

sondige engele, gewerp **in die plek** waar die hel is. Hulle moet in duisternis wag vir die dag van oordeel en vir die hel, poel van vuur, om aangesteek te word. Die plek van die hel is tussen die Eufraat- en Tigrisriviere, land **Sinear** (Irak) waar die stad Babel was. Sag 5:5-11; Jes 13:19,20.

Daar moet duidelik onderskei word tussen die **sondige engele,** "seuns van God", en Satan se **gevalle engele** (hemel oorlog). Open 12:4; Efe 6:12; Open 12:4,7-9. Dit is insiggewend dat na die gevalle engele op die aarde neergewerp is, ons verder nie 'n woord van hulle lees nie. Die Bybel maak spesifiek melding dat die dode uit twee plekke kom, naamlik **uit die see** en uit die doderyk. Open 20:13. Die see lewer iets anders op as die doderyk waar alleen mensesiele bewaar word? Die See is die plek ***("tartarus")*** waar die gevalle engele, wie nog veroordeel moet word, bewaar word. Mat 25:41.

Na die duisend jaar word Satan uit die doderyk losgelaat en dan sal hy die see, waar ook die gevalle engele is, sy woonplek maak. Dit wil blyk of "tartarus" aan die kus van Libanon (Tirus) dan die **"godewoning in die hart van die see"** is. Ese 28:2,8 en hoofstukke 26 en 27.

**HOOFSTUK 22**

## MESSIAS KONINKRYK TOT OORDEELSDAG

Die belofte van die Christus of Messias Koninkryk moet vervul word. Tot dan word die Seun as 'n Persoon van God aan die regterhand van God, Persoon Vader uitgebeeld. In die middel van die 70ste week (30 dae grasie) word die Gesalfde gesalf as Koning. Die KONING van konings en HERE van here. Onse Here Jesus Christus ontvang sy **koningskap** in die middel van die sewe jaar:

| | | |
|---|---|---|
| Open 12:9 | En die groot draak is neergewerp, | 30 dae grasie |
| | die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, | |
| | wat die hele wêreld verlei, | |
| | hy is neergewerp op die aarde, | |
| | en sy engele is saam met hom neergewerp. | Gevalle engele |

| | | |
|---|---|---|
| Open 12:10 | Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: | 30 dae |
| | **Nou** het die heil en die krag en die **koningskap** | |
| | die **eiendom** van onse God geword, | Lugweg |
| | en die mag van sy Christus (Messias); | Open 19:6 |
| | want die aanklaer van ons broeders (Sag 3) | Mat 12:26-28 |
| | is neergewerp, hy wat hulle aanklaag | |
| | voor onse God, dag en nag. | |

Na die oorlog in die hemel tussen die engele van God en gevalle engele van Satan, het die hemellugweg die eiendom van God geword. Here Jesus Christus verkry die **koninkryke van die teenswoordige wêreld op aarde** op die uur van Jerusalem aan die einde van 70ste week:

| | | |
|---|---|---|
| Open 11:15 | En die sewende engel het geblaas, | 7de Basuin |
| | en daar was groot stemme in die hemel wat sê: | 1 Joh 5:19,20 |
| | Die **koninkryke van die wêreld** (7 horings) | Open 5:6b |
| | het die **eiendom** van **onse Here** geword | Dan 2:44 |
| | **en** van sy Christus, en **Hy sal as Koning heers** | (Christus/Messias) |
| | **tot alle ewigheid**. | Dan 7:14 |

| | | |
|---|---|---|
| Dan 9:24 | Sewentig sewetalle (70 weke is 490 jaar) | |
| | is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, | Uur van Jerusalem |
| | om die goddeloosheid te voleindig | |
| | en om die **maat van sondes** vol te maak | Vir 2de sondvloed |
| | en om die ongeregtigheid (sondes) te versoen | Kruis |
| | en om ewige geregtigheid aan te bring | Eerste opstanding |
| | en om gesig en profeet te beseël (vervul) | |
| | en om wat hoogheilig is, **te salf.** | Koningskap/Messias |

| | | |
|---|---|---|
| Dan 9:25 | Nou moet jy **weet en verstaan:** | |
| | van die uitgang van die woord af | Esra 5:1,2; 6:14 |
| | om Jerusalem te herstel en op te bou | en Hag 1:1,14 |
| | **tot op** 'n Gesalfde, 'n Vors, | Geboorte van Jesus |
| | is sewe sewetalle; | 7 Weke |
| | **en** twee-en-sestig sewetalle - - . | 7 en 62 totaal 69 Weke |
| Dan 9:26 | en **nà** die twee-en-sestig sewetalle | **Na** 69 weke |
| | sal 'n Gesalfde uitgeroei word, | Jesus gekruisig |
| | **maar sonder iets vir hom**, | Geen koninkryk |
| | en die volk van 'n vors (dier) | Romeine |

| | | |
|---|---|---|
| wat sal kom, sal die stad | | Jerusalem, 70 nC |
| en die heiligdom (tempel) verwoes, | | |
| maar sy **einde** (Eng. daarvan) | | 70 ste week |
| sal met 'n **oorstroming** wees, | Sleutel. | 2 de sondvloed |
| en tot die einde toe sal dit oorlog | | 45 Dae - toorn |
| wees, vasbeslote verwoestings. | | Lees vers 27 |

Op aarde het Jesus Christus sy aardse werke vir die ewige verlossing van sondes by die kruis volbring, maar vir Homself was daar geen eer en 'n sigbare koninkryk nie. Want eers moet Hy in die hemel verheerlik word en dan in die dae van die konings van die 7de en 8ste Ryke sal God 'n ewige koninkryk verwek. In die tyd van die Christus of Messias Koninkryk, sal daar mense in bloed en vlees wees en so kom die sonde, wet van die sonde, die Messias Ryk in. Apostel Paulus skryf die volgende verse vanaf die verre toekoms na vandag en ek herhaal dit kronologies:

| | | |
|---|---|---|
| 1 Kor 15:25 | Want Hy (Christus) **moet as koning heers** | Dan 7:14-27 |
| | totdat Hy **al sy vyande** onder sy voete gestel het. | Hand 2:35 |
| 1 Kor 15:26 | Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. | **Hebr 2:14** |
| 1 Kor 15:24 | **Daarna** kom die **einde** | Na duisend jaar |
| | wanneer Hy (Christus) die (Messias) koninkryk | Efe 1:10 |
| | aan God die Vader oorgee, | Efe 4:10 |
| | as Hy (Jesus) alle heerskappy | (einde van |
| | en alle gesag en mag vernietig het. | (Messias Ryk |
| 1 Kor 15:28 | En **wanneer alles** aan Hom onderwerp is, | {Eenwording |
| | dan sal ook die Seun self Hom onderwerp | {van |
| | aan **die Een** wat alles aan Hom onderwerp het, | {een God |
| | sodat God **alles in almal** kan wees. | Efe 4:6 |

Vanaf Adam voer Satan oorlog teen Christus vir die koningskap en heerskappy van die aarde. Eers moet Jesus Christus Satan uit die hemelweg werp, waarna die oorlog op aarde verder gevoer word. **Satan, die sonde en die dood**, is nog op aarde vir 'n duisend jaar lank voordat dit finaal vernietig word, **"onder Sy voete gestel is."** Jesus Christus het by die kruis die dood, sonde van die vlees, oorwin maar het Satan, sonde en die dood, nie vernietig nie. Daarom sterf mense van vlees vandag nog en ook in die Messias Ryk tydperk van 'n duisend jaar.

In die Nuwe Testament boeke het God homself as een HERE God in die beeld van drie Persone bekend gemaak. Die drie Persone verenig in die een naam, Here Jesus Christus. In die Messias tydperk verander God Drie-Eenheid na God Twee-Eenheid, die Almagtige en die Lam, twee identiteite maar steeds een God. Na die duisend jaar versmelt die Lam en God in een Almagtige God. Kyk die pragtige eenwording in vers 28 hierbo aangehaal. Open 21:3.

Nou kom ons by 'n belangrike "een" God begrip. Net **een Persoon van God** kan op 'n keer op die aarde wees. Met Jesus Christus op aarde (geboorte) was die Heilige Gees nog nie daar nie. Met Jesus in die hemel is God in die Persoon Heilige Gees op aarde. Met Here Jesus Christus terug op die aarde is die Heilige Gees nie daar nie, want die Here God self is die Gees. Mat 10:1,20; Joh 4:24; 2 Kor 3:17.

Here Jesus se Messias Koninkryk op aarde word ook die Vrederyk genoem. Daarom sê Jesus op aarde dat hy nie nou al gekom het om vrede op aarde te bring

nie, maar verdeeldheid en om vuur op aarde te werp! Luk 12:49a, 51; Mat 10:34. Vrede op aarde is **nie vir die kerktydperk beskik nie** en nog minder is die kerktydperk die “simboliese duisend jaar Messias Ryk” tydperk op aarde. Solank Satan vry in die lug is, is vrede op aarde nie moontlik nie. Politieke- en godsdiensleiers wie nou vrede uitroep, mislei mense en poog om Christus se woord te verydel en te beroof van Sy Koningskap en Koninkryk. Fil 4:7 en in Messias tyd Jes 2:2-4; 9:5; 11:1-4a.

Die sewende dag, sewe duisendste jaar, is God se Sabbatsrus en so gaan Israel en nasies die tyd van rus in soos God van sy werke gerus het. Hebr 4:4-10; 2 Petr 3:8.

DUISEND JAAR MESSIAS RYK

Wanneer die geweld van die 2de sondvloed eindig en planeet Aarde in sy nuwe baan om die son stabiliseer, kruip mense met piepgeluide uit hul gate en spelonke. Open 6:15; Jes 29:4. Vir 965 dae, twee jaar, agt maande en 5 dae, sal volkere soos in die tyd van Exodus weer met manna aan die lewe gehou word. Jes 4:5,6,10; Sag 8:11,12 (hemeldou); Welgeluksalig is hulle wie die 1335 dae van Daniël oorleef. Een derde van Israel (Ese 5:12?) sal die 2de sondvloed oorleef en hulle sal heilig genoem word. Saam met hulle sal daar **uit al die nasies** ook oorlewendes wees. Jes 4:3; Dan 12:10,12; Sag 13:8,9; 14:16,21. Kyk Jes 11:4b-10 en vers 5 gelees met Open 1:13b; 15:6- gordel van geregtigheid.

Planeet Aarde sal op 'n nuwe baan om 'n son beweeg wat die aarde se atmosfeer sal verander. Stortreën sal die lug suiwer van die swawel en rookwolke wat oor die aarde hang. Terselfdertyd word die gloeiende lawa vinnig afgekoel en die grond word omskep in waterplasse. Jes 35:7; 65:17. Die land Kanaän sal verander van 'n woestyn na 'n land van fonteine en riete en biesies. Jes 41:18. Dit sal weer soos die tuin van Eden wees. Die huidige land Kanaän, met sy hoë berge en diep klowe sal dan 'n vlakte met heuwels wees tot die Eufraatrivier. In land Kanaän sal 'n hoë berg verreis wat bo die vlaktes uittroon. Jes 2:2.

Here Jesus die Christus, die Messias, sal 2 jaar, 8 maande en 5 dae na die 2de sondvloed uit die hemel kom om as Koning oor Israel en al die nasies op aarde te regeer. 'n Groot stad, die heilige Jerusalem, sal uit die hemel neerdaal en in land Kanaän op 'n groot en hoë berg staan. Die stad het die heerlikheid van God en skitter soos edelstene. Open 21:10,11,24,25. Nasies sal optrek na die lig wat in Kanaän skyn. Jes 60:1-4,6,10; 62:6,7; Miga 4:1-4.

Die omvang van die hemelse stad is oorweldigend. Dit is 2,400 km lank, wyd en hemelhoog! Dubbel die groote van die huidige gebied van Kanaän, wat beteken dat die aangesig van die aarde totaal verander het. Dit is egter nie die grote van die stad alleen nie, maar sluit in die grensmure met 12 poorte wat die **land** Kanaän **omring!** Open 21:12,16,17; Jes 54:12; 60:18

Die hemelse stad Jerusalem het **nie 'n tempel nie,** want die Here God, die Almagtige, en die Lam is die tempel van Jerusalem. Open 21:22; Dan 8:14. Die heilige stad Jerusalem wat uit die hemel neerdaal, rus op die **fondament van die 12 Apostels**, tweede tydperk van **koninkryk evangelie**. Die name van die 12 stamme van Israel is geskryf op die 12 poorte, stamgebiede, wat toegang verleen tot die koninkryk van Israel in land Kanaän op die aarde. Hand 1:6. Wanneer ons Esegiël se stamname vergelyk met Open 7, dan vind ons dat die stamme Dan en Efraim wegval en Manasse en Josef hul plekke ingeneem het. Gen 49:17; Ese 48; Open 7.

Die **stad** het die son of maan nie nodig om **in hom** te skyn nie, want die heerlikheid van God het die stad verlig en die Lam is sy lamp. Open 21:23; Jes 30:26; 60:19,20. Jerusalem word nou **as 'n man** en nie meer as 'n vrou beskryf nie. Die stad van die Lam het nie son of maan nodig nie, maar oor die res van die aarde sal die son weer skyn en reën en gras en biesies sal weer groei.

Uit die troon van God en die Lam, kyk die eenheid, stroom die water van die lewe. Die strome water wat vloei uit die troon na die Westelike See (Middellandse See?) en Oostelike See (Kaspiese See?) is fisiese water met groen bome langsaan. Hierdie waters wys ook op die reddende genade van die HERE (is Gees) wat steeds op aarde voortduur. Open 22:1,14,17; Sag 14:8; Mat 10:1; Joh 7:38,39. Alleen mense wie se name in **die boek van die lewe van die Lam,** Christus, geskryf is, kan die heilige stad Jerusalem ingaan. Hebr 12:22 en 24; Open 21:27.

Here Jesus Christus uit die nageslag van Adam, Abraham en Dawid sal in die laaste duisend jaar van die teenswoordige wêreld op planeet Aarde heers. Dit is die tyd wanneer die HERE sy **belofte van land Kanaän** aan Abraham en **koningsbelofte** aan Dawid vervul. Uit elke geslag van Israel sal daar opgestane Israelies wees wie sal kan getuig dat hulle dit gesien het. Dit is die rede waarom die 12 Apostels in ‘n wedergebore ligaam sal wees, tesame met Israelies in bloed en vlees op aarde. Die 12 Apostels sal in die hemelse stad Jerusalem woon waar hul trone ook is. So word gesig en profeet beseël. Mat 27:53; Hebr 11:32-35; Ese 37:12-14.

Die HERE het die volk van Israel uit hul land geruk, dit omgegooi, verwoes en skade aangedoen. Maar daar kom dae wanneer daar vrede tussen die HERE en sy volk sal wees. In die laaste duisend jaar van die Nuwe Testament tydperk sal **Here Jesus 'n nuwe verbond met Israel sluit.** Hierdie verbond is nie soos die verbond tussen God en Israel by berg Horeb (Sinai) nie en vervang ook nie die Nuwe Testament verbond nie. Hierdie **ewige vredesverbond** tussen HERE Jesus Christus en Israel word op die Nuwe Testament wyse **verseël,** naamlik met die Gees van God. Die nuwe vredesverbond word in die Ou Testament (Jeremia 31:27-33) beskryf en in die Nuwe Testament bevestig (Hebr 8:6-13.).

| | | |
|---|---|---|
| Jer 31:31 | Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, | |
| | dat Ek met die huis van Israel | |
| | en die huis van Juda | |
| | 'n **nuwe verbond** sal sluit. | Jer 31:32 |
| | | |
| Hebr 8:10 | Want dit is die (vrede) verbond wat Ek | |
| | **na diè dae** (dubbel straf) sal sluit | Jer 31:33 |
| | met die (volle) huis van Israel, | Jakob. Hand 2:36 |
| | spreek die HERE: | |
| | Ek sal **my wette in** hul **verstand** gee | Soos met Christene |
| | en **dit** op hulle **harte** skrywe; | Nuwe Testament wet |
| | en Ek sal vir hulle 'n God wees, | Gen 17:7-9 |
| | en hulle sal **vir My** 'n volk wees. | Luk 1:32,33 |

(Lees ook Jes 54:10; Ese 37:22,25,26,28)

Hierdie vredesverbond is net tussen die HERE en die volle huis van Israel. Hierdie nuwe vredesverbond binne die Nuwe Testament **tydperk** het al ontsettende verwarring by Christene geskep. Dit is die rede waarom baie mense nie die nuwe wet van die Nuwe Testament wil aanvaar nie, want hulle sê dat die Gees

“in verstand en harte” eers in hierdie tyd kom. Aan elkeen word nie dieselfde mate van genade gegee om die waarheid in die Woord te glo nie.

Israel is Here Jesus Christus se **volk op aarde** en tree op **as Sy priesters** om die koninkryk evangelie aan die nasies te bedien. Jes 61:6-11; Sag 14:16-21; Mat 5:17,18. Hierteenoor het Here Jesus Christus ons hemelse mense gemaak as **priesters vir sy God en Vader** in die hemel. Open 1:6; Efe 1:5; 5:5.

Die **twee verbondsbeloftes**, land Kanaän en **ewige** volk van Israel, word nou vervul en daarmee verval die besnydenis as teken van God se beloftes aan Abraham. Die **koninkryk evangelie** met die wette van Moses, insettinge en verordeninge, sal die wettige godsdienstige uitdrukkingswyse van geloof in God die Lam wees. **Maar** daar sal **geen offer vir sonde** meer wees nie!. Hebr 10:10-18. Here Jesus is die LAM en het die kruisoffer vir sondes gebring. Jes 66:3. Jesus Christus is die tempel en ewige Hoëpriester van die Nuwe Testament. Hebr 7 en 8; Open 14:12.

Die volk van Israel sal nou 'n seën vir alle volke wees. Sag 8:13,23; Jes 4:1; 61:9-11. Elke Israeliet sal 'n priester wees en daarom verseker die HERE dat Israel steeds die wette bewaar tydens die tyd van verstrooiing. **Alle nasies** sal jaarliks na Jerusalem optrek “om te aanbid voor die Koning, die HERE van leërskare, en om die huttefees (nuwe Exodus - nie deur water, maar deur haelvuur) saam met Israel te vier.” Sag 14:16; Open 5:13.

Alle geslagte van al die nasies sal vir die volgende duisend jaar na die HERE in Jerusalem optrek en die wie dit nie doen nie sal nie **reën** kry nie. Sag 14:17-21. Die HERE van “leërskare” en geen reën verduidelik die ysterhand van 'n Koning wat ook alle mag oor die hemele het. Daar sal net een Koning wees en geen volk sal oor 'n ander volk regeer nie. Israel sal die hele land Kanaän besit en geen volk sal dit met hulle **binne die grensmure met poorte deel nie**. Amos 9:11-15; Jer 33:14-22; 30:9; Sef 3:9-15.

Mense in bloed en vlees bring ook die wet van die sonde oor na die Messias Ryk. Rom 7:26. Saam met die sonde kom die dood, dit wat die Lam oorwin het maar nog moet vernietig. Mense in bloed en vlees sal met nuwe maan en elke Sabbatdag die ontblote smartedeel van die doderyk naby Jerusalem besigtig tydens die duisend jaar Messias Ryk. Jes 66:23,24; Mat 11:23. Tydens die duisend jaar Messias Ryk sal mense nogsteeds sterf:

Jes 65:20 Daarvandaan sal nie meer kom 'n suigeling van 'n paar dae
of 'n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie;
want 'n seun sal **sterwe** honderd jaar oud, Sag 8:4,5
en **wie sondig**, sal, honderd jaar oud,
deur die **vloek (dood)** getref word.

Weens die sondige aard van die vleesliggaam van mense, trek nasies jaarliks op na Jerusalem om offers te bring tot die HERE. Terselfdertyd kom hulle ook om hulle te reinig in die waters van die lewe en vrugte van die lewe en om hulle van siektes te genees met die blare van hierdie bome. Jer 33:6-9; Open 22:2; Ese 47:12. Daar sal nasies wees wat weerspannig is, veral na die einde van die duisend jaar, en hulle sal nie reën kry nie tot hulle ere en offers bring na die HERE in Jerusalem.

Die Messias Ryk sal 'n volle duisend jaar duur en dan eers, daarna, sal Satan uit sy gevangenis losgelaat word. Open 20:7. Satan en sy seuns van Babel sal weer die

aarde in besit neem en vol stede maak. Jes 14:21. Satan sal weer die Babiloniese godsdiens hervat sodat mense hom eerder sal glo en aanbid:

| | | |
|---|---|---|
| Jes 14:22 | So sal Ek dan teen hulle opstaan<br>spreek die HERE van die leërskare,<br>en van Babel uitroei die naam<br>en die oorblyfsel, kroos en **nageslag**,<br>spreek die HERE. | Die konteks verwys na Satan<br>as Babel en wanneer hy uit<br>die doderyk gelaat is.<br>Seuns van Babel |

Na die duisend jaar word Satan weer vrygelaat. Hoeveel tyd aan Satan gegun word, word nie gesê nie. Open 20:3- kort tydjie en in Engels "season." Wanneer ons huidige wêreldgebeure as maatstaf gebruik, dan wil dit blyk of dit ongeveer 100 jaar kan wees. Sedert Noag tot 100 jaar gelede het mense se lewenspeil feitlik dieselfde gebly. Binne 'n honderd jaar het die mens gevorder van 'n perdekar na 'n vliegtuig (1913) tot satelliete en het op die maan geloop. Van die perdekar tot motors en van die swaard tot kernwapens.

Reserwebanke, aandelebeurse en versekeringsinstellings is grootliks die produk van die afgelope 100 jaar en hulle oefen mag uit oor mense soos nog nooit tevore nie. Vandag word mense se **geldgierigheid doelgerig wêreldwyd** deur menige kompetisies en loterye met belaglike pryse opgesweep tot 'n staat van raserny en geldwaansin. Soos Satan weens rykdom en geweld tot 'n val gekom het, poog hy om dieselfde met mense te doen. Tiende gebod. Rom 7:8; Ese 28:4,5,16.

Die leuen, verdraaiing van die **woord van God** soos in die tuin van Eden, is Satan se sterkste wapen. Vandag rig Satan sy aanslag op ons denke en nie meer met marteling en brandstapels nie. Hy saboteer ons denke deur alles wat ons hoor en sien. Ons kan net nie daarvan wegkom of ons oë, ore en denke daarvan afsluit nie.

WêRELDVLOED MET VUUR

Na 'n duisend jaar sonder oorloë en mense wat feitlik 'n duisend jaar lank leef, (tien geslagte wie nog leef), sal die aarde oortrek wees met mense wat soos die **sand aan die seestrand** sal wees. Open 20:8. Satan gaan, met respek gesê, die "perdekar" Messias Ryk omkeer in 'n geldgierige en gewelddadige wêreld. Hy sal uitgaan om die nasies oor die aarde met die leuen te mislei en met geld te verlei wat tot geweld lei. Na 'n kort tydjie sal Satan al die nasies versamel vir oorlog teen die HERE in Jerusalem:

| | | |
|---|---|---|
| Jes 54:14 | Deur geregtigheid sal jy bevestig (beskerm) word,<br>wees ver van verdrukking,<br>want jy hoef nie bevrees te wees nie;<br>en ver van verskrikking,<br>want dit sal nie by jou kom nie. | Israel<br>In Jerusalem |
| Jes 54:15 | As hulle ook die aanval begin -<br>**dit is nie uit My nie;**<br>wie jou (Israel) aanval, sal oor jou val. | Gog en Magog<br>Open 20:8 |
| Jes 54:16 | Kyk Ek het die smit geskape<br>wat die koolvuur aanblaas en<br>en 'n wapen voortbring volgens sy ambag;<br>ook het Ek die **verderwer** (Satan) **geskape** om te verniel. | |

Weer sal 'n Gog, een wêreldleier, opstaan en nasies saamsnoer in een Magog, een wêreldmag. Weens droogtes, rampe en siektes sal vroue en kinders hierdie wêreldmagte vergesel na Jerusalem. Al die nasies op aarde sal die laer van die heiliges in die geliefde stad Jerusalem omsingel. Al die mense wie nog leef en tydens die duisend jaar geheilig is **(boek van die lewe van die Lam),** sal in Jerusalem opgeneem word. Die laer van heiliges verwys na die hemelhoë mure wat land Kanaän omring en poorte wat deur engele beskerm word. Binne die hemelmure van die hemelse stad Jerusalem op aarde, is die heiliges beskut teen die vuur uit die hemel. Lees Daniël 3:19,25 - drie mense saam met God binne-in die **brandende vuuroond** en nou weer binne-in die hemelhoë mure van Jerusalem.

**DAG van GOD : Wêreldvloed met vuur**

Open 20:9 a En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde
en die laer van heiliges en die geliefde stad **omsingel,**

Open 20:9 b en **vuur** het van God uit die hemel neergedaal en hulle **verslind.**

2 Petr 3:12 Julle wat die **koms** van die **DAG van GOD** verwag en verhaas,
waardeur die hemele (hemelruim) **deur vuur sal vergaan**
en die elemente (aardkors) sal brand en **versmelt**.

Dit neem 'n volle hoofstuk (16) in die boek Openbaring om die 2de sondvloed te beskryf, maar om die teenswoordige wêreld op aarde te beëindig spreek God 'n halwe sin! Met “een” vuurstraal ontplof die aarde se atmosfeer en **planeet Aarde verander in 'n vuurbal** wat alle lewe op aarde verslind.

Die aarde se atmosfeer bestaan uit gasse, elemente van suurstof, koolsuurgas, stikstof, swawel, ensovoorts. 'n Vuurstraal sal die aarde se atmosfeer laat ontplof. Lug dring deur waar water nie eens kan ingaan nie. Die lug in mense se longe sal ontplof sowel as in diere en insekte. Die vuur verbrand alle plante wat suurstof produseer en so kom alle lewe op aarde tot 'n einde. Die **see en alle vog in die lug** verdwyn. Hierdie wêreldvloed met vuur **versmelt die aardkors** om 'n nuwe wêreld op planeet aarde te formeer. Die **vlammende vloeiende lawa** word uitgedruk as die **poel van vuur! Nou eers is die hel, poel van vuur, aangesteek**. Die wêreldvloed met vuur beëindig die teenswoordige wêreld op planeet Aarde:

2 Petr 3:7 Maar die **teenswoordige hemele en die aarde**
is deur dieselfde (skeppings) woord as 'n skat weggelê
en word **vir die vuur** bewaar teen die **dag van oordeel**
en die verderf van die goddelose mense. (verderf - hel)

2 Petr 3:13 Maar ons verwag volgens sy belofte
nuwe hemele en 'n nuwe aarde Open 20:11; 21:1
waarin geregtigheid woon. Rom 6:18; 8:2

OORDEELSDAG : OPSTANDING

Die wêrelvloed met lawavuur is ook die **oordeelsdag,** want nou is die hel aangesteek. Die **opstanding van die dode van die oordeel** is 'n eenmalige opstanding uit die Paradysdeel en die smartedeel van die doderyk wat die oordeel van gevalle engele uit die see insluit. Open 20:13.

Die **Paradysdeel** van die doderyk is gevul met **geeste** vanaf die toorn van God (2de sondvloed) tot die wêreldvloed met vuur. Hierdie geeste wie se name in die

**boek van die lewe van die Lam** geskrywe is, deel in die ewige lewe saam met God op planeet Aarde. Open 14:13; 21:27. Open 20:11 – "en die **boeke** is geopen; (boek van die lewe van die Lam) en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen."

Die **smartedeel** van die doderyk is gevul met mense**siele**, **asem van God**, vanaf Kain, klein en groot, tot hulle wie buite die mure van Jerusalem in die wêreldvloed met vuur gesterf het. Alle onsterflike **siele** in die smartedeel kom voor die **groot wit troon van God** sonder 'n Middelaar. Hulle word nou deur God self beoordeel volgens hul werke, goed of kwaad. Vir die siele uit die smartedeel word 'n **ander boek van die lewe** geopen. Hulle wie se name daarin geskryf is, word deur God self die ewige lewe gegee. Protestante se "seleksie uit die dode" doktrine het hieruit ontstaan asook die Katolieke se vagevuur leerstelling. Die Almagtige God beoordeel hierdie onsterflike siele volgens hul werke om Sy regverdigheid aan nog siele te betoon. Open 20:12 en kyk Rom 2:5-9; 4:4 versus 5; 8:27; 9:32; 10:3; 11:6.

Die lewende siele wie se name nie in die "ander boek" van die lewe geskryf is nie, word deur God op die wit troon **veroordeel** tot die **lawapoel van vuur, dood van siele.** Wanneer 'n **onverganklike siel,** asem van God, in die poel van vuur gewerp word, dan is dit die dood van 'n siel, **die tweede dood**. Die feit dat die vuur ewig brand, lawa in die aarde, en die siele vir ewig gepynig word, skep by mense vrae oor hoekom hulle ewig moet ly en nie net sterf nie. God kan nie sterf nie en daarom kan die onverganklike siel, asem van God, ook nie sterf nie.

Die doel van die doderyk verval nou want daar is nie meer mense met bloed en vleesliggame, wet van die sonde, wat doodgaan nie. Die oomblik toe die aardkors versmelt het, vergaan die **plek van die doderyk** in die lawapoel en die see verdamp. Die **plek van die hel** vergaan ook want die hele aarde is nou een groot vlammende hel tot al die veroordeelde siele en duiwelsgeeste in die lawa verdwyn en die aarde se oppervlakte afkoel en stabiliseer.

Die hel is aangesteek en die veroordeelde engele, die diermens en die demoniese valse profeet wie alreeds in die plek van die hel is, begin nou brand in die poel van vuur. Die duiwelsgeeste, demone, in die put van die afgrond was alreeds tot die hel veroordeel en nou is dit die **tyd** wanneer hulle ook in die hel van die lawapoel brand. Mat 8:29.

Op die dag van oordeel, wêreldvloed met vuur, verdamp die see en so vergaan die gevalle engele en Satan die duiwel in die aarde se lawa see van vuur:

| | | |
|---|---|---|
| Jes 27:1 | In **diè dag** sal die HERE met sy harde en groot en sterk swaard | |
| | besoeking doen oor die Leviàtan, die vinnige slang, | |
| | en oor die Leviàtan, die kronkelende slang; | Open 12:9; 13:4 |
| | en Hy (HERE) sal die **draak doodmaak** | **Satan gedood** |
| | **wat in die groot water (see) is.** | Open 21:1 |

Here Jesus Christus moet as koning heers totdat hy al sy vyande, Satan en die dood, vleeslike mense, vernietig het. Wanneer die Lam alle heerskappy en alle gesag en mag, Satan en seuns van Babel, onder sy voete gestel het, sal Hy sy Messias Koninkryk aan God die Vader oorgee. Dan sal die Seun hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.

**HOOFSTUK 23**

## KONINKRYK VAN GOD : TOEKOMSTIGE WêRELD

Die vuur uit die hemel wat planeet Aarde in 'n vuurbal omskep is nie beperk tot planeet Aarde alleen nie. Die hele hemelruim brand weens 'n instorting van sterrestelsels. Die sterrehemel van die toenmalige en teenswoordige wêrelde, eerste hemel, **het vergaan.** 2 Petr 3:12. Die Bybel sê vir ons dat die aarde en hemele weggevlug het "en daar is geen plek vir hulle gevind nie", die aarde en hemel het verander en niks is meer dieselfde nie. Open 20:11. 'n Nuwe hemelruim kom tot stand! **Planeet Aarde word ook nuutgemaak vir die nuwe toekomstige wêreld op aarde.** Openbaring 21:1 bring ons terug na die bestaande planeet Aarde in die hemelruim met die woorde **"en die see was daar nie meer nie."**

Die een Almagtige God kom **van** die hemel en vestig sy ewige koninkryk **op planeet Aarde,** vandaar die uitdrukking hemel op aarde. Geheiligdes kom saam met God uit die hemel en verenig met geheiligdes op aarde in die nuwe Jerusalem. Alle mense is nou hemelse mense wie skitter soos sterre, alhoewel die een ster helderder is as 'n ander ster. God sal self as hulle God by hulle wees. Nou is almal, mans en vroue, hemelse mense en seuns van God. Open 21:7.

Die verbondsbelofte van 'n **ewige** land Kanaän word verseël met hemelhoë mure wat land Kanaän omring om dit te beskerm teen die vuur uit die hemel. Die verbondsbelofte van die **ewige** volk van Israel word verseël met Israelies in hemelliggame wat vir **ewig sal leef**. Die belofte van seën dat, uit al die geslagte van al die nasies, sal daar mense wees wie die seën van Jesus Christus sal ontvang, word met mense in die hemel vervul en afgesluit by die wit troon wanneer God sy regverdigheid aan nog baie mensesiele betoon. Die ewige eedbeloftes van God aan Abraham word ten volle in die hemel en op aarde vervul. Gen 12:2; 18:18; 15:5,6; Gal 3:8,16; Efe 2:11-14.

Die Lam en God die Vader versmelt in een Almagtige God en so word die belofte van die **ewige koningskap** aan Dawid vervul. Die koninkryk in die hemel en die Messias Koninkryk op aarde versmelt in **een ewige** Koninkryk van God op die nuut geformeerde planeet Aarde. **Openbaring hoofstukke 21 en 22 beskryf nie net die Messias Ryk nie, maar ook die toekomstige ewige Koninkryk van God.** Daarom moet ons hierdie hoofstukke oordeelkundiglik op 'n twee dimensionele vlak lees. Die hemelse Jerusalem het reeds in die tyd van die Messias Ryk uit die hemel neergedaal en kom nie nou weer na die aarde nie. Open 21:2. Dit is die tabernakel, troonsaal, van God wat uit die hemel neerdaal en in Jerusalem op aarde gevestig word. Spesifieke kenmerke van die ewige Koninkryk van God word deur Open 21:1-7 uitgelig wat nie voorkom in die tyd van die Messias Koninkryk nie. Op die nuut geformeerde aarde in die toekomstige wêreld is daar nie meer sonde en dood in die Koninkryk van God nie. Daar is nie meer see nie. Daar is nie meer mense in bloed en vlees nie, maar alleenlik **hemelse mense** wat nie 'n behoefte aan kleding en kos het nie.

Ewig beteken solank as wat God leef en sy Gees in ons is. **Die toekomstige wêreld** op planeet Aarde is die **ewige koninkryk van God die Skepper**:

Jes 66:22 Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde
**wat Ek maak**, voor my aangesig sal bestaan,
spreek die HERE,
so sal julle nageslag en julle naam (Israel) bestendig wees.

Die Almagtige God het die hemel en die aarde 15 biljoen jaar gelede geskape vir die toekomstige wêreld op planeet Aarde. God het mense vir Homself geskep

en heilig gemaak na sy soewereine wil. Dit is die werke en doel van een Almagtige God die HERE. Ons sluit af met die volgende verse:

Open 22:5 En nag sal daar nie wees nie;
en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie,
omdat die Here God hulle verlig; (sterre)
en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.

Open 22:20 Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou.
Amen, ja kom Here Jesus!

Open 22:21 Die genade van onse Here Jesus Christus
sy met julle almal! Amen.

**BYLAE: BYBELJARE**

Argeologiese Jare

| | |
|---|---|
| 15 biljoen | **Gen 1:1.** In die begin het God die hemel en die aarde **geskape.** Die hemel word eerste geskape en dit duur 10 biljoen jaar. |
| 5 biljoen | **Planeet Aarde** kom uit die hemel skepping te voorskyn. Uit die water en lawa word see en land gevorm. Opgesluit in die skeppingsatome is die gene van alle soorte lewe op aarde. **Satan is geskape**. Ese 28:13. |
| 2.5 biljoen | Alge was die eerste vorm van lewe op aarde wat saam met plante suurstof produseer as beskerming teen die son se Ultraviolet strale. |
| 1.3 biljoen | Een vasteland. |

Miljoen jare

| | |
|---|---|
| 700 | Vasteland verdeel in kontinente. Son verhoog die hitte van water. |
| 300 | Soorte seelewe en landdiere verskyn. |
| 250 | Kontinente smelt saam in een vasteland. |
| 225 | Reptiele (dinosourus) en soogdiere maak hul verskyning. |
| 75 | Einde van dinosourus tydperk. Periodiek tref rampe uit die hemel die aarde en dit verklaar die **gapings** tussen fossieltydperke op aarde. |
| 3 | *Australopithecus africanus*, suidelike aapmens van Afrika. Gaping tydperk ("missing link"). |
| 1.6 | *Homo habilis,* tweevoetige wesens. "Lake Turkana Boy"- Kenia. Gaping tydperk. |

Duisend jare

| | |
|---|---|
| 300,000 | *Homo erectus*, "Peking man"- China. Steentydperk begin. Gaping tydperk. |
| 100,000 | *Homo sapiens*, tweevoetige wesens. "Neanderthal man"- Israel. Gaping tydperk. |
| 40,000 | Skielike verandering by wesens. Vorming van spraak en werktuie. Gaping tydperk. |
| | **TOENMALIGE WêRELD** VAN SATAN (Koning en god op aarde) |
| 15,000 | 9,000 jaar voor Adam<br>*Cro-Magnon* toenmalige wesens, nasies met konings, dryf handel met edelgesteentes van die aarde wat Satan tot geweld dryf. So het Satan gesondig en tot 'n val gekom. **Jes 14 en Ese 28**<br>Hoogs ontwikkelde toenmalige wêreld op aarde (Stad Atlantis?).<br><br>**Gen 1:2. Wêreldvloed met water.** 2 Petr 3:5,6.<br><br>Oordeel - Satan word die duiwel lank voor Adam.<br>Toenmalige wesens met die gees van die duiwel is die oorsprong van demone. Satan en demone moet wag vir die **tyd** wanneer hulle aan die einde van die teenswoordige wêreld in die poel van vuur gewerp word.<br><br>Gaping tydperk. Gen 2:5 – "daar was geen mens om die grond te bewerk nie." |

**TEENSWOORDIGE WêRELD** (2 Petr 3:7)

12,000 Jaar gelede of 6,000 jaar voor Adam.
**Gen 1:3**. God **maak** in ses dae, een dag soos duisend jaar (2 Petr 3:8) ‘n nuwe wêreld (omgewing) op die **reeds geskape** planeet Aarde.

| | | |
|---|---|---|
| 12,000-11,001 | Dag Een. | Lig dring deur digte mis wat die aarde omhul. |
| 11,000-10,001 | Dag Twee. | Waters geskei met ruimte (hemel) tussen see en lug. |
| 10,000- 9,001 | Dag Drie. | Skei see en land. Gras en plante verskyn. |
| 9,000- 8,001 | Dag Vier | Son en maan sigbaar in sterrehemel. Volle ligdag. |
| 8,000- 7,001 | Dag Vyf | See lewe (en walvisse) en voëls kom te voorskyn. |
| 7,000- 6,001 | Dag Ses | Nuwe soorte landdiere en lewende wesens (mense). |
| 6,000 | Jaar 1 | **Adam** geformeer uit skeppingsgene en ontvang 'n onsterflike siel, asem van God. |

Die geprofeteerde ses duisend jaar vanaf Adam tot die sewende dag, Messias Ryk, word tans oorskry met 128 jaar. Die aantal dae per jaar sedert Adam was nie altyd 365.25 dae per jaar soos dit die afgelope 2,500 jaar is nie. Ons bly uitsluitlik afhanklik van God se tekens in die hemel en op aarde. Opsomming van Bybeljare:

| | | |
|---|---|---|
| 1 ste jaar | Adam | 4,128 vC |
| 1,656 jaar | Adam tot Noag (sondvloed) | 2,472 vC (sondvloed) |
| 1,012 jaar | Noag tot Exodus | 1,460 vC (Exodus) |
| 1,460 jaar | Exodus tot Christus | 0 vC |
| 4,128 jaar | voor Christus | |
| 2,000 jaar | Christus tot jaar 2,000 nC | 2,000 nC |
| 6,128 jaar | | 6,128 jaar |

Nota: 1. Ongeveer 554 vC het die jare verleng na huidige 365.25 dae per jaar.
2. Die Jode gebruik nogsteeds 'n kalender van 360 dae per jaar. Byvoorbeeld jaar 1999/2000 is Joodse jaar 5760.
4. Adam 130 jaar oud by geboorte van Set.

**BYBELJARE : ADAM TOT CHRISTUS (en die boek Handelinge).**

**JAAR n**a **A**dam (nA)
4128 vC
0001 Adam en seuns Kain, Abel (gedood) en Set.
Tien geslagte van Adam tot Noag.
Metusalag, 969 jaar oud, sterf in die jaar wanneer die sondvloed begin.

| | **Adam en Eva,** | | **Kain nageslagte** |
|---|---|---|---|
| | Adam | 130 jaar oud | |
| 0130 | **Set** gebore, seun na | 105 jaar | Kain |
| 0235 | Enos, seun na | 90 jaar | Henog |
| 0325 | Kenan, seun na | 70 jaar | Irad |
| 0395 | Mahalalel, seun na | 65 jaar | Mehujael |
| 0460 | Jaret, seun na | 162 jaar | Metusael |
| 0622 | Henog, seun na | 65 jaar | Lameg (2 vroue) |
| 0687 | Metusalag, seun na | 187 jaar | Jabal en (moeder Ada) |
| 0874 | Lameg, seun na | 182 jaar | Jubal broer |
| 1056 | Noag, seuns na | 500 jaar | Tubal-Kain (moeder Silla) |
| | Sem, Gam, Jafet | | (Koper- en ysterware) |
| | Noag 600 jaar oud | 100 jaar | Engele - reuse. Gen 6:1-4. |
| 1656 | Sondvloed | 1,656 jaar na Adam | |

2472 vC
1656 SONDVLOED. Begin 17/2/600 ste jaar van Noag. Gen 7:6,11.

**JAAR n**a **N**oag **(nN)**
2471 vC
1657 Nuwe kalender begin. Gen 8:13,14.
0001 1/1/601 jaar van Noag.
27/2/1657. Uit die ark gegaan.
Sem was 100 jaar oud by geboorte van Arpagsad - 2 jaar na sondvloed.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 0002 | Arpagsad, seun na | 35 jaar | Gen 11:10. |
| 0037 | Selag, seun na | 30 jaar | |
| 0067 | Heber, seun na | 34 jaar | |
| 0101 | Peleg, seun na | 30 jaar | 5de geslag, Toring van Babel (tale). |
| 0131 | Rehu, seun na | 32 jaar | |
| 0163 | Serug, seun na | 30 jaar | |
| 0193 | Nahor, seun na | 29 jaar | |
| 0222 | Tera, seun na | 70 jaar | ook vader van Nahor en Haran (vader van Lot). |
| 0292 | **Abram** gebore, 75 jaar oud | | Tiende geslag. **Vier ewige beloftes** van God aan Abram. Slavin Hagar - seun **Ismael**. Gen 16:16; 25:12-18. **0391 jaar na vloed: Sodom en Gomorra.** Lot se dogters, seuns **Moab en Ammon**. Gen 19:37,38. |
| | Abram, seun na | 100 jaar | Vrou Sara, seun Isak. Gen 21:5. **Twee** beloftes verseël in Abrahamverbond. Vrou Ketura, ses seuns. Gen 25:1-6. |
| 0392 | **Isak,** seun na | 60 jaar | Vrou Rebekka, tweeling: **Esau (Edom) en (**Gen 36; Gen 25:26; 35:10). |
| 0452 | **Jakob** | | Jakob **(Israel)** vader van volk van Israel: Vrou Lea, seuns: Ruben, Simon, Levi, Juda, Issaskar en Sebulon. Haar slavin, seuns: Gad en Asser. Vrou Ragel, seuns: Josef en Benjamin. Haar slavin, seuns: Dan en Naftali. |
| 0582 | Jakob kom na | 130 jaar | in Egipte met 70 siele. Gen 46:27; 47:9,28. |
| 1012 | Israel kom na | 430 jaar | in Egipte, na tien geslagte, as 'n volk totstand. |
| 1460 vC | | 1,012 jaar | **Sondvloed tot Exodus.** |

**JAAR n**a **E**xodus (nE).

1460 vC
1012 2de Maand begin die 10 plae. **Komeet Venus.**
Plae 1-8 duur ongeveer 16 dae en plaag 9 (duisternis) 3 dae.
Tussen plaag 9 en 10 (dood) is daar 'n breuk van 14 dae.

0001 3de Maand. **1 ste maand van nuwe kalender jaar.** HERE ingestel.
Die **Joodse jaar begin** nou op die derde maand van 'n jaar. Ex 12:2.
Maand Abib en later Nisan genoem (Mrt / April).
**Plaag 10 - 14 de dag** van 1ste maand is **Pasga** (Mrt/Apr).
Exodus, presies 430 jaar na Jakob in Egipte aangekom het. Ex 12:41.
Rooisee? - **21 ste dag** van 1ste maand, 1ste jaar.
Die aarde draai in die teenoorgestelde rigting. Die son kom nou op in die

ooste en herfs verander in lente.

0001 15de van 2de maand val manna uit die lug. (Apr/Mei). Ex 16:1,35; 19:1.
Joodse 3de maand bereik Israel berg Horeb **(Mei/Jun).**
Ou Testament **(wet) verbond** tussen God en Israel. Ex 24:2-8; Deut 5:1-3.
Wetverbond **met voorwaardes en straf**. Lev 26:14-46.
Ou Testament **verbondsteken** is die wetboek van die verbond.

0002 20/2/0002 trek Israel van Sinai soos die wolk dikteer. Num 9:22; 10:11.
0002 Land Kanaän verken. 40 jaar straf aangekondig. Num 13:1; 14:34.
0040 Moses, 120 jaar, lewend na die hemel. Deut 34:6,7.
0040 Land Kanaän. 10de dag, 1ste maand, 40ste jaar. Jos 4:19; 5:5,12.

Sleutel: **Exodus tot vierde jaar van Salomo is 480 jaar.**
**Woestyn - 40 jaar**
**Rigters - 356 jaar.** Dit was ook die tyd van Hyksos in Egipte.
**Saul - 40 jaar**
**Dawid - 40 jaar**
**Salomo se 4de jaar.**

Farao met sy weermag vergaan in die Rooisee wat Egipte weerloos laat. Die Amalek (Hyksos) uit Saudi-Arabie bots met Israel in Sinai waarna hulle voortgaan om die weerlose Egipte te verower. Die koningshuis van Farao trek terug na hul stad aan die bo-Nyl. Hulle bly onderdanig aan die die konings van die Hyksos dinastieë vir ongeveer 396 jaar tot die tyd van Saul. Ex 17:8-16; 1 Sam 15.

RIGTERS regeer Israel 356 jaar.

Israel was periodiek vir 111 jaar ook diensbaar aan ander volkere (Hand 13:20). Mesopotamië 8 jaar (Rigters 3:8), Moab 18 jaar (Rigters 3:12-14), Kanaäniete vir 20 jaar (Rigters 4:2,3), Midianiete vir 7 jaar (Rigters 6:1), Filistyne en Ammon vir 18 jaar (Rigters 10:7,8) en Filistyne vir 40 jaar (Rigters 13:1).

## 1 STE WêRELDRYK : NUWE EGIPTIESE RYK. Open 17:10

KONINGS: Israel verwerp die HERE as Koning. Deut 33:5.

0396 **Saul die eerste koning**. 1 Sam 8:7; 9:17. Regeer 40 jaar. Hand 13:21.
1064 vC (terugbereken vanaf Salomo).
Saul verslaan koning Agag (Agog) van die Hyksos (Amalek) in hul stad Hawila, oos van die spruit van Egipte. Egipte verenig onder Faro en nou begin die **Nuwe Egiptiese Ryk** tydperk. 1 Sam 15:2,7,8,33.

0438 **Dawid** regeer 40 jaar. Juda 7 jr en Jerusalem 33 jr. 2 Sam 5:4,6,7.
Hy verower Jerusalem, stad van Dawid (berg Sion).
Die HERE se **Koningsbelofte aan Dawid**. 2 Sam 7:11-16.

0477 **Salomo** regeer 40 jaar. 1 Kon 11:42; 4:21.
**Maria** nageslag van Natan, broer van Salomo. Luk 3:31; 1 Kron 3:5.
Josef nageslag van Salomo. Mat 1:6,16.
**0480 4de jaar van Salomo.** Begin TEMPEL bou in 2de maand. 1 Kon 6:1,37.
980 vC
0487 Voltooi tempel 11de jaar, 8ste maand. (7 jaar lank gebou).

0516 Salomo sterf en die volk van **Israel verdeel in twee koninkryke.**
Koninkryk van Juda met Benjamin en Koninkryk van Israel met 10 stamme.

Nota: Gebrek aan dae en maande vereis dat die laaste jaar en aanvangsjaar van konings dieselfde is. Kruisverwysings tussen wanneer 'n koning uit Juda of Israel koning word, **korrigeer** die regeerjare van konings. Boeke Konings en Kronieke is die primêre bronne met regstellings uit ander Bybelboeke soos aangedui.

Formule om 'n nE jaar na 'n vC jaar om te skakel:
1460 vC minus nE jaar = vC jaar.
(bv 1460 vC minus 516 nE = 944 vC sterf Salomo)

**HUIS VAN JUDA (2)** | **HUIS VAN ISRAEL (10)**

| KONINGS | (regeerjare in hakies) | KONINGS | |
|---|---|---|---|
| 0516 | Rehàbeam (17jr)<br>seun van Salomo / Dawid | Jerobeam (22 jr)<br>stam Efraim | 0516 |

Twee goue kalfbeelde
vervang die tempel as plekke
van aanbidding in Israel (10)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 0533 | Abia, seun (3jr) | 18de jaar | 0533 |
| 0535 | Asa, seun (41) | 20ste jaar | 0535 |

Van nou af (925 vC) het menige uit Israel
na Juda oorgeloop sodat **al 10 stamme**
**in Juda teenwoordig was**. 2 Kron 15:9

| | | | |
|---|---|---|---|
| 0536 | 2de jaar | seun, Nadab (2) | 0536 |
| 0537 | 3de jaar | breuk, Baèsa (24) | 0537 |
| 0560 | 26ste jaar | se seun, Ela (2) | 0560 |
| 0561 | 27ste jaar | breuk, Simrie, 7 dae<br>breuk, Tibni<br>en Omri (6 jaar) | |
| 0565 | 31ste jaar | Omrie (nog 6 jaar) | 0565 |
| 0572 | 38ste jaar | se seun, Agab (22) | 0572 |
| 0575 | Josafat, seun (25) | 4de jaar | 0575 |
| 885 vC | EIia lewend in die hemel opgeneem. 2 Kon 2 | | |
| 0591 | 17de jaar | seun, Ahàsia (2) | 0591 |
| 0592 | 18de jaar | broer, Joram (12) | 0592 |
| 0596 | Jehoram (Joram) (8) | 5de jaar | 0596 |
| 0603 | Ahàsia (Joahas), seun (1) | 12de jaar | 0603 |

Josafat se seun Jehu dood
Ahàsia en Joram (Israel) en word koning van Israel

| | | | |
|---|---|---|---|
| 0603 | moeder, Atàlia (6) | Jehu (28) | 0603 |
| 0609 | Joas, seun (40) | 7de jaar | 0609 |
| | Herstel tempel (851 vC) | | |
| 0631 | 23ste jaar | seun, Joahas (17) | 0631 |
| 0645 | 37ste jaar | seun, Joas (16) | 0645 |
| 0646 | Amàsia, seun (29) | 2de jaar | 0646 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 0660 | 15de jaar | seun, Jerobeam (41) | 0660 |
| 0686 | Asàrja (Ussia),seun (52) | 27ste jaar | 0686 |
| 0723 | 38ste jaar | seun, Sagaria 6 mnde | 0723 |
| 0724 | 39ste jaar | breuk, Sallum, 1 mnd | 0724 |
| | | breuk, Manàhem (10) | 0724 |

**2 DE WêRELDRYK : ASSIRIë.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 0735 | 50ste jaar | seun, Pekàhia (2) | 0735 |
| 0737 | 52ste jaar | sy adj, Peka (20) | 0737 |
| 723 vC | **Stam Naftali na Assirië** | | |
| 0738 | Jotam, seun (16 of **20#**) | 2de jaar | 0738 |
| 0757 | **20ste jaar** | | |
| 0757 | Agas, seun (16) | #nie 17de jaar nie | 0757 |
| 0768 | 12de jaar | breuk, HOSèA (9) | 0768 |
| 692 vC | **Tyd van Mars**<br>Sonwyser, oos, verander asook dae van 'n jaar. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 0770 | Hiskia (Jehiskia), seun (29) | 3de jaar van Hosèa | 0770 |
| | Herstel tempel (son opkoms) | Hosèa 'n gevangene | |
| 0773 | 4de jaar | *7de jaar | (774) |
| | | Assirië beleër Samaria 3 jr | |
| 0775 | 6de jaar 2 Kon 18:9,10* | *9de jr van Hosèa | (776) |

**685 vC** **ISRAEL IN BALLINGSKAP**. 2 Kon 17:1-23
Israel (verwerpte geslag) na Assirië en Midië (Meders)
SAMARITANE. Die grondgebied van Israel word
gevul met volkere uit Babel. 2 Kon 17:24-41.

#Jotam - die Bybel verstrek twee regeertydperke van 16 jaar of 20 jaar, 2 Kon 15:30,33 versus 16:1; 17:1. *Die eerste vier jaar van Hiskia word hierdeur beïnvloed wat deur die 20 jaar reggestel word. Die 16 regeerjare van Agas was in werklikheid 12 jaar wat deur die 4de en 6de jare van Hiskia reggestel word.

**KONINKRYK VAN JUDA (nuwe huis van Israel -** Hand 2:36)

Die koningsjare van Israel is gevestig in die koningshuis van Juda wat nou die **nuwe huis van Israel** is. In hierdie tyd van Juda is daar nie meer die konings van Israel om as kontrole te dien nie. Jeremia en Daniël se geskrifte dien nou as kontrole tesame met Daniël se profesie en Luk 3:1,23 wat die ou en nuwe testamente aanmekaar verbind. Die volle koningstydperk van Israel (ou en nuwe huis van Israel) is in totaal 390 jaar soos gemeld deur Esegiël 4:5.

Hiskia, steeds direkte nageslag van Dawid en Salomo.

0783 14de jaar Herstel weer tempeldeure, rigting oos het verander.
Engel van die HERE dood 185,000 man van Assirië.
Die mag van Assirië kwyn. 2 Kon 19:35.
0784 15de jaar Agas se sonnewyser verskuif met 10 grade agteruit. Jes 38:8.
676 vC Ure, dae verander weer. Begin van 'n jaar met tien maande?
0798 Sterf na 29 jaar.

0798 Manasse, seun. (55) Afgodery 2 Kon 21; 23:5.

0853 Amon, seun (2)

0854 Josia, seun (31)
0866 13de jaar **Sleutel**. Dit is **23 jr tot Nebukadnèsar se 1ste jr.** Jer 25:3.
0871 18de jaar Herstel weer die tempel.
Ontdek **Boek van die verbond**
**Pasga** weer ingestel. 2 Kon 23:22.
0884 31ste jaar Gedood deur Farao van Egipte.

0884 Joahas 1ste seun (2 Kon 23:31). Regstelling van 'n jaar.
**3 mnde** in Jerusalem regeer.
Farao se gevangene, sterf in Egipte.

0885 **JojaKIM** (11), 2de seun. Was Eljakim, naam verander. Luk 3:30.
Farao stel hom aan as koning. 2 Kron 36:4.

**3 DE WêRELDRYK : BABILON (Irak)** Dan 2:38; 7:4.

0887 3de jaar Daniël na Babilon. Dan 1:1-3,6,18,20.
**0888** 4de jaar Nebukadnèsar verslaan Farao Nego. Jer 46:2.
572 vC **1ste jaar. Nebukadnèsar, koning van Babel**.
Sleuteljaar. Jer 25:1. Regstelling van 1 jaar
**Nou is dit 19 jaar tot die 11de jaar van Sedekia.**
2 Kon 25:8.
5de jaar Daniel. **2de jaar**. Verklaar Nebukadnèsar se droom. Dan 2:1.
0895 11de jaar Jojakim in kettings na Babel. 2 Kron 36:6.
Hy sterf in Babilon. 2 Kron 36:6; **Jer 22:18,19.**

0895 **JojaGIN,** (ook genoem Gonja of Jegonja), seun van Joja**kim** uit
wie se nageslag, seun Makhir?, die **Antichris** kom.
Jer 22:18,19,24,30 en 24:1. 1 Joh 4:1-3.
Regeer **3 mnde en 10 dae**. 2 Kron 36:8,9.
0896 Gevangene na Babel in **5de maand**. 2 Kon 24:12; Ese 1:2.
Plus leiers, oudstes van Juda en Jerusalem, asook Jegonia ‘n
seun van Josia (Josef geslagslyn). Mat 1:11,12; Jer 24:1.
**Verwisseling van die jaar.** 2 Kron 26:10. Hemele stabiliseer.
met 365.25 dae per jaar met 12 maande? 2 Kon 25:27.
(Dan 2:21; 4:35).

0896 Sedekia (11), was Mattanja, 3de seun van Josia (selfde ma).
broer van JojaKIM. 2 Kon 23:31; 24:18.

0900 Esegiël begin profeteer in die vyfde jaar van koning JojaGIN
se ballingskap. Esegiël was in sy 30ste jaar van ballingskap.

0904 9de jaar van Sedekia is ook die **9de jr** van Jojagin in ballingskap.
Ese 24:1. Esegiël profeteer volgens Jojagin se ballingskapjare.

0904 9de jaar Jerusalem vir 3 jaar beleër 10 /10 / 904
0906 11de jaar Jerusalem ingeneem. 09 / 4 / 906
**<u>0906</u> / 554 vC** **TEMPEL** verwoes **5DE MAAND** 07 / **5** / 906
0906 **19de jaar van Nebukadnesar**. 2 Kon 25:8.
Die mure van Jerusalem omgegooi.
Sewende maand het die oorblyfsels van die volk na Egipte
getrek waar die meeste gesterf het. Jer 40:6; 43:6; 44:28.

Oppad na Egipte versteek Jeremia die boek van die verbond,
tabernakel en ark by berg Horeb in die Sinai woestyn.
2 Makkabeërs 2:2-8.
**Juda, nuwe huis van Israel, in ballingskap na BABILON,**
dit is 131 jaar na Israel (10).

Koningstydperk: 0516 nE tot 0906 nE 390 jaar
of 944 vC tot 554 vC.

Esegiël profeteer **390 jr vir Israel**. (Juda konings met al 12 stamme). Jerusalem is die omdraaipunt van 390 jaar na 40 jaar. Ese 4:7 - "op die beleëring - jou aangesig rig". Na 40 jaar sal die 1ste groep ballinge uit Babilon na Israel terugkeer. Ese 4:1-8 en Ese hfst 1-7.

70 JAAR BALLINGSKAP VAN JUDA (Nuwe huis van Israel) NA BABILON

Die Bybel verstrek die name van Babiloniese en Persiese konings soos van toepassing op Israel tydens die 70 jaar ballingskaptydperk. Hierdie konings met hul regeer datums, soos hieronder geopenbaar, is die sleutel tot die openbaring van Jesus Christus se geboortedatum. Salomo se tempel was vernietig in die vyfde maand en die nuwe tempel word weer gebou in die **sesde maand** van die **Joodse jaar.**

0920 **25ste jaar** van JojaGIN (14 jaar na Jerusalem ingeneem is) profeteer Esegiël 'n nuwe tempel wat in die verre toekoms na die slag van Magog (Rusland) gebou gaan word. Ese 39; 40:1; Open 11:1,2.

0932 37ste jaar van koning Jojagin se ballingskap.
Nebukadnèsar sterf (regeer vir 45 jaar).

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | Juda in ballingskap |
| | | Nebukadnèsar **regeer nog** tot die 37 ste jaar van Jojagin. 2 Kon 25:27. 2 Kon 25:27. | **26 jaar** |
| | | Nebukadnesar se seuns (Jer 27:7): | |
| 0933 | 1 jaar | Evil-Merodag. 2 Kon 25:27 | 01 jaar |
| 0936 | 3 jaar | Bèlsasar. Dan 8:1. | 03 jaar |
| | | Israel in ballingskap 0906 nE tot 0936 nE | 30 jaar |
| 0936 | | Mede en Perse verower Babiloniese Ryk. | |

**4 DE WêRELDRYK : MEDERS EN PERSE (Iran)** Dan 7:5

Nebukadnesar het oor die Meders en die Perse (Iran) geheers. Darius was koning van die Meders en Kores koning van die Perse (Elam). Darius die Meder, 62 jaar oud, sluit 'n bondgenootskap met Kores die Pers. Onder die militêre leiding van Koning Kores, verower die Meder en Perse die koninkryk van Babilon. Darius die Meder was vir tien jaar die eerste koning van die bondgenootskap. Dan 6:1. By sy afsterwe word Kores die Pers, die nuwe koning van die bondgenootskap, ook vir tien jaar, waarna opeenvolgende Perse konings die bondgenootskap oorheers.

Daniël profeteer in die 1ste jaar van Daruis die Meder dat daar nog vier konings kom, almal Perse, en die vierde sal die rykste wees. Dan 11:1,2. Esra verskaf die name van hierdie opeenvolgende Perse konings. (Historici verskil met die Bybel).

| ESRA (4:5,6,7) | | DANIËL |
|---|---|---|
| Daruis die **Meder** | Meder en Perse Ryk | 6:1; 11:2 |
| Kores die Pers | Opdrag om tempel te grond 2 Kron 36:20-23; Esra 1:1-5 | 1:21; 10:1 |
| Ahasvèros die Pers | Regeer 12 jaar plus. Est 3:7. | (Cambyses) |
| Daruis die **Pers** | **Tempel gebou**. Hag 1:1; Esra 6:15 | |
| Artasasta die Pers | **Jerusalem mure en stad herbou.** | (Gr Xerxes) |

0936 DARUIS die MEDER (62 jr oud). (Jes 21:2)
524 vC **Juda (nuwe huis van Israel) in ballingskap vir 30 jaar**

Darius verdeel die ryk in 120 provinsies.
Daniël een van drie ministers. Dan 6:1-3.
1ste jaar Daniël profeteer **drie Perse** konings
plus 'n **vierde Perse koning**, die rykste.
(Dan 11:1,2. Sleutel Esra 4:5-7; 6:14).

0946 KORES die PERS. Jes 44:24-28; Kron 35:22,23.
514 vC
**1ste jaar** Opdrag in skrif (Esra 6:1,2,3,11). **10 jaar**
dat die tempel gegrond (afgemeet) word.
Die Jode wie wil kan nou terug gaan.
**(19de jr van Nebukadnesar tot Kores se 1ste jr) is 40 jaar**

0946 1STE GROEP BANNELINGE KEER TERUG

Goewerneur Serubbabel (Sèsbassar) van provinsie Juda
kom met 42,360 man na Jerusalem. Esra 1-3; Hag 2:2
Daniël besoek Israel maar bly in diens van konings.
7DE MAAND brandoffers en huttefees ("2 de Exodus").

0947 2de jaar 2de maand. Begin om die tempel se fondament af te meet.
Sleutel. **30 Jaar lank verhoed die Samaritane** dat Israel die
tempel bou. Esra 4.
3de jaar Dan hfst 10 profesie.
10de jr Kores sterf.

0956 AHASVèROS die PERS (uit nageslag van Meders - moeder?).
Die Bybel meld 12 jaar van die 19 jaar. Ander konings?
Tyd van Mordegai en Purin fees. Ester 1:1; 10:3.

0975 DARIUS die **PERS**, seun van Ahasvèros. Dan 9:1; Esra 4:5; Neh 12:22
Daniël lees dat die tyd van 70 jaar ballingskap vol is. Dan 9:2
1ste jaar Daniël **profeteer** 70 weke maal 7 jaar (490 jaar) vir Israel
maar **profesie begin** eers by die **"uitgang van die woord"**
om die tempel te bou. Dan 9:1,2,24-27; Jer 25:11,12.

| | | |
|---|---|---|
| 7 maal 7 jr | is 049 jaar | tempel bou / Jerusalem op te bou. |
| 62 maal 7 jr | is 434 jaar | vir Israel "tot op |
| 69 maal 7 jr | is **483 jaar** | 'n Gesalfde", geboorte van Jesus. |
| | | **Gapings- of "kerk" tydperk** |
| 70ste week is | 7 jaar | voor 2de sondvloed met hael. |
| 70 maal 7 jr | is **490 jaar** | vir volk van Israel. |

**0976 2de jaar** **5de maand**, EINDIG 70 JAAR BALLINGSKAP
**484 vC**

**6de maand,** begin Israel die nuwe tempel te bou by die
**"uitgang van die woord"- opdrag van die HERE.***
Fondament: 24/6/976 tot 24/9/976. Hag 1:1,15 (maand Elul).

(001**D**) **6de Joodse maand** begin **Daniël** se profesie van **483 jaar.**
Sleutel tot die geboortemaand en jaar van Jesus Christus.
Eerste jaar van die eerste 49 jaar van Daniël se 483 jaar.
0981 6de jaar Tempel Voltooi: 3de van 12de maand (Feb/Mrt).
(005D) Gebou 4 jaar, 6 maande en 3 dae.

***Sleutel.** Esra 6:14 is die sleutelvers want al die opdragte van Kores die Pers en Darius die Pers smelt saam en word eers in opdrag van die HERE aan die profete tot uitvoer gebring.
Hag 1:1,15,18. (Hierdie sleutel beproef mense eeue lank)

0994 ARTASàSTA die PERS, "ryk" koning. (Kyk Esra 4:7; 7:1-13; Neh 2)

1000 7de jaar Priester ESRA.
460 vC 23 Jaar na die 70 jaar ballingskap keer die 2de groep terug.
7de Joodse maand leer hy Israel die wet van Moses. Neh 8.

20ste jaar NEHEMIA goewerneur vir 12 jaar.
Bou 'n muur om Jerusalem binne 52 dae. Neh 2:6,8; 6:15, 7:1
Huise in die stad word opgebou.
Jerusalem met mense gevul. Neh 7:4; 11:1

1025 32ste jaar Nehemia se goewerneurstydperk eindig. Neh 13:6,7.
(049D) 49ste jaar van Daniël se profesie (7 maal 7 jaar).
**2de jr Daruis die Pers tot 32ste jr van Artasàsta is 49 jaar**
Dit is nou 434 jaar tot Jesus se geboorte (62 maal 7 jaar)

**5 DE WêRELDRYK : GRIEKSE RYK** (in vier dele). Dan 2:39b (koper).

1127 Alexander die Grote verower Jerusalem. Macedonië en Griekeland was
333 vC verenig in een ryk. Hy was 32 jaar oud toe hy binne 13 jaar Oos-Europa, klein Asië (Turkye, Sirië), Israel, Egipte, Assirië, Babilon, Meders en Perse en die gebied tot by die Indusrivier (Indië) verower het. In Babilon het hy siek geword en gesterf (325 vC). Dan 7:7; 8:5,7,8. Die Griekse Ryk is tussen vier generaals in vier ryke (koppe) verdeel. Dan 7:6; 8:8.

1. **Macedoniese Ryk**. Macedonië en Griekeland.

2. **Lysimachus Ryk**. Oostelike deel van Macedonië (Bulgarye) en Noordelike deel van Turkye en lande Oos van Tigrisrivier, Suid-Rusland (Assirië en Meders). *C. Larkin, Book of Daniël*.

3. **Seleuse (Siriese) Ryk**. Babilon was eers die hoofstad en verskuif na Antiochië, Sirië. Hul gebied was die Suidwestelike deel van Turkye en lande Wes van Tigrisrivier, asook Iran en vir 'n tyd Indië.

4. **Ptolemeus (Egiptiese) Ryk**. Israel was meestal onder hul beheer
In hierdie tyd het menige Jode vrywilliglik na Griekeland, Egipte en Babilon verhuis. 1 Petr 1:1; 5:13.

Daniël hfst 8 vertel hoofsaaklik van die stryd van die Meders en Perse teen die opkomende Griekse Ryk. Dan 11 beskryf die stryd tussen die “koning van die noorde,” Siriese Ryk en “koning van die suide,” Egiptiese Ryk. Israel beheer die “poort van nasies” en was die twisappel tussen hierdie Noordelike Seleuse Ryk en Suidelike Grieks Egiptiese Ryk. Gen 22:17

190 vC Romeine verslaan die Seleuse leër in Turkye.
168 vC Die Seleuse konsolideer hul magte en val Egipte binne, maar word deur die Romeinse magte teengestaan waarop hulle terugtrek. Dan 11:13.

Die Seleuse omskep die tempel in Jerusalem na 'n tempel vir Seus Olimpus. Dit was die begin van die Jode se weerstand teen hul Griekse oorheersers wat as die tyd van Makkabeërs bekend staan. Die Seleuse Ryk verkrummel na 129 vC en die Makkabeërs beheer grootliks Israel. Dan 11:14,31

Rome se groeiende seemag en handel bedreig die handelstad Carthage (Tunisië) waarop hulle genl. Hannibal met sy olifante via Spanje stuur om Rome te verower. Na Rome die handelsoorlog gewen het, begin hulle na Wes-Europa uit te brei (Engeland en Wes-Duitsland).

Romeinse belange in Oos-Europa het toenemend begin bots met die Macedoniese Ryk. Spoedig is hierdie Griekse Ryk met die hulp van die koning van Pergamus, Noord-Turkye, onder Romeinse beheer gebring, waarna die ander Griekse Ryke volg.

133 vC Attalus III was die koning van Pergamus asook die hoofpriester, Pontiff, van die Babiloniese Orde. By sy dood erf Rome sy hoofpriesterskap. Vanaf 133 vC was alle Romeinse konsuls en keisers die hoofpriester, Pontiff, van die Babiloniese Orde.

**6 DE WêRELD KONINKRYK : ROMEINE : DIE DIER**. Dan 7:7.

63 vC Die Seleuse Ryk was die laaste om onder die Romeinse beheer te kom. Die Romeinse genl Pompejus het vanaf 88 tot 64 vC alle Midde Oosterse lande verower en Jerusalem 63 vC. Turkye en Sirië word 'n Romeinse provinsie genaamd Klein Asië.

62 vC 'n Burgeroorlog vind in Rome plaas en in Egipte oorweldig Julius Caesar se magte genl Pompejus waar hy sterf. In hierdie burgeroorlog ondersteun Antipater (Edom) Julius Caesar en as beloning word Antipater as goewerneur oor Israel aangestel. Antipater was die vader van koning Herodus die Grote.

44 vC Julius Caesar word vermoor waarop 'n verdere burgeroorlog uitbars. Antipater word ook vermoor en sy seun Herodes die Grote vlug na Rome. Een van die Makkabeërs, Antigonus, word hoëpriester en politieke leier van Israel.

In Rome het Oktawianus, **keiser Augustus** (maand na hom vernoem), die burgeroorlog gewen en dit was die begin van Romeinse keisers.

40 vC Rome het Herodus die Grote as koning aangestel en na drie jaar, met

Romeinse militêre hulp, verower Herodus die Grote (Edomiet) die koningskap oor Israel.

16 vC Herodes die Grote bou 'n nuwe tempel wat duur tot 30 nC, 46 jr lank Joh 2:20; 10:22.

2 vC Jesus gebore in Betlehem..
483D Koppel datum met Nuwe Testament.
2 vC Herodus die Grote sterf. Keiser Augustus stem toe dat Herodus se ryk onder sy drie seuns verdeel mag word.
**Herodus Argelaus** regeer oor Juda, Jerusalem en Edom tot 6 nC. Hy word verban. Romeinse goewerneurs bestuur sy gebied.
**Herodus Antipas**, tweede seun, kry Galilea wat die gebiede Wes en Oos van die see van Galilea insluit. Hy regeer tot 39 nC.
**Herodus Filippus**, derde seun, erf die grootste deel van Sirië en bou die stad Cesarea -Filippus. Hy sterf 34 nC.

Kleinseun **Herodus Agrippa I** verkry later die gebiede van sy ooms, gelykstaande aan die gebied van Herodus die Grote. Agrippa I het Apostel Jakobus met die swaard gedood. Hand 12:1-3,21-23.
Sy seun **Herodus Agrippa II**. Hand 25:13-26.

Nota: Geskiedkundiges en teoloë se inligting en vC jaartalle word benut.

| TYDPERKE VAN ISRAEL | |
|---|---|
| Exodus tot 4de jaar van Salomo (tempel) | = 480 jaar |
| Salomo regeer nog | = 36 jaar |
| Israel/Juda konings: 516 nE tot 906 nE | = 390 jaar |
| Ballingskap na Babel: 906 nE tot 976 nE | = 70 jaar |
| "Tot op 'n Gesalfde": 976 nE tot 1459 nE | = 483 jaar |
| Een jaar voor Romeinse kalender begin: 1460 nE | = 1 jaar |
| TOTAAL | =1460 nE/vC |

**JARE VAN JESUS CHRISTUS SE GEBOORTE TOT KRUISIGING**

Daniël profeteer: “Tot op ‘n Gesalfde” is 483 jaar. Mat 2:4-7; Miga 5:1; Dan 9:25. Eers **na** 483 jaar “sal 'n Gesalfde uitgeroei (gekruisig) word.” Dan 9:26.

Sleutel A. Daniël se 1ste jaar van sy 483 jaar **begin** op die **Joodse sesde maand** van die jaar 976 nE en **eindig** op die vyfde Joodse maand van jaar 1459 nE. Die jare 1458 nE (3 vC) en 1459 nE (2 vC) dek die laaste jaar van Daniël se 483 jaar.

Sleutel B. **Keiser Tiberuis se 15de jaar begin Augustus 29 nC en toe was Jesus Christus alreeds 30 jaar oud.** Dit is ook die sleutel om die nuwe Romeinse kalender te koppel aan die 483ste jaar van Daniël. Luk 3:1,23. Jesus se bediening begin **na** Augustus maand, 29 nC. Eers gedoop en 40 dae in die woestyn. Luk 3:21; 4:1,2; Mat 3:16,17 en 4:4-11. Die jare in boek Handelinge bevestig hierdie sleutel.

Sleutel C. Die Heilige Gees het Jesus in Maria verwek in die Joodse **sesde maand** wat ook die 1ste maand van Daniël se 483ste jaar is. Dit was ook die sesde maand van Elizabeth se swangerskap met Johannes die Doper. Luk

1:26,34,35,36,39,42. Jesus is nege maande later in die **Joodse derde maand gebore** wat ook die 9de maand van Daniël se 483ste jaar is.

By die instelling van die Romeinse kalender is maande Januarie en Februarie bygevoeg om 'n twaalf maande jaar formeel vas te lê. Daar is nie 'n nul jaar nie byvoorbeeld 1 **v**C eindig op Desember en Januarie is die begin van die nuwe jaartelling naamlik 1 **n**C. Die benaming voor en na Christus is ‘n Christen en Westerse gebruik wat baie jare later ontstaan het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3 vC 1458 nE | 6de Joodse maand begin jaar | 483D | Maria “bevrug” Aug/Sept. |
| | | 483D | nege maande verwagtend. |
| 2 vC 1459 nE | 3de Joodse maand Jesus gebore | 483D | maand Siwan - Mei/Junie. |
| | Jesus gebore te Betlehem, land van Juda. Mat 2:1.<br>Tyd van keiser Augustus en Herodus die Grote. Luk 1:5;2:1.<br>Jesus op die agtste dag besny. Josef en Maria vlug na Egipte. Luk 2:21; Mat 2:14.<br>Herodus vermoor kinders onder 2 jaar en sterf. Mat 2:15-18.<br>Sy seun Herodus Argelaus word koning van Juda tot 6 nC. | | |
| 1 vC 1460 nE | Mei/Jun. **Jesus 1 jaar oud.** Keiser Augustus regeer. Luk 2:1.<br>Josef en Maria keer terug na Nasaret, land van Israel.<br>Mat 2:22,23 | | |

**ROMEINSE KALENDER** (Juliaanse jaar / Pous Gregory kalender 1582)

01 nC 2de jaar van Jesus Christus (geen nul jaar). Mei/Jun.
06 nC Romeinse goewerneurs neem Herodus Argelaus se gebied oor.
11 nC 12 jaar oud, Mei/Jun. Gaan na Joodse Pinksterfees Mei/Jun. Luk 2:42.
14 nC **Mei/Junie.** Jesus 15 jaar oud. {Sleutel
**19 Aug** sterf Keiser Augustus en **Tibèrius word keiser**. {maande

**29 nC** Mei/Junie **was** Jesus 30 jaar oud. **Luk 3:1,23**.
Augustus maand, **begin 15de jaar van Keiser Tibèrius**
Johannes die Doper **doop Jesus** in Gallilea, gebied van Herodus Antipas Mat 3:1,5,13. Nou gaan Jesus vir veertig dae in die **woestyn**. Jesus was 30 jaar oud toe sy prediking begin **na** Augustus maand, 29 nC.

30 nC **1ste Pasga** (Exodus), 14de van 1ste maand Nisan (Mrt/Apr). Joh 2:13.
Herodus die Grote se tempel voltooi na 46 jaar. Joh 2:20.
Joodse Pinksterfees 16de van 3de maand Siwan (Mei/Junie). Joh 5:1.
31 jaar oud, Jesus gebore maand Siwan.
Huttefees, 15de dag van 7de mnd, Etanim (Okt). Joh 7:2,10; Esra 3:1,4.
Winter (Desember). Fees van tempelwyding (reiniging). Joh 10:22

**31 nC** **Jesus 31 jaar oud,** gekruisig 2 maande **voor** 32ste verjaarsdag.
Mrt/Apr, **2de Pasga**, 1ste maand Nisan. Joh 13:1; 19:31

| | | |
|---|---|---|
| 12de dag, Donderdagaand. | Nagmaal ingestel. | |
| 13de dag, Vrydag | Jesus gekruisig (“Gesalfde uitgeroei”). | |
| 14de dag, Saterdag | Joodse Sabbatdag. (Pasga) | |
| 15de dag, Sondag | Opstanding uit die dode | Dag 1 |

| | | |
|---|---|---|
| Apr/Mei, na 40 dae, 24ste dag, maand Sif, | Hemelvaartdag. | Dag 40 |
| Mei/Jun, na 10 dae, 4de dag maand Siwan, | Pinksterdag. | Dag 50 |
| (Sou Jesus 32 jaar oud geword het) | | (Sondag) |

Nota 1: Christene se Pinksterfees van 50 dae begin op die dag van opstanding en eindig op Pinksterdag, 'n Sondag. Op dieselfde Sondag begin die Jode se Pinksterfees van 50 dae wat eindig in maand Ab (Jul/Aug).

Nota 2: Here Jesus Christus se totale bedieningstydperk was 1 jaar en 7 maande. Na die doop en 40 dae in woestyn begin Jesus sy bediening ongeveer Okt 29 nC tot Pasga, Mrt/Apr 31 nC.

Nota 3: Die Engelse King James Bybel gebruik deurgaans die woord "paasfees" en maak nie 'n onderskeid tussen Pasga (Mrt/Apr) en Pinksterfees (Mei/Jun) nie. In die 1953 Afrikaanse Bybel word die feeste korrek aangegee as Pasga behalwe Ex 12:27 (lees pasga) en Luk 2:41 wat moet lees Pinksterfees en nie paasfees nie. Die woord "paasfees" en in Engels "Passover" of "Easter" is nie Bybels korrek nie. Die woord "paas" het sy ontstaan uit die Babiloniese fees van "Ishar" (Isis) wat deur die vroeë Katolieke Kerk ingestel en in hul Konstantynse Bybels opgeneem is. Die kerkdom en Christene gaan lustig voort om die Babiloniese (Horus seun) "kersfees" verjaarsdag op 25 Desember te vier. Net omdat die Katolieke Kerk eeue gelede Jesus se geboorte daaraan gekoppel het. Jesus is gebore Mei/Junie en beslis nie in Desembermaand nie.

## ROMEINSE / JOODSE KALENDER EN FEESDAE

| **ROMEINSE MAANDE** | **JOODSE MAANDE** | | **FEESDAE** (Ex 11; Lev 23,24,25; Num 29; Deut 6) |
|---|---|---|---|
| 1. JAN | 10. TEBET | (Des/Jan) | |
| 2. FEB | 11. SEBAT | (Jan/Feb) | |
| 3. MRT | 12. ADAR (ook herhaal as 13de maand elke 11de jaar) | (Feb/Mrt) | 14/15de dag: Purin (Ester 9:21-26). |
| | BEGIN VAN JOODSE JAAR | | |
| 4. APR | 1. NISAN (Abib) | (Mrt/Apr) **Lente** (Sondag) | 13de dag KRUIS.<br>14de dag Pasga (Ex 12:11)*<br>15de dag OPSTANDING.<br>21ste dag Rooisee<br>(bv *29 Mrt/6 Apr in 1991) |
| 5. MEI | 2. SIF (Ijar) | (Apr/Mei) | **na 40 dae** HEMELVAARTDAG (Donderdag) |
| 6. JUN | 3. SIWAN | (Mei/Jun) **Somer** | **na 10 dae** PINKSTERDAG<br>JESUS derde maand gebore<br>**Christen Pinksterdag** (50 ste dag)<br>Sondag wanneer die<br>**Joodse Pinksterfees** begin.<br>Sondag 16de dag van Siwan<br>word koringerf beweeg (geswaai).<br>Plus 49dae (7 maal 7 Sabatte)<br>(bv naweek 18 tot 20/5/91) |
| 7. JUL | 4. TAMMUS | (Jun/Jul) | |
| 8. AUG | 5. AB | (Jul/Aug) | 7de Sabbatdag. (20/7/91) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | Sondag 50ste dag.(21/7/91)<br>2 Brode en 'n “sondebok”.<br>Lev 16:7-10; Mat 4:1-11 |
| 9. | SEP | 6. ELUL | (Aug/Sept) | |
| 10. | OKT | 7. ETANIM<br>(Tisri) | (Sept/Okt)<br>**Herfs** | 7DE MAAND<br>1ste dag. Joodse nuwe jaar.<br>(Landboujaar). Lev 23:24<br>10de dag. Versoensdag.<br>(17-18 Sep 91). Lev 23:27<br>Jaarlikse brandoffer vir sonde.<br>15de dag: HUTTEFEES 7 dae.<br>Huttefees verander van maand Nisan.<br>na 7de maand. Lev 23:34; Esra 3:1,4. |
| 11. | NOV | 8. BUL<br>(Margaswan) | (Okt/Nov) | |
| 12. | DES | 9. KISLEW<br>(Kislef) | (Nov/Des)<br>**Winter** - Joh 10:22 | |

Elke 11de jaar word die 12de maand, Adar, verleng met nog 'n maand, 13de maand, om aan te pas by huidige 365.25 dae per jaar. (vyf en kwart dag langer as hul 360 dae per jaar / Babiloniese kalender jaar).

Die Jode beskou nie die brandoffer vir die volk se sondes as 'n kritieke vereiste nie. Dit is God se wil en besluit om mense hul sondes te vergewe en hieroor het die mens geen beheer nie. Mense kan mekaar vergewe en dit is binne 'n mens se wil en beheer.

**JARE: HANDELINGE VAN APOSTELS**

Die boek Handelinge is die brug tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament. Dit beskryf die oorgang van die 12 Apostels en Israel na Apostel Paulus en Christene uit die heidendom. Terselfdertyd leer ons van die verandering van evangelies, naamlik die oorgang van die koninkryk evangelie na die genade evangelie. Die 12 Apostels domineer die eerste 12 hoofstukke en Apostel Paulus die laaste 16 hoofstukke van die boek Handelinge van die Heilige Apostels.

Die jare van Romeinse keisers, goewerneurs en Herodusse is bekend. Hierdie kennis stel ons in staat om jare aan spesifieke tydperke te koppel soos gemeld in die boek Handelinge. Die kronologie van die boek Handelinge is 'n openbaring van sy eie en terselfdertyd bevestig dit ook die jaar van Jesus Christus se kruisiging en geboortejaar. Die boek Handelinge dek 'n tydperk van 31 jaar.

Sleutel A. Drie jaar het verloop vanaf die roeping van Apostel Paulus oppad na Damaskus totdat hy vir vyftien dae by Apostel Petrus vertoef het. Veertien jaar later gaan Apostel Paulus vir die eerste keer weer na Jerusalem vir die eerste Apostelvergadering in Handeling 15.

Sleutel B. Die jare van Romeinse goewerneurs Felix en Festus is bekend en hiermee kan Apostel Paulus se gevangenisskapjare bereken word. Dit stel ons in staat om die jare in die boek Handelinge te bereken en aan sleutel A te koppel.

Bronne: Kyk Erkennings. Verskeie skrywers se kennis word benut wat gesamentlik bydra tot die kronologie van die boek Handelinge.

| JAAR | HOOFSTUK | |
|---|---|---|
| | | Keiser Tiberius (14-37 nC)<br>Pontius Pilatus goewerneur van Juda (26-36 nC)<br>Herodus Antipas (2 vC-39 nC), Galilea en Ammon (Jordanië).<br>Herodus Filippus (2 vC-34 nC), Sirië. |
| 31 nC | | Mrt/Apr, Jesus gekruisig. |
| 31 nC | Hand 1. | Apr/Mei. Hemelvaart van Jesus en verkiesing van 12de Apostel. |
| | Hand 2. | Mei/Jun, Pinksterdag. Uitstorting van die Heilige Gees.<br>Apostel Petrus doop Jode met water ooreenkomstig die vereiste van die **Evangelie van die Koninkryk van God**. Luk 16:16,17.<br>Hy doop in die naam van die seun, Jesus Christus (die Here).<br>Hand 2:36,38; 16:31; Fil 2:9-11; 1 Kor 12:3.<br>Die doop met die Heilige Gees word uitgedruk as 'n “gawe van die Heilige Gees,” want Petrus moet eers sy doopopdragte uitvoer en die Heilige Gees moet Homself aan mense openbaar. |
| 32 nC | Hand 3. | Ongeveer tyd en uur van Pasga kruisiging. Mat 27:45; Luk 23:44. |
| | Hand 4. | Opstanding. Petrus voor die Joodse Raad. Barnabas - 4:36,37. |
| | Hand 5. | Evangelie begin in Jerusalem, 'n evangelie opdrag. Luk 24:47. |
| 33 nC | | Geen verslag in die Bybel. |
| 34 nC | | Herodus Filippus sterf en Romeine bestuur sy gebied. |
| | Hand 6. | Verkiesing van sewe diakens. Stefanus voor Joodse Raad.<br>**Boek Markus geskryf?** Hand 6:7. |
| | Hand 7. | Stefanus gestenig en “Israel verwerp ook die Heilige Gees.”<br>Begin van die tyd van nasies. Hand 7:8-60. |
| 35 nC | Hand 8. | Christen-Jode vlug uit Jerusalem en gaan na sinagoges in ander lande om eerste vir die Jode die boodskap van die Messias en Sy opstanding uit die dode te bring. Hand 8:1; 11:19.<br>Diaken Filippus gaan na proseliete in Samaria (bekeerlinge tot die Joodse geloof) en die man van Ethiopië (Kus) wie die boek Jesaja lees. Die Heilige Gees openbaar Homself nie meer aan mense by die doop met water nie. Mense openbaar die Heilige Gees se gawe van tale van nasies alleenlik na handoplegging deur een van die 12 Apostels. Die werkinge van die Heilige Gees verander en terselfdertyd bevestig die Heilige Gees die gesag van die Apostels en die gesag van hul Heilige Geskrifte. |
| Junie | Hand 9. | Saulus op pad na Damaskus word deur Here Jesus uit die hemel geroep om die naam van die Here te getuig voor nasies en Israel.<br>Hand 9:15; Joh 17:1-6,26. Saulus (Paulus) gedoop met water. |

**Drie jaar** breuk tussen verse 19 en 20 van Hand 9. Hy gaan vir drie jaar na die woestyn in Arabië. Gal:17,18. Word weggeruk tot in die derde hemel (Paradys) en gaan ook na die Paradysdeel van die doderyk in die aarde. 2 Kor 12:2,4; Luk 23:43.
**'n Ware Apostel** is alleen hulle wie die Here gesien het. 1 Kor 9:1; 15:8; 2 Kor 12:12 teenoor 11:13.

36 nC Geen verslag in die Bybel.
Marcellus word goewerneur in Jerusalem (36-38 nC).

37 nC Geen verslag in die Bybel.
Keiser Caligula (37-41 nC) en Herodus Agrippa I (37-44 nC).
Die keiser skenk hom die gebied van oorlede Herodus Filippus

38 nC Maryllus word goewerneur in Jerusalem (38-44 nC).

Hand 9. Paulus kom uit die woestyn en gaan van Damaskus na Jerusalem waar hy vir vyftien dae by Petrus vertoef. Gal 1;18; 2:1.
**Begin van 14 jaar voor Paulus weer na Jerusalem terugkeer.**

Junie Hand 10. Apostel Petrus sien 'n gesig en hoor die stem van God die Here uit die hemel. Deur die bemiddeling van engele en leiding van die Heilige Gees gaan Petrus na Cesarea en spreek die woord tot die Romein Cornelius. Sonder die doop met water of handoplegging openbaar die Heilige Gees hom in die heiden Cornelius deur die gawe van tale van nasies.
**Apostel Petrus verander die doop met water**. Hy doop nou in die naam van die Here wie die Gees is.
Mat 28:19; Joh 8:41; 4:24; Hand 2:36; 2 Kor 3:17.

Hand 11. Here Jesus se belofte van die **doop met die Heilige Gees** word nou formeel deur Apostel Petrus bevestig. Mat 3:11; Luk 24:49; Hand 1:5; 10:16,43,44; 11:15-18.

39 nC Geen verslag in die Bybel.
Herodus Antipas in onguns by die keiser en sy ryk word gegee aan Herodus Agrippa I.

40 nC Hand 11. Joodse Christene stig gemeentes in Fenisië (kusstrook noord van Libanon), Ciprus en stad Antiochië in Sirië.
Barnabas bring **Paulus van stad Tarsus na stad Antiochië**

en

'n **jaar lank** bedien hulle die eerste gemeente wie Christene genoem word. (Daarna bly Paulus afgesonder in stad Tarsus).

41 nC Keiser Claudius (41-54 nC). Hy vermoor Keiser Caligula.
Die keiser skenk aan Herodus Antipas I die vorige gebied van Herodus Archelaus uitgesluit Jerusalem. Agrippa I beheer weer dieselfde ryk soos sy oupa Herodus die Grote.
Hand 11 Hongersnood geprofeteer in die tyd van Keiser Claudius.

Hand 12 Mrt/Apr. Pasga (ongesuurde brode).
Apostel Jakobus gedood deur Herodus Agrippa I.
Apostel Petrus in gevangenis en vrygelaat deur 'n engel.

| | | |
|---|---|---|
| 42 nC | | Geen verslag in die Bybel. |
| 43 nC | | Geen verslag in die Bybel. |
| 44 nC | Hand 12 | 'n Engel van die Here tref Herodus Agrippa I en hy word lewend deur wurms verteer en het gesterwe.<br>Sy minderjarige seun Agrippa II erf maar die Romeine bestuur sy gebied tot 48 nC.<br>Cuspius Fadus word goewerneur van Jerusalem. (44-46 nC).<br><br>Hand 12:24. Boeke Markus, Mattheus en Lukas al geskryf?<br>Hand 12:25. "En Barnabas en Saulus het van Jerusalem teruggekeer, nadat hulle hul diens vervul het" (by die Apostel vergadering in Hand 15). In die boek Gal 1:17 - 2:1 korrigeer Apostel Paulus Hand 12:25 want vir 14 jaar was hy nie weer in Jerusalem nie. Hand 15, Apostel vergadering, is 52 nC. |
| 45 nC | | Geen verslag in die Bybel. |
| 46 nC | | Geen verslag in die Bybel.<br>Tiberius Alexander goewerneur in Jerusalem. (46-48 nC) |
| 47 nC | | Geen verslag in die Bybel. |
| 48 nC<br><br>na | | Geen verslag in die Bybel.<br>Herodus Agrippa II (48-70 nC - tempel verbrand en verhuis<br><br>Rome waar hy sterf 95 nC).<br>Ventidius Cumanus goewerneur van Jerusalem. (48-52 nC). |
| 49 nC | | Geen verslag in die Bybel. |
| 50 nC | | Geen verslag in die Bybel.<br>Gallio word goewerneur van Achaje (Griekeland). |
| 51 nC | | Geen verslag in die Bybel. |
| 52 nC | | Antonius **Felix goewerneur in Jerusalem (52-59 nC)** |
| | Hand 13. | Maart. **Apostel Paulus en Barnabas se sendingreise begin.** Vanaf Antiochië (Sirië), na Seleucië en Ciprus met Apostel Johannes as hul helper vir 'n kort end van die reis. Dit is noodsaaklik dat die blye boodskap eers aan die Jode in sinagoges verkondig word. Baie Jode verwerp die boodskap en daarom sal ons "ons wend na die heidene." Hand 13:46-48. |
| | Hand 14. | Besoek stede in Turkye en menige Jode en Grieke (heidene) glo die boodskap. Terug na Antiochië (Sirië).<br>Ouderlinge word in elke gemeente gekies. Hand 14:23; 1:26.<br>**God het die deur van geloof vir heidene geopen.** |
| | Hand 15. | Pinkster. **Paulus in Jerusalem na 14 jaar.** |
| | Mei/Jun | **APOSTEL VERGADERING**.<br>Die besnydenis en wette van Moses is nie op Christene uit die heidene van toepassing nie. Vereiste van koninkryk evangelie. Verdeling van die bediening van die koninkryk evangelie. Die |

| | | |
|---|---|---|
| | | 12 Apostels bedien die Jode en Apostel Paulus die heidene. Hand 15:5,15,28; Gal 2:7-9.<br>Na die vergadering gaan Paulus en Silas na Sirië en Cilicië (suidwes Turkye) en Barnabas en Markus na Ciprus. |
| | Hand 16. | Paulus besny Timotheus. Alle boeke van Paulus waarin Timotheus voorkom is na 52 nC geskryf. Lees ook 1 Kor 9:19-21.<br>Die verordeninge (besluite) wat in Jerusalem by die apostel vergadering geneem was, word aan die gemeentes oorgedra.<br>Paulus besoek Macedonië, noord van Griekeland.<br>Die Here open die hart van die Jodin Lidia, sy word gedoop.<br>Paulus word deur die Here uit die gevangenis bevry en hy sê aan die tronkbewaarder: "Glo in die **Here Jesus Christus** en jy sal gered word." Eerste vereiste van die Nuwe Testament. |
| | Hand 17. | Thessalonika en Berea (toets mense aan die woord van God).<br>Paulus in Athene (altaar vir 'n onbekende God). Hand 10:2. |
| | Hand 18. | Paulus in Korinthe, suide van Griekeland, en hy ontmoet die Jode Aquila en Priscilla. Alle Jode het Rome verlaat in opdrag van Keiser Claudius. (Eerste besoek aan Korinthe) |
| | Oktober | Paulus bly in Korinthe vir **een jaar en ses maande** in die tyd toe Gallio goewerneur van Achaje (Griekeland) was. |
| 53 nC | | Geen verslag in die Bybel.<br>Keiser Claudius dood Gallio die goewerneur van Achaje. |
| 54 nC | | **Keiser Nero (54-68 nC)** |
| | Hand 18. | Paulus gaan na Sirië en besoek Efese, hoofstad van klein Asië.<br>Eerste besoek aan die **gemeente in Efese.** Hand 18:19-21.<br>***Van nou tot Paulus se gevangenskap is drie jaar*** |
| 54 nC | Mrt/Apr | Pasgafees met Joodse gemeente in Jerusalem.<br>Besoek Antiochië en sentraal Turkye.<br>Die Jood Appolos, verse 24-28, was magtig in die Skrifte en word nou meer noukeuriger die weg van God geleer. |
| | Hand 19. | **Paulus in Efese.** Hy doop dissipels van Johannes die doper in die naam van die Here, Here Jesus Christus. Hand 10:48 en nie meer Hand 2:38 nie. Selfs Jode moet nou deur 'n apostel die hande opgelê word sodat hulle die Heilige Gees se gawe van tale van nasies kan openbaar.<br>Drie maande lank redeneer Paulus met die Jode in sinagoges oor die evangelie van die koninkryk van God. |
| 55 nC | | Paulus leer vir twee jaar Jood en heiden in Asië.<br>Woord van die Here groei. (evangelie boeke?). |
| 56 nC | Mei/Jun | Paulus bly in Efese tot die stryd met handelaars oor die beelde van godin Diana. Lees ook 1 Kor 16:8-12. |
| 57 nC | Hand 20. | Paulus in Macedonië en Griekeland vir drie maande (Des).<br>Skryf die **boek 1 Korinthiërs**. Hand 20;16; 1 Kor 16:5,8. |

| | | |
|---|---|---|
| | | Skryf die **boek Romeine** vanaf Korinthe. Rom 16:23; 1 Kor 1:14; Rom 15:23-26; 1 Kor 16:1-8; Hand 20:16 en 1 Kor 16:9 gelees met Hand 20:22-24. |
| | Mrt/Apr | Pasgafees in Filippi en reis na Turkye. Sondag hou nagmaal. Op pad na Jerusalem in die kusdorp Milete laat roep Paulus die **ouderlinge van Efese.** Hand 18 tot 20:31 dek 'n tydperk van drie jaar.<br><br>Hy het tot nou die **evangelie van die koninkryk van God** verkondig, vers 25, aan Jood en heiden maar nou sal hy die **evangelie van die genade van God** verkondig, vers 24. Lees Hebr 6:1-5; 10:29; 7:12; Rom 16:25,26; 1 Kor 1:5-9; 15:1,2; 2 Kor 4:3,4; Efe 3:1-3. |
| | Hand 21. | Paulus in Cesaria by diaken Filippus en in Jerusalem gaan hy tuis by 'n dissipel. (Apostels het Jerusalem reeds verlaat). |
| | Mei/Jun | **Pinksterfees in Jerusalem** en sewe dae later<br>**'n gevangene vir vier jaar en nege maande.** |
| | Hand 22. | Paulus herhaal die gebeure in Hand 9. |
| | Hand 23. | Paulus voor Joodse Raad (Sanhedrin).<br>Sadduseërs glo in geen opstanding, engel of gees nie.<br>Fariseërs glo in 'n opstanding, engele en gees.<br>Here verskyn aan Paulus en hy moet gaan getuig in Rome.<br>Paulus na **goewerneur Felix** in Cesarea. |
| | Hand 24. | Hy verdedig die opstanding van die dode, geregverdigdes sowel as ongeregverdigdes, geregtigheid, selfbeheersing en die toekomstige oordeel. Joh 16:7-5. |
| 58 nC | | Geen verslag in die Bybel. |
| 59 nC | Mei/Jun | Twee jaar lank 'n gevangene van goewerneur Felix. |
| | Hand 25 | Porcius **Festus word goewerneur**. (59-61 nC).<br>Paulus verskyn voor Festus en later Agrippa II. |
| | Hand 26. | God die dode opwek? Hand 9 herhaal. Lees Hand 26:15-23. |
| | Hand 27. | Paulus begelei na Rome. **(Reis duur nege maande).** |
| | Hand 28. | Oorwinter (Desember) op eiland Milite. |
| 60 nC | Maart | Kom drie maande later in Rome aan.<br>Gesprek met Jode oor die hoop van Israel en koninkryk van God. Hand 28:20,23,26,28,31. |
| 61 nC | Maart | Eerste jaar as gevangene in Rome. |
| 62 nC | Mrt/Apr | Tweede jaar as gevangene in Rome. Hand 28:30.<br>Nou word Paulus vrygelaat. Hy was vir vier jaar en ongeveer nege maande 'n gevangene. Jun 57 nC tot Maart 62 nC. |

Hy skryf die boek Hebreërs. Hebr 13:20-24 (kyk vers 23 - Timotheus). Hierdie “eerste wetboek” se aanvanklik doel was om Christen Jode uit die godsdienstige koninkryk evangelie oor te bring na die godsdiens vrye genade evangelie.

Totaal 31 jaar    Die Handelinge van die Heilige Apostels.

**GESKIEDENIS VAN DIE NUWE TESTAMENT**

Die eerste drie Nuwe Testament boeke was geskryf binne 2 tot 13 jaar na Jesus se kruisiging (Hand 6 en 12:24). Daarna volg meeste van Apostel Paulus se boeke en die laaste was sy “pastorale” boeke naamlik Timotheus, Titus en Filemon. Die ander boeke van die 12 Apostels en skrywers was geskryf kort voor en na 70 nC (tempel verbrand en begin van verstrooiing - Jak 1:1; 1 Petr 1:1). Die boek Openbaring was geskryf ongeveer 94 nC. Bronne: Kyk Erkennings. Verskeie skrywers se kennis word gebruik wat ek na eie diskresie benut.

62 nC    Apostel Paulus hervat sy sendingreise en skryf die res van sy briewe.. Skryf 2 Kor - 11:25?

66 nC    Die Joodse Fariseërs en Selote verenig in 'n opstand teen Rome en bevry Jerusalem van Romeinse beheer.

68 nC    Apostel Paulus word deur keiser Nero gedood volgens Katolieke oorlewering. Hierby wil hulle Apostel Petrus insluit (om die sleutels tot die hemel en apostel gesag, rots waarop die kerk gebou word, te erf).

Keiser Nero pleeg selfmoord en Rome word regeer deur drie kort opeenvolgende keisers naamlik Galba, Otho en Vitellius.

70 nC    Keiser Vespasian. (70-79 nC).

Aug    Sy seun Titus herower Jerusalem en **verbrand die tempel 28 Aug 70 nC.** Meer as drie honderd duisend Jode sterf in die stad weens hongerte en der duisende word as slawe verkoop.
BEGIN VAN VERSTROOIING VAN ISRAEL, huis van Juda met al twaalf stamme. Lev 26:25; Hand 2:36; Jak 1:1.

**Apostel Petrus leef nog!** Skryf sy brief 1 Petrus **na** 70 nC vanaf Babilon in Irak! 1 Petr 1:1; 5:13; 2 Petr 3:15 (bevestig die gesag van Paulus se geskrifte) en lees 1 Kor 4:9
Apostel Jakobus, seun van Alfeus (Mat 10:3) adresseer ook sy boek aan die twaalf stamme in verstrooiing (70 nC begin en finaal in 135 nC).
Die broer van Jesus, Jakobus, beskik nie oor enige gesag nie.

94 nC    Apostel Johannes, langslewende apostel, skryf die boek Openbaringe van Here Jesus Christus op die eiland Patmos waarna hy lewend in die hemel opgeneem is. Open 1:1,9; Joh 21:22,23. Niemand kan nou meer homself 'n apostel noem nie of as 'n opvolger van die apostels voorhou nie.

96 nC    'n Nuwe Joodse Raad, Sanhedrin, word saamgestel in die stad Jamnia op die grens van Sirië. **Hulle hersien die Ou Testament.** Die vervulling van profesies met betrekking tot die kruisiging van Jesus en verbranding van die tempel dryf hulle tot hierdie hersiening. Ongeveer drie duisend verwysings na die Messias word weggelaat of verander na kleinletters. Hierdie nuwe gewysigde Hebreeuse Ou Testament is die grondteks van menige nuwe Ou Testament vertalings. Die ou Christene aanvaar net die

Septuagint, Griekse Ou Testament, soos vertaal uit Hebreeus in Grieks deur die sewentig Joodse oudstes in Alexandrië 135 vC.

120 nC Christen sendelinge, veral uit klein Asië, het lank voor die Roomse monnike (begin 320nC) die evangelie gebring na Ierland, Engeland en Frankryk. In Noord-Italië was die Italiese gemeentes in besit van afskrifte van die Apostels se briewe/boeke wat in Latyns vertaal is. Vandag staan dit bekend as die Italiese Bybel (Textus Receptus grondteks). Hierdie gemeentes was nooit deel van die latere Katolieke Kerk nie.

131 nC Die Jode kom in opstand teen Rome onder die leierskap van “Simon die prins van Israel.”

135 nC Die Romeine dood en verslaaf 'n miljoen Jode in hierdie vier jaar oorlog en verwoes die land sowel as die stad Jerusalem. Die Jode word algeheel uit Israel verban asook in baie ander lande. Lev 26:27-33. VERSTROOIING VAN ISRAEL tot profesies weer vervul word. (1948).

Hierdie ramp verhinder die Jode om heidene proseliete van die Joodse geloof te maak. Christene kan nou onversteurd die evangelie van Christus aan heiden nasies verkondig.

144 nC Skeepseienaar Marcion kom 144 nC (kerkvader in Rome 150-160 nC) met die aanklag dat die God van toorn in die Ou Testament nie dieselfde kan wees as die God van liefde in die Nuwe Testament nie. Hy verwerp die Ou Testament en baie Nuwe Testament boeke behalwe sekere briewe van Paulus. Hierdie aanslag forseer Christen gemeentes om die Heilige Gees geïnspireerde nuwe testament boeke te skei van die apokriewe boeke (geskrifte van kerkvaders, geskiedskrywers en kwaadwillige Jode). Briewe (ook genoem boeke) soos deur die Apostels self geskryf is, word deur Christene alleen aanvaar. Briewe gedikteer deur die Apostels en geskryf deur nie-apostels was getoets aan die syferwaardes van Griekse letters, veelvoude van sewe (soos in Latyn is die letter V se syferwaarde 5). Dit was die begin van die **Textus Receptus (Griekse Nuwe Testament) grondtekse.** Hierdie Nuwe Testament boeke word by die Griekse Septuagint Ou Testament gevoeg om die volledige Textus Receptus woord van God saam te stel.

Die eerste vier “evangelie” boeke was aan die begin geplaas want dit is deels ‘n voortsetting (vervulling) van die Ou Testament. Die boek Handelinge dien as oorbruggingsboek na Paulus se 14 Nuwe Testament boeke. Die boeke 1 Petrus en 1 Johannes was ook hierby ingesluit.
Die Nuwe Testament het begin met 21 boeke.

150 nC In Sirië word die Nuwe Testament in Siries vertaal wat vandag die Peshitta manuskrip genoem word (Textus Receptus).

174 nC Montana met sy twee profetesse kom met nuwe openbaringe. Op hierdie wyse dwing die Heilige Gees Christene om die boeke van die Nuwe Testament af te sluit met die boek Openbaring. Here Jesus Christus is die laaste profeet waarby geen woord bygevoeg of weggelaat mag word nie. Kopieë (geskryf of gedruk) moet wees soos dit oorspronklik geskryf is. Die laaste boeke wat by die Nuwe Testament gevoeg word was die boeke (Apostel)) Jakobus, 2 Petrus, 2 en 3 Johannes, Judas (broer van Apostel Jakobus) en Openbaring in die jaar 200 nC. **Totaal 27 Nuwe Testament**

**boeke geïnspireer deur die Heilige Gees (Textus Receptus).** Dit wat baie teoloë en vertalers nie glo nie en daarom het hulle geen sielswroeging om hul eie (kerk) Bybel te skryf en kopiereg daarop uit te neem nie.

321 nC Keiser Konstantyn se korrupte Nuwe Testament vertaling is die grondteks van menige hedendaagse nuwe vertalings. Die keiser vra Kerkvader Eusebius om 'n nuwe vertaling saam te stel wat die Nuwe Testament versoen met die Griekse filosofie en Romeinse Babiloniese godsdiens. Eusebius gebruik nie die Textus Receptus grondteks nie maar kerkvader Origenes se korrupte manuskripte wat die Godheid van Jesus verwerp. Eusebius gee aan Konstantyn vyftig nuwe Nuwe Testamente wat die oorsprong van die hedendaagse drie "oudste" manuskripte is. Die drie tekste staan bekend as die **Alexandriaanse teks, Vaticanus teks** ontdek 1481 in die Vatikaanstad, Rome, en die **Sinaiticus teks** ontdek deur Tischendorf 1844 in 'n Sinai klooster. Op hierdie korrupte manuskriptiese grondtekse berus die nuwe Afrikaanse vertaling, die Jehova Getuies se Bybel, alle Engelse en Amerikaanse Bybels behalwe die een enkele King James Authorized Version Bybel.

Die King James Bybel, Hollandse Staten Bybel en Ou Afrikaanse Bybel (1933/53) berus op die **oorspronklike Textus Receptus** grondteks. Die verskil tussen die twee groepe manuskripte sien ons in 1 Tim 3:16 waar Jesus uitgedruk as "God" vervang word met die woord "mens."

380 nC Keiser Theodosius verenig onafhanklike gemeentes in een staatskerk. Die Roomse Katolieke (wêreld) Kerk was die begin van die kerkstelsel, hoogheiliges tot leke, en waar eeu oue gebruike en tradisies net soveel gesag as die Bybel het. (kerke se tipe en wyse van doop bevestig dit). In die Ooste staan die Katolieke kerk bekend as die Ortodokse Kerk (Grieks en Russies).
Biskop (Pontiff) Damasus van Rome versoek Jerome om 'n amptelike Latynse vertaling vir die Roomse Kerk te skryf wat as die Roomse Vulgaat Bybel bekendstaan. Dit word weer gewysig 1592.

1179 Die Italiese gemeentes staan nou bekend as die Waldeense gemeentes wanneer die Fransman Waldo (verkoop al sy besittings en deel dit uit) na die Pous in Rome gaan en vra dat die Roomse Kerk van sy rykdom ontslae raak. Spoedig moet hy na Noord Italië vlug. Die Waldene word nou die draers van die Textus Receptus Italiese Bybel in Wes-Europa. Drie honderd jaar later het die Waldene en hul Bybel die Protestantse Hervorming sterk beïnvloed.

1229 Die Katolieke Kerk verbied gewone mense om die Bybel te lees. Om dieselfde doel te bereik gaan die "Bybel" mettertyd verskyn sonder versnommers "soos die oorspronklike manuskripte" wat bybelstudie feitlik onmoontlik sal maak.

1329 John Wycliff vertaal die Latynse Vulgaat in Engels (Textus Receptus nie in die Weste beskikbaar nie).

1453 Moslems verower Konstantinopel (Turkye) en daarmee die Oostelike Romeinse Ryk. Hulle val ook Griekeland binne en Griekse priesters (Ortodokse Kerk) vlug met hul oorspronklike Textus Receptus grondtekse na die Weste. (Moslem geloof begin vyf honderd jaar na Christus).

1465 Eeu van die drukpers begin. Erasmus gebruik hierdie Textus Receptus grondtekse vir die druk van sy Griekse Bybels. Dit dien as teks vir die vertaling van die Bybel in volkstale sodat mense weer die Bybel in hul eie taal kan lees. Dit baan die weg tot die Protestantse Hervormings in 1517.

1481 Die korrupte Vaticanus teks wat weer in die Vatikaanstad "ontdek" is.

1517 **Protestantse Hervormings met Textus Receptus Bybels.**
Die Protestante verdeel in drie groepe naamlik Martin Luther en Calvyn se "kleindopers," die Waldene wat beide "klein- en grootdoop" toepas en die Anabaptiste wat net die "grootdoop" toepas.

1611 King James (Authorized) Version Bybel. Die enigste Textus Receptus Bybel in die Engelse taal.

1624 **Elzevir Griekse Nuwe Testament grondteks.** Dit dien as teks vir die vertaling van die Textus Receptus Bybel in volkstale.

1637 Nederlandse Staten Bybel, Textus Receptus

1844 Ontdek die Sinaiticus teks, sogenaamde oudste teks, in 'n Sinai klooster. Die Sinaiticus teks is die grondteks van Wescott en Hord en sedert 1968, derde uitgawe, word Nestle en Aland se Griekse Nuwe Testament gebruik (teenoor Elzevir) waaruit die volgende korrupte nuwe vertalings spruit:

| | | |
|---|---|---|
| | | Engelse Revised Version, 1881 |
| | | Amerikaanse Standard Version |
| | | Revised Standard Version |
| | | Jehova New World Translation |
| | | New International Version |
| 1933/53 | Afrikaanse Bybel | Nuwe Afrikaanse Bybel, 1983 |
| | (Enigste Textus Receptus) | Lewende Bybel (ook in Engels) |
| | (Bybel in Afrikaans) | |

Na die beste van my wete, uitgesluit die Trinitarian Bible Society, Engeland, is alle Bybelverenigings geïnkorporeer (1949) by die Wêreld Raad van Kerke (1948). Met tyd het die Roomse Kerk die mag oor bybelvertalings verkry en is dit geen wonder dat hul Vulgaat Bybel die "grondteks" van nuwe vertalings is nie. Fuller (1975: 266) skryf: "When our time-honored Bibles are revised, the changes are generally in favour of Rome *(Vulgaat is anti-Textus Receptus).* We are told that Bible revision is a step forward, that the new manuscripts have been made available and advance has been made in archeology, philophy, geography and *(ons ou Bybel*) the apparatus of criticm. How does it came then that we have revised back into the arms of Rome?" Ds Johan Gouws, Ter wille van die Waarheid van die Woord, bl 48.

Die verdraaiing van die woorde van God begin in die tuin van Eden met Eva tot vandag toe. Mans het nou geen verskoning meer om weer leiding aan hul gesinsgenote te gee nie. Ouderlinge versuim hul eerste plig naamlik om toe te sien dat leraars streng ooreenkomstig die ware Woord van God die woord verkondig.

Ons moet bid dat die Here ons deur die Heilige Gees sal lei na die ware Woord van God en ons nie die gees van dwaling sal stuur nie. Die stryd vir ons harte en denke begin altyd eerste by die Woord van God. Ons kan nie getuig van die

Heilige Gees in ons as ons nie eens kan onderskei tussen die ware Woord van God en die leuen nie.

Geleerdes kan ons oorweldig met tegniese feite maar daar is tog 'n eenvoudige manier om die ware Bybel te kan identifiseer. Eerstens is daar geen kopiereg op die ware Woord van God nie. Onlangs het die Bybelvereniging so ver gegaan om eiegeregtig beperkte kopiereg op die 1953 Afrikaanse Bybel te plaas. Tekse mag daaruit aangehaal word maar die Bybel self mag nie deur 'n ander instansie gedruk word nie. Alle ander Bybels met kopiereg “verbied” die aanhaling van tekse sonder die toestemming van kopiereg houers. Tweedens kan ons die Bybel vertrou wat die Godheid van Jesus erken en die Name van God Drie-Eenheid erken.

Die nuwe Afrikaanse Bybel is nie 'n nuwe (moderne) vertaling van die Ou Afrikaanse Bybel soos dit subtiel aan ons voorgehou word nie. Hierdie twee Afrikaanse Bybels berus op twee aparte grondtekse wat verskil soos dag en nag. Die nuwe Afrikaanse vertaling het die naam Here 24 maal weggelaat, naam Christus 41 maal, naam Jesus 31 maal, naam God 20 maal asook 14 volle verse weggelaat “want dit kom nie voor in die gebruikte grondteks nie” soos in die Textus Receptus teks van die oorspronklike 1953 Afrikaanse Bybel nie. Kyk voetnotas soos gemeld in die nuwe vertaling se eerste druk. Hierdie voetnotas is weggelaat in die nuutste uitgawes.

Op watter Bybel rus die seën van God? Die Heilige Gees kan ons alleen lei en leer in die volle waarheid wanneer ons die ware woorde van God lees en bestudeer. AMEN. Joh 1:1; 1 Joh 1:1; 2 Tim 2:15.

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

WATTER BYBEL KAN ONS VERTROU?

Watter Bybel is die ware Woord van God? Binne die Christendom is daar twee tipes Bybels gegrond op twee verskillende manuskriptiese bronne.

Vertalers van die Textus Receptus glo algeheel dat die Woord van God deur die Heilige Gees geïnspireer is. Daarom vertaal hulle die woorde van God direk sodat die Heilige Gees die leser self lei in kennis van die Woord van God. Geen kopiereg.

Hedendaagse kerkleiers en vertalers glo nie meer dat die Woord van God deur die Heilige Gees geïnspireer is nie (weens manuskripte alreeds deur mense bederf). Daarom aanvaar kerkleiers die nuwe vertalings gegrond op die Sinaiticus teks. Vertalers interpeteer en vertaal elke vers soos hulle wil. Daarom neem hulle kopiereg uit op hul Bybels want elke vertaling verskil. Vergelyk 1983 nuwe vertaling met die Lewende Bybel.

Die Jode het die Seun van God verwerp en die swaard het oor die Jodedom gekom. Jesus Christus is die Woord en nou verwerp ons ook die Woord van God! Waarom sal die swaard, toorn, van God nie ook oor die Christendom kom nie? Christene verdien dit! Die **swaard** van die Gees is die **Woord van God**.

## ERKENNINGS

Afrikaanse Bybel, 1953, gedruk 1963, Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

(Authorized) King James Version. Gepubliseer deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad. (Gebaseer op die 1962 verwysings uitgawe van die Amerikaanse Bybelgenootskap).

Aharoni Y. en M. Avi-Yonah. *Bybel Atlas*. Vertaal deur A. van Zyl. Butterworth Uitgewers, Durban.

Basham, Don. *A Handbook on Holy Spirit Baptism*, Whitaker House, Pittsburgh, VSA

Bennett R. A. *U soektog na God*. Basuin uitgewers, Posbus 1969, Pietersburg.

Bouval, Robert en Graham Hancock. *Keepers of Genesis,* Heinemann Ltd, London

*Bybel Ensiklopedie* in Afrikaans uit Hollands deur Ds J.H. Van Wyk, Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms) Bpk, Kaapstad, 1955.

Coetzee J. *Die Hervormers en hul Stiefbroers*. Posbus 28028, Sonlandpark, 1944.

Davidson E. *Islam, Israel en die Eindtyd*. VG Uitgewers, Posbus 40, Springs.

Deist Ferdinand, *A Concise Dictionary of Theological and Related Terms,* gepubliseer deur J. L. van Schaik (Pty) Ltd, Pretoria.

Fontaine P. *Europe in ten lessons*. (EU publikasie).

Funk en Wagnalls, *New Practical Standard Dictionary*, (1951), London

Garret L. *Which Bible can we Trust*. Christian Centre Press, Australia.

Gouws J. ds. *Ter Wille van die Waarheid van die Woord*. Oranjewerkers Promosies, Posbus 125, Morgenzon, 2315.

Gunther M. *Van die Nuwe Testament tot ons Bybel.* Die Swaard van die Gees Uitgewers, Posbus 910706, Pyramid, 0120.

Hislop, Alexander, Eerw. *The Two Babylons* (or The papal worship), Loizeaux Brothers, New Jersy, VSA.

Kleynhans, Bennie. *Die Laaste Waarskuwing*, VG Uitgewers, Posbus 40, Springs.

Koenderman T. *Sanctions: The Thread to South Africa*. Jonathan Ball Publishers, Johannesburg

Larkin C. *Rightly Dividing the Word. The Book of Daniël, The Book of Revelation.* Erwin W. Moyer Co Printers, Philadelphia (VSA).

Lindsey H. met C. C.Carlson. *The Late Great Planet Earth* en *Satan is Alive and Well on Planet Earth.* Harper Collins Publishers, New York.

Malan J. S. prof. *Israel in die Eindtye*. Die Basuin, Posbus 1969, Pietersburg.

Marsden Victor E. *Protocols of the Meetings of the Learned Elders of Zion*, The Britons Publishing Society, 40, Great Ormond Street, London, W. C. 1. (1922)

MacArthur,jr John F. *Charismatic Chaos,* Zondervan Publishing House, Michigan, USA.

McLoud W. S. dr. *Akteurs in die Laaste Drama, Die Jode, Samesweerders of Volk van God?* Posbus 71706, Die Wilgers, 0041.

Newell, William R. *Paul versus Peter (Or, remarks on Galatians 1 and 11).* Horace R. Garlick, Madison, Wisconsin.

Pember G.H. *Earth's Earliest Ages (and their connection with modern spiritualism and theosophic).* Hodder and Soughton, London. (gepubliseer 1888)

Potgieter F. J. M. prof. *Calvyn vir Vandag*. Verenigde Protestantse Uitgewers.

Pretoria News, 8/10/93. *Mandela on Touth Talks on Status of S A.*

Rohl, David M. *Legend - The Genesis of Civilisation*, Random House S.A. Pty Ltd.

Ryrie C.C. *Dispensationalism Today*. Moody Press, Chicago.

Schroeder Gerald L. *Genesis and the Big Bang*, Bantam Books.

Shelly Bruce E. *Church History in Plain Language*. MacMillan Publishers, New York.

Smith Barry R. *Warning, Second Warning, Final Warning* en video's. International Ministries, Posbus 1177, Rivonia, 2128.

Stam C. R. *Things that Differ*. Vertaal as *Die Volle Sekerheid van Insig*, K. Schartz en ds D. Malan, Berea Publikasies, Posbus 9742, Newcastle, 2940.

Stander H. F./ J. P.Louw. *Gebruike en Gewoontes in die Bybel*. CUM Uitgewers.

Van Zyl A. H. prof. *Die Ou Testament: Net Een Boek*. NG Kerkboekhandel.

Velikovsky I. *Worlds in Collision, Ages in Chaos, Earth in Upheaval*. Sidgwick en Jackson, London

Wilson, Colin, *From Atlantis to the Sphinx*, Virgin Books, London.

Walwoord J. F. *Major Bible Prophecies*. Harper Paperbacks, Zondervan Publishing House, New York.

Wilkins I. / H. Strydom. *The Super Afrikaners*. Jonathan Ball Publishers, Johannesburg.


Skrywer, Posbus 479, Langebaan. 7357. Suid-Afrika.